# Lewenskwessies

## Die kanaal van seën



Adrian Ebens

# Lewenskwessies

Deur Adrian Ebens

Kopiereg © 2019 Adrian Ebens

www.vadervanliefde.com
www.life-mattters.org
adrian@life-matters.org

Wêreldregte voorbehou. Hierdie boek, of enige deel daarvan, mag nie gekopieer word in enige vorm of op enige manier, behalwe onder die wet, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer, met die uitsondering van ’n resensent wat slegs kort gedeeltes aanhaal.

Eerste publikasie: 2012
Huidige publikasie: Junie 2019

Toegewy aan my dierbare vriend en kollega

Matthew Sweeny

wie se lewe op ’n tragiese manier kortgeknip is

# Inhoudsopgawe


Hoofstuk 1 .................................................. 1

**'n Familieskat word geskep** .................................................. **1**

Hoofstuk 2 .................................................. 6

**Lewensbronstelsels** .................................................. **6**

A. Westerse Christelike Denke .................................................. 6

B. Oosterse Denke .................................................. 7

C. Wetenskaplike Denke .................................................. 8

D. Vergelyking van Lewensbronmodelle .................................................. 8

E. Impak van die Siening van jou Lewensbron op Verhoudings en Waardestelsels .................................................. 10

Hoofstuk 3 .................................................. 18

**'n Bybelse Siening van die Lewensbron** .................................................. **18**

Hoofstuk 4 .................................................. 22

**Verbinding aan en Handhawing van 'n Verhouding met die Lewensbron** ....... **22**

A. Onderdanigheid: die Sleutelbeginsel .................................................. 22

B. Die Lewensbelangrike Voorbeeld van Onderdanigheid: Christus ..... 23

C. Sekondêre Voorbeelde van Onderdanigheid .................................................. 24

Hoofstuk 5 .................................................. 30

**Ontvang Waarde deur die Lewensbron** .................................................. **30**

A. Vir Kinders is hul Vader 'n Eer .................................................. 30

B. My Geliefde Seun .................................................. 33

C. Die Seën .................................................. 34

Hoofstuk 6 .................................................. 37

**Ontwikkeling van die Lewensbron – Beginsels van Saad en Koestering** .......... **37**

A. Die Allerbelangrike Vroulike Rol van Koesterende Onderdanigheid . 37

B. Die Definisie van Gelykheid .................................................. 40

Hoofstuk 7 .................................................. 43

**Die Oorsprong van Modelle van Inherente Lewensbronne** .................................................. **43**

A. Die Boom van Kennis .................................................. 43

B. Die Slang se oorsprong .................................................. 44

C. Die Verwerping van Wysheid .................................................. 46

D. Hoekom was Satan Toegelaat om te Lewe? .................................................. 47

E. Die Skepping van die Mensdom Bied Antwoorde aan die Engele .....50
F. Die Mensdom Omhels die Inherente Lewensbronstelsel .................51
**Hoofstuk 8 ........................................................ 54**
**Die Oorsprong en Impak van Prestasie- Gebaseerde Waardestelsels .............54**
A. Die Oorsprong van Waardeloosheid ..............................................55
B. Impak van Inherente Lewensbronmodel op Gesinsverhoudings en struktuur ...................................................................................57
**Hoofstuk 9 ........................................................ 61**
**Geseënde Vyandskap ...........................................................................61**
A. Die Omvang van die Probleem ......................................................61
B. Die Oplossing ..............................................................................64
**Hoofstuk 10 ........................................................ 67**
**Die Ontwikkeling van die Twee Lewensbronstelsels.......................................67**
A. Die Ontstaan van die Tiran ...........................................................67
B. Gam Ontwikkel die Saad van Babilon ..............................................69
C. Die Geestelike Grondslae van Babilon .............................................72
D. Die Roeping van Abraham en die Herstel van die Gesinsisteem .......74
E. Die Les van Sodom ........................................................................75
**Hoofstuk 11 ........................................................ 79**
**Onderliggende Geloofstelsels van die Twee Koninkryke ...............................79**
A. Geloof teenoor Vrees ....................................................................80
B. Gesinsfokus teenoor Individuele Fokus ..........................................80
C. Aanbidding soos Uitgedruk deur die Sabbat teenoor Sondag ...........82
D. Opstanding teenoor Onsterflikheid ................................................83
**Hoofstuk 12 ........................................................ 86**
**Beproewinge en Oorwinnings van God se Aardse Familie in Génesis .............86**
A. Die Uitdaging van Assosiasie en Omgewing ....................................86
B. Die Toets van Rykdom ...................................................................89
C. Die Toets van die Huwelik – Hoofskap en Onderdanigheid...............93
D. God leer Abraham Omtrent die Allerbelangrike Aard van die Gesinsisteem...........................................................................................99
E. Die Eersgeboortereg om te Seën .................................................. 102
**Hoofstuk 13 ........................................................ 110**
**Die Kanaal van Seën Verlore en Herstel deur die Egiptiese Pelgrimstog .......110**
A. God Probeer om Egiptenare te Bereik en Israeliete te Toets ......... 110

B. Egipte en Israel Verlei deur Seëninge van Rykdom en Welvaart.... 112
C. Die Leuen van Inherente Mag Lewer Onsekerheid in Egipte en die Behoefte aan Beheer en Prestasie................................................. 112
D. Farao Ondermyn die Kanaal van Seën aan Israel ........................... 114
E. Die Verlosser – Die Roeping van Moses tot die Profetiese Amp .... 117
F. Die Plae van Egipte – die Natuur Onthul die Leuen van Inherente Mag ..................................................................................... 118
G. Israel Bevry en die Kanaal van Seën Herstel .................................. 121

**Hoofstuk 14 ................................................ 125**

**Beskerming van die Kanaal van Seën..........................................................125**

A. Duidelike Identiteitsrolle is Lewensbelangrik ................................ 125
B. Die Tien Gebooie Definieer die Identiteit van God en Mens.......... 127
C. Die Tien Gebooie Verdraai deur die Leuen van die Slang............... 130

**Hoofstuk 15 ................................................ 135**

**Die Reis van die Kliptafels na die Tafels van die Hart....................................135**

A. Die Verwoestende Effekte van die Slang se Leuen......................... 135
B. Die Heiligdomstelsel ...................................................................... 136
C. Die Reis is 'n Liefdesverhaal........................................................... 141

**Hoofstuk 16 ................................................ 145**

**'n Hoofweg in die woestyn ...........................................................................145**

A. Die Berge en die Valleie ................................................................. 145
B. Verbreek die Siklus ........................................................................ 147
C. Vasklou aan Seunskap deur Geloof ............................................... 151
D. Sy Oorwinning is Ons s'n................................................................ 152

**Hoofstuk 17 ................................................ 154**

**Gee Ons 'n Koning, Net Soos die Ander Nasies .............................................154**

A. Gedetaileerde Instruksies om die Gesinstruktuur te Beskerm....... 154
B. Israel Draai Weg van God .............................................................. 157
C. Israel wettig die Geloofstelsel van Inherente Mag......................... 159
D. Die Konings van Israel.................................................................... 161

**Hoofstuk 18 ................................................ 166**

**Die Opkoms en Tirannie van Wêreldryke .....................................................166**

A. Die Stryd tussen die Twee Sade, Twee Vroue en Twee Stede ........ 166
B. Die Saad van Satan Regeer die Wêreld.......................................... 172
C. Messias, die Prins, kom na Sy Volk ................................................ 176

**Hoofstuk 19 .................................................. 180**

**Die Grootste Leermeester wat die Wêreld ooit Aanskou het........................180**

A. Bevryding van Gevangenes........................................................ 180

B. Hervestiging van die Kanaal van Seën ........................................ 181

C. Hervestiging van die Wet – die Kanaal se Beskermer.................... 183

D. Hervestiging van die Ware God as 'n Dierbare Vader .................... 186

E. Hervestiging van die Korrekte Siening van die Sabbat .................. 187

F. Hervestiging van Onderdanigheidsbeginsels................................. 189

G. Hervestiging van die Ware Doel van die Heiligdom........................ 190

H. Hervestiging van die Waarheid omtrent die Dood en die Lewe Slegs in Christus ........................................................................... 190

I. Hervestiging van die Ware Karakter en Doel van Gebed................ 193

J. Hervestiging van die Waardigheid van Vroue ............................... 194

**Hoofstuk 20 .................................................. 197**

**Oorgang Na die Onsigbare.........................................................................197**

A. Verhoudings is Onsigbaar ........................................................... 197

B. Die Slang se Leuen verskuif fokus na die Sigbare .......................... 199

C. Die Reis na die Onsigbare ........................................................... 200

D. Satan Probeer die Deur na die Onsigbare Toemaak....................... 202

E. Die Volgelinge van Christus Maak die Verskuiwing van Aardse Kanale na Hemelse Bron.................................................................... 205

**Hoofstuk 21 .................................................. 210**

**Die Hemelse Heiligdom en die Werk van Jesus aan Vertrapping Oorgegee ..210**

A. Die Priesterlike Bediening van Jesus in die Hemel......................... 210

B. Die Vergeesteliking van Rome ..................................................... 211

C. Aanval op die Hemelse Heiligdom ................................................ 213

D. Die Horingmag Val die Familieryk Aan.......................................... 216

E. Plae van Oordeel Gestuur om die Vrou te Verlos .......................... 217

**Hoofstuk 22 .................................................. 219**

**Die Samekoms van Israel vir die Tweede Keer – Opkoms van die Adventbeweging en die Elía Boodskap ..........................................................219**

A. Die Reformasie Begin die Herstel van die Onsigbare Siening......... 219

B. Verstrooiing, Toorn en Sameroeping van God se Mense ............... 221

C. Die Opkoms van die Advent Beweging ......................................... 226

D. 'n Soliede platform ..................................................................... 237

**Hoofstuk 23 .................................................... 239**
**Die Huwelik in die Allerheiligste – Die Oordeel.........................................239**
A. Die Huwelik Stel die Kanaal Volledig Oop .................................... 239
B. Baie Verwerp die Huweliksuitnodiging .......................................... 241
C. ‘n Ondersoek na Waardigheid ........................................................ 242
**Hoofstuk 24 .................................................... 246**
**Die Eindtyd Stryd oor die Gesin – die Oorblyfsel van God se Familiekoninkryk ....246**
A. Gesinseenheid teenoor die Nuwe Wêreld Orde ............................ 246
B. Die Georkestreerde Sloping van die Gesin .................................... 249
**Hoofstuk 25 .................................................... 254**
**Die terugkoms van Elía .........................................................................254**
A. Bring die Hart van die Kinders Terug na hul Vaders ...................... 255
B. Die Drie Engele Boodskappe .......................................................... 257
C. Die Openbaring van die Vader in die Hel se Vlamme .................... 260
**Hoofstuk 26 .................................................... 264**
**Familie-reünie – Die wederkoms (Die Klip) ............................................264**
A. Die Metode van Jesus se Wederkoms ............................................ 264
B. God Versamel Sy Getroue Kinders.................................................. 266
C. God se Kinders Permanent aan die Lewensbron Verbind ............. 267
**Hoofstuk 27 .................................................... 269**
**Om in die Laaste Dae in God se Familiekoninkryk te Leef ............................269**
A. Die Man-Vrouverhouding .............................................................. 269
B. Spesiale Tye en Gebeurtenisse van Seën....................................... 275
C. Lewe in ‘n Landelike Omgewing .................................................... 278
D. ‘n Familieskat aan Herinneringe .................................................... 279
**Bylae A. William Miller se Reëls van Interpretasie......................................280**

Hoofstuk 1

# ‘n Familieskat word geskep

Met die intrapslag het ’n ou mufreuk my herinner dat die huis vir ’n geruime tyd nie bewoon is nie. Nadat ek ’n paar vensters oopgemaak het, het ek in ’n sitkamerstoel gaan sit en die toneel om my ingeneem. Die groot staanhorlosie in die hoek het my aandag getrek en my herinner aan die verlede. ’n Stortvloed herinneringe is in my gedagtes vrygelaat. Ek het my oë toegemaak en 35 jaar is in ’n oomblik weggevee. Skielik was die vertrek opgehelder deur klank; my ouma en oupa, my ouers, ooms, tantes en niggies en nefies was almal daar. Ek onthou dat ons koek en kleinkoekies geëet het, lekker gelag en grappe en stories uitgeruil het. Ek kon die gesigte so duidelik sien en ek het innerlik geglimlag terwyl die herinneringe voor my afgespeel het. Sonder waarskuwing, het ’n vloed van emosies oor my gevloei met ’n diepe verlange wat trane gebring het. Ek het gewens dat die staanhorlosie sy arms kon draai om my terug te neem na die tye van my onskuldige kinderjare. Die gelukkige gesigte, die saamlag, die onskuld – die gevoel van samehorigheid – o, wat ’n wonderbaarlike skat was dit nie.

Ek was vasgevang deur die emosies en ek het geweet dat dit ’n proses is wat ek moes voltooi. Ek het na elke kamer gegaan, gaan sit en die herinneringe het weer voor my afgespeel; die gesigte, die saamlag, die gevoel van samehorigheid, die intense verlange om weer terug te keer. Dit was my manier om afskeid te neem.

Die ou huis wat aan my oupa en ouma behoort het, is die enigste ding in my lewe wat nie verander het nie. Dit was die een konstante faktor en al was dit oud en muwwerig en bietjie afgeleef, het dit ’n skatkis van herinneringe gedra wat ek moes herleef. My oupa het pas afgesterf en my ouma is verskuif na ’n plek waar sy goeie versorging kon ontvang. Dus moes die huis binnekort verkoop word.

Ek het al baiemaal myself betrap dat ek hierdie skat van herinneringe opgediep het. Ek het onlangs na ’n plek gereis waar ek as kind gewoon het. Ek het die kleure en geure ingeneem terwyl ek my ou huis besoek het en die herinneringe herleef het. Herinneringe aan Pa en Ma, ek en my suster, wat in die sitkamer sit; herinneringe aan ek en my pa wat saam gaan draf; herinneringe aan die lekker speel in die spruit saam met my vriende, boomklim en fietsry. Ek besef dat hierdie herinneringe

gestroop is van die negatiewe en dat daar altyd die sterk geneigdheid is om net die goeie te onthou, maar dit voel steeds so goed en bevredigend.

Deur sulke skatte op te bou en te beskerm word die gesondheid van gemeenskappe beskerm en word hoop verskaf aan toekomstige geslagte. Die skatte van liefde, toegeneentheid en lieflike herinneringe wat in die familie se rituele en ervarings neergelê is, word die geweefde materiaal van die lewe. Sonder hierdie skat word die lewe harteloos en geminimeer tot die dwaasheid van oorlewing. Sonder ’n reeks kosbare herinneringe vanuit spesiale verhoudings verloor die lewe sin. Geen mens kan homself balanseer en stabiliseer sonder ’n plek wat hulle met warmte kan aansien as hul *tuiste*.

WR was ’n 19-jarige ingenieurstudent aan ’n groot, mededingende, openbare universiteit. Hy het vroeg in Mei een namiddag selfmoord gepleeg deur, sonder waarskuwing, van die tiende verdieping van sy koshuiskamer af te spring.

WR se selfmoord het blykbaar verband gehou met sy betrokkenheid by ’n motorongeluk ongeveer 30 minute voor sy dood. WR was beboet omdat hy nie die volgafstand gehandhaaf het nie - sy derde verkeersoortreding en daarom is sy bestuurslisensie afgeneem. Die ander bestuurder het ’n ligte nekbesering opgedoen en was sigbaar “senuweeagtig en in pyn” terwyl hy voorberei is om hospitaal toe geneem te word. Daar was skade aan die voorkant van die motor wat WR bestuur het. Die motor het aan sy suster behoort; WR se ma het hom opdrag gegee om nie die motor te bestuur nie.

Ons kan verstaan dat iemand ontsteld is oor die kansellasie van ’n bestuurderslisensie en omdat hy in die moeilikheid was deurdat hy sy suster se motor bestuur het, nadat hy gevra is om dit nie te doen nie, maar waarom selfmoord pleeg? Hoe kan die lewe so sleg uitdraai dat jy dit wil beëindig?

WR het op universiteit ’n dagboek gehou. Dit skilder ’n duideliker prentjie van wat regtig aan die gang was. Kom ons kyk na enkele van die inskrywings:

> Die gevoel in my maag is een van draai, maal. Ek kan nie nog meer jammer voel vir myself nie. Tog wil ek my mislukkings op ander blameer. Ek weier om die skuld te dra. Ek hoop dat ek die ander in my klas sal haat, om hulle en myself te straf en om hier uit te kom. Vandag het ek gevoel om op te gee. Vanaand sal ek weer baklei met nuutgevonde kragte; ek benodig vertroue in ’n oorwinning.
>
> Help, ek is bang. O, ek is so bang! Ek wil nie verloor nie.

> Bang om in die klas te praat …. Moet ander beïndruk. Moet myself bewys.
>
> Vrees! Daar geplaas deur jouself…. Kan jy dit nie doen nie?
>
> Moenie stagneer nie; beweeg vorentoe; verbeter.
>
> Die werklikheid konfronteer die "mense aan die onderkant van die lewe." Hulle sal dikwels die skool verlaat, by die weermag aansluit, of werk kry. Om te erken dat jy nie die druk van die kompetisie binne die skoolstelsel kan hanteer nie, vereis moed; en ouer- of administratiewe sielkundige leiding moet beskikbaar wees om die probleem te help identifiseer.

WR het ʼn spraakprobleem gehad wat deur vrees vererger was . Let op na die volgende opmerkings in sy dagboek:

> As ek praat, is dit altyd sleg. Dus kruip ek weg.
>
> Ek het in die klas gesit die ander dag, alleen, en ek het besef ek kan enigiets sê wat ek wil. In die teenwoordigheid van ander, blokkeer ek myself, ek plaas myself terug.
>
> Nadat my pa my beveel het om op te hou om vertraag te praat, voel ek skaam en skuldig om te stotter.

WR se onvermoë om korrek op te tree in sy gemeenskap, het veroorsaak dat hy teen homself gedraai het. Hy het aan eensaamheid, depressie, skuld en woede begin ly.

> Ek is alleen en verveeld.
>
> Moenie ontnugter word nie, praat met niemand nie.
>
> Probleem bestaan. Bekommerd, ontsteld, eet baie, depressief.
>
> As die regte mense my nou nader, word ek dalk ʼn buitensporige christen.
>
> In my kamer – skuldgevoel. Gesin het nie aanvaar nie.
>
> Ek kry steeds selfsugtige buie, maar nou probeer ek om myself verhoed om dit te doen.

As ons WR se waardestelsel van nader beskou, sien ons hy was van mening dat prestasie beteken aanvaarding en mislukking beteken verwerping. Dit lyk asof hy

beperkte ondersteuning van sy gesin ontvang het. Die opmerkings van sy vader oor sy onvermoë om te praat, het hom skaam en skuldig laat voel. Kan ons eerstens aanvaar dat WR dinge te ernstig opgeneem het en dat sy selfmoord ongelukkig maar gebeur het, maar bloot deel vorm van ons omgewing en dat jy net eenvoudig moet leer om dinge te hanteer?

Vir sommige kan dit maklik wees om te aanvaar dat WR bloot ’n swak karakter gehad het, maar as mens na die statistiek oor depressie en selfmoord kyk, vra dit dat ons dieper moet delf. Kyk na die volgende statistieke van 2011:

- 1 miljoen selfmoorde elke jaar. Een sterfte elke 40 sekondes of 3 000 per dag.
- Vir elke individu wat sy/haar lewe neem, sal ten minste 20 probeer om hul lewens te neem. Dit is 60 000/dag.
- Wêreldwyd het die selfmoordsyfer die afgelope vyf dekades met 60% toegeneem – hoofsaaklik in geïndustrialiseerde lande.
- 60% van alle selfmoorde kom in Asië voor. Volgens die WGO[1] is Sjina, Indië en Japan vir ongeveer 40% van alle selfmoorde verantwoordelik.

WR het nie ’n familieskat van herinneringe gehad as ’n buffer teen moeilike omstandighede nie. Inteendeel, sy hele lewensbenadering is gedryf deur prestasie-gebaseerde uitkomste waardeur hy verwag het dat hy aanvaarding en goeie verhoudings sou verkry .

Die vraag wat gevra moet word, is: wat dryf hierdie neigings aan? Watter beginsels in ons gemeenskappe veroorsaak hierdie verbreking van gesonde familieskatte en herinneringe? Wat dryf die stygende vlakke van isolasie, depressie en selfmoord aan? Ons mag dalk oppervlakkige reaksies bied dat ons meer tyd saam moet spandeer; ek kan ’n lys verskaf van dinge om te doen (wat u reeds weet) wat u familieskatte baie kan baat, maar dit is soos om ’n mop aan te bied om die gemors mee skoon te maak, in plaas van om die plek te wys waar die kraan toegedraai kan word. Die kwessies lê baie dieper as ’n eenvoudige lys van dinge om te doen.

Hoe kan ons ’n waardestelsel in die samelewing bou wat gesinsverhoudings en vriendskappe sal bevorder, wat die negatiewe gevolge van mislukking om doelstellings te bereik minimeer? Ons ontdekkingstog begin met ons aannames oor ons lewensbron. Ons sal breedvoerig hierna kyk in die volgende hoofstuk. Vereers sal

[1] https://www.medicalnewstoday/articles/234219.php

ons net ’n paar fondasies lê. Wanneer ek nadink oor waardestelsels, glo ek dat daar een groot bousteen is wat ons moet oorweeg, met twee ander sekondêre boustene:

## Grootste bousteen:

- **Lewens- of kragbron** – Lewe; liggaamlik, verstandelik en geestelik. Dit is die kern van ons bestaan. Waar kom lewe vandaan en hoe benader ons dit? *Hoe leef ons ’n lewe wat sinvol en vol is*?

## Sekondêre boustene:

- **Verhoudings** – die aard van geboorte en kinderjare vereis dat mense in verhoudings staan. Ons as mense beleef (of bedink) die lewe deur verhoudings. Ons sien ook die dryfveer om verhoudings en intimiteit te handhaaf, as gevolg van die groot afkeer wat die meeste mense het om alleen te wees. Die *lewe sonder intimiteit is leeg*.
- **Waarde** – ’n gesonde selfbeeld, ’n gevoel van doel en bestemming. Sonder ’n doel word die lewe betekenisloos en word die begeerte om dit te beskerm, vernietig. Die *lewe sonder waarde is betekenisloos*.

Hoe verbind ons hierdie boustene om sterker verhoudings met ’n oseaan vol gesinsherinneringskatte te bou? Dis voor die hand liggend dat verhoudings en waarde nie sonder lewe kan bestaan nie, maar dit beteken ook dat die aard van ons waarde en verhoudings beheer word deur die aard van ons lewe; met ander woorde, hoe ons die bron van lewe beskou.

Hoofstuk 2

# Lewensbronstelsels

Die antwoord op die vraag waar lewe vandaan kom en hoe dit by ons uitkom, is een van die mees fundamentele vrae van – wel – die lewe. Dit definieer watter soort wesens ons is. Dit definieer ook die aard van ons verhoudings en ons waardestelsels, soos ons aan die einde van die vorige hoofstuk bespreek het. As die prioriteit van hierdie vraag in ag geneem word, vind ek die volgende stelling van Wikipedia onder "Origin of Life" baie amusant:

> Die oorsprong van lewe is 'n beperkte navorsingsveld ten spyte van die diepgaande impak daarvan op biologie en menslike begrip van die natuurlike wêreld. Vooruitgang op hierdie gebied is beperk en sporadies, hoewel dit steeds die aandag van baie mense trek as gevolg van die opvallende vraag wat ondersoek word. Een moontlike rede vir die stadige vordering in hierdie veld is dat dit moeilik is om befondsing vir navorsing op hierdie gebied te bekom, aangesien praktiese kommersiële toepassings vir hierdie navorsing moeilik is om te beskryf.[2]

Dus blyk dit of 'n tekort aan befondsing die hoofrede is waarom hierdie vraagstuk nog problematies is. ☺ Daar is natuurlik baie teorieë en idees wat met passie ondersteun word wat antwoorde bied op hierdie vraag. My doel in hierdie hoofstuk is nie om die spesifieke vraag te probeer beantwoord nie, maar dis eerder 'n ondersoek na die impak van verskillende lewensbronstelsels op die vermoë om familieskatte op te bou, om verhoudings te versterk en ons kinders te help om 'n gesonde gevoel van eiewaarde te hê.

## A. Westerse Christelike Denke

Westerse denke word sterk beïnvloed deur Griekse filosowe soos Plato en Aristoteles. Plato het gesê, "Die siel van die mens is onsterflik en onverganklik."[3] 'n Aantal Christelike kerkleiers is in die eerste paar eeue na Christus deur hierdie siening

[2] Vry vertaal na Afrikaans vanuit www.wikipedia.com – Origin of Life.

[3] Plato, *The Republic*, Book X, 608 – D (vry vertaling uit bron)

beïnvloed en het dit aan die kerk voorgestel. Die nuutste Katolieke Kategismus maak die volgende stelling:

> III. Hoe kan ons bewys dat die siel van die mens onsterfklik is?
>
> Ons kan bewys dat die siel van die mens onsterflik is, omdat die mens se intellegente optrede geestelik is; daarom moet sy siel ’n geestelike wese wees, onafhanklik van materie en daarom nie onderhewig aan vernietiging of die dood nie.[4]

Christene aanvaar gewoonlik die teenwoordigheid van die onsterflike siel met geen vaste idee oor wanneer dit deel van hulle word nie. Dit was egter deur die eeue heen ’n geskilpunt. Skeppingsleer (die leer van die Goddelike Skepping) dui aan dat God ’n nuwe siel skep by geboorte (Jerome, Calvin). Tradusiamisme leer dat die siel en die liggaam deur voortplanting geskep word (Tertullianus, Leo, Luther). “Ek mag die mening van Plato gebruik as hy verklaar ‘elke siel is onsterflik’ ” – Tertullianus.

Die kerk was so gefokus op dié idee dat die Lateraanse Raad in 1513 toestemming verleen het dat dié wat “…beweer dat die intellektuele siel sterflik is” strafbaar is as ketters.[5]

Daar is ’n klein aantal Protestantse kerke wat aan die idee vashou dat die mens sterflik is en totaal afhanklik is van God vir lewe.[6] Hierdie idee plaas lewe buite die mens; iets wat hy slegs kan besit in ’n verhouding met God.

## B. Oosterse Denke

As ons kyk na die Oosterse konsepte van menslike lewe, neem ons die volgende waar vanuit ’n Hindoe perspektief:

> Die grootste eksponent van die filosofie van die Vedas, wat ook Vedanta genoem word, is dat die mens Goddelik is.[7]

Baie Oorsterse idees draai om die konsep van reïnkarnasie en die vooruitgang en ontwikkeling van die siel tot geestelike volmaaktheid en die afsterwe van aardse

---

[4] Nuutste Katolieke Kategese, Bylae 1

[5] 5$^{th}$ Lateran Council, Session 8, 19 December 1513. http://www.dailycatholic.org/history/18ecume2.htm

[6] Sewendedag Adventiste is die groot Protestantse groep wat hierdie siening aanhang.

[7] http://www.sriramakrishnamath.org

plesiere en strewes. Die volgelinge van New Age-idees blyk Westerse en Oosterse denkwyses te kombineer met die idee dat die mens goddelik of deel van God is.[8]

Die konsep dat die mens onsterflik of goddelik is maak die lewe iets wat inherent in die mens is. Dit is iets wat ons in onsself besit. Alhoewel idees verskil oor hoe ons daardie lewe in besit neem, is die belangrikste tema dat lewe ’n krag is wat ons inherent besit.

## C. Wetenskaplike Denke

Die moderne wetenskap beskou lewe as ’n chemiese proses wat toevallig plaasgevind het. “Aanneemlike pre-biotiese toestande lei tot die skepping van sekere basiese klein molekules (monomere) van lewe, soos aminosure.”[9] Vanuit hierdie perspektief bied die wetenskap ons die idee dat lewe toevallig en ewekansig is, maar dat dit iets is wat ons chemies besit en daarom is dit iets wat ons inherent besit, maar dit bevat geen idees van goddelikheid of onsterflikheid nie.

## D. Vergelyking van Lewensbronmodelle

Dit is interessant dat die plek waar lewe ontstaan, ook die plek is waarna ons tipies verwys as ‘die goddelike’. Ter opsomming van die onderskeie lewenstelsel-konsepte kan ons dit in drie basiese denkrigtings uitdruk. Die mens het lewe in homself of het die vermoë om dit te kan produseer in homself; of hy ontvang lewe as ’n eenmalige pakket (of geskenk) van iemand wat dit kan produseer; of hy ontvang dit oomblik vir oomblik van iemand wat dit kan produseer.


Ons kan dit opsom in die volgende tabel:

[8] www.newageforum.net

[9] Vry vertaal vanuit www.wikipedia.com – Origin of Life.

| Model 1 | Model 2 | Model 3 |
|---|---|---|
| Die mens het ’n inherente lewensbron (die goddelike) wat in homself ontstaan.<br><br>DIE MENS IS GODDELLIK | Die mens word van ’n lewensbron voorsien deur God (die goddelike) wat hy in homself besit.<br><br>DIE MENS IS ONSTERFLIK | Die mens ontvang lewe deur ’n verhouding met God (die goddelike) buite homself.<br><br>DIE MENS IS STERFLIK |

Indien ons hierdie drie modelle in ’n diagram plaas, kan dit soos volg lyk:



# E. Impak van die Siening van jou Lewensbron op Verhoudings en Waardestelsels

Met verwysing na hierdie drie lewenstelsels, laat ons ondersoek instel hoe dit die aard van verhoudings en waardes kan beïnvloed, wat die sekondêre boublokke is in die opbou van ʼn familieskat van herinneringe.

## i. Potensiële Impakte van die Geloof dat die Mens Inherent Goddelik is (Model 1)

Laat ons eerstens die lewenstelsel ondersoek waarin dit aanvaar word dat die lewe in die mens ontstaan. Let op die volgende diagram:




Indien ons die beskouing aanhang dat lewe inherent is aan die mens, sal “self” natuurlik in die middel van ons waargenome menslike “sonnestelsel” geplaas word. Dit is ʼn natuurlike uitvloeisel daarvan. Net soos wat die planete om die son wentel, sal ons aangemoedig word om ander mense te aanskou in bane rondom onsself en is hulle belangrik vir ons eie voordeel. Dit is hierdie perspektief van realiteit wat aanleiding gegee het tot die beginsels wat gevind is in die werk van Niccolo Machiavelli getiteld “The Prince.” Dit beskryf ʼn proses van verwerwing en handhawing van mag.

Aangesien ons in hierdie model van mening is dat lewe of mag ons inherente besitting is, word dit daarom verstaan as die bron van ons waarde. Ons <u>IS</u> dus waardevol deur ons goddelikheid, onsterflikheid of mag. Ons is waardevol as gevolg van magsbesit. Enige begeerte om waarde te vermeerder lei natuurlik tot magsvertoon. So ʼn stelsel lei dan tot ʼn stelsel van waarde deur vertoon en prestasie.

Hoe beïnvoed dit ons verhoudings? Omdat ons die siening huldig dat ander individue ook mag besit, kan ons aan die een kant diegene uitsoek wat die magtigste

(aantreklikste) voorkom en dan in ’n verhouding met hulle tree (hulle manipuleer); of diegene opsoek wat swakker as ons beskou word om hulle te beheer. Dikwels stel ons beide opsies op die proef. Sulke verhoudings versterk ons eie magsposisie of lewe. Dit sal ’n natuurlike uitvloeisel wees om die lewe ten volle te leef of om geluk na te streef. Op hierdie manier word verhoudings ’n primêre bron waar ons onsself versterk om ons eie mag uit te brei. Ons jaag die aantreklikste, die rykste en mees invloedryke of nuttigste na. Deur ’n magsvertoon lok ons hulle na onsself, sodat ons hulle mag kan bekom, gebruik of verkry. Hoeveel keer het ons al gesien hoe ’n ryk ou man trou met ’n pragtige jong dame wat 30 of 40 jaar jonger is? Die optimiste verklaar dit as die breedte van liefde, terwyl die skeptici dit ’n baie duur vorm van prostitusie noem. Ongeag wat ons dink, in hierdie stelsel word skoonheid waargeneem op verskillende manière; en sal baie mense ’n fortuin spandeer ter wille van aantreklikheid, dus is hierdie voorbeelde heeltemal normaal. Aan die ander kant, hoeveel keer het ons gesien hoe ’n diktator die mense rondom hom beheer en sy wil op hulle afforseer om aan sy eise toe te gee, om hom te help om sy doel te bereik? ’n Groot deel van die geskiedenis is deurspek met sulke beherende tiranne wat die lewens van miljoene ondraaglik gemaak het. Daar is genoeg bewyse dat baie mense die filosofie aanhang van Model 1 se lewensbronstelsel. Dit is oral om ons.

Een van die ander minder waarneembare impakte op verhoudings is dat verhoudings opsioneel sal wees, omdat ’n persoon sy eie lewensbron het. Verhoudings is nie noodsaaklik om te oorleef nie. Ons kan dit aanneem of laat vaar soos dit ons pas. Dit mag individuele voordele inhou, maar is baie nadelig vir ’n gesinstelsel. Die konsep van die goddelike mens moet uiteindelik lei tot selfregering, gevolg deur isolasie en eensaamheid.


Hoe inkorporeer hierdie stelsel ’n konsep van God? As ons glo dat ons lewe in onsself het, dan is elkeen eintlik maar in wese ’n god. Sommige van ons is meer magtig, ander is minder magtig. Die Grieke het hierdie idee gebruik in die groot aantal gode in hul godewêreld wat hulle bewonder en aanbid het. Die Griekse gode is in wese vergrotings van menslike vermoëns en talente verweef in ’n verhaal wat die mens iets bied om na te streef en na te boots. Dus is hierdie gode die aanbidding van die mens as goddelik.

Die realiteit van die Griekse godestelsel in die daaglikse lewe het beteken dat, indien hulle as blote sterflinge die ondersteuning en beskerming van ’n god sou kon kry, hulle magsbasis versterk en vergroot sou word. Hierdie groter mag sal magsvertoon in staat stel om meer waardering, liefde of aanbidding van ander te verseker, om sodoende tot ’n vervullende lewe te lei. Weereens, hierdie stelsel sou

beslis sy voordele inhou vir die individu, maar dit het swak punte in die opbou van ’n koesteringstelsel vir gesinne, soos ons in die volgende hoofstuk sal sien.

## ii. Potensiële Impakte van die Geloof in ’n Geskenkte Onsterflikheid (Model 2)

Laat ons die tweede stelsel ondersoek, waar iemand waarneem dat die inherente lewensbron van God afkomstig is. Let op die volgende:




Hierdie stelsel vorm die basis van alle gelowe wat die oortuiging aanhang dat die siel onsterflik is of glo dat die vermoë om te presteer by die mens ontstaan. Hierdie stelsel bied wel ’n paar voordele aan die individu deurdat beskerming gewaarborg word vanuit ’n baie magtige bron. Dit maak ook voorsiening vir die konsep van waardering en dankbaarheid vir die lewe wat gegee word. Dit kan ook sorg vir ’n gevoel van verantwoording aan iemand wat baie magtiger is as jy.

Daar is egter beduidende negatiewe impakte op verhoudings en waardestelsels in hierdie model. Eerstens, plaas dit die bron van mag binne die persoon en lei dit natuurlik tot ’n prestasie-gebaseerde goedkeuringstelsel[10] op soortgelyke wyse as by *Model 1*. Deur die lewe te aanskou deur die lens van onsterflikheid, sou dit doodnatuurlik wees om toegang tot ’n verhouding met God na te speur deur middel van Sy aangewese standaarde en om Sy goedkeuring te wen deur ’n vertoning van “goeie werke” of prestasies om ’n vervulde lewe te verkry. Om God se goedkeuring

[10] Dit beteken dat ons slegs goedgekeur word indien ons optree volgens ‘n sekere verwagting van diegene van wie ons goedkeuring wil verkry.

te wen deur goeie werke word deels of ten volle geopenbaar in alle wêreldgodsdienste.[11]

Hierdie prestasiestelsel kan ook die basis vorm van ’n kompetisie oor wie God die beste dien, ’n soort stryd oor wie meer waardig is vir God se seëninge. Ons sien dit duidelik in die botsing tussen Islam en Christendom om te toon watter godsdiens beter is. Ons sien dit in debatte tussen Christelike kerke oor wie die ware verdediger van die geloof is; die obsessiewe begeerte om jouself te bewys as ortodoks en om te bewys dat ander ketters is. Hierdie punt is een van die grootste swakhede van godsdienste wat glo dat die mens onsterflik is en dat God aan hulle kant is. Omdat die mens in hierdie model lewe ontvang van ’n wese aan wie hulle onderdanigheid verskuldig is, is die oorweldigende klem op beheer. In georganiseerde godsdiens is die grootste klag van die massas daarteen die kwessie van beheer. Sulke stelsels het sommige van die mees gewelddadige misdade teen die mensdom vorendag gebring in hul stryd om te handhaaf wat hulle glo korrek is in hul pogings om God se guns te wen en Sy wette af te dwing. Miljoene mense het hul lewens verloor weens die oortuiging van ywerige siele wat daarop gemik is om hul god te behaag en te verdedig.

Alhoewel die betrokke kwessies meer gekompliseerd is as wat hier beskryf is, staan die saak vas dat, indien iemand glo dat hulle lewe/mag in hulself besit, dan is dit uiters moeilik om die behoefte te ontduik dat waarde en waardering verkry word uit die vertoning van daardie lewe/mag. Ons kan onsself vertel dat ons ons waarde van God en ons verhouding met Hom kry, maar die mag in jou sal die aard van daardie verhouding en die kwaliteit van die waarde bepaal. Samevattend kan ons sê dat die oortuiging dat die mens ’n inherente lewensbron dra, of ’n lewensbron het wat deur ’n eksterne weldoener geskenk word, uiteindelik lei tot uiters negatiewe gevolge op intieme verhoudings. Die verleidelike “vryhede” van onafhanklikheid dryf individue tot isolasie en beheermeganismes wat teenstrydig is met die inherente afhanklikheid van intimiteit binne verhoudings.


---

[11] Alhoewel dit die bedoeling van sommige kerke is om ‘n werke-gebaseerde godsdiensstelsel te vermy en dit selfs so in hulle kernoortuigings verklaar word, sal die konsepte van onsterflikheid baie verlei om onwillekeurig God se goedkeuring te soek deur diegene wat volgens die kerklike standaarde, soos ooreengekom, optree. Selfs kerke wat nie verklaar dat hulle in die aangebore onsterflikheid van die mens glo nie kan beïnvloed word deur hierdie beginsels deur voortdurende samewerking met die vele kerke en kulture wat die konsep aanhang.

## iii. Potensiële Impakte van die geloof in ’n Sterflike Mens (Model 3)

Die aanvaarding van die geloof dat die mens sterflik is, wat beteken dat ’n mens geen lewe binne hulself het nie, skep die onmiddellike behoefte aan ’n konstante lewenstroom van buite jouself. Die lewe kan slegs verkry word deur ’n verhouding; ’n voortdurende verhouding wat nooit verbreek kan word nie.

Die grootste potensiële nadeel van hierdie stelsel is dat jy van oomblik tot oomblik heeltemal afhanklik is van iemand anders om te leef. Maar hierdie potensiële nadeel kan in werklikheid ’n enorme voordeel wees indien die lewegewer baie liefdevol, welwillend en geduldig is en die persoon wat lewe ontvang eintlik geen probleem het om onderdanig te wees aan daardie persoon nie. Indien so ’n stelsel sou kon slaag, is die fokus van die lewensontvanger geplaas op die handhawing van ’n onderdanige, intieme verhouding met die lewegewer. Indien die mens ’n onderdanige, intieme verhouding ontwikkel met die lewegewer, kan hierdie aard oorgedra word aan ander onder hulle invloed en sorg. Sodoende kan ’n sterk, intieme verhoudingsnetwerk gehandhaaf word.




Die klem van hierdie stelsel val op die onderdanigheid aan die persoon wat die lewe aan jou oordra en die handhawing van ’n intimiteit met daardie persoon en ook die handhawing van ’n groot mate van respek vir daardie persoon se outoriteit.

Ons kan hierdie drie stelsels opsom en vergelyk in terme van lewe, verhoudings en waarde om te sien watter een die beste stelsel is om ’n sterk gesinsnetwerk te bou.

| Bron van Lewe | Impak op Verhoudings | Impak op Waardestelsels |
|---|---|---|
| **Model 1**<br><br>(Die mens is goddelik. Die mens het ’n inherente lewensbron.) | **Aard:** Verhoudings is opsioneel.<br><br>**Doel:** Verhoudings is voordelig vir die verbetering van eie mag.<br><br>**Dinamika:** Elke verhouding is ’n potensiële geleentheid of bedreiging. Gebruik of word misbruik, manipuleer of word gemanipuleer.<br><br>**Handhawing:** Verhoudings word in stand gehou deur die mag van die sterkere, terwyl die swakkere die ander tevrede moet stel. | 1. Waarde word bepaal van binne.<br><br>2. Gebaseer op vertoon van mag en prestasie en goedkeuring.<br><br>3. Gelykheid word bepaal deur mag.<br><br>4. Baie moeilik om foute te erken sonder om persoonlike waarde te verloor. |
| **Model 2**<br><br>(Die mens is Onsterflik. Die lewe word geskenk, maar word self besit onder die leiding of beheer van die gewer.) | **Aard:** Mense-verhoudings is opsioneel. Die Goddelike verhouding is baie belangrik.<br><br>**Doel:** Verhoudings is ten bate van die verbetering van die gegewe mag en tot genot van die self en die lewegewer.<br><br>**Dinamika:** Elke verhouding is ’n potensiële geleentheid of bedreiging in die persoonlike | 1. Waarde word bepaal deur die eksterne lewegewer *en* van binne<br><br>2. Konstante behoefte om waarde aan self, ander en die lewegewer te bewys<br>3. Gelykheid word bepaal deur mag and prestasie, gedoen vir jouself en die lewegewer. |

| Bron van Lewe | Impak op Verhoudings | Impak op Waardestelsels |
|---|---|---|
| | verhouding tot die Goddelike. Ander kan nader aan (of meer aanvaarbaar aan) die Goddelike wees, daarom vatbaar vir "gebruik of word misbruik, manipuleer of word gemanipuleer".<br><br>**Handhawing:** Verhoudingskwaliteit tot die goddelike word deurgaans vergelyk en gemeet. | 4. Moeilik om fout te erken sonder om persoonlike waarde te verminder. |
| **Model 3**<br><br>(Die mens is Sterflik. Die lewe word ontvang van oomblik tot oomblik vanaf die gewer.) | **Aard:** Verhoudings is noodsaaklik.<br><br>**Doel:** Verhoudings is 'n kanaal van lewe en seën.<br><br>**Dinamika:** Elke verhouding is 'n geleentheid om ander te dien en 'n seën te ontvang.<br><br>**Handhawing:** Verhouding tot die lewe word in stand gehou deur onderdanigheid aan die lewegewende outoriteit. | 1. Waarde kom van die lewegewer.<br><br>2. Waarde gebaseer op aanvaarding by die lewegewer.<br><br>3. Gelykheid gebaseer op verhouding tot lewegewer.<br><br>4. Makliker om fout te erken, aangesien daar geen waarde in persoonlike prestasie is nie, slegs tevredenheid. |

Elke stelsel het sy sterk- en swakpunte, maar daar moet gesien word dat die beste stelsel om liefdevolle gesinsverhoudings te skep 'n siening is waar verhoudings noodsaaklik is. Dit bevat die grootste risiko deurdat alles afhanklik is van die welwillendheid van die lewegewer, maar dit dra die grootste voordeel deurdat dit die grootste klem plaas op verhoudings, en nie onderhewig is aan die probleme rakende beheer en manipulasie soos wat voorkom in ander stelsels nie. In latere hoofstukke

sal ons ondersoek instel waarom lewensbronmodelle 1 en 2 ons wêreld so oorheers. Maar ons sal voorlopig die verhoudingsvoordele van model 3 ondersoek. Ons sal begin deur te kyk na wat die Bybel sê omtrent ons lewensbron en hoe ons dit ontvang.

Hoofstuk 3

# ’n Bybelse Siening van die Lewensbron

Die Bybel is heeltemal ondubbelsinnig omtrent die bron van lewe.

> **Kolossense 1:16, 17** want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. (17) En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

Alles wat ons kan sien of waarneem en selfs dinge wat ons nie kan sien nie is geskep en word tans onderhou deur God. Let noukeurig op die bewoording van die laaste sinsnede: En *in Hom* hou alle dinge stand. Die teks verklaar duidelik dat die lewensbron wat God verskaf, die hele heelal onderhou. Dit dui duidelik aan dat die lewe nie net as ‘n eenmalige pakket aan ons geskenk word nie, maar in ‘n konstante stroom na ons vloei. Die volgende Bybelteks staaf dit:

> **Psalms 36:10** Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.

> **Openbaring 22:1** En hy het my getoon ’n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

Die Bybel bied aan ons ’n beeld van ’n rivier wat vanuit die troon van God vloei. Hierdie rivier is ’n lewende rivier en alles wat daarmee in kontak kom ontvang lewe. Hierdie beginsel word oor en oor in die natuurlike wêreld geïllustreer deur die feit dat die meeste dorpe en stede slegs oorleef omdat hulle naby ’n rivier geleë is. Indien jy al ooit ’n woestynstreek besoek het en dan op ’n rivier afgekom het, sal jy sien dat al die bome op of naby die rivieroewers groei. Die konsep van lewe hou verband met die konsep van ’n rivier.

Die psalmis Dawid illustreer dit wanneer hy sê:

> **Psalms 1:3** En hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Weereens word hierdie beginsel uitgelig in die boek van Eségiël:

**Eségiël 47:1, 6-9** (NLV) Die man het my teruggebring na die ingang van die tempel. Daar het ek ’n stroom water gesien wat onder die tempel se drumpel ooswaarts uitvloei, want die tempel het oos gekyk. Hierdie stroom het regs van die altaar, aan die suidekant, verbygegaan. (6) Hy vra toe vir my: “Mensekind, het jy dit geisen?” Toe lei hy my terug na die rivier se oewer. (7) Terwyl ek daar loop, sien ek ’n hele klomp bome aan albei kante van die rivier. (8) Hy het vir my gesê: “Hierdie rivier vloei oos deur die woestyn af na die Jordaanvallei toe, waar dit dan in die Dooie See invloei. Die water van dié rivier sal die soutwater van die Dooie See vars maak. (9) Oral waar hierdie rivier loop, bring dit lewe. Vis sal volop wees, want hierdie water sal die soutwater vars maak. Waar die water ook al vloei, sal alles lewe.

Let op die laaste frase – “waar die water ook al vloei, sal alles lewe.” Die lewe lê in die vloei van die rivier. Die konsep van ’n vloeiende rivier is dat ’n direkte lyn gevorm word vanaf die oorsprong na die lewende skepsel. Daar is ’n direkte lyn vanaf die bron na die ontvanger en dit beweeg altyd. Die water stagneer nie, dit hou aan vloei. Die Bybel dra by tot hierdie konsep wanneer dit die volgende sê:

**Hand. 17:24 - 28** (NLV) “Hy is die God wat die wêreld met alles daarin gemaak het. Hy is die Here van hemel en aarde, en daarom woon Hy nie in tempels wat met mensehande gebou is nie. **25** Mensehande kan nie na sy behoeftes omsien nie, want Hy het aan niks behoefte nie. Inteendeel, dit is Hý wat aan almal lewe en asem en álles gee. **26** Uit een mens het Hy elke nasie van die mensdom gemaak, om oor die hele aarde te woon. Hy het die tye van hulle bestaan bepaal, en die grense van hulle blyplek. **27** “God se doel met die nasies was om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Nie dat Hy ver van enigeen van ons af is nie. **28** Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan. Soos party van julle digters ook gesê het: ‘Ons is sy nageslag’.

Let op hoe dit gestel word. Dit is “deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan.” Die Bybel bied ’n ander illustrasie van hoe die lewe van God na ons toe vloei. Hier sien ons ’n God wat intiem betrokke is in ons lewens. Paulus begin met die groter prentjie en bring dit af na ’n persoonlike en intieme vlak:

1. Hy het tye en plekke van elke volk bepaal.
2. Hy is nie ver van elkeen van ons af nie.
3. … en uiteindelik beweeg Paulus direk na die kern van die saak en sê dat ons *in Hom* lewe, en beweeg en bestaan.

Indien ons *in Hom* leef, of deur 'n direkte stroom van Hom leef, is dit duidelik dat ons nie sonder Hom kan leef nie. Die Bybel sê:

> **Johannes 15:5** …sonder My kan julle niks doen nie.

Jy moet asseblief verstaan dat dit beteken dat ons niks op fisiese, geestelike en verstandelike vlak kan doen sonder Hom nie. Ons is totaal en al afhanklik van God vir alles, net soos 'n klein babatjie afhanklik is van sy ouers. Let op die volgende verse:

> **1 Kronieke 29:14** Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee.

> **1 Korinthiërs 4:7** Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?

Tot op hierdie punt het ons op die blote fisieke lewe gefokus. Indien die Bybel aandui dat alle dinge van Hom af kom, beteken dit alles: geestelik, verstandelik en fisies.

Let op die volgende tekste:

> **Kolossense 2:2, 3** dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, **3** in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.

> **Exodus 31:1-5** Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: **2** Kyk, Ek het Besáleël die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; **3** en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk, **4** om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, **5** en deur snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk.

Die Bybel openbaar God as die bron van alle wysheid en kennis. Kolossense 2:2, 3 daag die konsep uit dat ons as mens wysheid en kennis kan voortbring. Alle wysheid en alle kennis kom van God af. 'n Voorbeeld hiervan word getoon in Eksodus 31:1 – 5, waar ons sien dat God aan 'n man wysheid en vaardigheid in vakmanskap gee.

Wat van die konsep van geestelike lewe? Ons kyk na ’n vers wat ek so pas genoem het, Psalms.1:3,

> **Psalms 1:3** En hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Dit sê dat die vrug van die boom afhanklik is van die waterstroom wat daarheen vloei. Wanneer van vrugte gepraat word, sê die Bybel:

> **Galasiërs 5:22 - 23** Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. **23** Teen sulke dinge is die wet nie.

Die implikasies van hierdie vers is belangrik. Al hierdie eienskappe kom van die Gees van God. Dit beteken eenvoudig dat jy sonder die Gees van God nie liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid en so meer, kan hê nie. Ek het eenkeer terwyl ek langs ’n meer in ’n park gestap het hierdie Bybelse waarheid oordink. Dit was kalm en rustig. Ek het opgemerk dat ’n ma haar dogter op ’n swaai stoot. Hulle het albei saam gelag en duidelik mekaar se geselskap geniet. Die liefde wat hierdie ma vir haar kind ervaar het, is van God. Die gedagte om liefdevol, vriendelik en sagmoedig teenoor haar kind te wees, het nie in haar eie hart onstaan nie, maar in die hart van God en is deur die lewenstroom aan die ma gegee, wie gekies het om dit uit te druk as moederliefde. Die bron van die ma se liefde kom vanuit die hart van God. Daardie liefde het deel geword van die moeder, omdat sy gereageer het op die Gees van God en die liefde betuig het.

Die Bybel bied ’n siening wat baie ooreenstem met die derde lewensbronmodel, waarna ons in die vorige hoofstuk gekyk het. Ons is uiters afhanklik van God vir lewe, elke oomblik van elke dag, nie net die fisiese lewe nie, maar ook verstandelik en geestelik.

Die prag van hierdie Bybelse stelsel is dat dit verhoudings noodsaaklik maak. Verhoudings is sentraal tot die voortbestaan daarvan. Die volgende hoofstuk bespreek die kwessies van verhoudings binne ’n model wat staatmaak op ’n stroom van lewe en daarna sal die kwessies rondom waarde bespreek word.


Hoofstuk 4

# Verbinding aan en Handhawing van 'n Verhouding met die Lewensbron

Soos ons opgelet het in die vorige hoofstuk is God die bron van alle lewe; elkeen wat lewe het, kan dit slegs vind en handhaaf in 'n verhouding met God. Dit is belangrik om uit te lig (selfs al klink dit voor die hand liggend) dat ons nie na hierdie lewe kan soek nie, omdat ons sal kan aflei dat ons 'n mag of lewe het in onsself om sodanige aksie te begin. God is die inisieerder van lewe. Soos ons sal sien, het die Bybel riglyne vir die instandhouding van hierdie lewe saamgestel.

## A. Onderdanigheid: die Sleutelbeginsel

Die vermoë om lewe te handhaaf met die lewensbron is 'n eenvoudige beginsel van onderdanigheid. Indien ons hierdie lewe wil kry moet ons in onderdanigheid wees om dit te ontvang. Indien ons hierdie lewe wil hê, moet ons God erken as die oorsprong en daarom die opperste gesag van lewe.



Die lewe moet deur die wil vloei, vir liefde om te kan bestaan, en daarom vereis dit onderdanigheid.

Die vraag ontstaan: Waarom verwys ons na onderdanigheid wanneer ons praat oor die ontvangs van lewe? Dit is 'n belangrike vraag. Onderdanigheid dui op 'n aksie van die wil; 'n keuse moet gemaak word. Waarom is keuse 'n kwessie? Omdat God se koninkryk 'n koninkryk van liefde is.

> **1 Johannes 4:7 - 8** Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. **8** Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

God is liefde en aangesien God liefde is en Sy koninkryk met liefde bestuur, kan liefde slegs bestaan waar keuses is: die keuse om God te aanvaar of te verwerp. Die verwerping van God lei natuurlik tot die

dood, omdat God die enigste is wat lewe in Homself besit en die enigste is wat lewe kan gee.

> **1 Timótheüs 6:15 - 16** [onse Here Jesus Christus] wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, **16** wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen.

Sonder hierdie mag om te kies, kan liefde nie bestaan nie. Die lewe is dan robotagtig en outomaties. Ons sien dus dat die lewe slegs ontvang kan word deur die wil in liefde aan die lewegewer te onderwerp. Daar moet 'n noue en intieme verhouding wees waarin die ontvanger van lewe pure vreugde en geluk vind in onderdanigheid aan die gesag van die lewegewer. Iemand mag dadelik redeneer dat daar baie is wat glad nie in God glo nie en tog leef. Dit is 'n goeie vraag wat ons in hoofstuk 9 sal bespreek.

Die belangrikste punt wat ons hier maak is dat onderdanigheid aan die gesag van die lewensbron die sleutelkwessie is.

## B. Die Lewensbelangrike Voorbeeld van Onderdanigheid: Christus

Aangesien onderdangheid so 'n belangrike punt is, is dit belangrik dat God, die lewensbron, aan ons 'n voorbeeld of voorbeelde voorsien van hoe hierdie onderdanigheidsproses werk. Die heelal benodig 'n demonstrasie van hoe om onderdanig te lewe, hoe om hierdie lewe te ontvang en waar ons staan met betrekking tot die lewensbron. Die voorbeeld van sulke onderdangheid sal die spilpunt van 'n koninkryk word wat gebaseer is op 'n geloof in 'n enkele lewensbron wat uitvloei na alle lewende wesens.

God het hierdie voorbeeld voorsien in die persoon van Sy Seun. God se Seun bied die goddelike voorbeeld van liefdevolle onderdanigheid aan die lewensbron se gesag. Let op die woorde van Jesus, die Seun van God, wanneer Hy praat van Sy verhouding met die Vader:

> **Johannes 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

**Johannes 5:30** Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

**Johannes 8:29 En** Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

**Johannes 14:5** Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? **6** Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Die lewe van Jesus, die Seun van God, demonstreer aan die heelal die kritieke voorbeeld van onderdanigheid aan God. Indien ons die verhouding van Christus tot die Vader ondersoek vind ons die sleutel van hoe die lewe in ’n liefdevolle en intieme verhouding ontvang en onderhou kan word. Om hierdie rede is die verhouding tussen die Vader en die Seun die mees kritieke element vir die voortbestaan van die Koninkryk van God, soos in die Bybel geopenbaar. Sonder hierdie voorbeeld van Jesus, die Seun van God, verloor ons die belangrikste leidraad hoe om in ’n onderdanige verhouding met God te leef. Dit is waarom Jesus die weg na die Vader is. Daarom is Jesus ons voorbeeld in alle dinge.

Dit is belangrik om uit te wys dat wat Jesus gekom het om te demonstreer, ’n uitdrukking was van wat altyd bestaan het. Die Seun van God was nog altyd liefdevol onderdanig aan die Vader, want Hy sê, “Ek doen altyd wat Hom welgevallig is” (Johannes 8:29) – dit was nog altyd so en moet altyd so wees, sodat ons ’n goddelike voorbeeld kan hê van hoe om in liefdevolle onderdangheid aan die lewensbron van die heelal te leef.

## C. Sekondêre Voorbeelde van Onderdanigheid

### i. Man en Vrou se Verhouding (Voorbeeld in Ruimte)

Die vraag wat ontstaan, is: Hoe is die beginsel van onderdangheid aan die menslike gesin openbaar voordat Christus persoonlik gekom het om dit te demonstreer? Dit is ’n uiters belangrike vraag. Indien die beginsel van liefdevolle onderdangheid aan lewensowerheid so belangrik is, moet dit geopenbaar word in die oorsprong van menslike beskawing. Dit is inderdaad so.

Ons het opgemerk dat die verhouding van die Seun van God tot die Vader die kritieke verhouding is wat die Bybelse lewensbronmodel demonstreer, wat van een bron na alle lewende wesens vloei.

Dit sal net sin maak indien hierdie beginsel gedemonstreer word in die oorsprong van die menslike bestaan, sodat die onderdanigheidsbeginsel in menslike verhoudings nagekom kon word. Dit is wat die Bybel vir ons sê:

> **Romeine 1:19-20** omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. **20** Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie…

Die Bybel vertel dat die karaktereienskappe van die Godheid geopenbaar is in die skepping en dat dit in hulle (die mense wat geskape is) gemanifesteer is. Ons het dus geen twyfel oor waar hierdie eienskappe geopenbaar is nie.

> **Génesis 1:26-27** En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. **27** En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

As ons hierdie Bybelgedeelte noukeurig bekyk, sien ons God sê dat "Ons" die mens na Ons beeld moet maak, volgens Ons gelykenis/voorkoms. Wanneer ons kyk na wat geskape is, sien ons twee individue. Dit dui daarop dat die "Ons" die Vader en die Seun is. Kom ons beskou hierdie natuur 'n bietjie van nader.

> **1 Korinthiërs 11:3** … en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Die Bybel praat hier van die beginsel van leierskap/hoofskap. Die Bybelse konsep van hoof betrek natuurlik die betekenis van leierskap. Ons verstaan dat 'n leier se verantwoordelikheid nie oorgedra kan word na iemand wat nie die leierskap dra nie. Daarenteen is leierskap ook die bron waarvandaan alles vloei en begin. Let op na die gebruik van hoof (head) in Génesis 2:10:

> **Génesis 2:10** En daar het 'n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope ("four heads" – sien King James Version) geword.

Ons sien ’n parallel tussen die gesag van die Vader oor die Seun en die gesag van die man oor die vrou. Hier is die sleutelelement van die beeld waaroor Génesis 1:26 praat. Die rol van die vrou is deurslaggewend in die hele gesinsproses, net soos die rol van Christus deurslaggewend is in die ganse heelal. In die huis dien die intieme onderdanige verhouding van die vrou tot die man as die beeld van die intieme onderdanige verhouding van die Seun tot die Vader, wat as beskerming dien vir die erkenning van die lewensbron in die heelal.

God het bepaal dat die beginsel van lewe, wat vloei deur hierdie man-vrouverhouding, gedemonstreer word deur die manier waarop die mens vanaf hierdie punt tot stand kom. Adam het “saad” of lewe aan Eva gegee, wat hierdie saad in haar baarmoeder gekoester het en ’n kind gebaar het. Weereens, hierdie oordrag van ’n bron na ’n onderdanige agent wat dan die saad koester en ontwikkel is ’n weerspieëling van die oorspronklike verhouding van die Vader en die Seun. Let op:

> **Hebreërs 1:2** … het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

> **Efésiërs 3:9** en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,

> **Johannes 1:1-3** In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God**. 2** Hy was in die begin by God**. 3** Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Die Bybel vertel dat God alle dinge deur Sy Seun gemaak het. Op dieselfde manier het Adam die bevolking van die menslike ras deur Eva geïnisieer. Dit is die demonstrasie van hoe lewe sou vloei.

Dit is van kritieke belang om te verstaan dat die lewensproses deur die onderdanige agent moet vloei as voorbeeld vir almal wat die lewe onder hierdie proses ontvang. Indien lewe gegee is aan die heelal sonder ’n onderdanige agent het die heelal geen belangrike voorbeeld van hoe om aan die lewensbron gekoppel te bly nie.

Die gesinsverhouding is die mees fundamentele voorbeeld wat ons in ’n ruimtelike of materiële omgewing kan vind wat demonstreer hoe om met die lewensbron te verbind. Dit gee die mees akkurate beskrywing van die wonderlike oorspronklike voorbeeld van hoe lewensbron en onderdanigheid werk. Maar God het

ook ander voorbeelde verskaf om aan te toon hoe hierdie beginsels werk.

## ii. Die Boom van die Lewe (Voorbeeld in Ruimte)

God het die boom in die middel van die tuin geplant en dit die Boom van die Lewe genoem.

> **Génesis 2:9** En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin.

Die boom was nog ’n ruimtelike voorbeeld van die afhanklikheid van die mens van iets buite homself om te lewe. Adam en Eva moes van hierdie boom eet om te lewe. Indien Adam en Eva opgehou het om na die boom te kom om van die vrugte te eet sou hulle sterf. Die boom het geen inherente lewe gehad om aan Adam en Eva te gee nie; dit was ’n simbool wat God in die tuin geplaas het om hulle te herinner aan hoe volkome afhanklik hulle van lewe wat van buite hulself was. Hierdie beginsel word ook in ’n mindere mate gereflekteer in die hele voedselkonsep. Die behoefte aan voedsel om te leef gee uitdrukking aan die werklikheid dat die lewe nie inherent in die menslike geslag gevind word nie. Elke keer wanneer ons eet behoort ons onsself te herinner aan hierdie waarheid.

## iii. Die Rivierstelsel (Voorbeeld in Ruimte)

Ons het vroeër die voorbeeld genoem van ’n rivier wat vanuit God se troon vloei na die res van die heelal. Hierdie beginsel is weereens weerspieël in die skepping van die rivierstelsel wat vanuit die Tuin van Eden gevloei het.

> **Génesis 2:10-14** En daar het ’n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword. **11** Die naam van die eerste is die Pison. Dit is hy wat om die hele land Háwila loop waar die goud is. **12** En die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en onikssteen. **13** En die naam van die tweede rivier is die Gihon. Dit is hy wat om die hele land Kus loop. **14** En die naam van die derde rivier is die Hiddékel. Dit is hy wat oos van Assur loop. En die vierde rivier is die Frat.

Niks kan lank sonder water leef nie. Die rivierstelsel wat beskryf word in Génesis 2 was nog ’n visuele herinnering dat lewe van ’n enkele bron afkomstig is en

na alles rondom dit vloei. Niemand kan ’n stad of dorp in ’n woestyn bou nie. Alle vooruitstrewende dorpe en stede moet naby ’n rivier wees of moet ’n watertoevoer hê. Ons is afhanklik van die rivierloop vir oorlewing. Ons kan nie weg van die rivier af woon nie.

## iv. Die Sabbat (Voorbeeld in Tyd)

God het nie slegs ruimtelike of materiële voorbeelde verskaf van hoe die lewe in terme van ruimte ontvang en onderhou word nie, maar Hy het ook ’n gedenkteken hiervan in tyd geskep.

> **Génesis 2:3** En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak..

Die Sabbat is een van die mees kritieke voorbeelde van verbinding met ’n lewensbron, juis omdat dit die rus van die Seun van God in die boesem van Sy Vader bevat en daarom kan die hele beginsel van onderdanigheid slegs werklikheid word in die Gees wat na ons toe kom in die Sabbat. Dus is die rus van God nie net ’n voorbeeld vir ons deur die demonstrasie van rus self nie, maar deur die rus wat hulle geniet, wat deur die Heilige Gees aan ons gegee word, sodat ons tot ware rus kan kom. Let op na die aspekte van die Sabbat wat in die volgende voorkom:

> **Exodus 20:8-11** Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig**. 9** Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; **10** maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. **11** Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

God se mense is beveel om hulself te herinner aan hulle lewensbron – wat alle dinge geskape het en moes rus terwyl hulle dit doen; as ’n gedenkdag dat die mens geen lewe in homself het nie en dat hy volkome van God afhanklik is. Die toegang tot die rus van God is ’n keuse van die wil om aan die lewensbron se gesag onderdanig te wees.

Die gedenkteken van ons Skepper in die Sabbat herinner ons nie net aan die aanvanklike skeppingswerk nie, maar ook aan die voordurende voorsiening van lewe aan ons.

> **Openbaring 14:6-7** En ek het ’n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ’n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. **7** En hy het met ’n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Die aanbidding van Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterfonteine gemaak het is ’n verwysing na Eksodus 20:8-11. In Grieks word die woord “gemaak” gebruik in die sin van ’n gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het, maar wat voortduur tot in die hede. Die Sabbat herdenk dus die krag van God om Sy skepping te skape en voortdurend te onderhou. Nog ’n voorbeeld van die voortdurende lewensvoorsiening word gevind in die volgende:

> **Eségiël 20:12** Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ’n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.

Die woord “heilig” kan beteken om skoon te maak of te behou. Dit is God se krag wat ons behou, reinig, vernuwe en in stand hou.

Ons sien dus dat God beide tydservaring en ’n gedenkteken voorsien het vir die handhawing van ’n lewensbelangrike en intieme verbinding met die lewensbron buite onsself.

‘n Noukeurige waarneming van die Génesisverslag dui aan dat die enigste instellings wat aan die mens gegee is voor die sondeval is die huwelik en die Sabbat. Beide hierdie instellings is kritiese herinneringe dat die lewe slegs na ons toe kom deur onderdanigheid aan ’n lewensbron buite onsself.


Ons het kortliks ’n aantal aspekte bespreek wat die lewensbelangrike aard van verhoudings vanuit ’n Bybelse perspektief openbaar. Ons wil nou die tweede bousteen aanspreek, dié van waarde.

Hoofstuk 5

# Ontvang Waarde deur die Lewensbron

## A. Vir Kinders is hul Vader ’n Eer

Dit moes ’n ongelooflike gesig gewees het. ’n Jong sjef wat bars van vreugde en deur die hospitaalgange hardloop en luidkeels uitroep aan almal wat kan hoor, “Dis ’n seun! Dis ’n seun!”



My vader wat my vashou toe ek 3 weke oud was

Dit is hoe my moeder die reaksie van my vader met my geboorte beskryf het. Daar is iets diepgaande aan hierdie klein, andersins onbeduidende gebeurtenis. Ek weet dat my koms na die wêreld een van my vader se groot begeertes was en dat my geboorte hom groot vreugde gebring het. Daardie wete, saam met die voortdurende bewyse hiervan, het die struktuur van my selfpersepsie en my belangrikheid in die wêreld waarin ek leef, neergelê. Die volgehoue bewyse word gevind in ’n paar ou swart-en-wit foto’s wat ek baie kosbaar ag. Die eerste een is van my vader wat my in sy arms vashou toe ek 3 weke oud was.

Daar is iets baie wesenlik in hierdie foto; iets noodsaaklik en bevredigend. Dit is van hierdie man wat die saad van my lewe gekom het. In menslike terme kom my lewensbron van my vader; daar is dus ’n onuitgesproke band tussen ons wat baie dieper strek as enige ander verhouding wat ek op aarde het ten opsigte van wie ek as persoon is.

Ek het ’n geruime tyd gelede op ’n webwerf afgekom wat die gevoel van my verbintenis met my vader kon vasvang. Die naam van die webwerf is *Imissmydad.com*. Op hierdie webwerf is honderde verklarings geplaas van mense wat hul vader verloor het, wat hul hartseer te bowe moet kom om nie meer met hom te kan gesels nie. Hier is ’n paar van die verklarings:

**Noelle het geskryf:**

Liewe Pappa, vandag is ek 30 jaar oud en jy is nie hier nie – geen drukkie, geen soen, geen verjaarsdagwens hierdie jaar nie. Geen glimlag, geen wenkbroue wat lig, geen liedjie vir my nie. Ek kan nie glo die tyd is verby nie; ek kan nie glo jy is weg nie. Ek is lief vir jou; was altyd en sal altyd wees.

**Paul het geskryf:**

Pa, ek mis jou elke dag en wens net dat ons weer kon gesels. Nadat ek jou verloor het, het ek begin vrae vra oor wie ek is en waarheen ek oppad is. Kan ek die Pa wees wat jy was? Jy was die beste en ek wens net dat jy langer kon lewe om my prestasies te sien en in daardie vreugde te deel. Selfs ’n jaar later vind ek dat ek die telefoon wil optel om jou te bel. Ek is lief vir jou.

**Michael het geskryf:**

Pa, dit was vandag stil op Dankseggingsdag omdat jy nie hier rond was nie. Ek het ’n leegheid in my gevoel en ek weet dat al die ander dieselfde gevoel het. Dit is nou reeds 4 maande, maar dit voel baie langer.

**Pappa se Prinses het geskryf:**

Hallo Pappa! Ek hoop jy is trots op my! Ek is regtig gelukkig en dinge gaan goed in my lewe. My werk is ’n bietjie oorweldigend, maar ek skat dis waarvoor ek opgeteken het. Ek dink ek doen al die regte dinge en ek hoop dat jy dit goedkeur. Verlang na jou. Ek is altyd lief vir jou, Prinses

**Anoniem:**

Ek mis jou so baie, Papasan. Ek wil met jou gesels, jou stem hoor en jou vertel hoe dit met die kinders gaan. Dit is nog maar 6 weke, maar partydae voel dit na ’n ewigheid… Hoekom kon die dokters nie meer gedoen het nie, waarom het ek nie elke dag vir jou gesê dat ek lief is vir jou nie? Iemand help my in hierdie tyd van nood!!!!!!!!!

Die verbreking van die vader-kind-verhouding onthul vir baie die werklike trauma wat ’n mens ervaar wanneer hul vader sterf. Die belangrikheid daarvan om te weet dat ’n vader die kind goedkeur en die begeerte om ’n vader te vertel wat in hul lewe gebeur en hoe hulle voel, word telkens weer openbaar.

Hierdie lewenservaring word in die Skrif uitgedruk deur die volgende Skrifgedeelte:

> **Spreuke 17:6** Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer (*glory*).

Die sleutelwoord rakende kinders en hul vaders is die woord *eer* of *heerlikheid* of *roem* (Engels: *glory*). Kom ons kyk noukeuriger na hoe die Bybel hierdie woorde op ander plekke gebruik om die betekenis daarvan te verstaan.

> **Jeremia 9:23-24** So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem (*glory*) op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem (*glory*) op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem (*glory*) op sy rykdom nie;
> **24** maar laat hy wat wil roem (*glory*), hom hierop beroem (*glory*) dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

Die woord roem (*glory*) dui op skoonheid, prag en juwele. Dit kan ook iets om op trots te wees aandui. In 'n direkte sin simboliseer die woord waarde.

Ons sou die bogenoemde gedeelte maklik soos volg kon lees: "Laat die wyse nie *waardevol voel* as gevolg van sy wysheid nie, laat die sterke nie *waardevol voel* as gevolg van sy sterkte nie, en laat die ryke nie *waardevol voel* as gevolg van sy rykdom nie; maar laat hy wat *waardevol voel*, *waardevol voel* omdat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen, want in dié dinge het Ek 'n behae," spreek die HERE.

Hier is die wysheid van Spreuke 17:6; die waarde van 'n kind is opgesluit in die hart van hul vader. Hoekom is dit? Die vader verteenwoordig die lewensbron en vestig die allerbelangrike Bybelse beginsel van waarde deur verhoudings met die oorsprong. Die aardse vader is 'n beeld en simbool van die hemelse Vader.

Indien ons oorweging skenk dat alle liefde en lewe van God afkomstig is, behoort dit nie te moeilik te wees om in te sien dat ons aardse vaders kanale van seën is om die liefde van God in ons harte uit te stort nie; om 'n gevoel van betekenis en doel in ons lewens te ontwikkel. Dit is die primêre doel van 'n vader, om nie net fisiese lewe oor te dra aan ons nie, maar ook om die emosionele en geestelike lewe deur te gee, deur bloot daar te wees vir sy kinders en hulle gereeld te herinner hoe belangrik hulle vir hom is.

## B. My Geliefde Seun

God het hierdie fundamentele beginsel van 'n lewensbron buite jouself gedemonstreer deur die gebeure wat plaasgevind het tydens die doop van Jesus toe Hy hier op aarde was.

> **Matthéüs 3:16-17** En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. **17** En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Die konteks van hierdie gebeurtenis is baie belangrik. Jesus is op die punt om Sy lewenstaak as die Messias te begin. Hy sou groot teenkanting teëkom, baie vyande maak, baie negatiewe terugvoer oor Homself en Sy werk ontvang en uiteindelik getreiter en bespot word terwyl Hy aan 'n kruis sterf; Hy sou min bewyse sien dat Sy werk veel betekenis gedra het. Verderaan sou Jesus, direk ná Sy doop, van aangesig tot aangesig kom met die groot aanklaer en bedrieër, Satan, wat Jesus sou probeer verwar oor Wie Hy werklik is. Hy het probeer om Jesus *waardevol* te laat *voel* deur Sy wysheid en mag, deur klippe in brood te verander en deur wonderwerke om Sy identiteit te bewys. In die lig hiervan het die Vader gekom met 'n herinnering aan die waarde van Christus en waar dit vandaan gekom het:

"Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

Hierdie stelling, en hierdie stelling alleen, was die grondslag van Christus se vermoë om sulke groot teenkanting en haat die hoof te bied. Sy gevoel van waarde was nie gebaseer op Homself en wat Hy besit het en ook nie wat Hy kon bereik nie. Dit was slegs gebaseer op die verhouding met die Een wat lewe aan Hom gegee het. Let noukeurig op die volgende:

> Matthéüs 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Dit is die grondslag van die Bybelse koninkryk; waarde kom van die een wat jou die lewe gee. Dit beteken dat die lewe (fisiese lewe) en waarde (emosionele en geestelike lewe) nie afhanklik is van wat ons inherent besit nie, maar van die lewensbron met wie ons in 'n intieme verhouding verkeer.

Die ervaring van Jesus tydens die doop beklemtoon die kritieke rol van die kanaal van seën wat oopstaan vir diegene wat 'n intieme verhouding het met die lewensbron van die heelal, wat ons hemelse Vader genoem word.

## C. Die Seën

In die vorige hoofstuk het ons ontdek dat die man-vrouverhouding 'n beeld is van die Vader-Seunverhouding. Hierdie beeld sluit die allerbelangrikste proses van seën in. Die Bybelse beginsel van hoofskap is in werklikheid die deur tot hierdie seëning. Let op na hierdie belangrike Bybelgedeelte:

> **1 Korinthiërs 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Hier sien ons 'n kanaal van seën vanaf die Vader na die Seun, wat na die man en na die vrou oorgaan.[12] Net soos die Seun van God die seën van Sy Vader benodig , so benodig die vrou ook die seën van haar man. Ons sal hierdie punt in meer besonderhede bespreek, maar sal hier volstaan deur te sê: ek het nog nie 'n vrou ontmoet wat in 'n noue verhouding met haar man staan, wat nie aangemoedig en versterk word deur sy sagtheid en sy waardering vir haar nie. Ek het met baie dames gepraat en gevra hoe belangrik dit vir hulle is om deur hul mans bevestig en aangemoedig te word. Ek het nog nie een ontmoet wat dit nie begeer en waardeer het nie.

Die vloei van seën is ook belangrik om aan kinders deur te gee. Soos ons vroeër genoem het is die eer van kinders in die vader. Dit is vir kinders krities belangrik om te weet dat hul vader hulle liefhet en dat hy ingenome is met hulle.

Ek het eendag oor hierdie konsep nagedink en gewonder hoe ek my oudste seun kan seën. Ek het gesoek na die regte geleentheid om hom te vertel hoe spesiaal hy vir my is. Hy was op daardie stadium sewe jaar oud. Ons het oor alledaagse dinge gesels toe die gesprek die geleentheid gegee het om aan hom te sê hoe lief ek vir hom is. My woorde was, "Seun, jy is baie spesiaal vir my." "Ek is regtig trots op jou." My seun het gestraal van vreugde. Daar was iets wat lewe gee in wat ek met my seun

---

[12] Die kanaal van seën van hoofskap maak slegs sin in 'n lewensbronmodel waar lewe vanuit een bron vloei. Die invloede van ander lewensbronmodelle laat hierdie teks soos oorheersing en beheer klink. Ons sal dit in latere hoofstukke verder bespreek.

gedeel het. Dit het ons verhouding versterk en ons nader aan mekaar getrek. Dit het my ook toegelaat om namens ons Vader in die hemel op te tree en die woorde te spreek wat Hy met my seun en elke kind wil spreek. Dit is ’n wonderlike voorreg om te seën. Hierdie beginsel kan ook uitgebrei word (hoewel nie so kragtig soos ’n vader van geboorte nie) na grootouers, familielede, onderwysers en leraars. ’n Persoon met gesag en van goeie naam, iemand waarna ons opkyk, kan seën bring.

Een middag by die kerk het ek al die kinders uitgenooi om vorentoe te kom vir ’n spesiale gebed. Met elke kind het ek my hand op hul skouer geplaas en hul naam gesê, met iets soos die volgende: “Hemelse Vader, dankie vir Stefan, U is die een wat hom gemaak het en daarom is hy spesiaal. Ons wil hê hy moet weet dat ons as kerk lief is vir hom en vir hom sal bid en ons weet dat U hom sal seën met gawes en talente om ’n sterk man van God en ’n belangrike deel van ons gemeenskap te wees.” Ek het dit gedoen met al die kinders, een vir een, voor die hele kerk – omdat hulle dit werd was.

Die volgende dag het een van die moeders my geskakel. Sy het gesê, “Leraar, my dogter het vanoggend na my gekom en gesê, ‘Mammie, ek is spesiaal.’ Toe ek vra ‘hoekom is dit so, skat’ antwoord sy, ‘want die leraar het so gesê.’ ” Wat ’n eer om daardie saad te plant in daardie jong dame, ’n kind van God. Dit is so wonderlik om die saadjies van emosionele en geestelike lewe in diegene onder jou sorg en invloed te plant.

Dit is hoe Jesus hier op aarde gewerk het. Gevul met ’n gevoel van seën van die Vader kon Hy ander seën onder Sy invloed .

> **Markus 10:13-16** En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. **14** Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. **15** Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. **16** En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Die dissipels het nie die betekenis daarvan verstaan om die kinders te neem en hulle te seën nie. Hulle was onder die invloed van ’n ander lewensbronmodel, soos ons later sal bespreek. Maar Jesus het die kinders in Sy arms geneem en hulle geseën. Wat ’n pragtige prentjie van die liefde van God. Jesus wys ons hoe God is en demonstreer dit deur die kinders in Sy arms te neem en aan hulle emosionele en

geestelike lewe te gee. Daarmee gee Hy aan hulle ’n sterker sin van doel en betekenis.

Die krag van die seën kan nie onderskat word nie. Ons het ’n kragtige verhaal in die Bybel oor hoe belangrik die seën van die Vader is (of was) in vroeër tye.

> **Génesis 27:38** Daarop het Esau aan sy vader gevra: Het u net een seën, my vader? Seën my ook, my vader! En Esau het sy stem verhef en geween.

U kan die konteks van hierdie verhaal in Génesis 27 lees. Die punt wat ons moet insien is dat Esau verlang het om die seënwoorde van sy vader te hoor. Dit was vir hom so belangrik dat hy gehuil het nadat hy dit verbeur het.

Die feit is dat die ontvangs en koestering van seën, binne ’n Bybelse lewensbronraamwerk, die belangrikste aspek van ’n gemeenskap is. Dit is die sleutel tot die bou van ’n sterk skatkis van gesinsherinneringe en ’n gevoel van aanvaarding.

In die volgende twee hoofstukke sal ons kyk na watter faktore in plek moet wees om hierdie seën doeltreffend te laat vloei en beskermingsmaatreëls wat getref is om hierdie kanaal van seën te beveilig.

Hoofstuk 6

# Ontwikkeling van die Lewensbron – Beginsels van Saad en Koestering

## A. Die Allerbelangrike Vroulike Rol van Koesterende Onderdanigheid

Ons het teen ’n geweldige pas op die snelweg gejaag. My vrou, Lorelle, se kontraksies het ontwikkel tot ’n redelike gereelde patroon. Ons wou nie onverhoeds betrap word nie, dus het ons hospitaal toe gejaag. Dit was alles baie nuut en opwindend; ons sou binnekort ons eersteling hê. Ons is blitsvinnig op na die kraamafdeling. Die verpleegster het ons een kyk gegee en gesê: “Jy lyk heeltemal te gemaklik; jy moet gaan stap.” Wel, dit het die wind uit ons seile geslaan. Vyf-en-veertig minute later was ons weer terug. Nou het Lorelle nie meer geglimlag nie. Dertig minute later was ons reg in die middel van die kraamproses (“in labour”). Ja, daar is geen ander manier om dit te beskryf nie: werk, harde werk. Ons het probeer om al die tegnieke van die voorgeboorteklasse te onthou, maar dit was moeilik om gefokus te bly. Daardie kontraksies is soos ’n goederetrein wat mens reg van voor tref. Sodra jy klaar is met die een, is die volgende een daar. Uiteindelik, na 11 ure, het ons ons eersgebore seun, Michael, vasgehou.

Ek is innig dankbaar vir my twee seuns (ja, ons het weer deur die hele proses gegaan!) wat my vrou aan my gegee het en natuurlik sou ek dit nie sonder haar kon doen nie. Volgens die beeld van die goddelike model, is die oorsprong van lewe van my aan my vrou oorgedra, wie die saad dan gekoester het en dit tot ’n pragtige kind ontwikkel het. Natuurlik, wanneer ek sê dat sy dit gedoen het, bedoel ek dat God haar toegerus het om my saad te koester tot ’n menslike lewe.

In die wysheid van God ontdek ons die sleutel tot die ontwikkeling van ’n hamonieuse gesin, gemeenskap en nasie binne die Génesisproses van menslike lewe. Die fisiese proses van menslike skepping openbaar ’n diep geestelike waarheid met betrekking tot ons begrip van lewensbron, verhoudings en waarde.

Die bron van die lewensproses begin by die vader, maar die koestering en ontwikkeling van die lewe vind binne die moeder plaas. Hierdie fisiese proses weerspieël die geestelike werklikheid van die eer van kinders. Die saad van ’n kind se waarde hou direk verband met hul vader, maar daardie saad kan slegs gekweek en

ontwikkel word deur die voorbeeld van onderhanigheid van die vrou aan haar man, saam met haar liefdevolle sorg vir haar kinders.

Ons moet op hierdie punt effens afwyk om ’n vraag aan te spreek wat later meer breedvoerig gedek sal word, maar wat tog hier gedeeltelik aangespreek moet word. Baie mense sal sê dat die lewe van ’n kind ewe veel van vader en moeder afkomstig is (onthou die begrip ‘gelykheid’ – ons sal binnekort daarby kom). Dit is hier waar die Bybelse verhaal oor die oorsprong van die mensdom baie belangrik is. Hier is die volgorde van gebeure:

| | |
|---|---|
| 1. God het Adam uit die stof gemaak en lewe in hom geblaas. | Gen 2:7 - En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ’n lewende siel geword. |
| 2. God plaas Adam in die tuin. | Gen. 2:15 - Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. |
| 3. God waarsku Adam oor die boom van kennis van goed en kwaad. | Gen. 2: 16, 17 - En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. |
| 4. God sê dat dit nie goed is dat Adam alleen is nie. | Gen. 2:18 - Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas. |
| 5. God het al die diere uit die stof van die aarde gevorm en hulle na Adam gebring om aan hulle name te gee. | Gen 2:19 - En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees. |
| 6. Adam benoem al die diere en leer in die proses dat hy alleen sonder ’n metgesel is. | Gen. 2:20 - So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie. |

| | |
|---|---|
| 7. God laat Adam slaap, neem ’n lewende rib van sy sy en omvorm dit in ’n vrou en bring haar na hom toe. | Gen. 2:21-22 - Toe het die HERE God ’n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ’n vrou en bring haar na die mens. |

Dit is uiters belangrik om hierdie volgorde van die gebeure te volg. Ons let ’n paar belangrike punte op:

1. Adam ontvang lewe direk van God.
2. Adam word ’n beroep gegee (hy word in die tuin geplaas).
3. Adam word onderrig oor sy omgewing (hy ontvang instruksies omtrent die boom van kennis van goed en kwaad).
4. Adam word in hoofskap/leierskap oor die skepping geplaas en seën die skepsels deur aan elkeen ’n naam te gee.
5. Adam besef dat daar iets ontbreek, dat hy niemand het wat sy gedagtes, vreugdes en ambisies kan waardeer nie.
6. God neem lewe (die lewende rib) vanuit Adam en vormeer Eva daaruit en bring haar dan na hom toe.
7. Dan noem hy haar vrou (mannin), wat beteken dat sy uit die man geneem is.

Eva se fisiese lewe is afkomstig van Adam, al haar DNA-materiaal kom van hom af. Waarom is hierdie feit belangrik? Dit beklemtoon die feit dat God om die een of ander rede die man as die bron (oorsprong), die beginplek gemaak het; die oorsprong van die menslike rivier wat sou uitvloei en vermeerder. Die naam vrou (mannin) beteken - uit die man geneem.

Die hele proses onthul dat God bestem het dat die man fisies sowel as geestelik as die bron erken moet word. Ons wend ons nou tot die kritieke posisie van die vrou se rol. Dit is op hierdie punt wat ons iets wat ons in hoofstuk 4 bespreek het, moet herhaal:

> “Dit is van kritieke belang om te verstaan dat die lewensproses deur die onderdanige agent moet vloei as voorbeeld vir almal wat die lewe onder hierdie proses ontvang. Indien lewe gegee is aan die heelal sonder ’n onderdanige agent, het die heelal geen belangrike voorbeeld van hoe om aan die lewensbron gekoppel te bly nie.”

Om met ’n lewensbronmodel van afhanklike verhoudings, wat vanaf een

bronpunt stroom, te werk, vereis ’n voorbeeld van hoe jy aan die lewensbron gekoppel kan bly. Die rol van die vrou speel hierdie kritieke rol en daarsonder sal die hele stelsel misluk.

Die eerbiedige onderdanigheid van ’n vrou aan haar man is wat hom die aangewese menslike bron van lewe in die gesin vestig. Ek sê aangewese, want dit is God wat eintlik die bron van alle lewe is, maar Hy het dit gekanaliseer deur die posisie van die man en vader. Eerstens deur hom fisiese saad te gee om fisiese lewe te inisieer en ook geestelike saad, wat weerspieël word in die seën en die sin van waarde dat die Bybel “die eer vir die kinders” of “sieraad” noem. (Spreuke 17:6).

Dit is egter slegs die vrou wat aan haar kinders kan demonstreer hoe hulle met hierdie lewensbron kan konnekteer. Haar eerbied en onderdanigheid is die weg van die lewe; dit wys haar kinders op ’n kragtige manier hoe hulle met betrekking tot hul vader moet staan en dat hulle na hom moet opsien vir seën en beskerming.

Aangesien die vrou die mees kritieke rol speel in die opbou van hierdie stelsel, sal ’n wyse man haar toevou in waardering en lofprysing en elke moontlike geleentheid soek om haar te seën en haar lewe vreugdevol te maak. So maak hy haar onderdanigheid aan hom ’n vreugde en iets om na te streef. Soos ons later sal sien, sal versuiming om dit te doen sy hele koninkryk vernietig, want slegs ’n man se vrou kan sy gesag vestig. Ongeag alles wat hy het om te gee, is hy niks en het hy niks sonder sy vrou se onderdanigheid.

## B. Die Definisie van Gelykheid

Ek het onlangs op hierdie nuusberig afgekom en het gedink dis ’n uitstekende demonstrasie van die kwessie van manlike en vroulike gelykheid:

> **Is vroue slimmer as mans? Universiteit-inskrywings se tendense suggereer dit.**
>
> Die aantal baccalaureusgrade toegeken aan vroue het gestyg tussen 1975 en 2001 met 70% - vergeleke met 5% toename vir mans. In 16 lande regoor die wêreld is daar meer vrouens as mans onder gradiati, terwyl die mans net in ses geïndustrialiseerde lande die vroue uitstof.[13]

Dit neem nie veel om te besef dat daar ’n voortdurende stryd op hierdie planeet is tussen die geslagte. Orals gaan stemme op wat ’n vergelyking tref tussen manne en

[13] www.MTV.com

vroue se vermoëns. Dié wat in ’n gesprek wil lewe blaas hoef net te noem dat die een geslag moontlik beter as die ander is. Ons sal na enkele van die redes kyk waarom hierdie stryd steeds woed in die hoofstuk oor die oorsprong van inherente lewensbronmodelle, maar op die stadium wil ek aandag gee aan die eerste manlike en vroulike verhouding wat in die Bybel beskryf word en kyk wat dit ons van gelykheid vertel.

Toe ons in die laaste afdeling na Génesis 2 gekyk het, het ons na die volgende vers gekyk:

> **Génesis 2:20** So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.

Terwyl Adam al die diere benoem het, het hy opgelet dat elke mannetjie ’n wyfie het. Dit blyk uit die feit dat God die diere in Génesis 1:22 geseën het en gesê het dat hulle vrugbaar moet wees en vermeerder.

Ons merk op dat Adam klaarblyklik niks kortgekom het met betrekking tot sy beroep as tuinier nie; hy het niks kortgekom in sy posisie as hoof van die aardse skepping nie. Hy het geen probleem gehad om al die diere te benoem nie, wat wys dat hy ‘n grootliks uitgebreide verstand moes gehad het. Hy was ook in gemeenskap met God en het onderrig ontvang oor sy omgewing en wat van hom verwag is. In al hierdie dinge was Adam betrokke voordat Eva geskape is. Wat sy posisie, sy intellek, sy roeping en sy verhouding met die aanbidding van God betref het hy niks ontbreek nie. Wat hy wel kortgekom het, was iemand met wie hy in ’n verhouding kon staan en hom in sy eie omgewing kon verstaan. Die Bybel praat van iemand wat met hom gelyk staan. Wat hy ontbreek het, was kameraadskap. Sy gebrek was op ’n verhoudingsvlak.

Die skepping van Eva om aan hierdie verhoudingsbehoefte te voldoen definieer die aard van hulle gelykheid en gelykheid in die algemeen. Adam kon waarskynlik op ’n veel dieper vlak as ons vandag met die diere kommunikeer, maar daardie kommunikasie het steeds nie sy leemte gevul nie, omdat geeneen van die diere hom regtig kon verstaan en insien hoe hy oor dinge gedink het nie. Die wonderlike ding van Eva was haar vermoë om Adam op verhoudingsvlak te verstaan. Om sy vreugdes en opwinding te waardeer, om die probleme wat hy in die gesig gestaar het te begryp en hom te ondersteun in sy besluite.

Die skepping van Eva bepaal die aard van menslike gelykheid. Dit maak dit duidelik dat gelykheid binne ’n verhouding is en dat dít die gelykheid is waarna die

mensdom moet streef. Wanneer ons Adam en Eva vergelyk op grond van wat hulle inherent besit, soos ons sou doen indien ons een van die ander lewensbronmodelle sou aanneem, word mans en vroue gedwing tot die stryd van vergelyking met die teenoorgestelde geslag. Ons begin kyk wie eerste gemaak is, wie sterker is, wie mooier is, wie die perfekte ontwerp het. Deur so te dink vernietig ons die oorspronklike bedoeling van die skepping van Eva.

Toe Adam geskape is het hy ’n erfenis van sy hemelse Vader ontvang. Hy het uitgebreide vaste eiendom besit saam met ’n pragtige huis, ’n uitstekende werk en loopbaanvooruitsigte. Hy was baie intellegent, baie sterk en natuurlik uiters aantreklik. Toe Eva geskape is, het sy al hierdie dinge geërf toe sy sy vrou geword het en sy naam aangeneem het.

> **Génesis 5:2** Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is.

> **Génesis 5:2** Male and female created he them; and blessed them, and called their name Adam, in the day when they were created. [King James Version]

Dit sê in die King James Bybel dat hulle naam Adam was. Eva het sy naam aangeneem en al die rykdom en bates en dinge wat Adam besit het, geërf *deur die verhouding*. Sy het dit nie verdien nie, sy het nie bewys dat sy deur haar eie vermoëns waardig is om met Adam gelyk te wees nie – alles wat sy gehad het, het van Adam gekom. Dit is heeltemal sinneloos om op hierdie manier te dink. Deur onsself te laat sien dat Eva vanuit Adam voortgekom het en alles gegee word wat hy besit en dat sy die vermoë besit om Adam te kan waardeer en verstaan, vind ons die ware basis van hoe om verhoudings te hanteer en hoe om hulle as gelyk te beskou.

> **Gelykheid in verhoudings gaan nie oor mag, beheer of bates nie; dit gaan oor die vermoë om iemand te verstaan en te ken. Die beskouing van vroulike identiteit op hierdie manier is die enigste manier waarop ons gelykheid binne verhoudings kan definieer. Die vrou is die sleutel tot ’n verhoudingsgebaseerde koninkryk.**

Daarom is die erkenning van hierdie manlike saad/hoofskap se identiteit en ’n vroulike koesterende/onderdanige identiteit, wat die beeld van die hemelse Vader en Seun weerspieël, die belangrike sleutel om ’n skat van gesinsherinneringe op ’n sterk en harmonieuse verhoudingstelsel te bou.

Hoofstuk 7

# Die Oorsprong van Modelle van Inherente Lewensbronne

## A. Die Boom van Kennis

In hoofstuk 2 het ons drie verskillende lewensbronmodelle ondersoek wat toon dat die meeste mense in die wêreld ’n variasie van een of ander inherente lewensbronmodel aanvaar het. Ter opsomming wys ons weer die drie modelle:

| Model 1 | Model 2 | Model 3 |
|---|---|---|
| Die mens het ’n inherente lewensbron (die goddelike) wat in homself ontstaan. | Die mens ontvang ’n lewensbron deur God (die goddelike) wat hy in homself besit. | Die mens ontvang lewe van buite homself, deur ’n verhouding met God (die goddelike). |
| **DIE MENS IS GODDELLIK** | **DIE MENS IS ONSTERFLIK** | **DIE MENS IS STERFLIK** |

In hierdie hoofstuk ondersoek ons die oorspronge van onafhanklike lewensbronmodelle vanuit ’n Bybelse perspektief. Jy sal onthou dat ons in hoofstuk 3 Model 3 geïdentifiseer het as weerspieëling van wat die Bybel leer en ook die model wat die gunstigste is om ’n sterk verhoudingstelsel te bou, want slegs in hierdie model is verhoudings uiters noodsaaklik. Elke mens is totaal afhanklik van een lewensbron wat slegs deur ’n verhouding verkry kan word. Kom ons kyk nou na die verhaal in die Bybel waar die oorsprong van die inherente lewensbronmodelle beskryf word. Jy sal onthou vanuit die vorige hoofstuk dat God vir Adam gesê het om nie van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad te eet nie.

> **Génesis 2:16-17** En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, **17** maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

Ons kan dalk die vraag vra, waarom het God toegelaat dat so ’n boom in ’n pragtige en perfekte tuin geplaas is? Waarom het God toegelaat dat ’n simbool van dood bestaan en binne die bereik van Adam en Eva kon wees? Onthou dat God liefde is (1 Joh. 4:7, 8). Die enigste manier vir liefde om te bestaan is om geleentheid te bied om teen God te kies. Indien Adam en Eva geen geleentheid gehad het om teen God te kies nie, sou hulle nie werklik liefde kon ervaar nie. Liefde is ’n aktiewe wilsbesluit om lojaal en getrou te wees aan die een wat beweer dat hy ons liefhet. Die Boom van Kennis was ’n simbool van hierdie wilsbesluit.

In gehoorsaamheid aan die opdrag “van die boom van die kennis van goed en kwaad… mag jy nie eet nie” voer Adam en Eva hul gewillige onderdanigheid uit aan die lewe wat voortvloei vanuit die troon van God (Open. 22:1); hulle het hul verhouding met Hom gehandhaaf. Die keuse om van die boom te eet was die keuse om nie langer aan God onderdanig te wees nie en die verhouding te verbreek. Deur die verbreking van die verhouding sou die lewe ophou vloei na hulle en hulle sou sterf – ophou bestaan. Die hele proses was redelik eenvoudig.

## B. Die Slang se oorsprong

As ons omblaai van Génesis hoofstuk 2 na hoofstuk 3, vind ons ’n reeks tragiese gebeure wat die wêreld in sonde en dood dompel.

> **Génesis 3:1-6** Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? **2** En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, **3** maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. **4** Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; **5** maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. **6** Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ’n lus was vir die oë, ja, ’n boom wat ’n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

Die verhaal vertel van ’n slang wat blykbaar die gawe van spraak gehad het. Tweedens vind ons dat Eva alleen voor die verbode boom staan. Dit sou goed wees om ’n bietjie meer informasie te kon hê oor hoe hierdie twee dinge plaasgevind het, maar die Bybel vertel ons niks verder nie. Wie is hierdie slang? Die Bybel sê dit duidelik in Openbaring:

> Openbaring 12:9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Die ou slang wat genoem word duiwel, is Satan en hy is ’n bedrieër. Satan slaag dus op een of ander manier daarin om voor te gee dat hy ’n slang is en praat met Eva. ’n Ander vraag wat ons moet vra is waar het Satan vandaan gekom? Indien God alle dinge geskape het, het God Satan dan geskape? Hierdie is belangrike vrae wat beantwoord moet word indien ons wil weet waar die oorspronge van die inherente lewensbronmodelle vandaan kom.

> **Eségiël 28:14, 15, 17** Jy was ’n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ’n heilige berg; ’n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. **15** Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is… **17** Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.

> **Jesaja 14:12 - 14** Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! **13** En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. **14** Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Satan, voorheen Lucifer genoem, was die gesalfde engel (gérub) wat op die heilige Berg van God gestaan het. Hy was die mees senior engel in die hemel. Hy het langs God in die hemel gestaan. Die Bybel sê, “Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is.” Dus het God Lucifer perfek geskape. Dan staan daar ook dat ongeregtigheid en sonde/boosheid in hom gevind is. Wat was hierdie ongeregtigheid wat in Lucifer gevind was?

Ons word vertel dat Lucifer se hart hoogmoedig geword het vanweë sy skoonheid en prag. Dit is belangrik om te onthou dat in God se Koninkryk slegs Hy die mag het om lewe te skenk; elke ander intellegente wese kan slegs hierdie lewe hê deur ’n onderdanige verhouding met God. Lucifer het ’n duidelike voorbeeld in die Seun van God gehad van hoe ons in verhouding met God moet staan. Die Seun van God het nooit geroem in Sy vermoëns, heerlikheid en prag nie, Hy het onvoorwaardelik op Sy Vader vertrou en gerus in Sy liefde en seën en Sy opdragte getrou uitgevoer.

> **Johannes 5:30** … omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

> **Johannes 8:29** En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

> **Matthéüs 26:39** En Hy het ’n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

## C. Die Verwerping van Wysheid

Maar Lucifer het sy wysheid versmaai ter wille van sy prag. Die waarheid is dat die rol van die Seun van God as ’n goddelike onderdanige agent die ware wysheid van God is. Die Bybel sê dit selfs vir ons:

> **1 Korinthiërs 1:24** …Christus, die krag van God en die wysheid van God.

Die krag van God kom na ons deur die voorbeeld van die Seun van God na te volg en dit is wysheid. Spreuke stel dit so:

> **Spreuke 9:10** Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.

Vrees beteken om onderdanig te wees, om te respekteer, om ernstig op te neem. ’n Ware kennis van Christus se onderdanigheid aan die Vader is ware insig en bring lewe. Deur sy weiering om die voorbeeld van die Seun van God na te volg het Lucifer die wysheid van God verwerp; deur hom van Christus af weg te draai het hy homself afgesny van die enigste manier om te weet hoe om aan die lewensbron te koppel. In hierdie konteks is Christus die ware Boom van die Lewe, waarvan die boom wat in Eden geplant is ‘n kanaal was. Maar Lucifer wou nie die goddelike

voorbeeld van die Seun van God navolg nie; hy het verkies om te eet van die "Boom van Kennis van Goed en Kwaad." Hy wou dieselfde rol as die Vader hê. Die Vader het Hom aan niemand onderwerp nie, Hy was onder niemand se gesag nie, Hy was in volle beheer en dit was wat Lucifer wou gehad het. Hierdie ambisie was godslasterlik en sou die heelal inderdaad blootstel aan die kennis van kwaad.

In sy begeerte om soos God te wees het hy uit die oog verloor dat alles wat hy gehad het, van God af kom. Hy het ook vergeet dat, deur sy volstrekte weiering om onderdanig te wees aan sy lewensbron, hy sy eie bron van waarde verwerp het. Soos ons in hoofstuk 4 gesê het: "Vir kinders is hulle vader 'n eer" of 'n "sieraad" (Afrikaans Bybelvertaling, 1953 en 1983). Die Vader het Lucifer deur Christus geskape en daarom was hy 'n seun van God deur sy skepping. Lucifer het hierdie belangrike beginsel vergeet:

> **Jeremia 9:23-24** So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; **24** maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

Lucifer het gepoog om eer in sy prag te vind eerder as om God te ken en onder Sy seën te wees. Deur die verwerping van Christus en Sy voorbeeld, het Lucifer vergeet dat alle dinge uiteindelik van die Vader kom. Hy het begin glo dat die dinge wat hy besit, van homself afkomstig is. Hier is die saad van die kennis van die kwaad.

## D. Hoekom was Satan Toegelaat om te Lewe?

Een vraag wat gevra moet word, is: Indien alle lewe van God kom en Lucifer die weg na die lewe verwerp het, waarom het hy nie gesterf nie? Waarom het hy nie onmiddellik opgehou bestaan nie? Eerstens, Lucifer was een van God se geskape seuns omdat hy deur God geskape is. God was lankmoedig teenoor hom terwyl hy geworstel het daarmee of hy God se gesag ten volle moet verwerp of nie. Die Bybel leer:

> **2 Petrus 3:9** Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Tweedens, indien Lucifer skielik gesterf het sonder dat sy idees toegelaat is om ten volle te ontwikkeling, kon daar twyfel in die harte van die ander engele bly of Lucifer reg was. Lucifer het God se regeringstelsel uitgedaag; hy het Sy wet uitgedaag en 'n vraagteken gehang oor waarom hulle die Seun van God benodig as 'n gesag oor die engele. Lucifer het gereken dat hulle intelligent genoeg was om hulself te lei sonder dat hulle die voorbeeld van die goddelike onderdanige agent benodig het om hulle te lei. Ons sien bewyse van hierdie ondermyning van die rol van God se Seun in die volgende Skrifgedeeltes:

> **Johannes 5:23** sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.
>
> **Filipense 2:5 - 6** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. **6** Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie.
>
> **1 Johannes 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.
>
> **1 Johannes 2:23 (NLV)** Elkeen wat nie die Seun erken nie, het ook nie deel aan die Vader nie. Elkeen wat die Seun egter erken, het ook deel aan die Vader.

Soos reeds genoem is, wou Lucifer nie die gesag van God se Seun aanvaar nie. Hy wou Christus nie eer soos wat Hy die Vader geëer het nie en hy het geweier om Christus as sy gelyke te ag. Gedurende hierdie tyd wat Lucifer met vrae geworstel het in sy eie gemoed, het hy 'n derde van die engele oortuig dat hy reg was en dat hy 'n beter idee het waarmee hy die heelal kon regeer.

> **Openbaring 12:3 - 4** En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; **4** en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

Ons word hier vertel dat die draak (of slang) 'n derde van die sterre van die hemel meegesleep het. Sterre is 'n uitdrukking van die kinders van God, en die sterre was van die hemel, wat dui op die engele.

> **Job 38:7** Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?

Lucifer moes tyd gegun word om sy idees te ontwikkel sodat die heelal kon bepaal watter stelsel die beste is. Dit was die enigste manier vir intellegente wesens om die voorstelle wat Lucifer gemaak het te hanteer. Baie kere wens ons dat ons net kan aanvaar wat God sê en dit daarby laat, maar, soos ons almal weet, moet ons in feitlik elke geval die waarheid of die valsheid van dinge leer.

Dus het God toegelaat dat Lucifer sy idees ontwikkel tot op die punt waar Lucifer voel dat hy die heelal kan beheer. Sy bedoeling was om die Seun van God te vernietig, want Hy was die enigste ware voorbeeld van goddelike onderdanigheid aan die lewensbron van die Vader. Indien hy Christus uit die weg kon ruim sou hy die gesagsbasis van die Vader verwyder en die hele stelsel in duie laat stort. Hoe weet ons dat Lucifer, nou Satan, Christus wou vernietig? Toe Jesus met die Fariseërs gepraat het, het Hy hierdie onthullende verklaring gemaak:

> **Johannes 8:44** Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

Satan het van die begin af gedagtes van moord op Christus gekoester. Die Fariseërs se wens om Jesus om die lewe te bring was bloot 'n manifestasie van wat Satan deurgaans wou doen. Heel in die begin het nie een van die engele regtig geweet wat in Lucifer se hart omgegaan het nie, maar toe God Sy Seun toelaat om na die aarde te kom en te sterf, is die begeertes van Satan volledig oopgevlek. Toe het die oorlog begin.

> **Openbaring 12:7** En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer.

Die naam Mígael beteken "Die een wat soos God is." Dit is 'n ander naam vir die Seun van God.[14] Soos ons vroeër in Fil. 2:6 opgemerk het, "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie."

Omdat Satan die vraagstuk oorbeklemtoon het en beheer wou neem, kon hy nie meer tuis voel in die hemel nie.

> **Openbaring 12:8** en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.

In daardie oorlog moes elke engel besluit aan watter kant hy hom skaar. Ons het reeds genoem dat een derde Satan gevolg het. Hy moes baie oortuigend gewees het om soveel engele saam met hom te neem.

## E. Die Skepping van die Mensdom Bied Antwoorde aan die Engele

Terwyl dit alles plaasgevind het, het God voortgegaan met Sy plan om die aarde te skape. Satan het vrae gevra oor die posisie van God se Seun en daarom het God 'n unieke en baie spesiale skepping ontwerp wat sou help om die verhouding tussen Homself en Sy Seun te verduidelik. Nadat Hy die hele omgewing, visse, voëllewe en diere geskape het, het God aan Sy Seun gesê:

> **Génesis 1:26** En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Die verhouding tussen man en vrou was 'n beeld van die Vader-Seun-verhouding en sou help om die vrae te beantwoord wat Satan gestel het. Paulus stel dit duidelik wanneer hy sê:

---

[14] Daar is verskeie teksverse wat aandui dat Mígael Christus is. 1 Tess. 4:16 sê dat die Here self sal neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel. Die Here se geroep is die stem van die aartsengel. In Dan. 10:21 word na Mígael verwys as die Prins van Daniël. Die enigste prins wat ons as mense het, is Christus. Verderaan, die woord "engel" beteken boodskapper, en Christus is inderdaad die opperste boodskapper van die Vader. Daarom is die woord engel nie beperk tot geskape wesens nie.

> **Romeine 1:19 - 20** omdat wat van God geken kan word, in hulle [die mensdom] openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. **20** Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;

Paulus stel dit duidelik dat die eienskappe van die Godheid gesien kan word in die skepping; die plek waar dit die duidelikste voorkom is waar God sê, "Laat Ons mense maak na Ons beeld." Soos ons vroeër gesê het, is Eva ons belangrikste aardse voorbeeld van onderdanigheid aan 'n aangewese lewensbron. Haar rol is 'n belangrike uitdrukking van wat die Seun van God vir die Vader is. Dit was ook 'n belangrike les vir die engele in die hemel.

> **1 Korinthiërs 11:7 - 9** Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van God is; maar die vrou is die heerlikheid van die man**. 8** Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. **9** Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. **10** Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof hê ***ter wille van die engele***.

Die onderdanige rol van Eva aan haar man was 'n lewensbelangrike bewysstuk in die oorlog teen Satan en sy koninkryksbeginsels. Solank as Adam en veral Eva bestaan het sou sy 'n voortdurende herinnering aan die heelal wees van die beginsel van onderdanigheid aan die lewensbron. Satan moes op een of ander manier by haar uitkom.

Dit wil voorkom asof God Satan toegelaat het om aarde toe te kom, maar dat hy slegs toegang tot Adam en Eva kon vind deur die Boom van Kennis van Goed en Kwaad. Deur dit toe te laat kon God nie daarvan beskuldig word dat Hy die geleentheid van Adam en Eva weerhou het om te *kies* om Hom te volg nie. Dit was ook 'n bykomende geleentheid vir Adam en Eva om hul lojaliteit aan God te toon en aan Hom onderdanig te bly. Solank hulle daardie boom vermy, sou daar geen probleem wees nie.

## F. Die Mensdom Omhels die Inherente Lewensbronstelsel

Nou keer ons terug na die reeks tragiese gebeure wat 'n alternatiewe model vir ons lewensbronstelsel bekendgestel het. Ons onthou dat Satan hoogmoedig geword

het vanweë sy skoonheid en prag. Dus was hy van mening dat die lewe inherent was; dit ontstaan in jouself. Let op hoe Satan hierdie konsep aan Eva voorstel:

> **Génesis 3:1 - 5** Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? **2** En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, **3** maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. **4** Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; **5** maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

Satan beweeg direk na die kwessie van die mag om te kies – Die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad. Hy vra, "Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Dit het die verwagte reaksie gebring, dat die eet van die boom die verhouding met God sou verbreek en daarom sou die dood intree. Dit is presies wat Satan wou hê dat sy moes sê, om hom die geleentheid te gee om sy eie lewensbronmodel van inherente mag aan haar voor te stel. Hy sê: "Julle sal gewis nie sterwe nie." Hierdie stelling is die oorsprong van die inherente lewensbronstelsel. Satan stel dit duidelik dat jy nie in 'n noue verhouding met God hoef te wees om te bly leef nie. Hy bring dan sy eie slinkse voorbeeld vorendag deur van die vrugte te begin eet.

Die feit is om te glo dat jy sekerlik nie sal sterwe nie, sal beteken dat jy moet glo dat jy 'n god is. Om te glo dat jy oor jou eie lewensbron beskik is om goddelikheid op een of ander vlak te erken.

Die eet van die boom was om hierdie geloof te verseël en Eva te laat oorgaan na die nuwe koninkryk. Die nuwe geloof moes met aksie verseël word en Eva het ongelukkig daardie stap geneem. Die Bybel dui aan dat Eva mislei of bedrieg was om hierdie aksie te neem:

> **2 Korinthiërs 11:3** Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.

Eva was onbewus daarvan dat deur die vrug te eet en deur te glo dat sy 'n interne lewensbron het, sy nie net haar intieme verhouding met God afgesny het nie, maar nou die saad dra van die verwerping van haar man se hoofskap. Eva het alles wat sy was ontvang deur haar man, maar hierdie nuwe geloof via die slang sou haar

benadering tot Adam radikaal verander. In plaas daarvan om ‘n weerspieëling te wees van Christus se onderdanigheid aan Sy Vader, sou sy nou Satan se rebellie teenoor die Vader weerspieël. Satan het gevoel dat hy nou die onderdanige beginsel, wat God se koninkryk op aarde weerspieël, uitgeskakel het.

As Eva nou ’n agent kan wees om Adam te oortuig of te oorreed, sou die aangewese lewensbron besmet wees met hierdie inherente lewensbronmodel wat die rol van Christus aan die Vader verloën. Dit sou verseker dat elke afstammeling van Adam gebore sou word met daardie ingesteldheid.

Natuurlik het Adam onmiddellik die situasie ingesien en die implikasies daarvan besef. Deur die vrug te neem en dit te eet het Adam die gesag van God doelbewus verwerp en die menslike lewensvloei nou besoedel, wat sou verseker dat elke mens besmet sou wees met die Satan se geloof dat die lewe inherent is en dat ons nie van iemand afhanklik hoef te wees nie. Dit is die kern van wat Paulus bedoel wanneer hy sê:

> **Romeine 5:12** Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het…

Die menslike ras het nou sy allerbelangrike beginsels van onderdanigheid aan die lewensbron, wat van God vloei, verloor. Ons sal ‘n bietjie later ondersoek hoe God hierdie tragedie hanteer, maar in die volgende hoofstuk sal ons kyk hoe die waardestelsel verander het en hoe dit die menslike ras beïnvloed het.

# Hoofstuk 8

# Die Oorsprong en Impak van Prestasie-Gebaseerde Waardestelsels

Laat ons kortliks weergee waarna ons in hoofstukke 5 en 6 gekyk het voordat ons verder gaan. In hoofstuk 5 het ons gekyk na die feit dat ons waarde direk afkomstig is van die een wat ons lewe gee; die oorspronklike bron is ons Vader in die hemel. In hoofstuk 6 het ons gesien dat lewe deur Sy onderdanige Seun vloei, sodat die Vader se gesag altyd erken word deur die Seun wat die voorbeeld stel aan die hele heelal, hoe om aan die lewe van die Vader te verbind.

Ons het ook gesien dat hierdie hemelse model op aarde herhaal word deur die man-vrouverhouding. Die vrou se onderdanigheid bevestig die gesag van haar man, wat God se aangewese kanaal is vir die lewensbron. Haar onderdanigheid is ook die belangrike voorbeeld vir haar kinders, hoe hulle verbind kan bly met die lewenskanaal wat deur die vader vloei. Aangesien die vader die lewensbron verteenwoordig is hy ook die bron, of saad, van seën en waarde. Spreuke 17:6 beeld hierdie waarheid uit:

> **Spreuke 17:6** Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer.

Ons het na enkele voorbeelde gekyk van 'n kind se verlange na hul vader. Hier is weereens twee van die voorbeelde:

**Paul het geskryf:**

> Pa, ek mis jou elke dag en wens net dat ons weer kon gesels. Nadat ek jou verloor het, het ek begin vrae vra oor wie ek is en waarheen ek oppad is. Kan ek die Pa wees wat jy was? Jy was die beste en ek wens net dat jy langer kon lewe om my prestasies te sien om in daardie vreugde te deel. Selfs 'n jaar later vind ek dat ek die telefoon wil optel om jou te bel. Ek is lief vir jou.

**Pappa se Prinses het geskryf:**

> Hallo Pappa! Ek hoop jy is trots op my! Ek is regtig gelukkig en dinge gaan goed in my lewe. My werk is 'n bietjie oorweldigend, maar ek skat

dis waarvoor ek opgeteken het. Ek dink ek doen al die regte dinge en ek hoop dat jy dit goedkeur. Verlang na jou. Ek is altyd lief vir jou, Prinses

In die voorbeeld van Paul sien ons dat die verlies van sy vader hom laat vra wie hy is; die vader-kind-verhouding het ‘n direkte impak op ons identiteitsgevoel. Ons sien ook die begeerte van Paul dat sy vader sy prestasies moet sien, saam met Pappa se Prinses wat hoop en wens dat haar pa sy goedkeuring gee vir wat sy doen. In ‘n verhoudingstelsel beteken prestasies niks sonder die goedkeuring van ‘n vader of ‘n mentor nie. Dit is die erkenning en goedkeuring van die vader wat die prestasie waardevol maak, omdat slegs ‘n vader kan waarde gee aan iets, omdat hy die lewensbron van die kind is.

## A. Die Oorsprong van Waardeloosheid


Toe Satan sy hemelse Vader as die lewensbron verwerp het en die goddelike voorbeeld van onderdanigheid deur God se Seun verwerp het, het Satan sy begrip van verhoudingswaarde vernietig. Sy hart smag steeds na die Vader om hom te erken en sy pogings goed te keur omdat hy deur God geskape is, maar in sy hart het hy ‘n pad ingeslaan waarlangs die lewensbron by homself ontstaan. Hy sou dus sy eie waarde moet vind. Hy sal voortdurend aan homself moet bewys dat hy waardevol is. Die intensiteit om homself te bewys word verhoog deur die feit dat hy die Vader nooit weer sal hoor sê: “Dit is my geliefde seun in wie ek ’n welbehae het.”[15] So is die siklus van waardeloosheid gebore: die aanhoudende stryd om goedkeuring te verwerf van die ware lewensbron en om daarna desperaat te poog om daardie verlange met persoonlike prestasies te vul. Dit plaas mense in die posisie waar hulle aanhoudend hul bestaan moet bekragtig. Ons het ‘n kykie gekry van hierdie stryd in die lewe van WR in hoofstuk 1. Luister weer na wat hy gesê het voordat hy gesterf het:

“Help, ek is bang. Ag, ek is bang! Ek wil nie verloor nie.”
“Bang om in die klas te praat…. Moet ander beïndruk. Moet myself bewys.”
“Vrees! Daar geplaas deur jouself… Kan jy dit nie doen nie?”
“Moenie stagneer nie, beur vorentoe, verbeter.”

[15] Matteus 3:17

“Moet myself bewys. Moet ander beïndruk.” Dit is die direkte nalatenskap van die verwerping van God as die lewensbron en om te glo dat jou waarde spruit uit wat jy bereik. Opsommend is Satan die outeur van waardeloosheid. Hy is die bron daarvan en toe Adam en Eva God se verhoudingstelsel verwerp het, het hulle hierdie waardeloosheid geërf en dit toe aan die ganse mensdom oorgedra.

Satan se teenmiddel vir waardeloosheid is harde werk wat opgevolg word deur ‘n gevoel van trots op wat jy vermag het. Daarom is daar geen rus vir die goddeloses nie, soos die Bybel sê, omdat jy jouself gedurig moet druk, jouself moet bewys en dan moet uittroon en spog met jou prestasies, jou posisie, jou opvoeding of waarin jy ookal waarde vind, iets anders as ‘n direkte verhouding met jou hemelse Vader. Niemand kan die hele tyd wen nie. Niemand kan die hele tyd uitstekend presteer nie. Dus is die lewe gevul met vlugtige oomblikke van trots en genoegdoening, met lang tye van worstelende strewes en baie episodes van gevoelens van nutteloosheid. Ons mag die siklus so voorstel:




Die wêreld is vol bewyse dat dit ‘n inherente lewensbronstelsel omarm, wat waardeloosheid genereer. Elke minuut van die dag lewer 37 pogings van mense op

wat selfmoord probeer pleeg,[16] omdat hulle voel dat die dood beter is as om te leef en dat hulle daarin misluk het om hul waarde vir hulself en ander te bewys.


## B. Impak van Inherente Lewensbronmodel op Gesinsverhoudings en -struktuur

Dit is krities om te verstaan dat die woorde wat die slang met Eva in die tuin gespreek het die verhouding tussen Adam en Eva totaal verander het. In die Bybelse stelsel het Eva al die bestanddele vir lewe van Adam ontvang, wat dan deur God saamgevoeg is. Hierdie feit het Eva geplaas binne ‘n afhanklikheidsverhouding met Adam. Die tweede faktor wat oorweeg moet word, is dat, indien Adam beplan om kinders te hê en ‘n familienasie te bou, het hy iemand nodig wat hom verstaan en vir hom ‘n voorbeeld gee van onderdanigheid wat oorgedra kon word aan sy kinders. Hierdie onderdanigheid sal die kinders dan in staat stel om sy seën te ontvang en aan hulle die saad van waarde gee. Adam kon nie ‘n verhoudings-gebaseerde gesin sonder Eva bou nie.

Die woorde van die slang het Eva se gevoel van afhanklikheid van Adam verbreek. Deur die leuen te glo, "Julle sal gewis nie sterwe nie," het sy nie meer die kanaal van seën nodig wat deur hom vloei nie. Eva se identiteitsgevoel het verskuif van ‘n posisie van onderdanigheid aan Adam met verhoudingsgelykheid na ‘n posisie wat presies dieselfde is as Adam s'n. In plaas daarvan dat waarde van God af deur die kanaal vloei kom die waarde vanuit haar binneste. Enige advies wat van Adam af kom, kan gesien word as ‘n aanval op haar persoonlike oppermag en ‘n herinnering dat sy hulp nodig het, eerder as wyse raad wat tot haar voordeel aangebied word.

Ons moet onthou dat hierdie konsep van inherente lewe ‘n leuen van Satan is en dat Eva steeds emosioneel die seën en leierskap van haar man benodig. Die konflik tussen haar gedagtes en gevoelens sou verwarring veroorsaak tussen ‘n gevoel van behoefte aan Adam teenoor ‘n geloof in onafhanklikheid van hom. Dit is ‘n verwarring waarmee baie mans deesdae bekend is. Dit word tipies die "gaan weg, kom terug" sindroom genoem.

[16] *The Mind Game* – Philip Day




’n Ander impak van die leuen op die verhouding is dat Adam nou die een persoon verloor het wat die sleutelposisie dra om sy seën te ontvang. Eva sou nie meer in ’n onderdanige rol optree nie, maar sou onderhandel oor elke beslissing en sou die reg behou om elke besluit wat Adam neem te bevraagteken. Haar kinders sal hierdie voorbeeld van Eva fyn dophou en Eva sou dan met haar kinders worstel, omdat hulle onderhandeling eis oor elke besluit en die reg behou om haar te bevraagteken.


Wanneer kinders na die ouers se verhouding kyk en dit onbewustelik evalueer, leer hulle dat gelykheid bestaan in posisie en mag. Die konsepte van afhanklikheid, onderdanigheid en seën is verdraai, verwar en gedemp. Die heerlikheid en eer van kinders word ondermyn.

Nog ‘n impak op die verhouding is dat, toe Adam na sy vrou se stem geluister en die vrug geëet het op grond van haar voorstel, het sy in werklikheid die hoof van die nuwe wêreld-orde geword. Net soos Adam die sigbare hoof van God se kanaal van seën was, het Eva die hoof van Satan se nuwe koninkryk geword. Dit is opvallend dat die vroulike, in baie godsdienste en kulture, gesien word as die hoër godheid.[17] Toe Adam op Eva se voorstel reageer, het hy sy leierskapsposisie verbeur en dit aan Eva oorhandig. In hierdie nuwe stelsel, gebaseer op die sigbare vertoon van mag, eerder as die onsigbare ontvangs van seën, word die vrou in baie opsigte vir die man ‘n voorwerp van aanbidding en verering. Die sigbare eerbied kan gekoppel word aan die

[17] Vir meer informasie omtrent hierdie studie, stel ondersoek in na die kultuur van Semiramis en Isis en die aanbidding van die heilige vroulike vorm.

manlike obsessie met pornografie, die obsessie van die vroulike vorm.

Ongelukkig is Adam, net soos Eva, onder die invloed van ’n leuen en hy benodig steeds emosioneel die respek van sy vrou. Hierdie verering van sy vrou, teenoor die behoefte aan respek van haar, kan daartoe lei dat mans op enige tydstip van ‘n rustige kinderfiguur na ‘n aggresiewe, dominante, verdedigende man oorgaan.




Met die verlies aan waarde by sy hemelse Vader en die verlies aan respek van sy vrou is Adam uiters kwesbaar om baie verdedigend te wees omtrent die besluite wat hy neem. ‘n Eenvoudige nuttige voorstel van ‘n vrou aan haar man, wat die behoefte aan respek ervaar, kan ’n deur na Armageddon oopmaak. Aan die ander kant, kan ‘n man, wat die behoefte het om hom aan sy vrou se leierskap te onderwerp, sy vrou frustreerd laat, omdat hy altyd van haar verwag om die leiding te neem. Die kombinasie van negatiewe ervarings wat voortspruit vanuit hierdie verwarring wat deur die leuen veroorsaak word, word gesien in die tragedie van die menslike geskiedenis. Hierdie sogenaamde eenvoudige klein leuentjie oor die lewe in jouself het God se familie-koninkryksbeginsels verlaag. Indien dit nie was vir God se vêrsiendheid omtrent hierdie situasie nie, sou die menslike ras homself uitgewis het deur hierdie verwarring, waardeloosheid en stryd om beheer.

Soos sake nou staan, laat hierdie verwarring beide mans en vroue met ‘n gevoel van waardeloosheid, met kwesbaarheid en trots, dit laat hulle oordonderend en selfsugtig optree. Ek dink die meeste mense kan hiervan getuig. Die statistieke oor depressie en selfmoord bevestig dit.

Die kern van hierdie hoofstuk is:

1. ‘n Verandering in ‘n geloof van waar lewe vandaan kom, verander ons identiteit radikaal.
2. Hierdie verskuiwing in identiteit breek die allerbelangrike kanaal van seën wat ons waarde inhou.

3. Dit verwar ook die Godgegewe rolle van mans wat seën/saaiers en die vroue as onderdanig/versorgers.

Ons ondersoek binnekort die Bybelse uiteensetting oor hoe hierdie verwarde gesinstruktuur in die geskiedenis van die mensdom afgespeel het en watter soort gesinstrukture onder hierdie stelsel ontstaan het. Voordat ons dit doen moet ons God se reaksie op Adam en Eva, wat Satan se koninkryk binnegaan, ondersoek.

Hoofstuk 9

# Geseënde Vyandskap

## A. Die Omvang van die Probleem

In hoofstuk 7 het ons die filosofie bespreek wat Adam en Eva omhels het toe hulle van daardie boom geëet het. In die vorige hoofstuk het ons die tragiese vermenging van gevoelens bespreek wat daartoe gelei het dat Satan die konsep ontwikkel het dat ons sonder God kan leef en ‘n eie identiteit vorm volgens wat ons bereik. Kort nadat hulle die vrugte geëet het, het ‘n wolk van waardeloosheid en skuldgevoelens hul gedagtes stadig omvou en dit het die lieflike, gelukkige en vreugdevolle verhouding tussen God en mens beëindig. Die vloek van die leuen van Satan het begin met sy verraderlike werk. Binne ‘n kort tydjie is Adam en Eva verswelg deur ‘n vloedgolf van skuldgevoelens en vrees. Saam met Satan en sy engele het hulle geestelike en emosionele selfmoord gepleeg. Hulle het hul identeit en waarde verloor en niks wat hulle kon doen, kon dit terugbring nie. Hulle kon hulself nie weer in die guns van God stel nie. Hulle het onder die kanaal van seën uitbeweeg en slegs God kon dit weer verbind.

Deur uit hierdie kanaal van seën te stap kon Adam en Eva se redeneringsvermoëns nie meer onbaatsugtig of objektief gebruik word nie. Hulle gedagtes was heeltemal in harmonie met dié van Satan. Hulle het geen vermoë gehad om die leuens wat aan hulle vertel is te onderskei nie.

Satan het hulle vol valse teorië oor God se karakter begin vul. Daar is ook aan hulle gesê dat hulle sleg was; dat hulle verdien het om te sterf en dat hulle waardelose individue was. Sonder die seën van die Vader het hulle geen manier gehad om hierdie leuens teë te staan nie; hulle het niks gehad om aan vas te hou om Satan te weerstaan. Buite die kanaal van seën is ons heeltemal kwesbaar vir Satan en sy leuens.

God het ‘n ernstige dilemma in die gesig gestaar. Hoe benader Hy hulle noudat hulle na ‘n ander stem luister? Elke woord wat God uitspreek word nou in ‘n slegte lig geïnterpreteer. Adam en Eva weet dat hulle skuldig is, maar hulle het nou geen sekerheid of waarde gehad waardeur hulle kon aanvaar dat hulle verkeerd is nie, omdat hulle verkeerde idees omtrent God, die bron van lewe en wysheid, aanvaar het. Onder die invloed van ’n gees van skuld en onsekerheid het hulle uittartend geword. Hulle het die seën van helder denke verloor.

Ek verwonder my oor die liefde van God, in Sy geduld. God roep uit na Adam, “Waar is jy?” Nie omdat Hy nie geweet het nie, maar om Adam toe te laat om die probleem in die gesig te staar. Waar is jou gedagtes, Adam? Wat het van jou identiteit geword? Die sigbare fisiese demonstreer altyd die geestelike. Die fisiese skuilplek van Adam en Eva onthul duidelik die skuiling wat hulle soek in hul gedagtes. Hulle het hulself in misleiding en bedrog geklee om te verhoed dat hulle die waarheid, wat so angswekkend lyk, in die gesig staar. God probeer hulle help om die probleem te diagnoseer, sodat Hy die geseënde oplossing vir hulle kan bring.

Adam het op die vraag reageer deur vir God te sê dat hy bang was, omdat hy naak was. Hierdie belydenis is interessant in die lig van Génesis 2:25: “En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.” Adam was naak voordat hy die vrug geëet het, maar hy was nie skaam nie. Die gevolgtrekking is dus dat Adam nou skaam is. Die Hebreeuse woord (buwsh) beteken ook verleë, verward en teleurgesteld. Adam was vol verleentheid, skuldgevoel en teleurstelling. Hy was verward oor wie hy was en hy het skuldig gevoel oor wat hy gedoen het. God plaas sy vinger op die intensiteit van Adam se pyn: “Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?” God vra nie vir Adam “Hoe weet jy dat jy naak is?” Hy vra vir Adam: “*Wie het jou te kenne gegee* dat jy naak is?” God het Adam gewys na die opstoker van die leuens wat aan hom vertel is. Met ander woorde, “Wie veroorsaak dat jy van my weghardloop?” “Wie het tussen My en jou gekom?”

Adam word direk aangespreek, “Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?” Dit was ‘n eenvourige vraag wat ‘n eenvoudige ja of nee vereis het. Noudat Adam se waarneming van homself en van God deur die leuen van inherente lewe verander het, lyk hierdie vrae vir hom bedreigend en indringend. Die eerste woorde van blaam en uittarting het oor menslike lippe gevloei:

Die VROU wat U gegee het om by my te wees,
SY het my van die boom gegee, en ek het geëet.

In hierdie beskuldiging sien ons onder meer dat die kanaalverhouding tussen Adam en Eva heeltemal verdraai en verbreek is. In die skepping is Eva geskape as ‘n hulp, maar nou word sy as die leier en hoof uitgebeeld. Sy word uitgebeeld as die magtige een en Adam as die hulpelose slagoffer. Erger as dit, God word uitgebeeld as die opstoker van die hele saak. Adam se gedagtes het so verward, verdraai en verblind geword dat sy herstel van uiterste buitengewone aard moes wees.

Hoe kan aan Adam ‘n ware prentjie geskilder word van sy situasie terwyl hy die vermoë verloor het om objektief te redeneer? God is die enigste bron van ware wysheid en Adam het homself van daardie bron ontkoppel. Die leuen van ‘n inherente lewensbron het die konteks van die heelal waarin Adam geleef het, heeltemal verander. Sy waarneming van homself, sy vrou en God het heeltemal verander en deur hierdie onwaarheid sou God se woorde voordurend misverstaan word. God se ingryping lyk nou indringend en dominerend; dit is nou ’n groot lewensbron wat ’n klein lewensbron vertel hoe om op te tree en te leef. Die feit dat God se mag blykbaar groter is as syne bring vrees, maar die feit dat hy glo dat hy ‘n lewensbron in homself het bring woede, wrok en haat mee. Die Bybel onthul dit duidelik:

> **Romeine 8:7** omdat wat die vlees bedink [*die leuens van inherente lewe*], vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God [*die kanaal van seën*] nie, want dit kan ook nie.
>
> **Jeremia 17:9** Bedrieglik is die hart [*geïnfekteer deur die leuens van inherente lewe*] bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken [*in ‘n noue verhouding daarmee staan*]?

God se uitroepe van liefde, toegeneentheid en raad om weer na die onderdanige, afhanklike verhouding terug te kom, word verdraai tot ‘n toneel van manipulasie om beheer en oorheersing te verkry. Die groot bron van alles word totaal wanvoorgestel en deur die mensdom valslik beskuldig. Die treurigste van alles is die droewige woorde van Jeremia in Jer.17:9: Wie kan hierdie hart ken? Die leuen van inherente lewe maak die hart van die mens weerstandig teen intieme verhouding met God en met geskape wesens. Die vrug van hierdie leuen is eensaamheid. Dit word ‘n baie hoë prys om te betaal vir wesens wat geskape is met ‘n verlange tot intimiteit en verhoudings. Hierdie hartseer toestand word wonderbaarlik weerspieël in ‘n lied uit die film “*The City of Angels:*”

**Verse 1**

Spend all your time waiting
For that second chance
For a break that would make it okay
There’s always one reason
To feel not good enough
And it’s hard at the end of the day
I need some distraction

Oh beautiful release
Memory seeps from my veins
Let me be empty
And weightless and maybe
I'll find some peace tonight

**Verse 2**

So tired of the straight line
And everywhere you turn
There's vultures and thieves at your back
And the storm keeps on twisting
You keep on building the lie *[inherent life source]*
That you make up for all that you lack
It don't make no difference
Escaping one last time
It's easier to believe in this sweet madness oh
This glorious sadness that brings me to my knees

Die vraag wat gevra moet word is hoe kon God hierdie leuen binnedring? Hoe kon Hy effektief met ons kommunikeer en Sy liefde en besorgdheid vir ons wys en ons uit hierdie aaklige leuen trek?

## B. Die Oplossing

God kon ons nie direk van buite af benader nie. In plaas daarvan het Hy verkies om, deur Sy Seun, permanent verbonde aan die menslike ras te word. Deur Sy Seun toe te laat om een van ons te word, kon Hy die kanaal van seën weer kopppel om die lewens- en seënstroom oop te maak, maar Homself ook in die posisie plaas om hierdie leuen te konfronteer. Hierdie leuen het in die aard van die mens gaan woon en deur hierdie natuur op Homself te neem, kon Hy dit oorwin en vernietig. Dit was nie genoeg vir Jesus om bloot as 'n mens te verskyn en die regte verhouding met God te demonstreer nie. Dit sou nie die leuen van 'n inherente lewensbron aanspreek nie. Hy moes die opstandige natuur in Homself neem en dit in die graf vernietig. Die Bybel sê dus:

> **Hebreërs 2:14** Aangesien die kinders dan vlees en bloed [*menslike natuur*, *fisies en moreel*] deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier

deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het [*deur die leuen van inhernete lewe*] —dit is die duiwel;

**Hebreërs 2:16,17** Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele [*met hul onderdanige en afhanklike natuur*] nie, maar oor die geslag van Abraham [*met hul rebelse en onafhanklike natuur*] bekommer Hy Hom. **17** Daarom moes Hy in alle opsigte aan *sy* broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge *wat in betrekking tot God staan*, om die sondes van die volk te versoen.

**Romeine 8:32-34** Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? **33** Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? *God is dit wat regverdig maak*. **34** Wie ***is*** dit wat veroordeel? *Christus* ***is dit*** wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

Al hierdie dinge word voorsien deur die gawe van God se Seun aan die wêreld. Hierdie hele proses is aan Adam en Eva in Gen.3:15 geskets:

**Génesis 3:15** En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Hierdie vers is vol belofte en hoop. God het gesê dat Hy vyandskap sou stel tussen Satan en die vrou; Hy sou dit doen deur Sy Seun toe te laat om een van ons te word en om die kanaal van seën te herstel. Hierdie kanaal sou toelaat dat fisiese lewe na ons toe vloei, asook die oortuiging om die regte gedagtes omtrent God te koester. Die herstel van die kanaal in die persoon van die Seun van God sou die mensdom 'n gewete en 'n keuse bied. Beide denkstrome sal nou deur die menslike ras vloei: die denkstroom van die eerste Adam wat die leuen van onafhanklikheid uitbeeld, wat lei tot die dood; die ander denkstroom vanaf die Tweede Adam wat gehoorsaamheid en afhanklikheid aanmoedig, wat ook lewe gee, om ons tyd te gun om te kies wattter kant ons gaan volg. Daarom word aan ons gesê:

**1 Korinthiërs 15:45** So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

> **Romeine 5:17** Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

Dit maak volkome sin dat die Seun van God een van ons moes word en hierdie onafhanklike gees moes uitdaag, omdat die Seun die goddelike uitdrukking van onderdanigheid en gehoorsaamheid is. Sy hele identiteit en doel hou verband met hierdie beginsel en daarom was Hy die enigste een wat hierdie misie kon aanvaar.

Ons het baie om voor dankbaar te wees. God het in ons harte ’n begeerte geplaas om reg te doen en ‘n begeerte om kwaad te weerstaan deur Sy Seun. Dink aan die kere wat jy in die versoeking gekom het om iets verkeerd te doen en die dinge weer deurdink het en dit nie gedoen het nie. Dit was die gawe wat God jou gegee het, die vyandskap teen die bose. Dit maak nie saak of jy in God glo of nie, jy kry steeds hierdie gawe deur Jesus. In die Skrif word aan ons vertel dat God dit laat reën op die regverdiges en die onregverdiges.[18] Dink daaraan hoeveel keer Satan ‘n bose gedagte in iemand se gedagtes geplant het om iets aan jou te doen of om jou besittings te steel. Die vyandskap wat God in hul harte geplaas het moedig hul aan om dit nie te doen nie. Natuurlik het ons steeds die keuse om die aanmoediging te verwerp en voort te gaan en die verkeerde ding te doen. Sonder hierdie vyandskap sou niemand van ons kon ophou met die uitvoering van die bose inherente lewensbron se gedagtes, wat in ons denke geplaas is.

Wat ‘n ongelooflike God om dit alles vir ons te doen! Ons as menslike ras was totaal verlore en verslaaf aan Satan se bose weë. Ons kon onsself glad nie help nie; verdoem tot ellende en totale vernietiging. Maar ons tere hemelse Vader het geweier om ons prys te gee. Hy het Sy kosbaarste besitting aan ons gegee – Sy Seun. Jesus sal vir ewig een van die menslike familie en een van ons wees. Dit is ‘n offer wat die sentrale tema vir studie en oordenkings vir die res van die ewigheid sal wees.

Die feit dat die mens nou deur twee denkrigtings gekonfronteer word sal twee hoofstrome van die mensdom na vore bring; diegene wat na die stem van God geluister het, soos getoon in die karakter van Abel en Abraham, en dié wat die Gees van Christus wat in hulle pleit sou teenstaan, soos weerspieël word in die lewens van Kain en Nimrod.

---

[18] Matthéüs 5:45

Hoofstuk 10

# Die Ontwikkeling van die Twee Lewensbronstelsels

Tot dusver het ons die beginsels van die kontrasterende lewensbronstelsels en die onmiddellike impak daarvan op die gesin neergelê. Jy sal onthou dat ons dinge oorweeg het met die doel om die beste manier te vind om ‘n familieskat van herinneringe te skep, ‘n skat wat ons en ons kinders emosioneel sal ondersteun en versterk en voorkoming bied aan die talle tragedies wat ons vandag sien in gesinne.

In hierdie hoofstuk gaan ons die ontwikkeling van die menslike ras, hoe hulle op die twee beginsels van die lewe reageer, noukeurig ondersoek. Ons sien die eerste voorbeeld in die lewens van Kain en Abel.[19] Hierdie mans verskaf ‘n goeie illustrasie van die impak van die twee denkstelsels. Die eiewillige gees[20] van Kain het daartoe gelei dat hy ‘n wankelrige, onsekere en onaangename, moorddadige tiran was;[21] terwyl Abel ‘n gehoorsame en getroue dienskneg van God was.

Hierdie twee mans is die begin van verskeie insiggewende voorbeelde wat ons in die boek Génesis vind. Ons sal hierdie voorbeelde deur die twee stelsels nagaan: (1) Die seuns van God, bedoelende diegene wat erkenning gegee het aan hul verbintenis met God, en (2) Die reuse (of beter vertaal uit Hebreeus – ‘n boelie of tiran) wat die leuen omhels wat deur Satan in die tuin gegee is.

## A. Die Ontstaan van die Tiran

Die boek Génesis is, onder meer, die geskiedenis van Satan se stryd teen die gesin en ‘n vaslegging van sy beginsels van ‘n inherente lewensbron. Die tragedies is baie en die hoogtepunte is maar min, maar die geskiedenis wat aangebied word, gee ons insig omtrent die gesinstruktuur.

Génesis 4:19 dui op die eerste belangrike afwyking van die huwelik, wat veronderstel is om die Vader-Seunverhouding te weerspieël. Lameg het twee vroue

---

[19] Génesis 4

[20] ‘n Gees wat die kanaal van God se seën verwerp

[21] Génesis 4:12 – voortvlugtige – aarsel, steier, geskud. Vagebond – dwaal, spot, treur.

geneem. Die bekendstelling van ‘n tweede vrou het die kanaal van seën se proses verwar en die vrouens kwesbaar gemaak om mee te ding vir die liefde van hul man. Hoofstuk 6 van Génesis onthul die volgende belangrike taktiek van Satan om gesinne te vernietig:

> **Génesis 6:2** sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.

Die woord “seuns” gee die sin van ‘n bouer van die familienaam deur. Op daardie stadium was die seuns van God die mans wat die gesinskoninkryk van God wou bou en die beginsels van die afhanklike lewensbron en die lewensbelangrike aard van seën wou uitbrei.

Die dogters van die mens is grootgemaak in gesinne wat geleef het sonder die beginsels van onderdanigheid en die belangrikheid van seën. Satan het die seuns van God uitgelok om met hierdie vrouens te trou. Die Bybel sê dat hierdie vrouens mooi of pragtig was. Dit kon slegs uiterlik gewees het, want die kinders wat hulle gebaar het, was tiranne en boelies.[22] Die gevolgtrekking is hier dat dogters, wat gebrek het aan die seën van God deur hul vaders, sal fokus om hulself uiterlik te verfraai, om te vergoed vir die gebrek aan seën.

Ongelukkig het die seuns van God nie gesoek na die innerlike skoonheid van ‘n koesterende vrou wat die lewensbelangrike rol vervul van ’n onderdanige versorger, wat die seën van God deur haar man op haar kinders sou aftrek nie. Die vereniging van die seuns van God met die wankelbare dogters van die mens het hul gesinne omgeswaai van bouers van God se familienaam na bouers van Satan se koninkryk. Omdat die vrouens nie onderdanig was nie, was daar geen voorbeeld in die huis vir die kinders om onderdanigheid en verbondenheid aan die seën te leer nie. Sulke kinders het grootgeword om manne van naam te wees: dit beteken hulle is mans wat mag, eer en respek gesoek het deur ‘n gees van onafhanklikheid.

Binne ‘n kort tydjie was die rol van die onderdanige agent heeltemal verlore en is die seën van God grootliks afgesny. En die resultaat was:

> **Génesis 6:5** …dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was…

> **Romeine 1:21 - 23** omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in

---

[22] Nephilim: ‘n boelie of tiran; ‘n reus. Strongs H5303.

> hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. **22** Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword **23** en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van ‘n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.

Binne ‘n tydperk van net meer as 1500 jaar is die seënstruktuur van die menslike gesin feitlik uitgewis. Die beeld van die Vader-Seunverhouding, wat in die man-vrouverhouding weerspieël moes word, is vervang met ydele verbeeldings van inherente krag en die aanbidding van "inherente krag" in die natuur. Die vereniging van die seuns van God met die dogters van die mens het tiranne voortgebring wat net voortdurend boosheid bedink het. Wyfelende, wankelbare seuns in mansliggame, wat hul wellus en begeertes bevredig het en geen ag geslaan het op die heilige verantwoordelikheid om kinders groot te maak wat eerlik, ferm en opreg is nie. Adam, wat na sy vrou se stem geluister het, se aanbidding van die vroulike is uitgebrei en hulle het hulself ten volle oorgegee om die werktuie van Satan te word.

Die eerste paar hoofstukke van Génesis behoort genoegsaam te wees om ons te oortuig van die afskuwelike gevolge van Satan se leuen van inherente lewensbron en die gevolg van die verlies van seën aan kinders.

Die ellende van die mense in hierdie tyd was so groot dat God hul ongeregtigheid teen hulle besoek het deur hulle te laat vernietig deur die aarde wat deur hulle verontreinig is. Onuitspreeklik is die trauma en tragedie van kinders wat in hierdie families grootword sonder die seën van God wat vloei vanaf die vaders. God het tussenbeide getree deur Noag te roep en die hemelse gesinsmodel ‘n kans gegee om weer te begin. Maar Satan het nie nodig gehad om lank te wag vir ’n geleentheid nie.

## B. Gam Ontwikkel die Saad van Babilon

Alhoewel die wêreld skoongewas is van die boosheid en die eindelose pyn van gebroke gesinne beëindig is, het die saad van die leuen van die slang in die familie van Noag agtergebly. Noag het genade gevind in die oë van die Here en was ‘n getroue dienskneg van God, maar, net soos by Adam, sy voorvader, het die hulpmiddel van aptyt weereens die deur oopgemaak tot ellende.

Noag het dronk geword en naak in sy tent gelê. Sy jongste seun, Gam, het sy vader in hierdie toestand ontdek en die Bybel dui aan dat, toe Noag wakker word, hy geweet het dat iets aan hom gedoen is. Dit moes ernstig gewees het, want Noag spreek die volgende vervloeking uit:

> **Génesis 9:25** …sê hy: Vervloek is Kanaän! ‘n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers.

Die vers dui daarop dat een of ander vorm van seksuele perversie van Gam se kant af plaasgevind het. Wat Gam ook al aan sy vader gedoen het, het sy gebrek aan respek geopenbaar en het dus die kanaal van seën verbreek. Wat ook al gebeur het, diep binne het Gam geweet dat dit verkeerd was en gevoel dat die gees van Kain hom oorval het: ‘n swerwer, ‘n rondloper en ‘n diep onseker man. Die verlies aan die noue band met sy vader het die seën van Gam afgesny. Gam het op sy beurt sy seun Kanaän vervloek.

> **Génesis 10:6, 8 - 9** En die seuns van Gam was: Kus en Misraim en Put en Kanaän. … **8** Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om ’n geweldenaar op aarde te wees. **9** Hy was ‘n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, ‘n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE.

Kanaän was die jongste seun van Gam, maar die oudste was Kus, en dit was deur die eersgeborene van Gam dat die saad van onsekerheid, deur die gebrek aan seën, kragtig sou verskyn. Kus se seun was Nimrod, wie ‘n geweldige jagter geword het. Die woord “geweldig” dra ‘n soortgelyke idee as die woord vir reuse van Génesis 6, wat manne van naam was. Die woord beteken magtige vegter en tiran. Nimrod het die leuen van die slang ten opsigte van inherente mag volledig omhels. Josephus lewer hierdie interessante opmerking oor hom:

> “Dit was Nimrod wat hulle aangehits het tot sulke beledigings en minagting van God. Hy was die kleinseun van Gam, die seun van Noag, ‘n dapper man, met groot krag. Hy het hulle oorreed om dit [Krag] nie toe te skryf aan God nie, asof dit deur sy middele was dat hulle gelukkig was, maar om te glo dat dit hul eie moed was wat daardie geluk verskaf het.”[23]

Dieselfde minagting wat Gam teenoor sy vader geopenbaar het, het die erfdeel van Nimrod geword. Die verwerping van die gesag van ‘n aardse vader is ‘n verwerping van die hemelse Vader en ons sien al hierdie saad word in Nimrod geopenbaar.

---

[23] Josephus, *Antiquities,* Boek 1 Hoofstuk 4 Pragraaf 2.

Ons sien dat Nimrod die mense oorreed het om te glo dat krag en lewe nie van God gekom het nie, maar dat dit in hulself lê. Hierdie geloof het die kanaal van seën vernietig en die menslike denkwyse verdraai deur geluk en waarde te vind in hul eie prestasies en vertoning van mag. Met hierdie in gedagte, lees ons:

> **Génesis 10:10** En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sínear.

Die Bybel dui aan dat Nimrod sy eie koninkryk gebou het, sonder enige verwysing na God. Niemand het dit tevore gedoen nie. Voor Nimrod se tyd het die mens wel in afsydigheid teenoor God gestaan en sy leierskap verwerp, maar hulle het wel steeds met 'n redelike namaaksel van die ware gesinstruktuur geleef. Hulle het dit nie durf waag om hulself tot die hoogste gesag in die land te verklaar nie, sodat niemand verder as 'n aardse koning hoef te kyk nie.

> Met die oprigting van Nimrod se koninkryk, het die ganse antieke wêreld 'n nuwe geskiedkundige fase betree. Die Oorsterse tradisie, wat hierdie kryger (Nimrod) die eerste man maak wat 'n koninklike kroon gedra het, verwys na 'n feit wat belangriker is as 'n blote nuwe ornamentele kleredrag of selfs meer as die verowering van 'n provinsie. Sy bewind het 'n nuwe stelsel van betrekkinge tussen die heerser en onderdane aan die wêreld bekendgestel. Die gesag van voormalige heersers het op die gevoel van familie-betrekkinge gerus; die opgang van die leier was 'n beeld van ouerlike beheer. Nimrod, aan die ander kant, het geheers oor 'n gebied, en dus ook oor die grondbewoners in die gebied – net omdat dit die inwoners in daardie gebied was – ongeag van persoonlike bande. Tot dusver was daar stamme – vergrote families – die samelewing; nou was daar 'n nasie, 'n politieke gemeenskap – die Staat.[24]

Die Bybel dui aan dat die eerste stad wat hy regeer het, Babel of Babilon was. Die stad Babilon het sinoniem geword met die begrip van rebellie en verwerping van God se gesag. Dit is hierdie stad en sy beginsels wat in stryd is met God en Sy beginsels van die gesin se seën.[25] Soos hierbo genoem, was die verband tussen hoofskap en onderdanigheid nie meer 'n gesinsverhouding van vader tot sy vrou,

---

[24] A.T. Jones, *Empires of the Bible*. 1904, Page 51.
[25] Des Griffin. *Fourth Reich of the Rich*. 2001, Page 21.

seun of dogter nie, maar eerder ‘n verbintenis deur grondgebied en wat in onderdanigheid gehou word deur tirannie. Let weer op wat Josephus sê:

> Hy het ook die regering geleidelik in tirannie verander, aangesien hy geen ander manier gevind het hoe om mense van die vrees van God weg te draai, behalwe om hulle in 'n voortdurende afhanklikheid van sy mag te bring…”[26]

Hy het die gesinstrukuur verder aangeval deur die gesinsrolle van hoofskap en onderdanigheid om te keer, deur met sy moeder Semiramis te trou.[27]

## C. Die Geestelike Grondslae van Babilon

As ons noukeurig kyk na die geskiedenis van die man wat Babilon gebou het, neem ons die volgende karaktereienskappe waar:

| | |
|---|---|
| 1.Verdraaide gesinsverhoudings | Die effek van Gam se optrede teenoor sy vader word in sy geslagregister aan die lig gebring, asook die ooreenstemmende vloek daarvan, soos weerspieël in Nimrod wat met sy moeder trou. |
| 2. Verwerping van gesinseën en gesagstruktuur | Heerskappy deur grondgebied eerder as die liefde van gesinsbande. Die ontwikkeling van sy eie koninkryk afsonderlik van God. |
| 3.Onsekerheid, waardeloosheid, en verwarde identiteit | Die verlies aan gesinseën maak dat Nimrod aanbidding soek deur magtig te word. Die naam Babilon beteken verwarring. |
| 4. Beheer | Die eienskap van tirannie is die gees van die behoefte om ander met geweld te beheer, want daar is geen verhoudings binne die gesinsverband om respek af te dwing nie. Die begeerte na ‘n ryk word weerspieël in die lys streke wat onder sy eienaarskap staan. |

Die manifestasie van Nimrod en sy koninkryk van koninklike mag en beheer was die natuurlike gevolg van die verwerping van die gesinstruktuur wat deur God

[26] Josephus *Antiquities*, Boek 1 Hoofstuk 4 Paragraaf 2.
[27] Alexander Hislop. *The Two Babilons*. Loizeaux Brothers, Inc. 1916, Page 22.

ingestel het in die Tuin van Eden. Waar daar ookal oorlog, twis en begeerte na mag en beheer is mag ons die saad en wyn van Babilon onderskei. Die geskiedenis wys dat die hele wêreld die stelsel van Nimrod aanvaar het. Die Bybel weerspieël dit wanneer dit sê:

> **Jeremia 51:7** Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword.

Die verandering van beleid deur Nimrod, om op grondgebied te regeer en om mense aan sy gesag onderdanig te hou, het leërmagte benodig om hierdie gebied te verdedig teen eksterne bedreigings, om die bevolking onder beheer te hou en om interne bedreigings te voorkom. Die voorsiening van leërs moes gefinansier word en dus is belasting ingestel.

Met die verlies aan ouerlike liefde en seën as die fondasie van die gemeenskap en die motiverende begeerte om na mekaar om te sien en te ondersteun, 'n begeerte wat nou deur ander prioriteite oorheers word, moes 'n ander motivering ontwikkel word en sodoende word die geldstelsel en bankwese voortgebring.

> Nimrod was die eerste heerser met 'n weermag, asook 'n ekonomiese, burgerlike en sosiale stelsel. Hy het sy Sataniese godsdiens op al die mense onder sy bewind, gelê. Mettertyd het sy heidense leringe versprei na alle wêreldnasies.[28]

Nimrod het nie net die letterlike gebied binnegeval nie, hy het ook die denke binnegedring en 'n godsdiens ingestel wat sy geloof van inherente mag en verdraaide menseverhoudings weerspieël. Hierdie godsdiens is beliggaam in die aanbidding van die son. Toe Nimrod sterf, het sy vrou/moeder die godsdiens voortgesit deur die mense te leer dat Nimrod nou in die son beliggaam is. Hy was 'n weldoener in die dag en het snags teen die bose magte in die onderwêreld geveg. Terwyl die son soggens opkom, kon die mense gerus wees met die wete dat Nimrod oorwinnaar was oor die duistere magte en dus het die mense neergebuig na die Son in dank aan Nimrod wat hulle bewaar.[29]

Semiramis het nou opgetree as die sleutel tot die brugbouer na die geestelike wêreld van Nimrod. Sy het sy wense aan die mense oorgedra en namens hulle as

---

[28] Griffin, Page 24

[29] Carol Humphreys, *Real myths and false realities*, Page 36

voorbidder opgetree. Deur hierdie posisie te beklee is haar rol verhoog tot 'n godin en sy word op haar beurt aanbid saam met haar seun/man as die koningin van die hemel.[30]

Alhoewel daar baie interessante geskiedenis hier is, is die sleutelpunt dat die hele stelsel van grondgebied, geld, belasting, leërs en koningskap ontwikkel is vanuit 'n afbreking van God se oorspronklike gesinstruktuur. Die hele stelsel is in stryd met God se oorspronklike beginsels van gesinsgesag en seën. Dit beteken nie dat ons moet rebelleer teen die leiers wat vandag bestaan nie, want God het aan hulle die mag gegee om te heers in hierdie nuwe stelsel om die volle omvang van sy tirannie aan te toon. Ons kan wel die platform waarop dit staan identifiseer en die invloede vermy wat voor die hand liggend sowel as subtiel is, wat die opbou van 'n gesinskat ondermyn.

## D. Die Roeping van Abraham en die Herstel van die Gesinsisteem

Net soos God Noag geroep het as getuie teen die tirannie van die "reuse" wat geleef het voor die vloed, so roep God nou 'n man om Sy gesinsbeginsels van hoofskap, onderdanigheid, seën en gelykheid deur verhoudings te verteenwoordig. Onder die gesag van sy vader het Abraham die betekenisvolle reis uit Babilon en in Kanaän in onderneem.

> **Génesis 11:31** En Tera het sy seun Abram geneem en Lot, die seun van Haran, sy kleinseun, en Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Abram, en dié het saam met hulle uit Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het tot by Haran gekom en daar gaan woon.

Hierdie reis deur Abraham is verteenwoordigend van almal wat probeer om die tiranniese stelsel van Nimrod te verlaat, wat die hoop om 'n blywende gesinskat te bou, met ystertande verbreek en vernietig. Hierdie reis sou twee maal deur Abraham se nageslagte[31] en twee maal deur sy geestelike nageslagte onderneem word.[32]

---

[30] Ibid.

[31] Eers vanuit Egipte en dan vanuit Babilon.

Die herbou van die gesinsisteem benodig die herverbinding van die kanaal van seën deur die patriargale hoofskap van Abraham.

> **Génesis 12:1 - 3** En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. **2** En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën [die kanaal van seën herstel] en jou naam so groot maak, dat jy 'n [kanaal van] seën sal wees. **3** En Ek sal seën diegene wat jou seën [onderwerp aan jou vaderlike gesag], en hom vervloek wat jou vervloek [wie die outoriteit verwerp wat ek jou verleen]; en in jou sal al die geslagte [gesinne] van die aarde geseën word.

Hier is 'n diep betekenisvolle verbond tussen God en Abraham. Die onderdanigheid van Abraham aan God[33] sou weer die lewensbelangrike sin van waarde oplewer deur verbind te wees aan die lewensbron van die heelal. Deur Abraham sou al die geslagte (of dan die gesinne) van die aarde geseën word. Nie net omdat die Verlosser van die wêreld deur sy nageslag sou kom nie, maar ook omdat God hom die korrekte gesinsbeginsels sou leer om die kanaal van seën te bewaar.

## E. Die Les van Sodom

Om die beginsels wat aan hom gegee is te bewaar, verhuis Abraham uit die stad waar die beginsels van geld, grondgebied, beheer en dominansie 'n groot invloed op die siel gehad het. Dié wat Abraham in die stede agtergelaat het was so korrup dat die gedagtes van mense net voortdurend boos was. Die gesinstrukture was so vermink dat die lewe vir die meeste slegs ellende, pyn, mishandeling en slawerny gebring het. Die seksuele perversie van Gam, ontwikkel en gekoester deur Nimrod en Semiramis, het sterk in die inwoners van Sodom en Gomorra voortgelewe.[34]

Die Here kom in Sy genade weereens om die pyn en angs te voorkom, maar voordat Hy dit doen, openbaar die Bybel aan ons 'n reeks gedagtes van God aangaande Abraham en sy instruksies in gesinsbeginsels.

---

[32] Eerstens in die tyd van Christus en die apostels, en tweedens na die 1260 jaar van Babiloniese gevangeneskap, wat oorheers is deur die ystervuis van die Middeleeuse kerk.

[33] Génesis 22:18

[34] Génesis 19:4, 5

> **Génesis 18:17 – 19** Daarop sê die HERE: Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen, **18 t**erwyl Abraham tog sekerlik ‘n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? **19** Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Die Here wil hê dat Abraham die redes moet verstaan waarom die verwoesting van Sodom en Gomorra sou plaasvind. Hierdie verwoesting sou as ‘n waarskuwing en ‘n herinnering aan Abraham dien om waaksaam om te gaan met die handhawing van die gesinskanaal van seën en om die stygende tirannie af te weer wat altyd ontstaan indien die kanaal verbreek word.

Ons word vertel dat God Abraham “verkies” het (KJV: know). Die woord “verkies” is dieselfde woord wat beskryf hoe Adam sy vrou Eva “beken” het. Die geestelike konsep van “beken” is die oordrag van geestelike saad wat vrug sal dra in ‘n magtige dog vredevolle gesinsryk. Die geestelike saad (dit is die Gees van Christus) sou die geseënde geestelike erfenis word van almal wat Abraham as hul vader sou kies.[35]

Génesis 18:17 – 19 lê die geheim uit van die bewaring van die seënkanaal en die behoud van die geestelike saad wat sy seuns en dogters in staat sou stel om die leuen van die slang te weerstaan wat in die tiranniese koninkryke van die wêreld geopenbaar word. Hier is die volgorde:

1. Gee bevele deur aan die kinders en kindskinders
2. Wat hulle in staat stel dat hulle ‘die weg van die HERE sal hou’
3. Wat hulle in staat stel om “geregtigheid en reg” te doen – wat eerlike en regte gesinsregering beteken.
4. Op hierdie manier sou die belofte van die verbond om ‘n groot en magtige nasie te word, vervul word.

---

[35] Rom 4:11 - En hy het die teken van die besnydenis ontvang as ‘n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word.

Die beginpunt van hierdie proses is die bevele of instelling van orde binne die gesin. Wanneer ons mooi kyk na hierdie struktuur in die Bybel sien ons 'n man wat grootliks gerespekteer en geliefd is – veral deur sy vrou. Hierdie respek verander in woorde van seën wat in die volgende geslag as regverdige saad optree en dus die kanaal van seën behou.

> **1 Petrus 3:6** soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Sara se verwysing na Abraham as heer, wat hier deur die apostel Petrus in Grieks geskryf is, gee 'n gevoel van "meester" of "meneer." Deur die opdrag van die Here en deur die lewe se beproewinge het Sara geleer omtrent haar belangrike, onderdanige rol, wat sy gespeel het in die instelling van die gesag van haar man, wat op sy beurt die kanaal van seën sou oopmaak.

Satan het desperaat probeer om die gesinstruktuur van Abraham te vernietig en weereens het hy probeer om die een aan te val wat die belangrike onderdanige agent sou wees. Toe Abraham na Egipte reis, het hy uit vrees vir Sara gevra om vir Farao te sê dat sy sy suster is, sodat die Farao hom nie om die lewe bring ter wille van Sara se skoonheid nie.[36]

Sara is ingeneem deur Farao en hy was moontlik van voorneme om met haar te trou, maar God het ingegryp en Farao geteister met geweldige plae om hom te waarsku dat iets verkeerd was. Sara is aan haar man terugbesorg en hulle is beveel om die land te verlaat. Hier word een ding baie duidelik oorgedra: onmiddellik na die belofte van 'n herboude gesinstruktuur van seën het Satan hierdie kanaal probeer saboteer. Hy het Sara geteiken weens haar belangrike rol in die opening van die kanaal van seën.

Abraham leer uit sy ervarings en ons sien die groot sorg wat hy geneem het om 'n vrou vir sy seun Isak te kies. Hy het vasgestel dat die sleutel tot die opbou van 'n familiekoninkryk berus op die keuse van 'n vrou wat sou optree as die onderdanige agent, iemand wat respek vir Isak sou hê om die kanaal van seën oop te hou.[37]

In hierdie hoofstuk het ons die wortels van die geestelike stryd ondersoek wat vandag rondom die lewensbelangrike aard van die gesinseenheid woed. Ons het die

---


[36] Génesis 12:12-20
[37] Génesis 24

opkoms van die ryk deur die saad van die slang gesien in die lewens van Nimrod en Semiramis; ons is hoop gegee in die roeping van Abraham en sy gesin deur wie ons geseënd sal wees indien ons hom seën, wat beteken dat ons in sy gesinstruktuur die geheim tot werklike edelheid en die belofte van 'ngelukkige gesinskat erken.

Hoofstuk 11

# Onderliggende Geloofstelsels van die Twee Koninkryke

Dit sal nuttig wees om 'n oomblik te neem om die geloofstelsels van Abraham en Nimrod te kontrasteer. Die kernverskil van die twee stelsels is die geloof in 'n inherente lewensbron in teenstelling met die geloof dat lewe deur 'n Vader in die hemel na ons toe kom.



## A. Geloof teenoor Vrees

Abraham se fokus op verhoudings is die onvermydelike uitkoms van 'n geloof dat hy van 'n verhouding afhanklik is om lewe te ontvang. Die aard van die verhouding is dié van 'n Vader met sy kinders. Abraham se geloof dat die een wat hom lewe gee 'n liefdevolle Vader is, verminder die behoefte om té besorg te wees oor die beskerming van sy eie lewe. Kommer oor beskerming en verdediging geniet nie 'n hoë priotiteit nie. Om hierdie rede woon Abraham gelukkig en tevrede in 'n landelike gebied, sonder ommuurde stede en die behoefte aan 'n groot gemeenskap vir sekuriteit.

Nadat Adam en Eva die leuen van die slang van inherente lewe aanvaar het was vrees een van die eerste emosies wat Adam ervaar het.

> **Génesis 3:10** En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

As jy glo dat jy jou eie lewensbron het, vereis dit van jou om jou lewe te beskerm. Toe God Adam nader om hom te ondervra het Adam God gesien as 'n bedreiging, omdat God magtiger as hy was.

Hierdie ervaring was die erfenis van Nimrod en diegene saam met hom wat die leuen van die slang geglo het. Hulle moes in stede bymekaarkom en mure rondom hulle bou om hulself teen waargenome bedreigings te beskerm. Hierdie vrees word aggressie wat lei tot die oprigting van weermagte om die stede te verdedig en uiteindelik word die vrees uitgebrei na voorspringaanvalle om te verseker dat geen naburige stamme sterker word as hulle en hulle sou oorwin nie. Die geloof in 'n inherente lewensbron veroorsaak dat elke persoon of groep mense beskou word as 'n bedreiging of 'n geleentheid wat gemonitor en beheer moet word, of iemand wat bevredig moet word ter wille van eie oorlewing. Om die ander om jou suksesvol te monitor en hulle te waarsku om hul afstand te hou is territoriale gebiede vasgestel en verdedig. Die koninkryk van Nimrod wat deur vrees gedryf word, word beheer deur die obsessie van territoriale besit en verdediging.

## B. Gesinsfokus teenoor Individuele Fokus

Abraham se siening van die lewe wat vloei uit 'n hemelse Vader wat Sy kinders seën word 'n onderdanigheid om hierdie seën te ontvang. Die hoofskap van die hemelse Vader en die onderdanigheid van Sy Seun word weerspieël in die rolle van man en vrou en word geopenbaar in die verskillende rolle van die saad en koestering.

Elke gesinslid speel hul rol in die geluk van die hele gesin. Let op die seënstruktuur wat deur God uitgespreek word oor Abraham:

> **Génesis 12:2-3** En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. **3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (In die King James Bybelvertaling: "geslagte" word vertaal as "families")

God praat van die seën van individue deur die gesinstruktuur. Die beginsel van onderdanigheid wat deur Sara gedemonstreer is, wie erken het dat God haar seën deur haar man, bring haar dat sy verwys na hom as "Adon", vanwaar die woord "Adoni" of meester kom. Die geloof in die lewe wat vanaf een punt voortvloei bevorder die beginsel van hoofskap, onderdanigheid, seën en interafhanklikheid. Sara en die kinders is afhanklik van Abraham vir die seën om na hulle toe te vloei en Abraham is afhanklik van sy gesin om sy gesag te vestig. Die heilige verhoudings binne die gesinsband kan nie verbreek word nie, daarom het elke gesinslid 'n baie duidelike identiteit en doel binne die gesin.

> **Génesis 18:19** Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Daarteenoor word Nimrod aangedryf deur die behoefte om die lewensbron, wat hy glo in hom woon, te beskerm en te bevredig. Omdat elke persoon potensieel beskou word as 'n bedreiging of 'n geleentheid – geen verhouding kan waarlik sinvol wees nie[38]; hulle moet aanhoudend gemonitor, gemanupileer of bevredig word. Nimrod en sy volgelinge mag normaal voorkom as gesin, met die elemente van vader, moeder en kinders, maar die verhoudings is gewoonlik baie onfunksioneel. Elke persoon is geneig om ander gesinslede te gebruik om in persoonlike behoeftes en begeertes te voorsien. Dit is goed vir 'n man om 'n vrou te hê, om nie eensaam te wees nie, iemand wat vir hom kan skoonmmaak en sy kos kan kook. Dit is goed vir 'n vrou om getroud te wees vir beskerming en kameraadskap.

---

[38] Dit is interessant om op te let na bedreiging- en geleentheidstemas wat voorkom in evolusie-gebaseerde programme, soos dié van David Attenborough. Die leuen van die slang omtrent inherente lewe dring deur tot verskeie vlakke.

Nimrod se persoonlike ambisie het veroorsaak dat hy met sy moeder trou, omdat sy uiterlik mooi en ook magtig was. Die gesinstruktuur van Nimrod word dus seun/man en moeder/vrou. Hierdie proses het verwarring van rolle en dus verwarring van identiteit veroorsaak. Die verwarring van manlike en vroulike rolle word verder bemoeilik deur die verlies van die onderdanige agent, wie die volgende geslag opvoed omtrent die beginsels van onderdanigheid. Hierdie feit bevorder rebellie in kinders en die behoefte aan geweld, manipulasie of versoeking van ouers om kinders in toom te hou of tevrede te hou.

## C. Aanbidding soos Uitgedruk deur die Sabbat teenoor Sondag

Die aanbidding van Abraham wentel om die Vader/Skepper van die heelal. Dit is die aanbidding van ‘n persoonlike God wat lewe gee. God het Abraham in Sy wette onderrig wat hom in staat sou stel om verbind te bly aan die lewe van God en hierdie verbinding is deur ‘n verbond bekragtig.

> **Génesis 26:5** omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

Die God wat Abraham aanbid het se belangrikste opdrag was die Sabbat. Dit was ‘n herdenking van die Skepper-God en het van die aanbidders verwag om van hul arbeid te rus en te rus in die werke van God. Hierdie ruservaring wat deur die Gees van Christus kom, hou ons onderdanig aan die lewe wat van God kom en herinner ons daaraan dat ons volkome van Hom afhanklik is. Die aard van die Sabbat is verhoudingsgebaseer, want verhoudings word oor ‘n tydperk gebou. Daar is geen sigbare voorwerpe van aanbidding nie, maar slegs tyd om met die onsigbare en oneindige God te kommunikeer. Hierdie aanbidding is nadenkend, vreedsaam en vreugdevol.

> **Jesaja 26:3** U sal ’n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.

Nimrod se aanbiddingstelsel wentel om die vertoon van ‘n mens se inherente lewensbron en eis daarom sigbare tekens van mag. Die magtigste voorwerp in die hemel is die son. Die son laat die oeste groei, dit gee warmte en lig aan die wonings van die mens. In hierdie konteks is sonaanbidding gelykstaande aan die aanbidding van inherente mag. Toe Nimrod sterf het sy moeder/vrou verklaar dat hy in die son voortleef. Dus het die lewelose voorwerp van die son nou ‘n verhoudingsverbinding

gehad met die persoon Nimrod wie hulle nou kon aanbid. Elke oggend met sonsopkoms sou die aanbidders buig voor die magtige krag van Nimrod, die magtige jagter, wat in die mag van die son vertoon word. Omdat Nimrod bloot ‘n man was, was hierdie aanbidding hoofsaaklik ‘n aanbidding van self en die geloof van lewe binne jouself. Hierdie aanbidding van die hemelliggame het tot die aanbidding van die planete en sterre uitgebrei, maar ‘n spesiale dag is elke week vir die son gereserveer, naamlik Son-dag.

Die enigste regsbegrippe in die koninkryk van Nimrod is om alles te doen wat jy wil of waarmee jy kan wegkom. Die enigste meester vir Nimrod was hyself en enige wet wat aan hom voorgehou is sou gesien word as ‘n poging tot dominansie en beheer.

## D. Opstanding teenoor Onsterflikheid

Abraham se siening van die dood was dat alle bewustheid beëindig is. Die dood word beskou as ‘n verlengde slaap waar daar geen bewustheid van sy omgewing of perspektief van tyd is nie. Aangesien die mens geen lewe in homself het nie, hou hy op om te bestaan wanneer hy sterf. Die enigste manier om voort te leef, is om opgewek te word deur die lewegewer, naamlik God self.

> **Hebreërs 11:17 - 19** Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, **18** aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; **19** daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

Abraham se aanvaarding van die werklikheid van die dood, wat deur Adam in hierdie wêreld gebring is, is ‘n herbevestiging dat die mens geen lewe in homself het nie. Dit is ‘n perfekte eweknie vir die aanbidding op die Sabbat, wat ons wys op die bron van alle lewe – God. Die aanvaarding van die vloek van die dood maak die offer van die lam wat Abraham op ‘n altaar geoffer het, ’n werklikheid:

> **Génesis 12:8** En daarvandaan het hy verder versit na die gebergte oos van Bet-el en sy tent opgeslaan tussen Bet-el aan die weste— en Ai aan die oostekant, en daar vir die HERE ‘n altaar gebou en die Naam van die HERE aangeroep.

Die werklikheid van die dood vereis ‘n geloof in ‘n Verlosser wat lewe herstel, een wat die kanaal van die seën herverbind. In die aanbidding deur middel van die

offerlam erken Abraham die dood van die komende Verlosser, wat elke lewensasem en elke hartklop aan hom voorsien.

Die leuen van die slang het veroorsaak dat Nimrod en sy volgelinge die dood beskou as ‘n oorgang na ‘n ander terrein. Een wat onsterflikheid besit kan nie sterf nie, maar kon slegs aanbeweeg na ‘n ander plek, soos ons sien in die demonstrasie van die verhaal van Nimrod wat in die son aanbeweeg het en nog magtiger geword het. In Nimrod se koninkryk is die dood nie ‘n werklikheid nie, maar eerder ‘n deur. Die konsep van ‘n Verlosser in hierdie konteks, is nie een wat lewe herstel nie, maar een wat deur sy groot mag die regverdige bevry en die goddelose onderdruk. Daar is geen fokus op persoonlike sonde en die gevolge van die vloek van Adam op die mens nie. Die Verlosser van Nimrod se koninkryk is ‘n bevryder en oorwinnaar. Dit is interessant om daarop te let dat dit presies is wat die Joodse volk in ‘n Messias verwag het.

Die verskille wat ons bespreek het, word in die volgende tabel uiteengesit:

| Abraham | Nimrod |
|---|---|
|  |  |
| 1. Gesinstruktuur (Gen 18:19) | 1. Individuele Diktator/Tiran (Gen 10:10) |
| 2. Nomadiese landelike bewoners (Heb 11:8-10) | 2. Bouers van stede en verdedigers (Gen 11:4) |
| 3. Identiteit deur ouerlike seën (Gen 12:2) | 3. Identiteit deur Mag (Gen 11:4) |
| 4. Onderhou die Sabbat en Gebooie (Gen 26:5) | 4. Volg persoonlike begeertes (Rom 1:21-32) |
| 5. Geloof in dood en opstanding (Heb 11:17-19) | 5. Geloof in die onsterflikheid van die siel (Gen 3:4) |
| 6. Verlosser as Nederige Hersteller van Lewe – Geopenbaar in die Lam wat geslag is (Joh 11:25) | 6. Verlosser is ‘n hoogmoedige Bevryder en Oorheerser wat bemagtig word deur Son- en Natuuraanbidding |
| 7. Fokus van aanbidding op die onsigbare. | 7. Fokus van aanbidding op die sigbare |

# Hoofstuk 12

# Beproewinge en Oorwinnings van God se Aardse Familie in Génesis

Die boek Génesis is vol leersame voorbeelde van hoe God se gesinsisteem uitgedaag, getoets en met tye verbreek was. Na die ineenstorting van die eerste aardse gesin van Adam, as gevolg van die tiranniese gedrag van die reuse of die manne van naam (Gen 6:4), het God Noag geroep om die gesinstelsel te hervestig, maar kort daarna misluk dit weereens en omhels die hele wêreld die leuen van die inherente lewensbron. Daarom het God Abraham geroep om Sy verteenwoordiger te wees en Sy koninkryk te weerspieël. Vanaf Génesis 12 tot aan die einde van die boek het ons die voorreg om belangrike aspekte van drie geslagte van Abraham se familie te aanskou. Wanneer ons die lewens van die patriarge van nader bekyk, sal ons ware voorbeelde en waarskuwings ontdek van hoe om 'n soliede gesinstruktuur te bou vir ons skat van herinneringe.

## A. Die Uitdaging van Assosiasie en Omgewing

In Génesis 12:1 sê God vir Abraham om die land waarin hy gewoon het te verlaat en sy uitgebreide familie agter te laat. Abraham se familie is afkomstig van Ur in die land Babilon. Dit was die hart van die valse aanbiddingstelsel van Nimrod. Alles omtrent die Babiloniese kultuur versterk die leuen van die inherente lewensbron en het 'n negatiewe invloed gehad op die bou van 'n gesinsisteem gebaseer op God se beginsels.

Dit sou moeilik wees vir Abraham om alles wat bekend is agter te laat en die hegte familiebande te verbreek. Nogtans het hy verkies om die opdrag van God te gehoorsaam. Die stede van vandag is gebaseer op presies dieselfde beginsels as dié waarin Abraham gewoon het – die opheffing van die mens, selfbevrediging, variërende grade van beheer (werk, belasting, media, groepsdruk, onderrigstelsels). Om die stad te verruil vir 'n meer landelike omgewing hou dikwels baie uitdagings in, waarvoor baie nie kans sien nie. Die agterlaat van vriende en gemak lyk te moeilik; so baie gesinne woon in die stede wat hulself filosofies, emosioneel, kultureel en geestelik blootstel aan beginsels wat heeltemal teenstrydig is met God se gesinsisteem. Die stadslewe is in die meeste gevalle 'n groot hindernis tot die opbou van 'n skatkis van familieherinneringe.

Die les van die omgewing word verder uitgebeeld in die verhaal van Lot. Hy was Abraham se broerskind en het saam met hom uit Babilon getrek. Die getalle van hulle onderskeie kuddes het so toegeneem dat dit onmoontlik geword het om met die beskikbare hulpbronne uit een gebied beide manne se kuddes te onderhou.

> **Génesis 13:5 - 6** En Lot, wat saam met Abram getrek het, het ook kleinvee en beeste en tente gehad. **6** En die land kon hulle nie dra om saam te woon nie, want hulle besittings was groot, sodat hulle nie saam kon woon nie.

Abraham het Lot genooi om die rigting te kies waarheen hy wou gaan. Indien Lot links wou gaan, sou Abraham regs gaan; en andersom. Indien Lot God se stelsel van onderdanigheid gevolg het, sou hy Abraham gevra het om te bid en te besluit wat hy voel die beste vir beide was. As Abraham se broerskind was Lot in die kanaal van seën van Abraham en sou hy geseënd gewees het deur onderdanigheid aan die wysheid en leierskap van sy oom.

Lot was beïnvloed deur ’n begeerte na besittings, rykdom en gemak, op dieselfde manier as die mense van Babilon. Hy het ‘n magsgebaseerde besluit geneem, eerder as ‘n verhoudingsgebaseerde besluit. Hy het die vrugbaarste land gekies wat naby aan die stad Sodom geleë was.

> **Génesis 13:10 - 13** Toe slaan Lot sy oë op en sien dat die hele Jordaanstreek oral volop water het; voordat die HERE Sodom en Gomorra verwoes het, was dit in die rigting van Soar soos die tuin van die HERE, soos Egipteland. **11** En Lot het vir hom die hele Jordaanstreek gekies, en Lot het na die ooste weggetrek. So het hulle dan die een van die ander geskei. **12** Abram het bly woon in die land Kanaän, en Lot het gaan woon in die stede van die Jordaanstreek en sy tente tot by Sodom opgeslaan. **13** En die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die HERE.

Hierdie beslissing van Lot was noodlottig vir sy gesinsryk. Uiteindelik verhuis Lot en sy gesin na Sodom. Lot ontvang ‘n waarskuwing oor sy verblyf in daardie stad, deurdat hy in ballingskap weggevoer word deur ‘n naburige groep stamme. Die verhaal word in Génesis 14 uiteengesit. Dit moes dien as ‘n waarskuwing aan Lot om die stad te verlaat. Daar is ongelukkig geen sprake in die verhaal oor Lot se dankbaarheid of ‘n oorweging om Sodom te verlaat nie. Sy oë was verblind vir die gevare waaraan sy gesin blootgestel is en hy sou ‘n baie hoë prys betaal.

Die boosheid van Sodom het groot geword sodat die vernietiging daarvan nader gekruip het. In die gesprek met Abraham wys die Gees van Christus in Abraham, wat vir Sodom pleit, die begeerte van God om die stad te red, maar die immoraliteit van die gemeenskap het so erg geword dat die rol-identiteite van man en vrou totaal verward geraak het en die gesinstruktuur vernietig is.

> **Génesis 19:4-7** Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. **5** En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken. **6** Daarop gaan Lot na hulle toe uit voor die ingang en sluit die deur agter hom toe **7** en sê: My broers, moet tog nie kwaad doen nie.

Die daaglikse blootstelling aan hierdie omgewing het die morele grondslag van Lot se huis weggekalwe. Alhoewel Lot sy bes gedoen het om getrou aan God te bly, het hy homself geplaas waar omgewing en assosiasie van die goddelose mense rondom hom al sy pogings sou ondermyn.

Lot het sy hele gesin behalwe twee dogters verloor; hulle het almal omgekom in die vernietiging van Sodom.

> **Génesis 19:14** Toe gaan Lot uit en praat met sy skoonseuns wat met sy dogters sou trou, en sê: Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit, want die HERE gaan die stad verwoes. Maar hy was in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekskeer.

> **Génesis 19:17** En toe hulle hulle na buite uitgelei het, sê Hy: Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie, en moenie êrens in die Jordaanstreek bly staan nie. Vlug na die gebergte, dat jy nie omkom nie!

> **Génesis 19:24 - 26** En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel, **25** en Hy het hierdie stede omgekeer en die hele Jordaanstreek, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei. **26** En sy vrou het agter hom omgekyk, en sy het 'n soutpilaar geword.

Ongelukkig het Lot se vrou die nie-onderdanige gees van die vroue van Sodom omhels en geweier om met dankbaarheid na die opdrag om nie terug te kyk nie te luister en sy het omgekom. Dit is moontlik dat, selfs met haar nie-onderdanige gees, die vrou van Lot moontlik verlengde tyd gegun kon wees om haar weg te

heroorweeg, maar die wankelrige houding van Lot, deur in die stad te woon, het haar houding van ongehoorsaamheid versterk en haar eindbestemming bepaal.

Dit sou erg genoeg gewees het om jou hele gesin te verloor, maar die dogters van Lot was ook beïnvoed deur die onsedelikheid van Sodom. Die gewilligheid van Lot om sy dogters toe te laat om deur bose mans misbruik te word, was ‘n bewys van die gebrek aan seën van Lot vir sy dogters. Dit het hulle kwesbaar gemaak vir die hartstogte van goddelose mans en assosiasie met die bose.

Onder hierdie invloed gebruik Lot se dogters, met goeie bedoelinge om die stamboom voort te bou, Nimrod se beginsel van manipulasie. Hulle maak hul vader dronk en hulle word albei deur hom swanger. Hierdie jong vroue het die gevoel verloor van wie hul vader bedoel is om te wees. Hulle gebrek aan respek wat hulle in Sodom uitgeleef het, het hulle toegelaat om ‘n drumpel oor te steek wat ’n groot tragedie sou meebring. Die kinders wat uit hierdie gebeurtenis gebore is was Moab en Ammon; die hoofde van die Moabiete en die Ammoniete wat ‘n groot beproewing sou wees vir die nageslagte van Abraham – die kinders van Israel. Sonder ‘n korrekte gesinsisteem het hierdie twee stamme boos en oorlogsugtig geword. Hulle het ‘n skandvlek op aarde geword en het hul beker uiteindelik met ongeregtigheid gevul tot op die punt waar goddelike oordeel vereis moes word.

Al hierdie verskriklike gebeurtenisse kon vermy gewees het indien Lot aan die gesag van Abraham onderdanig was en hom gevra het om die beste plan van aksie voor te stel. Hy sou selfs gespaar gewees het indien hy Sodom verlaat het nadat Abraham hom gered het, maar hy het misluk. Die erfenis van Lot was nie ‘n magtige nasie wat ‘n seën vir die aarde was nie, maar eerder ‘n voorbeeld van verlies, tragedie, bloedskande en goddeloosheid.

Watter invloed het ons assosiasie en omgewing op ons gesinne vandag?

## B. Die Toets van Rykdom

Die Bybel wys baie duidelik op die gevare en verleiding van geld.

> **1 Timótheüs 6:10** Want die geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

Geld op sigelf is nie die wortel van alle euwels nie, maar die liefde daarvoor - geldgierigheid. Ons het vroeër opgemerk dat dit Nimrod is wat ‘n vorm van bankwese ontwikkel het. Die verhoudingsaspekte van liefde en verantwoordelikheid, wat die basis vorm van transaksies in die koninkryk van God, is vervang met ‘n

geldstelsel waar elke transaksies sy prys gehad het. Dit het die deur geopen vir die mens om makliker waarde deur hul besittings te vind. Geld is mag binne ‘n geldgebaseerde stelsel. Hoe meer geld jy besit, hoe meer mag besit jy; die liefde vir geld is die liefde vir mag en een van die beste uitdrukkings van waarde in posisie en mag. Ons Vader in die hemel verklaar oor hierdie onderwerp:

> **Jeremia 9:23 - 24** So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; **24** maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ‘n behae, spreek die HERE.

God wil hê dat ons nie waarde of roem in rykdom moet vind nie, maar om te roem daarin dat ons Hom ken. Die rykdom van God se koninkryk lê in karakter. Watter prys kan geplaas word op iemand wat vreugdevol, vreedsaam, geduldig, eerlik, oordeelkundig en eerlik is in die verdediging van goeie waardes? Waar vind ons mense soos hierdie vandag?

Die oorgrote meerderheid van die samelewing plaas ‘n baie hoë waarde op geld. Soos soms gesê is, “Geld is nie alles nie, maar dis bo-aan die lys saam met suurstof!”

Mans en vroue sal hul huise en gesinne opoffer om rykdom en weelde te besit en is bereid om die verkeerde lewensmaat te kies bloot omdat hulle ryk is. Hulle sal aand vir aand oortyd werk om te probeer vooruitgaan terwyl hul kinders ontneem is van hul teenwoordigheid. Die begeerte na geld en die begeerte na ‘n gelukkige gesin is teenstrydige begeertes. Met gereelde tussenposes in ons lewens moet ons die keuse doen vir die een ten koste van die ander.

In die lewe van Abraham sien ons ‘n man wat God en gesin eerste plaas in hierdie situasies. Al was Abraham ‘n ryk man en al sou mens kon sê dat hy kon bekostig om vrygewig te wees, word die karakter van die man herhaaldelik geopenbaar, dat hy verkies het om God te vereer en ‘n groter waarde op sy gesinsverhoudings geplaas het.

> **Génesis 13:7 - 9** En daar het twis ontstaan tussen die veewagters van Abram en die veewagters van Lot. Ook het die Kanaäniete en Feresiete destyds in die land gewoon. **8** Toe sê Abram vir Lot: Laat daar tog geen twis wees tussen my en jou, en tussen my wagters en jou wagters nie; ons is mos broers. **9** Lê die hele land nie voor jou oop nie? Skei jou tog

> van my af; gaan jy links, dan sal ek regs gaan, en gaan jy regs, dan sal ek links gaan.

Die enigste rede waarom Lot baie besittings gehad het was as gevolg van sy verbintenis met Abraham. Abraham kon Lot behandel het soos Laban Jakob behandel het en probeer om soveel waarde as moontlik uit Lot te haal om homself te verryk, maar hy het nie. Hy kon Lot vertel het dat dit sy vermoëns en wysheid was wat al hierdie rykdom meegebring het en dat Lot aan Abraham dankbaarheid verskuldig is en hom dienooreenkomstig behoort te betaal, maar hy het nie. Die meeste slim sakelui sou ‘n afkeurende blik gee omdat Abraham sy broerskind die keuse gee van watter weivelde hy verkies. In wêreldse opinies is so ‘n besluit wat oorhandig word aan ander, onwys.

Maar Abraham was nie verslaaf aan die liefde vir geld en besittings, soos Lot, nie. Die liefde vir geld en besittings en voordeel het Lot sy gesinsryk gekos en hy het alles verloor. Sy soeke na die tydelike voordeel, om steeds meer te besit, het hom met niks gelaat.

In Génesis 14 sien ons weereens dat Abraham gesinsverhoudings bo tydelike voordeel gestel het:

> **Génesis 14:12 - 15** Hulle het ook Lot, Abram se broerskind, en al sy goed geneem en weggetrek—want hy was in Sodom woonagtig. **13** Toe kom daar een wat vrygeraak het, en vertel dit aan Abram, die Hebreër, wat woonagtig was by die terpentynbome van Mamre, die Amoriet, broer van Eskol en broer van Aner; en hulle was bondgenote van Abram. **14** Toe Abram hoor dat sy broer as gevangene weggevoer is, het hy sy geoefende manne wat in sy huis gebore is, laat uittrek, drie honderd en agtien, en hulle tot by Dan agtervolg— **15** hy het hulle in die nag van verskillende kante aangeval, hy en sy dienaars, en hulle verslaan en hulle agtervolg tot by Hoba wat noord van Damaskus lê.

Dit sou vir Abraham maklik gewees het om nie vir Lot jammer te voel oor wat met hom gebeur het nie, of selfs moontlik gevoelens van geregtigheid laat ontstaan het dat Lot sy regverdige porsie ontvang het, omdat hy gulsig was, maar Abraham het nie toegelaat dat hierdie gedagtes oor hom heers nie. Lot was sy broerskind en Abraham waag gewilliglik sy eie lewe en belê sy eie besittings en rykdom in ’n poging om Lot te red.

Abraham kon sy eie lewe en al sy besittings verloor het om Lot en sy gesin te red. Vanuit ‘n wêreldse oogpunt was dit ‘n dwase stap. Hy mag selfs ‘n klomp mans

gehuur het om sy broerskind te red, maar Abraham het self gegaan en alles op die spel geplaas.

God het Abraham ‘n groot oorwinning gegee teen alle verwagtinge[39] en Abraham was weereens met die uitdaging van geld gekonfronteer. Abraham het geweet sy oorwinning is deur God aan hom gegee en dit was die Here wat geprys moes word vir Sy genade. Op hierdie punt sien ons ’n beginsel wat Abraham gevolg het om homself te herinner aan waar alle dinge vandaan kom.

> **Génesis 14:18 - 20** En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring **19** en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. **20** En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.

Abraham sou miskien geredeneer het dat hy geregtig was op al die buit van hierdie konflik. Hy het sy lewe en besittings op die spel geplaas en oorwin, dus was hy daarop geregtig. Maar sulke denke weerspieël die leuen van die slang omtrent inherente mag. Abraham het geweet dat dit God was wat die oorwinning behaal het. Hierdie mag, vaardigheid en vermoë het nie by hom ontstaan nie, maar kom van die Skepper van die hemel en die aarde. As erkenning daarvan het hy ‘n tiende of tien persent van sy inkomste aan die priester van die Allerhoogste God gegee. Die gawe van die tiende was ‘n tasbare erkenning van Abraham dat alles wat hy besit het van God gekom het. Dit het as seën gedien, ook as teenvoeter teen hebsug en selfsug. Die toepassing van die tiende-offergawe was nog ’n manier waarop Abraham gesinsverhoudings bo die versoekings en verleiding van rykdom geplaas het.

Maar Abraham se siening oor die gevare van rykdom het verder uitgebrei.

> **Génesis 14:21 - 23** En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself. **22** Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde, **23** dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.

---

[39] Die kanse dat 318 manne ‘n groot weermag oorwin, is uiters skraal. Hierdie oorwinning is groter as die Slag van Thermopylae.

Die koning van Sodom het nie geglo soos Abraham nie, dat alle rykdom en besittings kom van die God wat hemel en aarde gemaak het. Indien Abraham sy gawes aanvaar het, kon daar gesê word dat Abraham ryk geword het deur die rykdom van Sodom; dat sy grootheid voortvloei vanuit sy eie vaardigheid en vermoëns gekombineer met die vrygewigheid van die koning van Sodom. Abraham was ywerig om die beginsels, waarvolgens hy gelewe het, te beskerm deur die God wat hy gedien het, te vereer. Hy het niks van die koning van Sodom geneem nie.

In hierdie ondervinding van Abraham sien ons ‘n ander geheim tot die opbou van ‘n gesinskat:

1. Plaas die gesinsverhoudings bo die begeerte na rykdom.
2. ’n Erkenning dat alle rykdom en besittings van God afkomstig is.
3. Die toepassing van die tiende as beskerming teen die leuen dat dit wat ons besit vanuit onsself kom.
4. ‘n Weiering om geskenke te aanvaar wat God se eer as die bron van alle dinge mag wegneem.

Hierdie lesse is vandag net so belangrik. Wanneer ons ‘n gesinsisteem wil bou waardeur ons kinders geseën kan word, sal ons verstandig wees indien ons volg in die voetspore van Abraham.

## C. Die Toets van die Huwelik – Hoofskap en Onderdanigheid

God het reg aan die begin aan Abraham gesê dat God deur sy gesinsisteem die families van die wêreld sal seën. Om hierdie seëning vry te laat vloei, moes Abraham en Sara ‘n duidelike begrip van hul rolle in die gesinsisteem hê. Let op wat God belowe het:

> **Génesis 12:2 - 3** En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. **3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (“geslagte” word vertaal met “families” in King James Bybelvertaling)

God spel later in Génesis duidelike uit hoe die seëninge sou vloei en wat die opbou van hierdie groot nasie sou verseker.

> **Génesis 18:18 - 19** terwyl Abraham tog sekerlik ‘n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?

> **19** Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Ons het die belangrike aard van hierdie gesinsisteem in hoofstukke 4 tot 6 bespreek. Een ding wat ons genoem het, waaraan ons herinner moet word:

> **Gelykheid in verhoudings gaan nie oor mag, beheer of bates nie; dit gaan oor die vermoë om iemand te verstaan en te ken. Die beskouing van vroulike identiteit op hierdie manier is die enigste manier waarop ons gelykheid binne verhoudings kan definieer. Die vrou is die sleutel tot 'n verhoudingsgebaseerde koninkryk.**

Indien al die gesinne van die aarde deur Abraham geseën moet word moet sy gesinsisteem die patroon wees vir al die ander, sodat die seën van liefde en waarde daardeur na al die gesinne kan vloei. Die naam "Seun" in Hebreeus dra die primêre betekenis van "Bouer van die familienaam." Om die familienaam te bou moet die seun die korrekte beginsels leer hoe verhoudings werk en die plek waar dit geleer word is natuurlik van sy ouers.

## i. Die Eerste Mislukking van Abraham in Egipte Veroorsaak Kwesbaarheid by Sara

Met hierdie idees in gedagte sal ons sien dat Sara die sleutel is tot Abraham se gesinsryk wat in 'n groot nasie verander. Haar persepsie van haar man en hoe sy reageer teenoor die gesag wat God aan hom gegee het, sal die sukses of mislukking van die gesinsryk bepaal.

Met hierdie in gedagte laat ons kyk na watter gebeurtenisse in die lewe van Abraham en Sara plaasvind en hoe Satan die pogings aanwend om die opbou van hul skat van familieherinneringe te vernietig.

> **Génesis 12:10 - 15** En daar was hongersnood in die land, sodat Abram na Egipte afgetrek het om daar as vreemdeling te vertoef; want die hongersnood was swaar in die land. **11** En toe hy op die punt staan om Egipte in te trek, het hy met sy vrou Sarai gespreek: Kyk, ek weet dat jy 'n vrou is mooi van aansien. **12** As die Egiptenaars jou nou sien, sal hulle sê: Dit is sy vrou en hulle sal my doodmaak en jou laat lewe. **13** Sê tog jy is my suster, dat dit met my goed kan gaan ter wille van jou en ek om jou ontwil in die lewe kan bly. **14** Toe Abram dan in Egipte gekom

het, sien die Egiptenaars dat die vrou baie mooi was. **15** Ook het die vorste van Farao haar gesien en haar by Farao geprys. En die vrou is na die paleis van Farao geneem.

Satan het dadelik aan die werk gespring om die verhouding tussen Abraham en Sara te vernietig. Hy het Abraham se vrese gebruik toe hulle na Egipte afgegaan het. Abraham se gebrek aan geloof het Sara in ‘n moeilike situasie geplaas. Deur Sara te vra om die volle waarheid omtrent haar verhouding met Abraham te verberg, is sy in die paleis van die Farao opgeneem om deel te word van sy “versameling” vroue. Hierdie mislukking van Abraham sou Sara baie kwesbaar laat voel het. Waarom het Abraham, haar man en beskermer, toegelaat dat sy deur Farao weggeneem word? Hoe het dit liefde gedemonstreer? Sy was onderdanig aan sy versoek om te sê dat sy sy suster is om hom te beskerm, maar toe sy weggeneem is het hy niks gedoen om haar te beskerm nie.

Satan het probeer om Sara se vertroue in haar man te verbreek deur Abraham te laat struikel deur vrees. Hierdie optrede was ‘n eggo van Adam wat Eva blameer het vir sy optrede toe hy in opstand gekom het. Indien Satan Sara se vertroue in Abraham kon verbreek en veroorsaak dat sy vertroue in sy gesag verloor, het hy geweet hy kan hierdie kanaal van seën grootliks belemmer en hopelik selfs die kanaal vir die beloofde saad vernietig.

Elke man moet verstaan dat sy hele gesinsryk steun op die vertroue wat sy vrou in hom as leier en beskermer van die gesin het. Om sy vrou teen die versoekings van Satan te beskerm, moet hy haar gereeld aanmoedig deur ten gunste van haar op te tree en sy liefde en waardering vir haar uit te spreek. Elke vrou moet verstaan dat Satan onvermoeid sal streef om haar man te versoek om haar in die steek te laat en haar kwesbaar te laat voel en om haar man te wantrou. Sy kan hom help om daardie leier en beskermer te wees deur ‘n houding van respek en Goddelike onderdanigheid aan sy leierskap te handhaaf. Beide man en vrou moet aktief deelneem in die demonstrasie van waardering van die man tot die vrou en van respek van die vrou tot die man.

Ongelukkig het Abraham hierdie toets aan die begin gefaal en die kwesbaarheid wat dit in Sara geskep het, sou rampspoedige gevolge in die toekoms inhou.

## ii. Die Tweede Mislukking van Abraham deur Gehoor te Gee aan die Stem van Sara

God het Abraham belowe dat hy ‘n groot nasie sou word, maar Hy het ‘n tydvertraging toegelaat om Abraham se karakter te toets. Die toetstydperk was op die ou einde jare lank en Abraham was in die versoeking om ongeduldig te word.

> **Génesis 15:1 - 3** Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in ‘n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou ‘n skild en jou loon is baie groot. **2** Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? **3** Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees.

Die tydsvertraging het Abraham se onafhanklike gedagtes onthul om die probleem op te los waarom hy nie ‘n seun gehad het nie. Hy het voorgestel dat sy getroue dienaar sy erfgenaam sou word. Dit wil voorkom asof Abraham nie agterkom dat die vertraging te wyte was aan sy mislukking in Egipte nie, wat ‘n ernstige invloed op Sara gehad het. Tyd sou nodig wees om die vertroue ten volle te herstel om te verseker dat die onderdanige rol korrek gespeel word. God het Abraham belowe dat uit sy eie liggaam ‘n seun gebore sou word.

> **Génesis 15:4 - 5** Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. **5** Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.

In hierdie belofte is daar nog steeds ‘n toets, want dit dui nie aan dat die seun uit Sara gebore sou word nie. Hy maak net melding van Abraham. Hoekom het God dit gedoen? Die kwesbaarheid in Sara, wat deur Abraham in Egipte veroorsaak is, moes aan die lig gebring word voordat die grondslag van Abraham se koninkryk met ‘n seun gelê kon word. Die verklaring van die Here het die gewenste reaksie uitgelok en Sara se vrese het vinnig opgeduik.

> **Génesis 16:1 – 2** Maar Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie; en sy het ‘n Egiptiese slavin gehad met die naam van Hagar. **2** En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, die HERE het my nie

> toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister.

Hierdie gedeelte onthul die moeite wat Sara bereid is om te maak ter wille van kinders. In die ou tyd was dit ‘n skande om ‘n onvrugbare vrou te wees. Hierdie skande het ontstaan deur die leuen van Satan: jy beskik oor inherente mag om te produseer. Ons sien hierdie skaamte en hartseer en waardeloosheid waar dit in ’n groter mate openbaar word in Sara se aangetroude kleindogter, Ragel.

> **Génesis 30:1** En toe Ragel sien dat sy vir Jakob geen kinders baar nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en aan Jakob gesê: Gee vir my kinders of anders sterf ek.

Ragel het amper selfmoordneigings gehad as gevolg van haar kinderloosheid. Haar suster kon klaarblyklik kinders baar soos sy wou en Ragel kon geen kinders baar nie. Ragel se “misukking om te produseer” het haar gebring tot waar sy selfmoord oorweeg het.

Hierdie intensiteit van Sara se gevoelens wat sy gekoester het, het haar gedryf om ‘n plan voor te stel wat enige vrou met goeie verstand nooit sou voorstel nie.

> **Génesis 16:1 – 2** Maar Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie; en sy het ‘n Egiptiese slavin gehad met die naam van Hagar. **2** En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai geluister.

Watter vrou sou gewilliglik voorstel dat haar man seksuele gemeenskap met ‘n ander vrou hê met die doel om kinders aan haar man te gee! Hierdie voorstel onthul die spanning waaronder Sara verkeer het. Die mislukking van Abraham om haar te bevestig as sy geliefde vrou het Sara kwesbaar gelaat vir die voorstel van Satan dat sy nie waardevol is nie; dit het selfs geblyk dat God haar in die steek gelaat het, omdat sy nie in die belofte van Génesis 15 ingesluit was nie. Abraham se mislukking om die Here te vertrou toe hulle na Egipte afgetrek het, het ‘n invloed gehad op Sara se vertroue op die Here, omdat sy nie kinders kon baar nie. Haar treurige woorde “die Here het my nie toegelaat om moeder te word nie” dui op die oortuiging dat God haar om een of ander rede straf. Óf deur haar lae gevoel van waarde, óf ’n gevoel van rebellie met die doel om kinders te hê, stel sy die ondenkbare voor: sy pleit by Abraham om haar diensmeisie te neem en ‘n kind by haar te hê.

Dit is ironies dat die vloek wat op Abraham se familie in Egipte gekom het weer deur ‘n Egiptiese vrou uitgebrei is. Die koninkryk van Egipte het die leuen van die slang, in die ideale van Nimrod se koninkryk, volledig omhels. Die voorstel dat Abraham die Egiptiese vrou in sy slaapkamer inneem simboliseer die omarming van die filosofie van Egipte en die leuens van inherente mag.

Satan was op die punt van ‘n groot oorwinning. Indien hy Abraham sover kon kry om toe te gee aan Sara, sou hy die koninkryk van God op aarde deur Abraham ‘n vreeslike slag toedien. Abraham sou sekerlik gedink het aan die skandelike manier waarop hy sy vrou in Egipte behandel het en hy sou jammer gevoel het vir haar dat sy nie kinders kon baar nie. Sara was oorval met hartseer weens haar lot, maar Abraham moes beter geweet het as om Sara se raad te volg. Soos sy voorvader Adam het hy hom aan die vrou se versoek onderwerp. Daarmee het hy sy leierskap oorhandig. Satan het kunstig ’n skuldgevoel gebruik om sy gevoel van empatie vir sy vrou te verdraai om te sorg dat sy hom sover bring om sy leierskap te oorhandig en Sara toelaat om die leiding te neem. Hierdie vreeslike besluit is steeds een van die groot oorsake van kontroversie in die wêreld vandag, in die oorlog tussen die Jode en die Arabiere in die Midde-Ooste.

Abraham moes Sara se versoek na die Here geneem het, maar hy het nie. Die gewoonte om meer as een vrou te hê was in daardie dae algemeen en Abraham sou nie ten volle bewus gewees het van die gevare in hierdie voorstel nie. Abraham neem hierdie uiters belangrike besluit sonder om die Here te raadpleeg. Dit onthul sy gees van onafhanklikheid en die invloed van die leuen van die slang.

Ons sien in hierdie verhaal ‘n reeks gebeure wat Abraham se gesinsryk afbreek:

1. ‘n Mislukking aan die kant van Abraham om sy vrou te bevestig en te beskerm
2. Dit lei tot ‘n gevoel van kwesbaarheid en tot waardeloosheid by Sara
3. Dit lei daartoe dat sy oop is vir Satan se versoeking om onafhanklik haar stem te laat hoor
4. Dit het gelei tot die hartseer versoek van Sara om kinders deur ‘n ander vrou te verwek
5. Die gevolg is dat Abraham sy leierskaprol oorhandig deur toe te gee aan die stem van sy vrou om sodoende die rolle van hoofskap en onderdanigheid te verwar
6. Dit bring verwarde gesinsverhouding in Abraham se huis
7. Dit lei tot die belemmering van die kanaal van seën, wat ‘n groot bedreiging inhou tot die opbou van ‘n familieskat van herinneringe.

## D. God leer Abraham Omtrent die Allerbelangrike Aard van die Gesinsisteem

Die mislukking van Abraham om die heilige vereniging van die verhouding tussen man en vrou te begryp, in sy bevestiging as die vader van baie nasies, het vir hom baie smarte gebring. Die gevolglike wedywering tussen Sara en Hagar wat na vore gekom het, het nie die vreugde verskaf waarop Sara gehoop het nie, maar het net haar gevoel van pyn vererger. Hagar was steeds Sara se diensmeisie, al was sy getroud met Abraham. Hierdie verwarrende verhoudingsisteem sou op een of ander tydstip ontplof.

> **Génesis 16:4 - 6** En hy het by Hagar ingegaan, en sy het swanger geword. Maar toe sy sien dat sy swanger was, het haar meesteres veragtelik in haar oë geword. **5** En Sarai sê vir Abram: Die onreg my aangedoen, is op jou! Ek self het my slavin in jou skoot gegee, en nou dat sy sien dat sy swanger is, het ek veragtelik in haar oë geword. Laat die HERE oordeel tussen my en jou. **6** En Abram antwoord Sarai: Daar is jou slavin in jou hand—doen met haar soos dit goed is in jou oë. Toe het Sarai haar sleg behandel, en sy het van haar af weggevlug.

Sara het haar man beskuldig vir wat gebeur het. In ons moderne wêreld sou ons lag oor sulke vermeende dwaasheid, maar in die hoof- en onderdanigheidsisteem van God was Sara heeltemal korrek. Abraham het die finale besluit geneem en dus het die verantwoordelikheid by hom gerus vir die uitbarsting van slegte gevoelens wat op sy huis neergedaal het. As die hoof van die huis moes hy so ‘n versoek geweier het en tot God gebid het vir genade om sy vrou te troos en vir haar bid. Dit wil voorkom asof Isak by sy vader hiervan geleer het.

> **Génesis 25:21** En Isak het die HERE gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en die HERE het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het.

Deur beproewing en lyding het Abraham baie dinge oor die gesin en die manier waarop dit uitgevoer moes word, geleer. Ons het vroeër die les van Sodom genoem en hoe die volledige afbreking van hul gesinseenhede tot hul verwoesting gelei het. Ons keer nou weer terug na Génesis 18:19.

> **Génesis 18:19** Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou

om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Daar is baie betekenis in die woorde "Want ek het hom verkies" (KJV: "For I have known him"). Die woord 'verkies' (known) beteken 'n intieme kennis. Na baie ontberings met homself sowel as met sy broerskind Lot, kon God Abraham intieme kennis gee omtrent die gesinsisteem en die beginsels van hoofskap en onderdanigheid. Ons word vertel dat God Abraham geken het met die doel om sy kinders en familie ná hom bevel te gee.

Met hierdie kennis was hy nou gereed om 'n ware erfgenaam voort te bring, wat 'n ware bouer van die familiekoninkryk sou wees. Ismael kon hierdie posisie nie vul nie vanweë die verkeerde verhouding waarin hy verwek is. Die onbeskaafdheid van Ismael se optrede was te wyte aan Abraham wat toegegee het aan die stem van sy vrou deur Hagar op 'n plek te plaas waar haar seun nie werklik geseën kon word nie en daarom nie 'n ware sin van waardigheid voor God kon hê nie, wat hom in staat sou stel om stabiel genoeg te wees om die familienaam te dra.

**Génesis 16:6 - 12** En Abram antwoord Sarai: Daar is jou slavin in jou hand—doen met haar soos dit goed is in jou oë. Toe het Sarai haar sleg behandel, en sy het van haar af weggevlug. **7** En die Engel van die HERE het haar by 'n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur, **8** en gevra: Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen? En sy antwoord: Ek vlug van my meesteres Sarai af weg. **9** Toe sê die Engel van die HERE vir haar: Gaan terug na jou meesteres en verneder jou onder haar hande. **10** Verder sê die Engel van die HERE vir haar: Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder, sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie. **11** Ook sê die Engel van die HERE vir haar: Kyk, jy is swanger en sal 'n seun baar, en jy moet hom Ismael noem, want die HERE het jou in jou ellende verhoor. **12** En hy sal 'n wilde-esel van 'n mens wees: sy hand teen almal, en almal se hand teen hom! En hy sal teenoor al sy broers woon.

Hagar kon nooit werklik veilig voel in haar verhouding met Abraham nie, omdat sy in die eerste plek die dienares van Sara was. Sonder hierdie gevoel van sekurtiteit sou sy nie die koesterende rol van 'n moeder kon vervul nie, omdat die kanaal van seën vir haar deur Abraham nie wettig was nie. Die lewensvloei van God se seën was nie op hierdie eenheid nie, dus kon dit nie op 'n korrekte manier voorspoedig wees nie.

God het na Abraham gekom en hom meegedeel dat Sara vir hom ‘n seun sou baar. In hierdie boodskap was daar weer ‘n mislukking om God te vertrou en Abraham se lag (in Gen 17:17) is aan Sara oorgedra toe sy die nuus in Gen. 18 hoor. Sy het ook gelag in totale ongeloof. Die Here het Abraham gevra waarom sy vrou gelag het, eerder as om direk vir Sara te vra. Hierdie vraag is direk aan Abraham gevra, omdat hy hierdie ongeloof geplant het en die denke van Sara beïnvloed het. Die leuen wat sy omtrent die lag vertel het spreek van ‘n sekere mate van onsekerheid in haar en dat dit nodig was om aangespreek te word voor die geboorte van haar seun.

Noudat Abraham ‘n erfgenaam gehad het sou hy probeer verseker dat die vrou met wie sy seun trou die rol van die onderdanige agent kon vervul. Die vrou met wie Isak sou trou sou lewensbelangrik wees vir die voortbestaan van Abraham se familiekoninkryk en ‘n besluit, deurweek met gebed, moes geneem word. Die uittog van Abraham se dienaar om ‘n geskikte vrou te vind onthul die besef hoe belangrik hierdie keuses was. Isak was 40 jaar oud en in vandag se samelewing sou ons dit goed kon vind dat hy sy eie keuse kon maak. Maar hy vertrou sy vader se wysheid en het hom onderwerp aan die proses wat sy vader wou hê. Die dienende gesindheid van Rebekka, deur aan die dienaar water te gee sowel as aan sy diere, onthul die gees van die onderdanige agent wat Isak nodig gehad het om die gesinskoninkryk te kon bou.

Isak het baie dinge by sy vader en sy moeder geleer rakende die gesin en hy het dus baie van die slaggate vermy wat sy vader teëgekom het. Maar Satan het hierdie egpaar met ‘n ander versoeking genader in die vorm van voortrekkery tussen die seuns. Dit het die gesin in twee geskeur. Ten spyte hiervan het Isak en Rebekka ‘n duidelike begrip gehad van die keuse van ‘n vrou vir elk van hul seuns en hoe noodsaaklik dit was.

> **Génesis 26:34 - 35** Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Judit, die dogter van Beëri, die Hetiet, vir hom as vrou geneem, en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet. **35** En hulle was vir Isak en Rebekka ‘n bitter verdriet.

Esau het nie die waarskuwings van sy oupa aangeneem nie en het twee vroue geneem uit ‘n stam wat nie God se gesinsisteem gevolg het nie. Dit het Isak en Rebekka baie bedroef, want hulle het besef dat dit die belofte om ‘n groot nasie te word sou belemmer. Dit is deels die rede waarom God aangedui het dat die ouer een

die jonger een sou dien. Sy keuses van vrouens het dit onmoontlik gemaak om die familiekoninkryk doeltreffend te vestig.

> **Génesis 27:46** Verder sê Rebekka vir Isak: Ek is moeg vir my lewe vanweë die dogters van Het. As Jakob ‘n vrou neem uit die dogters van Het, soos húlle is, uit die dogters van die land—waarvoor lewe ek dan?

Rebekka het die waarheid uitgelig: indien Jakob ‘n vrou neem wat nie ware gesinsbeginsels verstaan nie, sou hulle familiekoninkryk tot ‘n einde kom. Al haar pogings om haar seuns groot te maak sou verlore gaan deur die verkeerde keuse van vrouens vir haar seuns.

Daar is baie meer onderrig in die boek Génesis omtrent hierdie beginsels. Ek moedig jou aan om die beginsels van oorsaak en gevolg in die gesin van Jakob te volg. Die koninkryk van Israel, met die geboorte van die twaalf seuns, het nie ‘n perfekte begin gehad nie. In werklikheid was die gesin op sommige plekke heeltemal disfunksioneel, maar die lesse is daar vir ons om te leer indien ons gewillig is:

1. ’n Man moet sy rol as saadbesorger en seëner besef en sy vrou en kinders seën met woorde van waardering en bemoediging.
2. ‘n Vrou moet in die rol van die onderdanige agent optree om die seën van haar man in ’n kanaal vir haar kinders af te trek.
3. Sodra hierdie kanaal van seën oop is sal die kind ’n gevoel van ware seunskap of dogterskap aan God ontvang, wat hulle sal beskerm teen die leuen van die slang om waarde te verdien deur inherente mag en prestasie.

Voordat ons hierdie hoofstuk afsluit, sal ons kortliks die seënproses bespreek en waarom dit so lewensbelangrik is dat ‘n vader sy kinders seën.

## E. Die Eersgeboortereg om te Seën

In hoofstuk 5 het ons die kernbeginsel van die seën bespreek: die uitvloei van nie slegs fisiese lewe nie, maar ook van ‘n gevoel van waarde en doel. Hierdie seën is die enigste manier om waardeloosheid en depressie werklik te vermy. God het hierdie kanaal weer deur Abraham gekoppel toe Hy gesê het:

> **Génesis 12:2-3** En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. **3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Hierdie seën het Abraham as die aangewese kanaal van God opgerig om die wêreld te seën. Sedert Abraham in 'n verbondsverhouding met God getree het, selfs toe Abraham soms misluk het, is hierdie kanaal van seën nie van hom weggeneem nie. Die kanaal van seën was nie gebaseer op Abraham se vermoë om korrek op te tree nie, maar eerder op sy verbondsverhouding met God. Die kanaal van seën wat met Abraham gevestig is kon nie gebaseer wees op die prestasie van Abraham nie, want Abraham het tyd nodig gehad om te leer dat hy grootgeword het in 'n omgewing gebaseer op die leuen van die slang wat inherente mag insluit. Die verbond het Abraham op die proef gestel om sy gees van onafhanklikheid te onderskei en hom volkome aan God te onderwerp.

> **Génesis 15:18** Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:

Vanuit 'n wêreldse perspektief lyk hierdie verbond vreemd. Ons sien die leuen van Abraham aan Abiméleg en tog is dit Abraham wat gevra word om vir Abiméleg te bid en nie andersom nie.

> **Génesis 20:2 - 7** En Abraham het van Sara, sy vrou, gesê: Sy is my suster. Toe laat Abiméleg, die koning van Gerar, Sara haal**. 3** Maar God het in die nag by Abiméleg gekom in 'n droom en vir hom gesê: Kyk, jy sal sterwe ter wille van die vrou wat jy laat haal het, want sy is 'n getroude vrou**. 4** Maar Abiméleg het nog nie naby haar gekom nie; daarom het hy gevra: Here, sal U ook 'n regverdige nasie ombring? **5** Het hy my nie self gesê nie: Sy is my suster? En sy het self ook gesê: Hy is my broer. In die onskuld van my hart en in die reinheid van my hande het ek dit gedoen. **6** Daarop antwoord God hom in die droom: Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou hart gedoen het, en Ek self het jou daarvan teruggehou om nie teen My te sondig nie. Daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie. **7** Gee dan nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet; en hy sal vir jou bid, dat jy kan lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy sekerlik sal sterwe, jy en almal wat aan jou behoort.

Hoe jy ook al daarna kyk, Abiméleg moes vir Abraham gebid het vir sy bedrog omtrent sy vrou, maar God het vir Abiméleg gesê dat Abraham vir hom sal bid. Die enigste moontlike manier hoe dit kan sinmaak is deur die verbond wat God met Abraham gesluit het om hom Sy aangewese gesag om te seën, te maak.

Eerder as om hierdie gesag te verwyder het Hy omstandighede bewerkstellig om Abraham te herinner aan sy ware rol om te seën. Deur die onderwerping van Abiméleg aan Abraham se gebede is Abraham bestraf en herinner aan sy ware rol. Indien Abiméleg Abraham vir sy gedrag aangeval het sou die angs wat Abraham laat lieg het toegeneem het en sou Abraham verder wegbeweeg het van sy ware identiteit as die seëner van die families van die aarde.

Hierdie gesag om te seën sal van geslag tot geslag deur die konsep van die eersgeboortereg vloei.

> **Génesis 25:31-33** En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. **32** En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan? **33** Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop.

In die koninkryk van God het die eer van die eersgeboortereg altyd op die oudste seun geval. Die eersgeboortereg is bedoel om nie net sy eie gesin nie, maar ook sy jonger broers en susters te seën. In die koninkryk van God het die eersgeborene die vreugde en verantwoordelikheid om te seën, maar, verdraai deur die leuen van Satan, het die eersgeboortereg ‘n statussimbool van mag en beheer geword. Die eersgeboortereg het verseker dat die grootste deel van die vader se rykdom na die draer van die eersgeboortereg oorgaan – nie om homself te verryk nie, maar om almal onder sy gesag te seën; nie om te neem nie, maar om te gee.

Esau het nie die ware aard van die eersgeboortereg as ‘n geestelike erfenis ingesien nie en hy wou eintlik nie die verantwoordelikheid van die huislike priester opneem nie. Hierdie sentiment sou onderstreep word deur die vrouens wat hy gekies het. Vroue wat opgelei is in die leuen van die slang het ‘n gebrek aan onderdanigheid gehad tot op die punt waar Esau se geestelike gesag nie gerespekteer is nie. Sy huwelikskeuses het verseker dat hy nooit werklik hierdie rol geestelik sou kon vervul nie.

Tydens die geboorte van die twee seuns is Isak en Rebekka bewus gemaak dat die eersgeboortereg op een of ander manier oorgedra sou word na Jakob, die jonger seun.

> **Génesis 25:22 - 23** En die kinders het teen mekaar gestoot binne-in haar. Toe sê sy: As dit so gaan, waarvoor leef ek dan? Daarop het sy gegaan om die HERE te raadpleeg. **23** En die HERE het haar geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar

> gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien.

Jakob sou hiervan bewus gewees het. Tog, net soos sy oupa Abraham wat nie kon wag tot die vervulling van die belofte van ‘n seun in God se tyd nie, neem hy die geleentheid waar om die eersgeboortereg vas te maak deur die swakheid van sy broer uit te buit – aptyt.

Alhoewel Jakob die geestelike waarde van die eersgeboortereg en die verantwoordelikheid daarvan om te seën onderskei, vertrou hy God nog steeds nie om dinge te bewerkstellig nie. Hy het steeds opgetree vanuit die beginsel van die leuen van die slang deur onafhanklike denke en optrede. Selfs met die beste voornemens en motiewe om God te behaag, het Jakob daardeur ‘n bedrieër en ‘n manipuleerder geword. Sonde het aanleiding gevind deur die gebod en die gebod, wat die lewe moes wees, dié het vir hom geblyk die dood te wees.[40] Dit wat bedoel was om ‘n groot seën te wees, het ‘n groot vloek geword.

Uiteindelik het God vir Jakob sy karakter en die valsheid waarmee hy opgetree het uitgewys en in latere jare het Jakob Israel geword – die oorwinnaar. Hy het die ware kanaal van seën vir sy kinders geword en die grondslag gelê vir ‘n geestelike nasie.

Voordat Jakob sy huis verlaat het, het sy vader die gesag om te seën oorgedra, deur die volgende gebeurtenis:

> **Génesis 28:1 - 5** Toe het Isak Jakob geroep en hom geseën; en hy het hom bevel gegee met die woorde: Jy mag geen vrou neem uit die dogters van Kanaän nie. **2** Maak jou klaar, gaan na Paddan-Aram, na die huis van Bétuel, jou moeder se vader, en gaan haal vir jou daar ‘n vrou uit die dogters van Laban, jou moeder se broer. **3** En mag God, die Almagtige, jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy ‘n menigte van volke kan word. **4** En mag Hy jou gee die seën van Abraham, aan jou en jou nageslag saam met jou, dat jy die land van jou vreemdelingskap in besit kan neem wat God aan Abraham gegee het. **5** So het Isak Jakob dan weggestuur, en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Laban, die seun van Bétuel, die Arameër, die broer van Rebekka, die moeder van Jakob en Esau.

[40] Romeine 7:7 – 10.

Isak gee aan Jakob raad om ‘n geskikte vrou te vind wat hom sou help om die werk van seën voort te sit. Soos ons opgemerk het was Jakob se vermoë om effektief te seën afhanklik van die regte keuse van ‘n vrou wat sy geestelike leierskap en die eersgeboortereg wat hy besit, sou erken.

Terwyl hy op pad was na Padan-Aram, het God aan Jakob ‘n simbool gewys van hoe die beginsel van seën werk en hoe dit gevloei het.

> **Génesis 28:11 - 15** Daarop kom hy by ‘n plek waar hy die nag oorgebly het, want die son was al onder. En hy neem een van die klippe van die plek en sit dit onder sy hoof, en hy gaan lê en slaap op dié plek. **12** En hy het gedroom—daar is ‘n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het. **13** En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee; **14** en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word. **15** En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het.

Daar word aan Jakob ‘n leer getoon met engele wat daarop op- en afbeweeg, wat die vloei van die seën van God en die terugkeer van die lof aan God wat uit die hart van Jakob en sy gesin sou kom, geopenbaar het. God het toe die seën wat Isak aan Jakob gegee het, direk verseël deur die gesag om te seën direk op Jakob te plaas.

Die leer waarlangs die engele op- en afgeklim het, was ‘n simbool van die Gees van Christus, waardeur alle seëninge vloei.

> **Johannes 1:52** En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.

Paulus plaas hierdie vloei van seën binne die gesinskonteks op die volgende manier:

> **1 Korinthiërs 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Hierdie simbool van die vloei van seën word ook openbaar in die manna, gegee deur die Here, wat 'n simbool van Christus was. Dit is die onderdanige Gees van Christus wat in die harte van Sy kinders vloei wat hulle aan die Vader verbind. Christus, die groot toonbeeld van onderdanigheid, is die sleutel om die hele stelsel te laat funksioneer om vrylik te kan vloei.

> **Johannes 6:32 - 35** En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. **33** Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. **34** Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.
> **35** En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Ons sien die beginsel van die brood wat weerspieël word in die voeding van die 5000. Jesus het die voedsel geseën en dit aan Sy dissipels gegee, wie Hy met gesag beklee het. Hulle het dit aan die mense deurgegee en daarna is die oorskiet versamel. Dit dui op die vloei van seën op en af langs die leer, wat Christus verteenwoordig. Die brood simboliseer die geestelike seën wat die siel voed. Daardie geestelike brood bevat lewe, waarde en doel. Sonder hierdie brood uit die hemel sal ons sterf. Dieselfde konsep word uitgebeeld deur water.

> **Johannes 7:37 - 39** En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! **38** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. **39** En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Die leer wat Jakob in die woestyn gesien het, was die begin van sy insig in die werklike betekenis van die eersgeboortereg en die geestelike gesag wat aan hom verleen is deur sy vader en sy oupa.

Die verseëling van die geloof van Jakob dat alle seën van God afkomstig is, het plaasgevind in sy stryd met die Engel en met sy smeking om 'n seën in die aangesig van die dood. Hierdie stryd het onthul dat die leuen van die slang heeltemal van Jakob verwyder is.

> **Génesis 32:24 - 30** Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. **25** En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van

Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. **26** Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën. **27** En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. **28** Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin. **29** Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. **30** Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.

Ondanks die bedreiging van die dood asook die uiterste pyn, vertrou Jakob nie op homself of op enige menslike agent om hom te verlos nie. Hy vertrou alleenlik in goddelike krag en daarom is sy naam verander na oorwinnaar. Jakob het die leuen van inherente mag oorkom en sodoende die kanaal van seën vanaf God na die mensdom, deur die gesinsisteem van God, beveilig.

In hierdie kapasiteit bring Jakob die hoogtepunt van die boek Génesis na vore met 'n seën vir sy kinders. Ons sien hierdie proses geopenbaar deur Josef wat sy twee seuns deur sy vader geseën het.

**Génesis 48:3 - 5** En Jakob het vir Josef gesê: God, die Almagtige, het aan my verskyn by Lus, in die land Kanaän, en my geseën **4** en vir my gesê: Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou nageslag ná jou hierdie land as ewige besitting gee. **5** Nou dan, jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek in Egipte na jou gekom het, is myne. Efraim en Manasse sal myne wees net soos Ruben en Símeon.

**Génesis 48:13 - 15** En Josef neem hulle twee Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel en hy bring hulle by hom. **14** Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene. **15** En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe.

In hoofstuk 49 van Génesis besef Jakob sy ware identiteit as die houer van die eersgeboortereg en tree hy op as die agent van God om sy seuns te seën.

> **Génesis 49:25 - 28** van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. **26** Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers. **27** Benjamin is ‘n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit. **28** Húlle almal is die twaalf stamme van Israel; en dit is wat hulle vader aan hulle gesê het, en hy het hulle geseën; hy het hulle geseën, elkeen volgens sy besondere seën.

Ons sien dus in die hoogtepunt van die boek Génesis dat ‘n oorwinning behaal word oor die slang en die leuen van inherente mag en waarde deur persoonlike prestasie. Satan het probeer om die menslike ras uit te wis deur tiranne op die aarde te stel, wat deur die dogters van mense grootgemaak is – diegene wat die leuen van die slang aanvaar het. God het gereageer deur Abraham te roep; deur baie beproewinge en drie geslagte later – is Jakob oorwinnend as die oorwinnaar, die een wat ten volle op God vertrou en sy rol as ’n kanaal van seën aanvaar; iemand wat die gevoel van waarde en doel in ‘n verhoudingsgebaseerde gesinsisteem oordra.

Dit sou wonderlik wees om te dink dat Israel lank en gelukkig gelewe het, maar in die verbond wat God met Abraham gesluit het is geprofeteer dat sy nageslag in slawerny sou val. Weereens sou die leuen van die slang seëvier en ’n ander uitkoms sou benodig word. Net soos Abraham uit Babilon geroep is, sou sy nageslag uit Egipte geroep word en die gesinsisteem weereens herstel word.

Hoofstuk 13

# Die Kanaal van Seën Verlore en Herstel deur die Egiptiese Pelgrimstog

## A. God Probeer om Egiptenare te Bereik en Israeliete te Toets

Alhoewel die kinders van Abraham verskeie beproewings binne hul familie beleef het, eindig die boek Génesis met ‘n hoogtepunt waar Jakob sy kinders seën waarmee hy die kanaal van seën vanuit die hemel oophou.

Die ontvangs van die seëninge van God vereis ‘n nederige karakter en ‘n onderskeiding van die ware rol van rykdom. Ons onthou dat die seëninge van God op Lot sy hart eintik gerig het op die rykdom wat hy ontvang het en dat hy uiteindelik alles verloor het.

Die toelating van ‘n hongersnood het daartoe gelei dat Abraham na Egipte verhuis het om sy gesin te bewaar, maar die ervaring het sy gesin amper vernietig en het Abraham se gebrek aan geloof geopenbaar. God het Abraham se gesin gered deur groot plae op Egipte vry te laat om die vernietiging van Abraham se gesin te voorkom. Hierdie vernietiging sou plaasvind omdat die belangrike rol van Sara, die onderdanige agent, sou verlore gaan.

Jakob het ‘n welgestelde man geword deur die seën van God en die toets van rykdom sou weereens nodig wees om die kanaal van seën te bewaar. Weereens het daar ‘n hongersnood die land getref, maar God het toegelaat deur omstandighede dat Josef as leier in Egipte geplaas word om die Egiptenare teen die komende hongersnood te bewaar.

Die vraag wat ontstaan is, waarom het God die voedselvoorraad vir Egipte bewaar? Hulle was as nasie afgodsdienaars, seuns van Ham, gevul met die leuen van die slang en met valse lewensbronkonsepte en valse aanbidding. Waarom sou God hulle help?

God is ‘n Vader en Hy poog om sy eiesinnige kinders met goedertierenheid te trek. Die Bybel sê vir ons:

> **Romeine 2:4** Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?

Die Egiptiese volk was oorheers deur die leuens van die slang en was besig om in dieselfde rigting as die nasies voor die sondvloed en die inwoners van Sodom te beweeg. Die Epigtenaars het baie gode aanbid, almal gebaseer op die inherente magstelsel. Soos ons al voorheen aangedui het sal hierdie aanbiddingstyl lei tot die vernietiging van gesinne en dus ook die vernietiging van nasies.

God het Israel toegelaat om met die Egiptenare in aanraking te kom om aan hulle die ware God bekend te maak en hulle die geleentheid te gee om hulle te bekeer. Terselfdertyd is Israel getoets oor hul geloof in die ware God en hul insig van God se gesinsisteem is verdiep. Israel was nooit veronderstel om bloot hul kennis vir hulself te hou nie; hulle was bedoel om dit met ander nasies te deel, sodat hulle daardeur bevoordeel kon word en hul families kon bewaar.

> **Jesaja 60:3** En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

God het Farao 'n droom gegee aangaande die komende hongersnood. Deur die droom aan Farao te gee kon hy in kontak gebring word met die ware God. Indien Farao erkenning sou verleen aan die ware God, sou hy kon optree as die agent van seën aan die hele nasie.

Geeneen van Farao se agente kon die droom uitlê nie, maar omstandighede het Josef toegelaat om voor die koning te verskyn en die ware God bekend te stel.

> **Génesis 41:15 - 16** Toe sê Farao vir Josef: Ek het 'n droom gehad, en daar is niemand wat dit kan uitlê nie; maar ek het van jou hoor verklaar dat jy 'n droom net hoef te hoor om dit uit te lê. **16** En Josef het Farao geantwoord en gesê: Niks vir my nie! God sal Farao 'n gunstige antwoord gee.

God het Josef in staat gestel om die droom en die uitleg te gee en Farao is beïnvloed deur hierdie magtige God wat deur Josef verteenwoordig is.

> **Génesis 41:39 - 40** En Farao sê vir Josef: Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand verstandig en wys soos jy nie. **40** Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy. **41** Verder het Farao vir Josef gesê: Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland.

Hier was 'n groot geleentheid vir Egipte. Deur Josef het Egipte die geleentheid gehad om die ware God te erken en hulle tot Hom te bekeer. Dit was God wat Egipte in staat gestel het om destyds die magtigste nasie te word. Indien hulle die guns van

God teenoor hulle erken het, sou hulle verlos word van die vloek van onsekerheid, waardeloosheid en die behoefte aan oorheersing en om te beheer, soos dit in Satan se koninkryk gemanifesteer word. Ongelukkig is die lesse nie geleer nie.

## B. Egipte en Israel Verlei deur Seëninge van Rykdom en Welvaart

> **Exodus 1:8** Toe staan daar ‘n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie.

Hoe kan daar ‘n Farao wees wat Josef nie geken het nie? Hierdie vers suggereer ‘n tipe sarkasme. Die nuwe Farao *wou* Josef nie ken nie. Sy hart was nie vol dankbaarheid vir wat die God van die hemel vir Egipte deur hom gedoen het nie en dat Egipte gevolglik ‘n uiters magtige nasie was nie. Farao het gefaal in die toets van rykdom as gevolg van die invloed van die Egiptiese priesters wat die aanbidding van Nimrod, in ‘n Egiptiese formaat, verteenwoordig het. Hierdie priesters het verkies om vas te hou aan die leuen van inherente bron van mag.

Israel, wat toe in ‘n provinsie van Egipte gewoon het, was ook nie immuun teen die toets van rykdom nie. Deur die seën het hulle ook voorspoedig geword. Hierdie welvaart het selfvoldaanheid meegebring, wat veroorsaak het dat hulle deur hul stedelike bure kon beïnvloed word.

> **Exodus 1:7** Maar die kinders van Israel was vrugbaar en het baie geword, en hulle het vermeerder en buitengewoon magtig geword, sodat die land vol was van hulle.

Indien die Israeliete onderskeidingsvermoë gehad het sou hulle opgelet het dat die Egiptenare besig was om weg te draai van hul erkenning van die ware God. Hulle moes die land verlaat het, wetende dat hulle vroeër of later die gees van onsekerheid en waardeloosheid, wat maar altyd toetree, teen hulle sou draai, maar in die genot van hul rykdom en mag in Egipte het hulle nie agtergekom wat aangaan nie.

## C. Die Leuen van Inherente Mag Lewer Onsekerheid in Egipte en die Behoefte aan Beheer en Prestasie

> **Exodus 1:8 – 10** Toe staan daar ‘n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie. **9** Dié het aan sy volk gesê: Kyk, die volk van

> die kinders van Israel is meer en magtiger as ons. **10** Kom, laat ons 'n slim plan teen hulle beraam, sodat hulle nie kan vermeerder nie, en as ons in oorlog geraak, hulle ook nie by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land optrek nie.

Die gees van onwaardigheid in Farao het gemanifesteer in 'n behoefte aan beheer. Om hierdie onsekerheid te hanteer het hy die Israeliete tot slawe gemaak om voorraadstede vir hom te bou. Die aktiwiteit van grootskaalse bouprojekte dui op die onsekerheid van Farao. Hy moes sy mag met grootse bouprojekte bewys, net soos dié net ná die sondvloed met die toring van Babel.

> **Exodus 1:11** Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. En hulle het vir Farao die voorraadstede Pitom en Raämses gebou.

Alhoewel die Israeliete nou die Egiptenare gedien het, het hulle steeds sterk familiebande gehandhaaf en het hulle dus steeds floreer. Farao, geïnspireer deur Satan, het die werkslading vermeerder om die Israeliete se gesinstyd te verminder; daarna het hy die beleid ingestel om babaseuntjies te verwyder en dood te maak.

> **Exodus 1:13 - 16** Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met hardheid laat dien **14** en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye—al dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig het. **15** En die koning van Egipte het met die Hebreeuse vroedvroue—die een se naam was Sifra en die ander se naam Pua—gespreek **16** en gesê: As julle die Hebreeuse vroue by 'n geboorte help, moet julle na die geboortestoel kyk: as dit 'n seun is, maak hom dood; maar is dit 'n dogter, laat haar lewe.


Hier sien ons weer die direkte aanval op die gesin. Wanneer vaders en moeders forseer word om buitengewoon hard te werk het hulle minder tyd vir ouerskap en tyd saam met hul kinders. Die versorging van kinders moet aan ander oorgelaat word terwyl die werk voortgaan. Hierdie maatreël op sigself sou die Israeliete uiteindelik ongedaan gemaak het, maar Farao wou die proses bespoedig deur die samelewing te feminiseer. Deur die mans te verwyder, sou die saaierbeginsel van seën afgestomp word; onsekerheid en waardeloosheid sou kort daarna die erfdeel van Israel wees.

Die proses om die werkslading te verhoog, gevolg deur die feminisering van die samelewing, is sorgvuldig deur die vyand van siele in die moderne samelewing ontwerp deur die proses van industralisasie en die twee wêreldoorloë. Alhoewel

industrialisasie ‘n paar voordele gebring het, is dit grootliks gedryf deur gierigheid en die behoefte aan groter ryke. Vaders is vir lang ure uit hul huise weggeneem om in fabrieke te werk en was in wese slawe, soos die Israeliete. Die verwydering van vaders het die vlamme van onsekerheid aangeblaas en die behoefte aan beskerming vergroot. Die bedryfswiele is spoedig gebruik om oorlogswapens te maak vir daardie nodige beskerming. Dit sou uiteindelik die uitwissing van miljoene mans verseker, wat die vernietiging van die kanaal van seën in baie gesinne en die feminisering van die samelewing sou verseker. Die ervarings van Israel het dus ‘n direkte les vir ons vandag. Die werkende gesinne van die wêreld is slawe van die Farao’s van hierdie wêreld en weereens sal daar plae wees om God se mense uit hierdie verskriklike situasie te bevry, sodat die hemelse familie werklik herenig kan word.

## D. Farao Ondermyn die Kanaal van Seën aan Israel

Die lot van die Israeliete was verskriklik. Farao was nou in volle beheer van die lot van Israel en hy het stelselmatig die fondasie van hul gesin-skatsisteem vernietig. In hoofstuk 11 het ons die platform van Abraham se gesinsisteem opgesom, in teenstelling met Nimrod se inherente lewensbronstelsel. Hier is dit weer:

| Abraham | Nimrod |
|---|---|
|  |  |
| 1. Gesinstruktuur (Gen 18:19) | 1. Individuele Diktator/Tiran (Gen 10:10) |
| 2. Nomadiese landelike bewoners (Heb 11:8-10) | 2. Bouers van stede en verdedigers (Gen 11:4) |
| 3. Identiteit deur ouerlike seën (Gen 12:2) | 3. Identiteit deur Mag (Gen 11:4) |
| 4. Onderhou die Sabbat en Gebooie (Gen 26:5) | 4. Volg persoonlike begeertes (Rom 1:21-32) |
| 5. Geloof in dood en opstanding | 5. Geloof in die onsterflikheid van die |

| Abraham | Nimrod |
|---|---|
| (Heb 11:17-19) | siel (Gen 3:4) |
| 6. Verlosser as Nederige Hersteller van Lewe – Geopenbaar in die Lam wat geslag is (Joh 11:25) | 6. Verlosser is 'n hoogmoedige Bevryder en Oorheerser wat bemagtig word deur Son- en Natuuraanbidding |
| 7. Fokus van aanbidding op die onsigbare. | 7. Fokus van aanbidding op die sigbare |


Terwyl hulle onder slawerny in Egipte was het die Israeliete stadigaan die grondslag van hul gesinsisteem verloor.

- Die Farao was nou hul allesoorheersende gesag; dit het die hoofskap van die vader vervang. Gesinstrukture sou aanhoudend op die proef gestel word volgens die eise van Farao. Vaders is in baie gevalle gedwing om hulle soewereiniteit binne die gesin neer te lê ter wille van die voorskrifte van die koning.
- Die Israeliete is saamgebondel in voorstede ter wille van makliker arbeidskontrole en het die seëninge van die landelike omgewing en grondbesit verloor. Die besit van grond stel gesinne in staat om voedsel te produseer, hulself te onderhou en onafhanklik te wees. Die voorstedelike leefwyse stroop gesinne van hierdie onafhanklikheid en maak hulle afhanklik van ander vir voedsel en beskerming.
- Die harde hande-arbeid van slawerny neem vaders weg van die huis tot op die punt waar dit moeiliker is vir vaders om broodnodige tyd saam met hul kinders te spandeer.
- Die slawerny en eise van Egipte het nie die aanbidding op die Sabbat of 'n getroue nakoming van die gebooie moontlik gemaak nie.
- Die aanbidding van die Egiptenare het gewentel om die geloof in die onsterflike siel. Die bou van voorraadstede was deel van die Farao se voorbereiding op die volgende wêreld. Israel was voortdurend aan hierdie sienings blootgestel.
- Die Farao was omring deur prag en praal. Sy leiers was in duur klere geklee, dit is vertoon en geprys op straat. Die aanhoudende blootstelling aan hierdie konsep van leierskap het Israel se herinnering aan die nederige nomadiese bestaan van herderlike Jakob, wat in tente onder die oop hemel gewoon het, vervaag. Hulle het dit ook moeilik

gevind om die lam te offer as ‘n simbool van die komende Verlosser. Sommige van die offerdiere was heilig vir die Egiptenare en die offer van hierdie diere sou ‘n belediging vir die Egiptiese gode gewees het en sou vinnige vergelding meegebring het (Exodus 8:26).

- Egiptiese afgodsaanbidding was ekstreem en die bou van tempels en afgode was oral om die Israeliete. Die fokus op die sigbare aspekte van aanbidding was voortdurend onder die Israeliete se aandag gebring.

In hierdie situasie kon die beloftes aan Abraham nie vervul word nie. God het gesê dat al die geslagte (families) van die aarde deur hom geseën sou word. Maar hierdie kanaal van seën is nou verbreek en Israel was in groot gevaar. Die Here moes tussenbeide tree en hierdie kanaal heropen ter wille van Israel en die wêreld. Die bewys hoe gevaarlik die situasie geraak het is aan die lig gebring in die mislukking van die Israeliete met betrekking tot die manna, waar hulle die Sabbat geskend het; asook in die afvalligheid met die goue kalf. Ons sal dit later in meer besonderhede ondersoek, maar Israel was nou heeltemal onder die vloek en hul gesinne uiters kwesbaar.



# E. Die Verlosser – Die Roeping van Moses tot die Profetiese Amp

Farao het die gesag van Israel in besit geneem. Hy het Israel as slawe gevange geneem, hulle samelewing gefeminiseer deur die babaseuntjies in die rivier te gooi en was glad nie van plan om hulle vry te laat nie. Die onsekerheid van Farao kon slegs gestil word deur hulle as slawe te beheer. Dit is die uiteindelike noodlot van enige samelewing wat ‘n magsgebaseerde waardestelsel toelaat om hulle te regeer. Dit het in Farao se dag gebeur en hierdie dinge is opgeteken sodat ons daaruit kan leer, want dit gaan weer gebeur.

Hoe sou God die kanaal van seën na Israel herstel? Israel was in slawerny, deels deur toe te laat dat die dinge met hulle gebeur, omdat hulle deur Egipte se begeerte na mag en rykdom beïnvloed is. Soos wat Adam gewilliglik ‘n slaaf van Satan in die tuin van Eden geword het, het Israel gewilliglik ’n slaaf van die Egiptenare geword. Eers nadat Adam en Israel in kettings gebind was het hulle die dwaasheid van hul optredes besef.

God het ‘n man – Moses – geroep om as Sy profeet op te tree en Sy mense terug te bring na die kanaal van seën. Ons sal deur die geskiedenis sien dat wanneer die kanaal van God se seën geblokkeer word, God ‘n profeet die gesag gee om die kanaal te herstel. Dit het inspanning gekos om Moses te oortuig om te gaan, maar met die versekering dat sy broer Aäron vir hom sou praat, het hy ingestem om te gaan. (Exodus 4:10–16).

Die Here stuur Moses om ‘n beroep te doen aan Farao om Sy mense te laat trek. Waarom het die Here Moses gestuur om Farao te vra om sy mense te laat trek? Waarom het Hy Moses nie net na Farao gestuur om hom in te lig ons gaan trek nie en indien jy in die pad kom, sal ons God jou en jou mense uitwis? Eerstens is God barmhartig, genadig en lankmoedig; Hy vernietig nie mense direk nie, maar Hy laat toe dat hul eie ongeregtighede op hulle terugkeer. Lees die boek *Agape* wat beskikbaar is op *Fatheroflove.info* vir meer hieroor. Onthou ook dat die oorheersing van Farao oor Israel wettig was, omdat Israel hulle aan die gees van Egipte onderskryf het en uiteindelik fisiese slawe van Egipte geword het. Indien God sy mense bloot verwyder, al het hulle aan Hom behoort, sou Hy die saad van verontagsaming van gesag in sy volk ingeprent het. Farao moes sy woord van

toestemming gee om hulle te laat gaan. Dit is ‘n belangrike beginsel. Selfs al was Farao ‘n heidense koning, was sy gesag steeds gerespekteer.

Toe Moses op pad was na Egipte om sy sending te begin, moes sy gesinsisteem in ooreenstemming met sy sending gebring word.

> **Exodus 4:24 - 27** En op die pad in die herberg het die HERE hom teëgekom en wou hom doodmaak**.** **25** Toe neem Sippóra ‘n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my ‘n bloedbruidegom! **26** En Hy het hom laat staan. Toe het sy gesê: Bloedbruidegom! —met die oog op die besnydenis. **27** Die HERE het ook aan Aäron gesê: Loop Moses tegemoet in die woestyn. En hy het geloop en hom by die berg van God aangetref en hom gesoen.

Alle Israeliete moes die besnydenisgebruik uitvoer. Moses het nie die gebruik op sy seun uitgevoer nie vanweë die protes van sy vrou. Indien hierdie kwessie nie hanteer is nie sou die hele sending misluk. Dit was ‘n kwessie van lewe en dood en die Bybel beeld uit dat God gemaak het asof Hy Moses sou doodmaak. Sou God Moses op ‘n missie stuur en hom dan doodmaak? Beslis nie! Die beeld aan Moses gegee was een van die dood; hierdie voorstelling was ‘n weerspieëling van die gevaar waarin hy homself geplaas het deur nie volgens die gebooie van God te wandel nie. Ons enigste veilige koers om beskerm te word teen die vernietiger is om volgens die gebooie van God te wandel. God moes aan Moses die belangrikheid van sy leierskap in die huis tuisbring. Indien hy nie hoof van sy huis kon wees nie, hoe kon hy dan die kerk van God lei?

Sippora het voorgedoen dat sy onderdanig was en die gebruik self uitgevoer, maar in haar hart het sy steeds die gebod verag. Dit sou tyd neem vir haar om die beginsels van onderdangheid te leer.

## F. Die Plae van Egipte – die Natuur Onthul die Leuen van Inherente Mag

Toe Moses na Egipte gegaan het moes hy die verhouding wat Israel met die God van die hemel gehad het, verduidelik. Israel was God se Seun – oftewel die bouer van die familienaam. Dit is deur Israel dat God die families van die aarde sou seën. Die optrede van Farao het skade berokken aan God se vermoë om die nasies van die wêreld te seën.

**Exodus 4:22 - 23** Dan moet jy vir Farao sê: So spreek die HERE: My eersgebore seun is Israel. **23** Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun laat sterwe.

Farao se eersgeborene het die geboortereg van die dood gedra. Hy is opgelei in die beginsels van die leuen van die slang en sy onsekerheid en waardeloosheid sou hom moontlik 'n groter tiran maak as sy vader. Indien Israel nog 'n geslag onder die nuwe Farao sou aanbly sou hul gesinsisteem uitgewis word. God het geen ander keuse gehad as om die besluit voor Farao te lê nie. Onthou dat God nie Farao se seun wou doodmaak nie, wat beteken dat God nie wou hê dat sy eie besluite oor hom moes kom nie; Hy wou slegs hê dat Sy Seun bevry moet wees om die kanaal van seën te ontvang. Indien Farao nie sou toegee nie was die enigste manier om daardie kanaal oop te maak die verwydering van die blokkering van daardie seën.

Helaas, Farao wou in sy trots Israel nie laat trek nie. Farao het geglo dat sy gode magtiger was as die Hebreërs en dat hy hulle deur die mag in slawerny kon hou. Elke plaag wat God aan die dag gelê het, het Sy mag oor aspekte van Egiptiese aanbidding geopenbaar. Dit het ook aan 'n heidense koning in 'n taal wat hy verstaan, onthul dat die God van Israel die sterker een en die ware bron van mag was.

| **Plaag** | **Egiptiese god, afgod of tempelpriester wat geteiken is** | **Betekenis** |
|---|---|---|
| 1.Water in bloed verander Ex.7:17 - 19 | Nylrivier – die gewer van lewe en die gawe van Egipte | Die Egiptiese gewer van lewe was nou die gewer van die dood. Egiptenare het gedors daarna om die bloed van Israel te vergiet en nou het God hulle bloed gegee om te drink. |
| 2.Paddas Ex. 8:5,6 | Isis – godin van vrugbaarheids | Isis word dikwels as 'n padda voorgestel. Sy het nuwe lewe gesimboliseer. 'n Padda het goeie wense voorgestel. Nou het hulle oral doodgegaan en alles vuil gemaak. Hul "nuwe lewe" word in dooie stapels opgehark. |

| Plaag | Egiptiese god, afgod of tempelpriester wat geteiken is | Betekenis |
|---|---|---|
| 3.Muskiete<br>Ex. 8:16,17 | Set – god van die aarde | Hierdie klein onbeduidende wesetjie het nou vanuit die aarde opgestaan om die mense te martel. Al die gebede tot Set het nie gehelp nie en muskiete is uit die aarde voortgebring. |
| 4.Steekvlieë<br>Ex. 8:20 - 24 | Beëlsebul – prins van die lug | Steekvlieë was altyd oral en was gesien as die ore van Beëlzebul. Nou het hulle in hordes aangeval, die mense mal gemaak en hulle priesters kon dit nie keer nie. |
| 5.Vee<br>Ex. 9:4 – 6 | Aspis – heilige bul | God het gedemonstreer dat Hy die heilige is. Die bul kon nie meeding met Sy mag nie. |
| 6.Sere<br>Ex. 9:8 - 11 | Kruiedokters en toordokters | Daar is gemeen dat swere straf vir sondes is. God het hulle gestraf vir hulle sonde en die toorkuns van die kruiedokters kon dit nie keer nie. |
| 7.Hael<br>Ex. 9:22 - 26 | Weerkundige toordokters | Weer kon klaarblyklik beheer word deur weerkundige toordokters/kruidokters, maar ook hier het God gewys dat slegs Hy die weer beheer. |
| 8.Sprinkane<br>Ex.10:4 - 6 | Landbou-toordokters | Landbou-Toordokters kon klaarblyklik die gewasse beheer deur hul magiese kragte; deur hul valse gode te paai of te beïnvloed. God het hulle gewys dat niemand Sy mag kan oorwin nie. |
| 9.Duisternis<br>Ex. 10:21 - 23 | Amen-Re: die mees geëerde god en beskou as die magtigste | Die songod Re was beskou as die vader van die Farao en die magtigste van die gode. Deur die son te verslaan het God bewys dat Amen-Re magteloos teen Hom was. |

| Plaag | Egiptiese god, afgod of tempelpriester wat geteiken is | Betekenis |
|---|---|---|
| 10.Dood van Eersgeborene Ex. 11:5 | Die eersgeborene wat aan god toegewy is, is beskou as die guns van God, of aan die Egiptenare, van hulle gode. | Verskeie gode van Egipte was gereken as die beskermers van die lewens van mense en diere. Die Farao word as ‘n god beskou en sy seun die volgende god. |

Dit is interessant om daarop te let dat die vernietiging wat oor Egipte gebring is, gekom het deur die einste dinge wat die Egiptenare aanbid het, behalwe vir die laaste plaag. Die verwoesting wat oor die Egiptenare gekom het, was ‘n simbool van die geestelike vernietiging wat hulle geloof in hierdie dinge binne hul gesinne veroorsaak het. In die geetelike wêreld was die Egiptenare die ware slawe; slawe van vrees, waardeloosheid, trots en selfsug. Indien dit nie vir hul geloof in hierdie valse gode was nie sou hulle hierdie vernietiging gespaar gewees het.

Hierdie opvallende gebeure wat in die verlede plaasgevind het is ‘n voorbeeld van wat in die toekoms sal gebeur wanneer die Nuwe Wêreldorde se leierskap poog om die wêreld aan slawerny te onderwerp om daardeur te verhoed dat God se getroue mense Sy gebooie, Sy Sabbat, onderhou en om al die dinge te doen wat uiters belangrik is vir ‘n familiegebaseerde sisteem, soos geopenbaar in die familie van Abraham.

## G. Israel Bevry en die Kanaal van Seën Herstel

Tydens die laaste plaag moes God se mense die bloed van ‘n lam aan hulle deurposte smeer, sodat die doodsengel oor hulle sou gaan en hul eersgeborenes gespaar sou word.


> **Exodus 12:12 - 13** Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. **13** Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

> **Exodus 12:21 - 22** Moses het toe al die oudstes van Israel laat roep en aan hulle gesê: Gaan haal vir julle kleinvee vir julle families en slag die

pasga. **22** En neem ‘n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.

Die bloed van die lam was ‘n simbool van die bloed van Christus wat gestort sou word, sodat ons lewe mag hê. Toe Adam en Eva gesondig en dienaars van Satan geword het, het hulle hul reg op lewe verbeur. Die Seun van God het in die bresse getree en belowe om Sy lewe te gee om die lewenskanaal vir Adam en Eva oop te hou. Die belofte van Sy bloed het veroorsaak dat die dood oor Adam en Eva gaan; hulle is beskerm teen die ware gevolg van hul sonde. Die lamsvelle wat hulle bedek het, het dit gesimboliseer. In die tyd van Israel is die bedekking gesimboliseer deur die bloed aan die deurposte. Sonder die bloed van die lam is daar slegs dood vir die mensdom. Dank die Heer vir die bloed van die Lam wat permanente dood oor ons laat gaan.

God het dadelik begin werk om die kinders van Israel weer op te voed in die beginsels van die kanaal van seën en die ware gesinsisteem.

| Abraham | Israel |
|---|---|
|  |  |
| 1. Gesinsisteem (Gen. 18:19) | 1. Die $5^{de}$ gebod het die gesinsisteem herstel. Die vrystelling van slawerny het gesinne meer tyd gegee om saam deur te bring. Erfenis word bepaal deur familiegeslagsregister. |
| 2. Nomadiese Landelike Bewoners (Heb. 11:8-10) | 2. Israel het teruggekeer na ‘n landelike omgewing in die woestyn en woon in tente. |

| Abraham | Israel |
|---|---|
| 3. Identiteit deur Ouerlike Seën (Gen. 12:2) | 3. God het belowe om Israel te seën indien hulle getrou is. Die 5de gebod rakende ouers het die gesin se kanaal van seën herstel. |
| 4. Onderhou die Sabbat en die Gebooie (Gen. 26:5) | 4. God het die gebooie op die berg Sinai herhaal en hulle weer omtrent die Sabbat geleer deur manna in te samel. |
| 5. Geloof in Dood en Opstanding (Heb. 11:17-19) | 5. Die vierde gebod openbaar God as die enigte bron van lewe en die enigste Een wat ons lewend hou. Sonder Hom is daar geen lewe nie. |
| 6. Verlosser as Nederige Hersteller van Lewe - Geopenbaar in die Lam wat geslag is (Joh. 11:25) | 6. ‘n Volledige Heiligdom met ‘n aanbiddingstelsel is gegee om die werk van die komende Verlosser en Sy werk om ons Sy gebooie te leer, ten volle te openbaar. |
| 7. Fokus op Aanbidding van die Onsigbare | 7. Die tweede gebod fokus op aanbidding van die onsigbare. |

Dit sou Israel tyd neem om die beginsels van die kanaal van seën deur die Tien Gebooie en die Heiligdomstelsel weer te leer. Die ervaring van Israel met betrekking tot die aanbidding van die goue kalf het onthul hoe ver Israel van die ware begrip van God se gesinsryk verval het.

Die gebrek aan respek vir leierskap wat in Egipte ontwikkel het en deur die leuen van die slang aangevuur is, het sommige laat twyfel oor die leierskap van Moses en veroorsaak dat Israel sondig deur die aanbidding rondom die goue kalf.

> **Exodus 32:1 - 7** Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. **2** En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my. **3** Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring. **4** En hy het dit uit hulle hand geneem en

> dit met die beitel bewerk en daar ‘n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. **5** Toe Aäron dit sien, het hy daarvoor ‘n altaar gebou. En Aäron het uitgeroep en gesê: Môre is daar fees tot eer van die HERE. **6** En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel. **7** Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel.

Die mense was nie vertroud daarmee om ‘n geloofsverhouding met God te handhaaf, sonder sigbare tekens van aanbidding nie. Terwyl Moses, hul sigbare leier, weg was, het die mense hul geestelike blindheid geopenbaar om verder as die sigbare te kyk. Ten spyte daarvan dat daar tekens was van God se teenwoordigheid op die berg, het die mense gesmag na iets wat hulle kon sien wat hulle kon aanbid.

Net soos Adam en Abraham na hul vrou geluister het, het Aäron na die volk (die kerk – gesimboliseer deur ‘n vrou) geluister – en ‘n goue kalf vir hulle gemaak en hulle laat sondig.

Genadiglik het God Israel vergewe en hierdie gebeurtenis het aan Israel geopenbaar dat hulle nie die krag gehad het om hul beloftes na te kom om Hom te volg nie. Hulle moes vertrou op die bloed van die lam, soos geopenbaar in die Heiligdomdiens en die beskermende gebooie wat ontwerp is om die kanaal van seën oop te hou. Die herstel van hierdie dinge sou verseker dat Abraham ‘n seën vir die nasies (al die families) van die wêreld sou wees.

Hopelik kan ons sien dat die sewe punte in Abraham se gesinsisteem die sleutel is om ons te help om ‘n skat van familieherinneringe op te bou en te behou, sodat ons ons kinders kan verseker dat hulle geliefd en kosbaar is.

Hoofstuk 14

# Beskerming van die Kanaal van Seën

Soos ons vroeër gesien het bied die Bybel aan ons ‘n lewensmodel waar God geestelik, verstandelik en fisies die bron van lewe is. Hierdie lewe word nie as ‘n pakket geskenk of gegee nie, maar stroom voortdurend deur Sy Gees na ons. In daardie stroom van lewe is die lewensbelangrike element van seën, wat, soos ons ontdek het, die heerlikheid en eer van kinders genoem word. Sonder die seën van die vader deur hierdie stroom verloor die lewe doel en betekenis.

Ons het die rolle van man en vrou as ’n menslike voorbeeld van bron- of saadbeginsel, om hierdie seën oor te dra, noukeurig ondersoek. Ons het ook gekyk na die geboorte- en koesteringsbeginsel, wat aan die saad/bron onderwerp word, wat dien as die belangrikste voorbeeld hoe om verbind te bly aan die kanaal van seën.

Ons het in die boek van Génesis gesien hoe Satan verskeie pogings aangewend het om hierdie kanaal van seën se stelsel te verbreek, en ons het die sleutelkomponente in die familie van Abraham ondersoek om hierdie kanaal van seën se stelsel in werking te hou.

Die kinders van Israel het die fondasies van die kanaal van seën vernietig en noudat Israel van hul slawerny verlos is moes hulle hierdie belangrike beginsels weer geleer word.

Die kern van hierdie herbouingsprogram was die Tien Gebooie wat op die berg Sinai gegee is. ‘n Noukeurige ondersoek van hierdie gebooie in die lig van die familie se kanaal van seën onthul ‘n paar baie interessante dinge.

## A. Duidelike Identiteitsrolle is Lewensbelangrik

Aan die einde van hoofstuk 6 het ons die volgende stelling gemaak:

> Daarom is die erkenning van hierdie manlike saad/hoofskap se identiteit en ’n vroulike koesterende/onderdanige identiteit, wat die beeld van die hemelse Vader en Seun weerspieël, die belangrike sleutel om ‘n skat van gesinsherinneringe op ’n sterk en harmonieuse verhoudingstelsel te bou.

‘n Duidelike begrip van ons identiteit en wie ons is, is uiters belangrik om hierdie kanaal van seën oop te hou. Byvoorbeeld, wanneer ons besef dat ons as mens geen lewe in onsself het nie, is dit ’n begrip van ons identiteit. Wanneer ons besef dat God alleen lewe het om te gee en te deel, is dit ons begrip van Sy identiteit. In hoofstuk 7 het ons gekyk na Satan se invoering van die inherente lewensbron-konsep wat aandui dat mense lewe in hulself het of besit.

**Génesis 3:4** Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;

Hierdie leuen het ons begrip van die identiteit van God as die enigste besitter van lewe verwar. Dit het ook die identiteit van onsself, dat ons geen inherente lewe het nie, verwar. Hierdie verwarring van identiteit het daartoe gelei dat die mens belangstelling verloor het om ter wille van lewe aan God gekonnekteer te bly. Dit het ‘n gees van onafhanklikheid en self-genoegsaamheid gekoester.

Die punt wat ons maak, is dat die identiteit van die bron van die kanaal sowel as die identiteit van die ontvanger van die kanaal duidelik verstaan moet word sodat die kanaal van seën korrek kan vloei, anders kan die kanaal verbrokkel. Die volgende verhaal gee ‘n goeie voorbeeld van hoe ‘n gebrek aan begrip van identiteit ‘n ineenstorting in kommunikasiekanale kan veroorsaak.

Die volgende is ‘n afskrif van radiokommunikasie tussen Amerikaanse en Kanadese magte gedurende die Tweede Wêreldoorlog:

KANADESE: Verander asseblief jou koers met 15 grade na suid om ‘n botsing te vermy.

AMERIKANERS: Ons raai jou aan om jou koers met 15 grade noord te verander om ‘n botsing te vermy.

KANADESE: Negatief. Jy sal jou koers met 15 grade suid moet verander om ‘n botsing te vermy.

AMERIKANERS: Dit is die kaptein van die Amerikaanse Vlootskip. Ek sê weer, verander JOU koers.

KANADESE: Nee, ek sê weer, jy moet JOU koers verander.

AMERIKANERS: Dit is die Vliegdekskip USS LINCOLN, die tweede grootste skip in die Amerikaanse Atlantiese vloot. Ons word vergesel met drie Torpedojaers, drie Kruisers en talle ondersteuningsvaartuie. Ek EIS dat jy jou koers verander met 15 grade noord. Ek sê weer dit is een-

> vyf grade noord of teenmaatreëls sal getref word om die veiligheid van hierdie skip te verseker.
>
> KANADESE: Dit is die vuurtoring. Jou besluit.

Die Amerikaanse skip het nie die ware identiteit van die vuurtoring verstaan nie en daarom op ‘n arrogante manier opgetree teenoor die vuurtoring. Die Amerikaanse skip het ook sy eie magsgevoel oorskat; hulle het ‘n valse begrip van hulself gehad, want geen skip kan die vuurtoring op die magtige rots dwing om weg van sy posisie te verskuif nie. Hierdie verhaal illustreer wat met die mensdom gebeur het toe dit die leuen van die slang omhels het. Die mens wou nie meer aan God onderdanig wees nie en die kanaal van seën is verbreek.

Met hierdie dinge in gedagte laat ons kyk na die toestand van die Israeliete. Terwyl hulle in Egipte was, is baie van die Israeliete beïnvloed deur die Egiptiese godsdiens wat vas geglo het in onsterflikheid, of die inherente lewensbron van die siel. Hulle was ook verward omtrent hul eie identiteit.

## B. Die Tien Gebooie Definieer die Identiteit van God en Mens

Die Tien Gebooie wat aan Israel gegee is, was die sleutelinisiatief om ‘n korrekte begrip van identiteit te herstel sodat die kanaal van seën herstel en beskerm kon word. Hierdie gebooie was so belangrik dat dit die enigste woorde in die Bybel is wat God self geskryf het.

> Exodus 31:18 En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God.

Elkeen van hierdie gebooie vertel ons iets omtrent die God van die Bybel, hoe Hy is en wat die belangrikste vir Hom is. Kom ons kyk mooi na elk van hierdie gebooie en kyk wat hulle vir ons sê.

| **Bebod** | **Eienskap van God** |
|---|---|
| 1. Ek het julle uit slawerny bevry. Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie. | Verlosser en Redder, die enigste bron van seën. |

| | |
|---|---|
| 2. Jy mag geen gesnede beeld maak nie. | Rasionele interne fokus eerder as materiële eksterne fokus. |
| 3. Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydelik gebruik nie. | Integriteit en deursigtigheid in verhoudings. |
| 4. Gedenk die Sabbat, want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak. | Skepper van alle dinge, bron van lewe en seën. |
| 5. Eer vader en moeder. | Gesinseënstruktuur. Respek vir gesag. |
| 6. Jy mag nie doodmaak nie. | Lewe is kosbaar, verhoudings is vir ewig, Ek is die bron van lewe. |
| 7. Jy mag nie egbreek pleeg nie. | Geldige, intieme verhoudings is vir ewig. |
| 8. Jy mag nie steel nie. | Fokus op geestelike/verhoudings, nie op materiële nie. |
| 9. Jy mag nie lieg nie. | Integriteit en deursigtigheid in verhoudings. |
| 10. Jy mag nie begeer nie. | Openbaar God as die bron van lewe en seën; begeerte van bates en besittings ontken hierdie realiteit. |

Elkeen van hierdie gebooie is daarop gerig om ons gevoel van wie God is, te beskerm en dus bring dit beskerming van die kanaal van seën. In hierdie gebooie sê God vir ons:

1. Dat Hy die enigste bron van seën is.
2. Dat Hy nie deur sigbare en materiële voorwerpe aanbid moet word nie, aangesien dit ons begrip van God as 'n werklike verhoudingswese vernietig en ons fokus na materiële en eksterne dinge verskuif.
3. Dat ons begrip van Sy identiteit ondermyn kan word deur Sy Naam ydelik te gebruik; want dit beteken ons bely dat ons aan Hom behoort, terwyl ons harte elders is.
4. Die 4^de^ gebod is die duidelikste stelling wat ons het wat God openbaar as die bron van alle geskape dinge. Hierdie gebod is die belangrikste van al die gebooie om ons 'n regte begrip van God se identiteit te gee.
5. Die 5^de^ gebod is die tweede belangrikste gebod, omdat dit die menslike strukture openbaar waardeur God se kanaal van seën vloei. Dit spreek met ons van die belangrikheid van onderdanigheid, gehoorsaamheid en respek.

6. Elk van die laaste vyf gebooie is praktiese, menslike uitdrukkings om God as die enigste lewensbron te openbaar en hoe die vermyding van hierdie dinge sal help om aan Hom verbind te bly.

As ons die Bybel verder bestudeer, sien ons dat die Tien Gebooie uitgedruk word as 'n weerspieëling van God se karakter; 'n geskrewe vorm van hoe Hy is. Dit is 'n verdere bevestiging dat die wet die identiteit van God openbaar en die bron van seën beskerm.

Let op die volgende vergelykings:
(Sommige tekse is duideliker in die Engelse Bybelvertalings as in die Afrikaanse vertalings.)

| **Karakter van God** | | **Wet van God** | |
|---|---|---|---|
| 1. Geestelik | Joh. 4:24 | 1. Geestelik | Rom. 7:14 |
| 2. Liefde | 1 Joh. 4:8 | 2. Liefde | Matt. 22:37-40 |
| 3. Waarheid | Joh. 14:6 | 3. Waarheid | Ps. 119:142 |
| 4. Geregtigheid | 1 Kor. 1:30 | 4. Geregtigheid | Ps. 119:144,172 |
| 5. Heilig | Jes. 6:3 | 5. Heilig | Rom. 7:12 |
| 6. Volmaak | Matt. 5:48 | 6. Volmaak | Ps. 19:8 |
| 7. Goed | Luk. 18:19 | 7. Goed | Rom. 7:12 |
| 8. Regverdig | Deut. 32:4 | 8. Regverdig | Rom. 7:12 |
| 9. Rein | 1 Joh. 3:3 | 9. Rein/suiwer | Ps. 19:9 |
| 10. Onveranderlik | Jak. 1:17 | 10. Onveranderlik | Matt. 5:18 |
| 11. Vir ewig | Ps. 90:2 | 11. Vir ewig | Ps. 111:7,8 |
| 12. Die Weg | Joh. 14:6 | 12. Die Weg | Mal. 2:7-9 |
| 13. Groot | Ps. 48.2 | 13. Groot | Hos. 8:12 |
| 14. Reinig | Matt. 8:3<br>Ps. 57:2 | 14. Rein | Eseg. 22:26 |

Aangesien hierdie gebooie vir ons vertel dat dit God is wat ons geskape en gemaak het, en dat ons uit Sy hand voortgekom het, onthul die gebooie ons oorsprong en identiteit duidelik. Wanneer ons die gebooie in hierdie lig beskou kan ons verstaan waarom die Bybel op die volgende manier oor die wet praat:

> **Psalms 19:8, 9** Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die

eenvoudige. **9** Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.

**Psalms 111:7, 8** Die werke van sy hande is trou en reg; al sy bevele is betroubaar. **8** Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig; uitgevoer in trou en opregtheid.

**Prediker 12:13** Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.

**Jesaja 42:21** Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing [die wet – sien KJV] groot en heerlik te maak.

**Matthéüs 22:36 – 40** Meester, wat is die groot gebod in die wet? **37** En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. **38** Dit is die eerste en groot gebod. **39** En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. **40** Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

**Romeine 7:12** Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.

**Openbaring 14:12** Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.

**Openbaring 22:14** Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

## C. Die Tien Gebooie Verdraai deur die Leuen van die Slang


Wanneer ons die wet van God beskou as ‘n beskerming van die kanaal van seën, dan is die wet wonderlik, lieflik en kosbaar. Dit is iets waaraan ons moet vasklou en koester as ‘n kosbare gawe van God. Dit is presies hoe koning Dawid dit beskou het.

**Psalms 119:97** Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.

**Psalms 40:9** Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande.

**Psalms 119:77** Laat u barmhartighede oor my kom, dat ek kan lewe; want u wet is my verlustiging.

Een van die vreeslikste dinge waaroor Satan die wêreld mislei het, handel oor die wet van God. Baie Christelike kerke leer en glo dat ons nie die Tien Gebooie kan onderhou nie. Om die Tien Gebooie te probeer onderhou word wettisisme genoem. Baie Christene leer die wet is aan die kruis van Christus vasgenael, Christengelowiges is vrygemaak van die wet, en die enigste wet wat ons vandag het, is om mekaar lief te hê.




Waarom dink baie christene op hierdie manier? Waarom sien Christene die wet dikwels as 'n vyand eerder as 'n liefdevolle vriend wat die kanaal van seënstelsel beskerm? Die eenvoudige antwoord is die leuen van die slang. Let op die volgende:

> **Romeine 7:10, 11** En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. **11** Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.

Die Bybel sê duidelik dat die gebooie daar is om aan ons lewe te gee, of om ons lewe te beskerm. Maar sonde – of die intree van die slang se leuen – mislei ons en bring die dood. Hoe vind dit plaas?

Die leuen van die slang laat ons glo dat daar 'n mate van mag in onsself is. Die leuen veroorsaak ook dat ons onsself wil bewys deur sulke mag te vertoon. Wanneer die wet van God aan 'n persoon in hierdie geestestoestand bekendgestel word, is die eerste reaksie om hierdie wet te probeer onderhou *om God te behaag.* Na verskeie

pogings om dit te doen en voortdurende mislukkings, sal die persoon óf sy geloof prysgee óf hy sal omswaai na die oortuiging dat ons nie die wet hoef te onderhou nie; die dood van Jesus is al wat ons nodig het. Hierdie soort redenering pas perfek by die woorde van Paulus, dat sonde deur die gebod ons verlei (Rom. 7:11).

God het nooit ooit bedoel dat ons die Tien Gebooie moet probeer onderhou as 'n poging om aanvaarding by Hom te vind nie.

> **Efésiërs 2:8,9** Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; **9** nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

> **Romeine 4:3-5** Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. **4** Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns gereken nie, maar na verdienste; **5** aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.

Die leuen van die slang draai ons eintlik teen die einste ding wat ontwerp is om ons te beskerm en ons gekoppel te hou aan die kanaal van seën. Soos Paulus sê:

> **Romeine 8:7** omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Die menslike vlees – of dan die denke wat beïnvloed word deur die leuen van die slang – kan hom nie onderwerp aan die wet van God nie, hetsy omdat hy weier om homself te onderwerp, óf hy dink dat hy mag in homself het om dit te doen. Sodra die leuen van inherente mag verwyder is, is die wet van God steeds die wonderlikste beskermende gawe van God; die kosbaarste dele van die wet is die twee wette in die middel: die gebod aangaande die Sabbat, wat die duidelikste openbaring van God is as die bron van lewe en ons uitnooi om te rus in daardie realiteit; en die gebod om ons ouers te eer, wat ons die mees praktiese uitdrukking gee van God se familiekoninkryk en onthul hoe die seën van geslag tot geslag oorgedra word. Die meeste mense erken die belangrikheid van families en gesinne, maar min mense sien die belangrikheid van die Sabbat in die stryd teen Satan om die kanaal van seën te beskerm.

> **Jesaja 58:13-14** As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of

> ydele taal spreek nie; **14** dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.

Hoe kosbaar is dit nie dat God Israel ‘n wet gegee het om hulle teen die strikke van die Satan te beskerm nie. God het nie hier opgehou nie. Hy het hierdie wet in die middel van ‘n aanbiddingstelsel geplaas wat die Israeliete sou leer hoe om Hom te nader en te aanbid. As gevolg van al hul blootstelling aan Egiptiese afgodery sou dit tyd neem voordat Israel leer om God te ken en te verstaan. Toe hulle Sy stem vir die eerste keer hoor, was hulle so bang dat hulle wou weghardloop.

> **Exodus 20:18-19** En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op ‘n afstand bly staan. **19** En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.

Dit was een ding dat God hierdie wet vanaf die berg Sinai gespreek het, maar hierdie wet het geen beskerming gebied nie, tensy die beginsels daarvan in hul harte woon en deel word van hul denke. Daarom was God se verbond met Israel gefokus op die oordrag van die beginsels van die wet van die kliptafels na die tafels van hulle harte.

> **Hebreërs 8:10** Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.

Ongelukkig het Israel onthul dat hulle ook verlei is deur die leuen van die slang, deur God te belowe dat hulle die wet sou gehoorsaam.

> **Exodus 19:5-8** As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. **6** En júlle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. **7** En Moses het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat die HERE hom beveel het. **8** Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen. En Moses het die woorde van die volk aan die HERE oorgebring.

Toe God hulle vra om Sy wet te onderhou wou Hy kyk of hulle sou agterkom of hulle gehoorsaam kan wees of nie. Hy het gehoop dat hulle die Here sou vra om hulle te help, maar onder invloed van die leuen van inherente mag het hulle met vrymoedigheid belowe om gehoorsaam te wees.

Daar is vinnig aan die lig gebring dat dit onmoontlik was, soos blyk uit die dansery rondom die goue kalf.

> **Exodus 32:7-8** Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel.
> **8** En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle ‘n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Daar word na hierdie ervaring verwys as die ou verbond. In die nuwe verbond was dit God self wat hierdie beskermende wet in hul harte skryf, iets wat altyd God se bedoeling was. Deur die wet in hul harte te skryf, sou hulle soos Hy geword het; want, soos ons opgemerk het, weerspieël die wet wie God is. Nou hoe sou God dit regkry?

God het aan Israel ‘n aanbiddingstelsel in die Heiligdom gegee wat hulle gewys het hoe om hulself te verbind aan hierdie wet en toe te laat dat die beginsels daarvan in hul harte oorgedra word. Die Israelitiese Heiligdomstelsel is in werklikheid ‘n reis na die ware hart en wese van God. Dit het hulle toegelaat om naby Hom te kom, om by Hom te wees en soos Hy te wees. Wat ‘n wonderlike gawe was dit nie! Hier was ‘n stelsel wat hul gesinne en families sou beskerm en hulle gekoppel sou hou aan die kanaal van seën.

# Hoofstuk 15

# Die Reis van die Kliptafels na die Tafels van die Hart

## A. Die Verwoestende Effekte van die Slang se Leuen

In hoofstuk 8 het ons die verwoestende gevolge van die leuen van inherente lewensbron op individue en gesinne behandel. Die verbreking van die kanaal van seën stel die menslike hart op groot skaal bloot aan vrees, waardeloosheid, trots en selfsug. Die enigste manier om hierdie voortdurende golf van emosies te oorleef is om die hart met ‘n beskermende muur te omring. Na verloop van tyd is dit steeds nie genoeg nie en moet ons onsself verder staal. Hierdie proses laat die hart verhard.

Vanuit ‘n kind se onskuldige, vertrouende hart skep lewenservarings twyfel, agterdog, vrees, pyn, skuld en berou. Die vermoë om mense te vertrou word verweer; baie mense vind die enigste manier om te oorleef is deur hul emosies te isoleer, hul gevoelens vir hulself te hou en die gevaar van kwesbaarheid te vermy. Deur die leuen van die slang dwaal die menslike siel af van die lewe-gewende rivier na die verwoestende woestyn van hitte, sand en soutbosse.

Terwyl ons Vader in die hemel afkyk op Sy kinders wat dwaal in die sielswoestyn van die lewe word Sy hart met deernis en medelye aangeraak. Hy sien die gruwelike verwoestende gevolg van die slang se leuen en reik na ons uit om ons terug te bring na die lewe-gewende rivier.

Die reis om terug te keer na die rivier word noukeurig beskryf in die aanbiddingstelsel wat God aan Israel gegee het. Gedurende hul verblyf in Egipte is die Israeliete se harte verwoes deur die gruwelike Egiptiese mag wat hulle aan slawerny onderwerp het. Alhoewel hul liggame nou vry was, was hulle denke steeds verslaaf aan die leuen van die slang; hulle harte was steeds gekneus en verhard deur die smarte en lyding van vrees, waardeloosheid en trots.

Op ‘n later stadium van Israel se geskiedenis het God hierdie proses beskryf as ‘n hartsverandering in Sy mense – jy kan dit ‘n hartoorplanting noem.

> **Eségiël 36:26-27** En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee. **27** En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal

> maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

God het belowe om Sy lewe-gewende gees na Israel te stuur. Soos ‘n stroom suiwer kristalhelder water wat van die troon af vloei dompel die Gees van God die hart in seën, liefde, vergifnis en aanvaarding. Stadig word die hart sag, verwarm, versterk en om die beurt leer dit om weer lief te hê en te leef.

Koning Dawid beskryf hierdie proses as ‘n boom langs ‘n rivier:

> **Psalms 1:1 - 3** Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; **2** maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. **3** En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.


Let weer op na die rol van die wet van God in hierdie proses. Die wet is die beskerming van hierdie rivier van lewe wat in die siel invloei. Soos ons in die vorige hoofstuk opgemerk het stel dit ons in staat om die oorsprong van die rivier uit te ken. Deur te onthul wie ons is en wie God is word ons soos die skip wat onderdanig is aan die vuurtoring; wat bereid is om die wyse raad en opdrag te ontvang wat die vuurtoring ons bied.

Met dit alles in gedagte word dit duidelik dat, om die kanaal van seën te herstel, dit nodig is om die beginsels van God se wet op ons harte en in ons gedagtes te skryf.

## B. Die Heiligdomstelsel

Laat ons nou die aanbiddingstelsel wat God aan Israel gegee het van nader beskou en die reis waarneem wat daarin uiteengesit is.


> **Exodus 25:8 - 9** Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. **9** Volgens alles wat Ek jou laat sien—die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak.




Daar is baie besonderhede in die Israelitiese Heiligdomstelsel; dit is nie die doel van hierdie boek om dit alles te verken nie. Ons hoofdoel is om na die hoofafdelings en die reis van die een kant van die Heiligdom na die ander kant te kyk.


Die buitelyne van die Heiligdom is in wese twee vierkante langs mekaar. In die middel van die eerste vierkant is die brandofferaltaar. In die middel van die tweede vierkant is die Verbondsark wat die Tien Gebooie daarin bevat.

Let op die volgende uiteensetting:



In beide vierkante handel dit oor die herstel van lewe. In die middel van vierkant een is die simbool van die dood van die lam. Die lam wat geslag is, is ’n simbool van die offer van die Seun van God, sodat ons kan voortgaan om lewe te hê.

**Johannes 3:16** Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.



Toe Adam en Eva hulself afgesny het van die lewensbron van God deur hul sonde het die Seun van God Homself onmiddellik geplaas waar die breuk plaasgevind het. Hy het die twee stukke aanmekaar gevoeg en die lewe na die mensdom laat voortvloei. Hierdie breuk in die lewensbron was nou in die hart van die Seun van God gedra. Die enigste manier om die heelal van hierdie breuk te herstel was om dit na die graf te neem, dit te vernietig en dan weer daarsonder op te staan. Daar was geen ander manier om die probleem op te los nie; al alternatief was om die ganse mensdom uit te wis.


In die middel van die tweede vierkant was God se wet, die Tien Gebooie.

**Exodus 25:10 – 12, 26** Hulle moet dan ‘n ark van akasiahout maak. Twee en ‘n half el moet sy lengte, en anderhalf el sy breedte, en anderhalf el sy hoogte wees. **11** En jy moet dit oortrek met suiwer goud, van binne en van buite moet jy dit oortrek. En jy moet daaraan ‘n goue krans maak rondom. **12** En giet daarvoor vier goue ringe, en sit dit aan sy vier voete vas, só dat twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant is. … **16** Daarna moet jy in die ark die Getuienis sit wat Ek aan jou sal gee.

**Exodus 31:18** En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God.

In die middel van hierdie vierkant is die uiteindelike bestemming van die reis van die hart van klip na ’n hart van vlees. Die inskrywing van hierdie wet in die hart en in die denke sal die menslike siel permanent verbind aan die kanaal van seën en hulle beskerm teen blootstelling aan die vloek. Dit simboliseer ook die mees intieme

punt, want dit is waar die teenwoordigheid van God woon. Dit is waar ons as God se kinders die hoogtepunt van seën as seuns en dogters van God ervaar.




Dit sou gaaf wees om te dink dit is ‘n eenvoudige reis van punt 1 na punt 2, maar die leuen van die slang in ons harte maak hierdie reis uiters moeilik. Die voortdurende versoeking om God op die reis te wantrou of ons voortdurende pogings om die wet te gebruik om ons liefde en toewyding te bewys, kom voortdurend in die pad en so wyk ons af van die lewenspad.

Laat ons die volgende laag besonderhede by hierdie Heiligdomstelsel voeg. Ons onthou uit die vergelyking van Abraham en Nimrod dat die fokus van Abraham se aanbidding verhoudingsbaseerd en onsigbaar was, maar dat die aanbidding van Nimrod op die sigbare en tasbare gefokus was. Die Heiligdomreis beweeg van die sigbare na die onsigbare. Dit lei ons om eerder op die onsigbare as op die sigbare te fokus.


| SIGBARE | ONSIGBARE |
| --- | --- |
| Die Brandofferaltaar | Die Verbondsark |
| 1 | 2 |

Die Israelitiese aanbidder kon die eerste vierkant binnegaan en sy offerande offer. Hierdie area word die buitehof genoem. Hy kon alles in hierdie vierkant sien. Die dood van Christus aan die kruis, wat die fokus van die altaar is, was ‘n sigbare gebeurtenis op die aarde, opgeneem in die geskiedenis. Die beeld van die kruis en die gawe van lewe wat aan ons gegee is, is die begin van ons reis. God ontmoet ons waar ons is; Hy kom na aan ons.

In ons menslike bestaan met ons fokus op die sigbare en die tasbare, ontmoet God ons en konfronteer ons met Sy gawe van lewe. Die uiteindelike doel is om ons denke na die geestelik-verhoudingsgebaseerde wêreld, die wêreld van die denke, te verskuif. Dit is die regte plek waar die werk van verandering moet plaasvind; die tweede vierkant het dus ‘n Heiligdom bevat wat die aanbidder nie kon binnegaan nie. Hy kon nie binnekant sien nie behalwe deur die oog van die geloof. Slegs die priester kon hierdie area betree en ’n werk vir die aanbidder doen. Hy kon dit nie vir homself doen nie.

Die onsigbaarheid van die tweede vierkant is ‘n simbool van die werk wat vanuit die hemel vir ons gedoen word en die effek daarvan op ons. Ons kan nie nou die hemel betree en sien wat namens ons gebeur nie. Ons kan ook nie God se werk sien om ons harte te verander en Sy wet in ons harte te skryf nie. Ons het geen tasbare bewyse van hierdie werk nie; nie in die hemel of in ons harte nie – ons kan nie met die menslike oog sien wat gebeur nie.

Laat ons nog ‘n laag besonderhede byvoeg vir die tweede vierkant:



Die tabernakel wat die Israeliete opdrag gegee is om te bou het bestaan uit drie vierkante. Die Heilige Plek het twee vierkante in beslag geneem en die Allerheiligste een vierkant. Die ingang van die Heilige Plek het ‘n gordyn of voorhangsel gehad en so ook die ingang na die Allerheiligste. In die eerste helfte van die Heilige Plek was daar ‘n tafel (1) met ongesuurde brode wat toonbrode genoem was; aan die ander kant ‘n kandelaar (2) met sewe lampe. Hierdie kandelaar het die Heilige Plek verlig. Aan die ander kant van die Heilige Plek was die wierookaltaar waar gebede geoffer was.

## C. Die Reis is ‘n Liefdesverhaal

Elke meubelstuk was op een of ander manier simbolies van die werk en karakter van Christus.

**Die belangrikste beginsel omtrent die Heiligdom is die inskrywing van die wet in die hart wat beteken dat ons in wese soos Christus word. Die rede waarom ons soos Christus word, is omdat Hy die goddelike voorbeeld van onderdanigheid aan die Vader is. Deur soos die Seun van God te word leer ons ook die lesse van onderdanigheid en word ons permanent gekoppel aan die kanaal van seën.**

Deur die meubelstukke van die Heiligdom te ondersoek vind ons dat elke stuk ons iets van Jesus vertel.

| Meubelstuk | Simbool van Christus |
| --- | --- |
| Brandofferaltaar | Joh. 1:29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!. |
| Die koperwaskom | Efe. 5:26 (Joh. 1:1) om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord (Jesus is die Woord van God) |
| Die Toonbrode | Joh. 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. |
| Die Kandelare | Joh. 8:12 En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. |

| Meubelstuk | Simbool van Christus |
|---|---|
| Wierookaltaar | Joh. 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Ons kom in gebed tot die Vader deur Christus.) |
| Die Verbondsark | Matt. 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. |

Hierdie meubelstukke kan in ‘n lyn uitgelê word om die reis voor te stel. Hierdie reis word die Weg genoem. Aangesien elke meubelstuk na Jesus verwys, is dit Jesus wat die goddelike voorbeeld is van hoe om aan die Vader gekoppel te bly - daar word na Jesus verwys as die Weg, wat die waarheid is wat ons lewe bring. Let op wat Jesus sê:

> **Johannes 14:6** Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Die weg om na die Vader te kom word gesimboliseer deur die Heiligdomstelsel. Soos die Bybel dit stel:

> **Psalms 77:14** o God, u weg is in *heiligheid* (*the sanctuary – sien King James Vertaling*). Wie is ‘n groot God soos God?

Verwys na die figuur op die volgende bladsy waar die meubelstukke in lyn geplaas word.

Die ry wat na Christus verwys, onthul die werk wat Jesus namens ons doen op die reis van die hart van klip na die hart van vlees. Die tweede ry is ons ervaring wanneer ons die werk van Christus omhels. Vir ons is hierdie reis ‘n liefdesverhaal, ‘n hofmakery en ‘n huwelik. Ons beweeg van die leuens van isolasie tot ‘n diep, intieme verhouding met liefde wat in ons harte oorloop vir ons Verlosser. In ons liefde vir Hom leer ons die ware betekenis van onderdanigheid aan die Vader – die groot bron van alles.

Indien ons in kontak kom met Jesus deur die verhaal van die kruis, word ons getref deur die ongelooflike gevoel van liefde wat Hy vir ons het. Sy onselfsugtige daad om Sy lewe te gee werk soos ‘n reinigende waterbad en dryf die eerste groot kraak in ons harde harte. Sy aanloklike liefde trek ons in ‘n liefdesverhouding met Hom.

# Wandel met Jesus in die Heiligdom

| | Buitehof | | Heilige Plek | | | Allerheiligste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| |  Brandofferaltaar |  Waskom |  Tafel van Toonbrode |  Kandelaar |  Reukoffer-altaar |  Ark |
| **Christus** | Messias | | Priester | | | Regter |
| | *Kruis* | *Reiniging* | *Die Waarheid* | *Die Weg* | *Die Lewe* | *Regter* |
| | Joh 1:29 | Ef 5:26; I Joh 1:9 | Joh 6:35 | Joh 8:12; Ps 119:105 | Heb 7:25; Rom 5:10 | Mal 3:5 |
| **Ons** | Hofmaking | | Verlowing | | | Bruilof |
| | Bekering | Doop | Bybelstudie | Getuienis | Gebed | Oorwinning |
| | Joh 3:16; Hand 2:37,38 | Joh 3:5 | Joh. 5:39 | Matt 5:14 | 1 Tess 5:17 | Joh 15:5 |
| **Gees** | Oortuig die wêreld van ... Sonde | Joh 16:8 | Geregtigheid | | | Oordeel |

Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei   Joh. 16:13

Wanneer ons oortuig is van die liefde van Christus en ons vind getuienis daarvan in die Woord van God, wil ons vir ewig by Hom woon en reageer ons op Sy uitnodiging tot ‘n huwelik en sodoende begin die verlowing. ‘n Verlowing gaan daaroor om die karakter van ons voornemende maat beter te leer ken. Oral waar ons kom praat ons van ons geliefde en deel ons ons liefde en bewondering vir Hom. Vir die Christen vind hierdie proses plaas deur gebed, Bybelstudie en deur te getuig van ons geloof. Hoe meer ons studeer en deel en bid, hoe groter groei ons liefde en hoe meer ywerig is ons in ons afwagting na die huwelik.

Die huwelik is waar volle openbaring plaasvind. Ons sien die karakter van Christus in al Sy heerlikheid in die Allerheiligste, ons word betower deur die mag van Sy liefde en ons gee onsself ten volle aan Hom oor. Ons verwyder alles uit ons lewens wat ons aanskouing van ons wonderlike man/Verlosser blokkeer.

Indien jy nog nie op hierdie reis is nie, nooi ek jou om te begin. Die skrywe van die wet op jou hart is soms pynlik wanneer die hammer van die Woord die aangepakte hart oopbreek, terwyl die klippe verwyder word en jou hart versag word deur die olie van die Gees van God. Dit voel so goed om weer lief te hê en weer te leef – om sonder vrees te leef.

Ons het die liefdesverhaal van die reis deur die Heiligdomstelsel beskryf, maar ons het nie aandag gegee aan die kwessie van hoe om by die beginpunt van hierdie reis te kom nie. Nadat die menslike ras deur die slang gebyt is en onder sy invloed was, was die mensdom nie vry om net weg te loop nie. Ons is tot slawe gemaak aan die sisteem van die slang. Ons het nie eers geweet daar is ‘n manier om te ontsnap nie en het ook nie daarin belanggestel nie. Soos die Bybel sê:

> **Romeine 3:11** Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.
>
> **Romeine 8:7** omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

In die volgende hoofstuk sal ons leer hoe God die mag van die slang verbreek en die saadjies van ons eie identiteit in ons wakker gemaak het. Dit het ons harte op sy beurt na die deur van die Heiligdom getrek, sodat ons die reis kon begin.


Hoofstuk 16

# ‘n Hoofweg in die woestyn

## A. Die Berge en die Valleie

Die Heiligdomstelsel wat deur God ontwerp is, is ontwerp om ‘n hoofweg na die paradys van die kanaal van seën te wees, maar die leuen van die slang het dit vir die mensdom onmoontlik gemaak om hierdie hoofweg te vind, laat staan nog om hierdie reis te begin.

In Hoofstuk 8 het ons die siklus van waardeloosheid waargeneem, wat voortspruit uit die omhelsing van die leuen van inherente lewe. Laat ons weer daarna kyk:




Die inherente lewenstelsel wat deur Satan ingestel is veroorsaak dat mense trots voel wanneer hulle presteer en waardeloos wanneer hulle misluk. Hierdie

silklus van trots en waardeloosheid is soos 'n bergreeks en valleie wat onbegaanbaar is.

Hierdie berge en valleie word in 'n godsdienstige konteks erger. Soos ons vroeër opgemerk het is die wet van God verdraai deur die leuen van Satan as 'n manier om aanvaarding by God te kry, of andersins 'n voortdurende herinnering aan hul mislukkings. Die gevolg hiervan is dat godsdienstige dwepers op die berge van selfbelang kampeer en hul godsdienstige ywer voor almal ten toon stel, maar die meerderheid mense hou gewoonlik in die valleie net omdat dit voel asof dit net te moeilik is en dat hulle nooit 'n goeie Christen sal wees nie.

Dit is die rede waarom die poort nou is en die weg smal wat lei tot die lewe. Die meerderheid mense belê óf baie moeite in goeie werke om God te behaag, óf hulle sal maar net opgee, want hulle is moeg daarvan om die hele tyd sleg te voel. Daar is ook 'n beduidende groep wat van die een kant na die ander kant swaai, probeer en misluk, probeer en misluk.

Tensy die leuen van die slang blootgelê word en ons ons ware verhouding met God deur die kanaal van seën kan sien, sal alles wat ons doen deur die berge en die valleie versper en belemmer word.

Die kragtigste demonstrasie van God se liefde – die bediening van Jesus as 'n openbaring van die Vader, is ook onderworpe aan hierdie berge en valleie. Baie mense word deur die lewe en dood van Christus gemotiveer om 'n beter mens te wees en om Hom te probeer wys dat hulle Hom liefhet as gevolg van hierdie wonderlike daad wat Hy gedoen het. Ander voel so onwaardig dat God Sy Seun prysgegee het om vir hulle te sterf, dat hulle dit nie kan aanvaar nie; hulle voel dat Hy vir ander gesterf het, maar nie vir hulle nie. Daarom was dit uiters belangrik dat Christus vóór Hy gesterf het hierdie valse gevoel van identiteit, wat die mensdom beïnvloed het weens die leuen van die slang, neutraliseer. Voor Sy dood moes Hy ons ware posisie as seuns en dogters van God wat baie geliefd en aanvaar is, openbaar.

Hoe kan sulke gedagtes die menslike denke bereik? Hoe kan God ons weer met die kanaal van seën verbind en terselfdertyd 'n gevoel gee van ons werklike waarde as kinders van God?

Hierdie plan word uitgelê in Jesaja hoofstuk 40:

> **Jesaja 40:3 – 5, 9 – 11** 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! **4** Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word. **5** En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word,

> en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek… **9** o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op ‘n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! **10** Kyk, die Here HERE sal kom as ‘n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. **11** Hy sal sy kudde laat wei soos ‘n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.

In hierdie hoofstuk openbaar God dat Hy hierdie berge en valleie sal hanteer en ‘n duidelike weg sal maak vir die mensdom (vers 4). Dit sal gedoen word deurdat die Seun van God een van ons sal word – dit is die heerlikheid van die HERE wat geopenbaar sal word (vers 5). Presies hoe sal dit gebeur?

1. Deur een van ons te word en ons natuur fisies aan te neem, sou Jesus aan die mensdom die kanaal van seën, wat vanaf die grondlegging van die wêreld beskikbaar was, openbaar en ons wys dat Hy ons toestand volkome verstaan.

2. Die Vader se aanvaarding van die Seun as mens sou die waarheid onthul dat die mensdom ook deur God as Sy kinders aanvaar is. Hierdie onthulling van hierdie aanvaarding sou die siklus van waardeloosheid breek.

3. Deur ‘n volmaakte onderdanige lewe aan die Vader te lei sou Hy Sy medelye met die menslike denke demonstreer en as ons Middelaar ons binne die kanaal van seën hou. Die Goddelike/Menslike denke van Christus word die erfenis van almal wat Christus as hul Verlosser aanvaar.

4. Die werk van Jesus in die hemel, na Sy werk hier op aarde, sal aanhou om ons ’n ingesteldheid te gee wat weet dat ons kinders van God is en die vermoë dra om aan die Vader onderdanig te bly.

# B. Verbreek die Siklus

Die eerste stap in hierdie plan is geneem toe Jesus gebore is. Hy was vanuit die saad van Dawid, volgens die vlees. Soos Paulus in Hebreërs sê:

> **Hebreërs 2:14** Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die

> dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel.

Die menslikheid van Jesus verseker ons dat ons verbind word aan die kanaal van seën van die Vader. In die boek Johannes word dit as ‘n leer voorgestel:

> **Johannes 1:52** En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.

Die voet van die leer is stewig in menslike grond geplaas, sodat ons die vertroue kon hê dat die kanaal van seën ons sou bereik. Tensy Jesus waarlik mens was soos ons, sou ons nooit seker kon wees dat ons Middelaar ons regtig verstaan nie.

Die oomblik toe sonde hierdie wêreld binnegekom het is Christus geopenbaar as die Verlosser van die wêreld. Deur Sy Gees het Hy ons as mens gedra en opgehef al die dae van die ou tyd:

> **Jesaja 63:9** In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.

Christus was nog altyd ons Middelaar en Priester tot die Vader. Hy het die beproewings en lyding van elke mens geken, maar die mensdom kon dit nog nie ten volle begryp voordat Christus in die vlees geopenbaar is nie.

> **Romeine 16:25-26** Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is. **26** maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof.

Toe Jesus na die aarde gekom het, het Christus die mensdom in ‘n gunstige posisie geplaas, want hulle kan nou verseker weet dat Christus ons waarlik geken het en weet hoe om ons te help. Nou kon die Heilige Gees in groter mate uitgestort word, omdat Christus nou verheerlik is, of met ander woorde Sy karakter is ten volle in die vlees geopenbaar.

> **Johannes 7:38-39** Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. **39** En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Die Heilige Gees was nog nie volledig geopenbaar totdat Christus na die aarde gekom het nie, omdat die mensdom nie hul versoeke met soveel vrymoedigheid voorgelê het as wat hulle kon nadat Hy na die aarde gekom het nie. Sedert ons besef het hoedat Hy ons regtig verstaan kan ons met vrymoedigheid na die troon van genade kom en sodoende kon die Heilige Gees in groter mate uitgestort word. In Johannes 7:39 is die woord '*ontvang*' ('*given'* in KJV) 'n toegevoegde woord. Dit is nie korrek om te sê dat die Heilige Gees nie gegee is voordat Christus aan die kruis gesterf het nie, maar eerder dat die Gees nie volledig geopenbaar is nie.

Nadat die kanaal van God se liefde in Christus geopenbaar is en God met ons kon praat deur die menslikheid van Jesus, kon die boodskap van aanvaarding beter oorgedra word as voorheen. 'n Boodskap wat ons vertel dat God nie 'n verergde Koning is wat kwaad is vir ons omdat ons fouteer nie, maar dat Hy 'n tere Vader is wat ons terug wil hê as deel van Sy familie en dat die gawes wat Hy stuur van 'n liefdevolle Vader kom, nie van 'n kwaai regter nie.

Dit is bewerkstellig met die doop van Jesus aan die begin van Sy aardse werk. By die Doop – spreek die Vader direk met ons deur Sy Seun. Deur met Jesus te praat, praat Hy met ons.

> **Matthéüs 3:16-17** En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. **17** En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Watter wonderlike woorde om van die Vader van die heelal te hoor! Jy is My Seun vir wie Ek liefhet en Ek verheug My in Jou. Om te dink dat God hierdie woorde tot ons rig – nie as gevolg van ons goeie dade nie, maar bloot as gevolg van ons verbinding met Hom deur Sy Seun.

> **Efésiërs 1:6** tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.

> **Johannes 1:12** Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

> **1 Johannes 3:1** Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

Deur hierdie woorde van die Vader se liefde te aanvaar hou ons gedagtes op om vyandig teenoor Hom en Sy beskermende wet te wees. Die aanvaarding van die woorde:

**"JY IS MY GELIEFDE KIND"**

breek die mag van waardeloosheid en die leuen van die slang. Dit hervestig ons ware identiteit as afhanklike kinders en open die deur vir 'n verhouding met God in Sy verhoudingsgebaseerde koninkryk.

Hierdie stelling is die seën waarna ons almal smag en dit verwyder die behoefte aan trots in prestasie – God is trots op ons net omdat ons Sy kinders is. Hierdie stelling verwyder ons gevoel van waardeloosheid – ons hoef nie nutteloos te voel omdat ons nie presteer nie.

Ons hemelse Vader probeer al 4000 jaar om hierdie boodskap aan ons te stuur deur die kanaal van ons aardse vaders, soos uiteengesit in Spreuke 17:6 – Die eer van kinders is hul vaders. Maar sonde het hierdie kanaal vervaag en dit in baie gevalle afgesny, sodat die meeste van ons 'n lewe leef wat grootliks vervloek is – ons probeer om te bestaan sonder 'n ware gevoel van aanvaarding.

Die goeie nuus is dat in Jesus – het ons die oorspronklike en volmaakte Vader – die bron van alle goeie vaders; God sê vir ons deur Sy Seun dat Hy ons liefhet en aanvaar.

> **1 Johannes 5:20** En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.

> **1 Korinthiër 2:16** Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.

Deur Christus te aanvaar word gedagtes van seën oor ons uitgegiet, dat ons aanvaar word en ons ontvang die begeerte om te reageer. Dieselfde reaksie wat Jesus aan Sy Vader gegee het word deur die kanaal van seën aan ons geskenk. Dit is werklik wonderlike nuus! Indien ons glo dat selfs net die blote aanvaarding van so 'n gawe deur Jesus self tydens die doop vir ons uitgevoer is hoef ons nie met twyfel te worstel nie. Die aanvaarding van seun- of dogterskap is 'n lewensbelangrike stap tot

die aanvaarding van die dood van Jesus vir ons rebellie teen God en ontevredenheid met God.

## C. Vasklou aan Seunskap deur Geloof

Satan was bewus daarvan dat, indien mense deur geloof moes aanvaar dat hulle kinders van God is, dit baie moeiliker sou wees om hulle tot opstand te bring. Indien Jesus as mens kon demonstreer dat Hy waarlik geglo het dat Hy 'n Seun van God is, dan sou Hy dat dit makliker deur die kanaal aan ons kon deurgee. Satan moes iets doen om te verhoed dat Jesus glo dat Hy as 'n mens aanvaar word en dit is die agtergrond van die stryd in die woestyn.

> **Matthéüs 4:3 - 10** En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U
> die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. **4** Maar Hy
> antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen
> lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. **5**
> Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die
> dak van die tempel staan **6** en sê vir Hom: As U die Seun van God is,
> werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee
> aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u
> voet teen 'n klip stamp nie. **7** Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe:
> Jy mag die Here jou God nie versoek nie. **8** Weer neem die duiwel Hom
> saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld
> en hulle heerlikheid, **9** en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee
> as U neerval en my aanbid. **10** Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan!
> want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen
> dien.

God het met Sy Seun gepraat – en gesê: "Jy is my Seun." Toe Satan na Jesus gekom het, begin hy met die woorde "AS"; as U die Seun van God is. In daardie woord "as" was 'n aanval op die Woord van God. God het gesê, "Jy is My Seun"; Satan sê: is dit werklik so?

Satan het aan Jesus voorgestel dat hy, in plaas daarvan om God se Woord te vertrou, Hy sy pogings moes gebruik om te bewys dat Hy die Seun van God is. Indien Jesus op hierdie versoeking gereageer het, sou Hy die woorde van Sy Vader betwyfel het en met Satan saamgestem het dat Hy 'n Seun is deur 'n demonstrasie van mag, inherente mag. Deur die versoeking van Satan te weerstaan, het Jesus in die vlees die ingesteldheid getoon van 'n vertroue in die woord van God as die enigste basis van seunskap, sonder dat dit nodig was om dit met mag te bewys. Dit is so 'n wonderlike

ding om ‘n Verlosser te hê wat weier om Sy seunskap uit eie mag te bewys, maar wat slegs vertrou op sy Vader se aanvaarding deur sy verhouding met sy Vader. Daar is geen twyfel dat Jesus die mag gehad het om klippe in brood te verander nie; Hy het mag gehad om te doen wat Hy wou. Nogtans is daar een ding wat die Seun van God nooit sou doen nie. Hy kon nie Sy mag gebruik om Sy identeit te bewys nie, want dit is heeltemal teenstrydig met Sy wese. Dit was nog altyd en sal ook altyd wees.

## D. Sy Oorwinning is Ons s’n

Die keuse van Jesus om alleenlik God se Woord te glo as die basis van aanvaarding is ‘n skat wat deur die kanaal van seën na ons toe kom deur Christus. Sukkel jy om slegs die Woord van God te glo, dat jy ‘n kind van God is? Jesus het hierdie twyfel oorwin en indien jy dit glo, word Sy oorwinning oor Satan outomaties joune. Ons kan geloof hê in God se Woord deur die geloof van Jesus. Dit is nie net geloof in Jesus nie – dit is die geloof van Jesus wat ons ontvang as kinders van God.

Soos die Skrif vir ons sê:

> **Galasiërs 4:4 - 7** Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, **5** om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. **6** En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! **7** Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

Dit is die Gees van Christus wat na ons vloei deur die kanaal wat ons in geloof laat uitroep – “Vader!” Hierdie presiese woorde is die woorde van Christus wat aan ons geopenbaar word. Dit neem ‘n rukkie om hierdie konsep ten volle te begryp, maar ‘n eenvoudige voorbeeld is die verhaal van die boom wat in bitter water afgekap is om dit soet te maak.

> **Exodus 15:23 – 25** En hulle het in Mara gekom, maar kon die water van Mara nie drink nie, want dit was bitter. Daarom heet die plek Mara.
> **24** Toe murmureer die volk teen Moses en sê: Wat moet ons drink?
> **25** En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom ‘n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het Hy vir hulle ‘n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef.

Die geloof van Jesus in Sy Vader se Woord is soos die boom wat die bitter waters van menslike twyfel buitengewoon soet en drinkbaar gemaak het.

Ons het nou ‘n kort oorsig gegee van beide die stelsel vir die herstel van die kanaal van seën (deur die Heiligdom) en die manier waarop die valleie en berge, wat in die pad van hierdie stelsel staan (aanvaarding deur seunskap) deur God hanteer is.

Voordat ons aanbeweeg vanaf die tyd van Christus op aarde moet ons terugkeer na die geskiedenis van Israel en kyk hoe hulle met hierdie Heiligdomstelsel gevaar het. Satan sal nie ledig rus en Israel toelaat om hierdie aanbiddingstelsel in stand te hou nie. Hy het besluit om Israel aan te val totdat hulle weer in slawerny was en die noue weg deur die berge en valleie sou verlore gaan, saam met die grootpad wat na die gebooie van God in die Heiligdom gelei het.

Die afstammelinge van Nimrod sou gebruik word om te voorkom dat die afstammelinge van Abraham die familiekoninkryk lewend hou.

Hoofstuk 17

# Gee Ons 'n Koning, Net Soos die Ander Nasies

## A. Gedetaileerde Instruksies om die Gesinstruktuur te Beskerm

Israel was 'n baie bevoorregte nasie om die wet van God te ontvang by die berg Sinai en daarmee saam baie spesifieke instruksies oor hoe om hierdie wet te onderhou en so verbind te bly met die kanaal van seën.

Baie instruksies is ontwerp om Israelitiese gesinne die kritieke aard van gesinsverhoudings te toon.

> **Levitikus 20:8 - 10** En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig. **9** Want elkeen wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word. Hy het sy vader of sy moeder gevloek. Sy bloedskuld is op hom. **10** En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word.

Deur oppervlakkig te lees lyk sommige van die instruksies uiters wreed totdat ons besef dat die uitdrukking *"moet sekerlik gedood word"* kan beteken om te vroeg te sterf óf om doodgemaak te word. Die wet onthul dat die verwerping van die gesinshoof 'n direkte weg na selfvernietiging is.

'n Mens wat die hand lig teen sy ouers of hulle vervloek toon duidelike bewyse dat hy die kanaal van gesag en seën verwerp het. So 'n mens is 'n gevaar vir homself en die samelewing. God begeer nie om enigiemand dood te maak nie. Die wet onthul bloot die selfverwoesting van die sondaar, omdat die wet as 'n spieël vir die sondaar dien om sy probleem te diagnoseer sodat hy hom kan bekeer.

Baie van ons is vertroud met die geweldige pyn wat in gesinne kom wanneer egpare egbreuk pleeg. Dit vernietig die gesinstruktuur, verminder respek en plaas 'n vlek op die gemeenskap. Hierdie optrede is so gevaarlik dat Israel moes besef dat die dood die gevolg sou wees.

Vanuit die voorbeeld van Isak, Jakob en Esau het ons die lewensbelangrike aard van die keuse van 'n regte huweliksmaat geleer. Israeliete moes nie trou met mense

uit ander nasies wat nie die wesenlike aard van die gesinstruktuur sou verstaan nie. Die verhaal van Nehemia onthul die dringendheid van hierdie saak vir die voortbestaan van God se sisteem van gesinsverhoudings.

> **Nehemia 13:23 - 27** In dié dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. **24** En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen Joods praat nie. **25** Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie! **26** Het Salomo, die koning van Israel, nie deur hulle gesondig nie? Alhoewel daar onder baie nasies nie ‘n koning gewees het soos hy nie en hy ‘n liefling van sy God was, sodat God hom as koning aangestel het oor die hele Israel, het die vreemde vroue hom tog sonde laat doen. **27** Moet ons nou van julle hoor dat julle al hierdie groot kwaad doen, om ontrou te handel teen God deur vreemde vroue te trou?

Die Israeliete se ondertrouery met vreemde vroue was presies dieselfde situasie as die seuns van God wat voor die vloed van Noag getrou het met die dogters van die mense. Die resultaat sou dieselfde wees – tirannie. Nehemia was vasbeslote om te voorkom dat dit plaasvind.

Moses is baie instruksies gegee om die gesinstruktuur te beskerm. Indien Israel getrou was sou hulle nooit gely het soos hulle gedoen het nie. God het die seëninge om Sy raad te volg en die selfopgelegde vervloekings, indien hulle sou faal om hierdie instruksies te gehoorsaam, uiteengesit. In Levitikus 26 lê God die sleutelbeginsels uiteen, soos bespreek, wat ons aan die kanaal van seën verbind en om hoe om die verbinding te bewaar. Let noukeurig op:

> **Levitikus 26:1 - 6** Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en ‘n gesnede beeld of ‘n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en ‘n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. **2** My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE. **3** As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, **4** sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. **5** En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe oes, en die druiwe oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon. **6** Ook sal Ek vrede gee in die land,

> sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak; en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie.

1. Die opdrag om afgode te vermy, was bedoel om die verhoudingsgebaseerde en onsigbare persepsie van God te bewaar. Afgode van materiële dinge sou veroorsaak dat Israel na ‘n magsgebaseerde waardestelsel en na verharding van verhoudings toe dryf – so hard soos die hout, klip en goud wat hulle sou aanbid.
2. Die opdrag omtrent die Sabbat was ’n herinnering aan die bron van die lewenskanaal en wie dit geskep het.
3. Die Heiligdom, soos ons bespreek het, voorsien die grootpad of reis om God se beskermingswet in hulle harte te skryf.
4. Die Tien Gebooie (en die spesifiseerde instruksies rakende hierdie wet) soos ons opgemerk het, is die beskermer van die kanaal van seën. Die Sabbat en die opdrag om nie afgode te aanbid nie vorm deel van die gebooie, maar is uitgesonder vir spesiale fokus.

God het die Israeliete gewaarsku dat, indien hulle nie aan hierdie beginsels vasklou nie, hulle vervloek sou word en aan verdrukking en hartseer onderwerp word en buite hulle land verstrooi sou word.

> **Levitikus 26:14 – 17, 28 - 33** Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; **15** en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge ‘n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek **16** dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. **17** En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie… **28** (dan) sal Ek My in grimmigheid teen julle versit, en Ek sal julle ook sewevoudig tugtig weens julle sondes. **29** En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters sal julle eet. **30** En Ek sal julle hoogtes verwoes en julle sonpilare verdelg en julle lyke op die lyke van julle drekgode gooi; en my siel sal ‘n afsku van julle hê. **31** En Ek sal julle stede puinhope maak en julle heiligdomme verwoes en julle

> lieflike geur nie ruik nie. **32** Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan. **33** En Ek sal julle onder die volke verstrooi en ‘n swaard agter julle uittrek; en julle land sal ‘n wildernis en julle stede puinhope word.

Indien God se mense uit Sy kanaal van seën beweeg kan Hy hulle nie beskerm nie. Hy stel Homself voor as die Een wat hierdie rampe op Sy mense bring, maar die rampe is ’n natuurlike oesproses indien God se familiekoninkryk verwerp word. God sal die vloeke gebruik as ‘n vader wat sy eiesinnige kinders tugtig; Hy sal hulle toelaat om die gevolge van hul swak keuses te ly en omdat Hy hulle toelaat om te ly neem Hy die verantwoordelikheid vir wat plaasvind.

## B. Israel Draai Weg van God

Indien Israel hierdie dinge getrou gevolg het, sou hulle vrede en voorspoed en ‘n lewe vry van vrees en oorlog gehad het. Israel het goed begin, maar nadat Moses, Aäron, Joshua en al hul eweknieë gesterf het, het ‘n nuwe geslag opgestaan wat nie hierdie beginsels bewaar het nie.

> **Rigters 2:8 - 12** Maar Josua, die seun van Nun, die kneg van die HERE, het gesterwe, honderd en tien jaar oud; **9** en hulle het hom begrawe op die gebied van sy erfdeel in Timnat-Heres, op die gebergte van Efraim, noord van die berg Gaäs. **10** En toe ook daardie hele geslag by hulle vaders versamel is, staan daar ‘n ander geslag ná hulle op wat die HERE en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie. **11** En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE: hulle het die Baäls gedien **12** en die HERE, die God van hulle vaders, verlaat wat hulle uit Egipteland uitgelei het, en hulle het agter ander gode aan geloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was, en hulle daarvoor neergebuig en die HERE geterg.

Die vrede en voorspoed wat Israel onder Joshua se leierskap geniet het, het hulle nie met dankbaarheid teenoor God gevul nie, maar dit het eerder tot self-voldaanheid gelei. Hierdie neiging het baie maal in die geskiedenis plaasgevind en is ‘n waarskuwing aan ons. Let op na die westerse lande van vandag waar mense met Christelike beginsels grootgemaak is. Baie van hierdie nasies het voorspoedig en ryk geword en huidiglik draai hulle stadig maar seker weg van hul oorspronklike beginsels om materialisme te dien.

Israel het van God afvallig geword om die Baäls te dien. Baäl was ‘n god soortgelyk aan Nimrod se aanbiddingstelsel; ‘n aanbidding van die inherente mag van die natuur en veral die son. Toe Israel van die ware God afvallig geword het, het Israel hom van die bron van lewe afgewend. Die verhouding tussen man en vrou was nie meer gebaseer op hoof- en onderdanigheidsbeginsels, soos weerspieël in die Vader-Seunverhouding in die hemel. Die gode wat aanbid is, was almal gebaseer op inherente mag. Die verlies aan ’n voorbeeld van ’n onderdanige agent het verdoemenis vir Israel uitgespel. Dit het die verhoudingswaardestelsel van die hemel verwerp en ‘n geslag grootgemaak wat onseker, waardeloos en vol vrees geword het.

Die boek Rigters vertel van ‘n reeks smeekgebede as gevolg van euwels en smarte wat oor die Israeliete gekom het. Hulle is deur buurstamme onderwerp en hul families is verwoes. Die samelewing het gefeminiseer, omdat die rol van ‘n vader wat die kinders seën verlore gegaan het. Mans het moed verloor weens hul onsekerheid en gebrek aan seën. Om Israel te help ontsnap uit die tirannie van hul vyande moes God die dienste van ‘n vrou gebruik, omdat die manlike leierskap verswak het.

Debora is opgerig as ‘n profetes om Israel te help om uit die tirannie, waaronder hulle verkeer het, te ontsnap. Onder die saad-en-koesteringsbeginsels sou sy nooit die mantel van die leier van God se mense opgeneem het nie, maar desperate tye verg desperate maatreëls en God gebruik die getrouheid van Debora om Israel te verlos. Debora het Barak gevra om ‘n weermag te lei wat die vyande moes oorwin, maar let op na die reaksie van Barak:

> **Rigters 4:8 - 9** Maar Barak sê vir haar: As u met my saamtrek, sal ek gaan; maar as u nie met my saamtrek nie, gaan ek nie. **9** Toe sê sy: Ek sal sekerlik met jou saamtrek, maar die eer sal nie joune wees op die pad wat jy sal gaan nie; want die HERE sal Sísera in die hand van ‘n vrou verkoop; en Debóra het opgestaan en saam met Barak na Kedes getrek.

Sonder die kanaal van seën wat korrek funksioneer was Barak met vrees vervul en wou hy Debora se hand vashou soos ’n moeder s’n; gevolglik is die eer van die oorwinning aan ’n vrou gegee wat moedig opgetree het.

Dit is die gevolg van die verwerping van God se gesinstrukture en seënstelsel. Soos Jesaja later sê:

> **Jesaja 3:12** Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot ‘n dwaalweg gemaak.

As daar van vroue verwag word om God se mense te lei is dit ’n teken dat hulle diep afvallig is en die kanaal van seën vernietig is. Die beginsels van hoofskap en onderdanigheid kan nooit korrek funksioneer onder vroulike leierskap nie, omdat dit manlike en vroulike rolle verwar. Maar dit was beter om die Israeliete te verlos onder die hand van ’n vrou as om hulle steeds te laat ly onder die slawerny van hulle vyande – dit sou baie erger gewees het.

Dit is geen toeval dat Simson ’n swakwillige rokjagter is wat daarvan hou om grappe te maak, om pret te hê en mense te terroriseer nie. Dit is ook die gevolg van ’n gebroke kanaal van seën. Weereens het God gebeure laat saamwerk om sy mense van die slawerny van hul vyande te verlos, maar Simson is ’n swak voorbeeld van manlike leierskap.

Ons sien Simson se onverstandige keuse wanneer hy ’n lewensmaat kies:

> **Rigters 14:3** Maar sy vader en sy moeder sê vir hom: Is daar onder die dogters van jou broers en onder my hele volk nie ‘n vrou, dat jy heengaan om ‘n vrou uit die Filistyne, die onbesnedenes, te neem nie? En Simson sê aan sy vader: Neem haar vir my, want sy geval my.

Simson het geen idee gehad van die belangrikheid om ’n getroue vrou te kies nie; al wat vir hom saak gemaak het, was dat dit hom behaag. Simson het grootgeword as ’n selfsugtige, selfgesentreerde seun in ’n man se liggaam.

Simson is inderdaad deur sy begeertes na vroue oorheers. ’n Man wat hom laat lei deur passie is ’n tipiese uitkoms indien die verhoudingsgebaseerde seënstelsel vernietig word en God se mense wegdraai van die Vader en die Seun, die hoofskap en die onderdanigheidspatroon; na die model van inherente magsgelykheid van Baäl.

Simson, wat maal by die meule van die Fillistyne, is ’n gepaste voorbeeld van God se mense wat wegdraai van die ware God. Hy was ellendig, arm, blind en naak; verslaaf aan ’n valse waardestelsel, met gebrek aan die saad van seën wat elke man benodig om ’n wyse en oordeelkundige leier te wees.

## C. Israel wettig die Geloofstelsel van Inherente Mag

Na baie jare van beproewing en hartseer het God ’n profeet opgerig – Samuel – om die volk van God te lei. Wanneer ons na die konteks van Samuel se verhaal kyk sien ons weer die vloek van die inherente magstelsel in die lewe van Eli. Hy was nie ’n man wat ’n sterk leier kon wees en sy seuns in toom kon hou nie. Samuel se vader

was nie ’n oordeelkundige man nie en blyk nie die geestelike leier te wees wat hy moes gewees het nie.

God het Samuel gebruik om Israel terug te bring na die aanbiddingstelsel van God en hy het ’n groot hervormingswerk gedoen, maar selfs Samuel het gesukkel om ’n gesin te vestig volgens God se orde en sy seuns het daarin gefaal om die regte pad te volg.

Samuel se wankelrige voetspore as vader het die leierskap van Israel die geleentheid gebied waarna hulle al ’n geruime tyd gesoek het:

> **1 Sameul 8:4 - 5** Toe kom al die oudstes van Israel bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama **5** en sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou ‘n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies.

Die Israelitiese leiers was nie tevrede met hul familiegroepe wat gelei word deur die welwillende leierskap van die profeet nie. Hulle wou ’n monarg hê wat met absoluutheid heers. Die begeerte na ’n Koning was ’n oproep tot die beginsels van Nimrod. Hulle wou soos die ander nasies wees. Hulle wou nie anders en besonders wees nie. Hulle onsekerhede het gemaak dat hulle nie die verskil kon hanteer nie. Hierdie versoek was ’n volledige verwerping van God en Sy familie koningkrykbeginsels.

> **1 Samuel 8:7** Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.

Die begeerte na ’n koning sou uiteindelik tot Israel se vernietiging lei. Indien hulle eers op hierdie weg was, sou daar geen ontvlugting wees, totdat hulle geheel en al beheer word, nie net in gees nie, maar ook in liggaam. Dit is presies wat gebeur het met die latere ballingskap in Assirië en Babilon. Satan was op die punt van ’n groot oorwinning. Indien hy Israel kon oorreed tot ’n begeerte na ’n koning kon hy sy beginsels van familie en heerskappy volgens Nimrod se patroon instel en die vernietiging van die gesin se kanaal van seën verseker.

Samuel het met hulle gepleit om dit nie te doen nie, maar hulle was vasbeslote.

> **1 Samuel 8:10 - 20** Samuel het toe al die woorde van die HERE oorgebring aan die volk wat ‘n koning van hom gevra het. **11** En hy het gesê: Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde,

dat hulle voor sy wa uit hardloop; **12** en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak. **13** Ook julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kooksters en baksters. **14** En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee. **15** En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee. **16** En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik. **17** Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees. **18** En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die HERE sal julle in dié dag nie verhoor nie. **19** Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees, **20** dat ons ook kan wees soos al die nasies—dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.

Alles waaroor Samuel hulle gewaarsku het, het gebeur. Hulle wou 'n koning hê wat hul gevegte vir hulle moet voer. Hulle onsekerheid en gebrek aan seën het daartoe gelei dat hulle moed ontbreek en hulle het getoon dat hulle seuns in mansliggame was op soek na 'n sterker verlosser om hulle te beskerm. Die sleutelbeginsel wat hulle misgekyk het is dat die verwoestende gevolge van hul gebroke samelewing dit uiters moeilik gemaak het om 'n man te skep wat moedig, sterk en opreg was. Saul het, in sy hele voorkoms, na die perfekte keuse gelyk, maar hy was 'n kind van onsekerheid, vrees en minderwaardigheid in die liggaam van 'n man. Sy waardeloosheid het hom soos 'n humeurige tiran laat regeer.

Dit is 'n waarskuwing vir die wêreld vandag. Ons leef vandag in die mengsel van 'n gefeminiseerde samelewing wat toenemende tirannie en goddeloosheid openbaar. Uiteindelik sal die mense na 'n verlosser uitroep om hulle te red – maar dit sal 'n genadelose en hartelose koning wees, soos Nimrod, sonder inagneming van ware gesinswaardes; nie 'n koning soos Jesus wat die werklike beliggaming van ware seënbeginsels en Goddelike manlikheid is nie.

## D. Die Konings van Israel

Die gevolg van Israel se keuse op 'n koning te hê is baie hartseer. Die fondasies is nooit korrek gelê nie en daarom het die kanaal van seën selde gevloei. Soos ons genoem het, het Saul al die kenmerke van 'n onsekere vervloekte kind gehad.

Toe Saul sien hoe Dawid Goliat doodmaak het hy Dawid as ’n geleentheid beskou, maar toe die mense Dawid se lof besing vir sy waagmoed in die stryd, het Saul hom as ’n bedreiging beskou.

> **1 Samuel 18:6 - 9** En toe hulle tuis kom, en ook Dawid terug was nadat hy die Filistyn verslaan het, het die vroue uitgegaan uit al die stede van Israel met sang en koordanse, met tamboeryne, met vreugdegeroep en met triangels koning Saul tegemoet. **7** En die vroue wat vrolik was, het gesing en gesê: Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tien duisende! **8** En Saul het baie kwaad geword, want hierdie woord was verkeerd in sy oë. En hy sê: Hulle het Dawid die tien duisende gegee, maar my die duisende gegee; hy moet nou nog net die koningskap kry! **9** En van dié dag af en verder het Saul die oog op Dawid gehad.

Die mentaliteit van geleenthede en bedreigings is ‘n duidelike bewys van die werking van die leuen van die slang in Saul. Sy mislukking om te erken dat alle dinge van God kom het veroorsaak dat hy Dawid vir die res van sy lewe agtervolg het. Sy onsekerheid en sy gebrek aan waarde het hom so oorweldig dat hy aanhoudend deur bose geeste geteister was.

> **1 Samuel 18:10 - 12** Die volgende dag het die bose gees van God oor Saul vaardig geword, sodat hy rasend was binne-in die huis terwyl Dawid soos elke dag met sy hand speel, en Saul ‘n spies in sy hand hou. **11** Toe gooi Saul die spies en sê: Ek wil Dawid teen die muur vassteek! Maar Dawid het twee maal vir hom padgegee. **12** En Saul was bevrees vir Dawid, omdat die HERE met hom was en van Saul gewyk het.

Die res van Saul se lewe is ’n treurige verhaal van ’n man wat verdrink in sy eie waardeloosheid; wat sy mag gebruik om waargenome en werklike bedreigings aan te val en te vernietig om sy troon te beveilig.

Die Here was met Dawid; sy geloof en vertroue in God se krag, eerder as sy eie, het hom in staat gestel om magtige dinge te doen. Om watter rede ook al, die lesse van Abraham, Isak en Jakob oor gesinstruktuur was nie by hom ingeprent nie en hy het misluk om sy koninkryk op die korrekte beginsels van hoofskap en onderdanigheid te vestig.

> **2 Samuel 3:2 - 5** En vir Dawid is daar seuns in Hebron gebore. En sy eersgeborene was Amnon, by Ahínoam uit Jísreël; **3** en sy tweede was Kíleab, by Abígail, die vrou van Nabal, die Karmeliet; en die derde was Absalom, die seun van Máäga, die dogter van Tálmai, die koning van

> Gesur; **4** en die vierde Adónia, die seun van Haggit; en die vyfde Sefátja, die seun van Abítal; **5** en die sesde Jítream, by Egla, die vrou van Dawid. Hulle is vir Dawid in Hebron gebore.

Indien Dawid dit geweet het, sou hy biddend na een vrou gesoek het wat sou dien as ‘n onderdanige, koesterende agent om sy kinders met omsigtigheid groot te maak en sy koninkryk sou vestig. Ongelukkig blyk dit dat Dawid onkundig is oor hierdie belangrike kwessies en bou die fondasie van sy koninkryk op verskeie vrouens, waaronder een vrou – Maäga – ’n vredesooreenkoms met die koning van Gesur is.

Die huis van Dawid is op ’n gebrekkige fondasie gelê en die vrug daarvan sou gou by sy kinders manifesteer. Die veelvoudige vrouens wat meeding om Dawid se goedgunstigheid, gekombineer met die strewe van elke vrou om haar seun as die troonopvolger te vestig, het tot ’n koninklike hof vol jaloesie, gekonkel en intrige ontwikkel.

Dawid se eersgeborene, Amnon, is verlei deur die duiwel en het sy halfsuster, Tamar, verlei en haar verkrag. Dit het Absalom woedend gemaak en hy het Amnon se dood stilweg beplan. Absalom was die seun van Maäga, die buitelandse vrou van Dawid, wat bedoel was om deel van ’n vredesooreenkoms te vorm. Min sou Dawid besef dat die saadjies van Maäga se opleiding aan Absalom hom buitengewoon ambisieus, slim en agteraf sou maak. Hierdie vrou wat bedoel was as ’n vredesverbond het die hele koninkryk van Dawid byna vernietig.

Daar is ’n geheimenis wat Abigail se seun – Kileab of Daniël (soos aangedui in 1 Kron. 3:1) omring. Abigail tree op soos die wysste van die vrouens van Dawid en het die beginsels van onderdanigheid verstaan, maar na Amnon se dood word Kileab nooit weer genoem as troonopvolger nie. Dit kom voor of daar geen informasie oor hom is nie.

In plaas daarvan sou die troonopvolger van Dawid deur ’n owerspelige verhouding met Bátseba kom. Dit mag voorkom of hierdie vrou haarself in onskuld bo-op haar huis se dak bad en dat sy geen idee het dat sy deur die koning gesien kan word nie, maar dit sou ’n groot mate van onkunde weerspieël oor wat sy doen.

> **2 Samuel 11:2** En teen die aand, toe Dawid van sy bed opgestaan het en op die dak van die paleis wandel, sien hy van die dak af ‘n vrou wat besig was om ‘n bad te neem; en die vrou was baie mooi van aansien.

As Bátseba onskuldig was, sou sy die koning se uitnodiging om by hom te slaap van die hand gewys het, maar sy kom redelik gewillig voor, omdat die verhaal geen

aanduiding van protes van haar kant af gee nie. Dat Dawid op hierdie manier opgetree het dui aan dat hy geen goeie begrip van God se kanaal van seën het nie.

Die sade van skuld wat in Dawid en Bátseba agtergebly het as gevolg van die owerspel en die moord op Bátseba se man was teenwoordig in hul seun Salomo. Dit is waar dat die Here Salomo liefgehad het en hom met wysheid geseën het, omdat daar baie goeie eienskappe van sy ouers na hom oorgedra is, maar die slegte saad van waardeloosheid en swak gesinstruktuur sou uiteindelik opduik.

Alhoewel Salomo op baie gebiede baie wysheid besit het, het hy misluk in die een area waar dit nodig was; daarin hy het klaaglik misluk. Hy het 700 vrouens en 300 byvroue gehad. Hy het sy leër opgebou en groot bouprojekte aangepak. Hy het die mense belas en aan die werk gesit. Hoewel baie mense die heerlikheid van Salomo uitwys was die eindresultaat van sy koninkryk in werklikheid ’n ramp en het sy koninkryk verdeeld geraak. Hy het die afgode van sommige van sy vrouens aanbid en vir hulle tempels gebou. Wat ’n belediging vir die God van die hemel.

> **1 Konings 11:1 - 4** En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad; en wel behalwe die dogter van Farao, Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese, Hetitiese— **2** uit die nasies waarvan die HERE aan die kinders van Israel gesê het: Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie; hulle sal voorwaar julle hart verlei agter hulle gode aan—Salomo het hulle met liefde aangehang. **3** En hy het sewe honderd vroue, vorstinne, gehad, en drie honderd byvroue, sodat sy vroue sy hart verlei het. **4** En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met die HERE sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie.

Salomo het die rigting bepaal vir die verkeerde verloop van sake vir Israel. Die koninkryk van Israel wat ná die dood van Salomo uit Juda verdeel het, het nie een goeie koning opgelewer nie. Verskeie van die konings van Israel het reggedoen in die oë van die Here, maar selfs die goeie konings het gebrek aan onderskeidingsvermoë getoon. So het Josafat byvoorbeeld toegelaat dat sy seun met die dogter van Jesébel trou. Wat op aarde het hy gedink! Die uitkoms van die huwelik het gelei tot die eerste voulike “koning” van Juda – Atalia. Sy het die hele volk byna vernietig.[41] Hiskia is grootliks geseën deur die Here en hy het baie goeie dinge gedoen om die

[41] 2 Konings 1:1 - 14

aanbidding van die ware God te bewaar, maar toe die Babiloniërs aan sy deur kom klop, wys hy hulle al sy rykdom en skatte en plant ‘n saad in die gedagtes van die Babiloniërs dat hulle eendag moet terugkom om sy skatte te kom haal.[42]

Die mislukking van Israel om ’n gesinstelsel met ’n kanaal van seën te bewaar, het verseker dat die beginsels van Nimrod die wêreld sou regeer. Die begeerte na gebied en mag sou nie bevredig word voordat daar ’n leier ontstaan het wat die hele wêreld oorheers het nie. Die beginsels van inherente mag, met al sy waardeloosheid, vereis dat mense ‘n drang het na onbeperkte mag. Hierdie mag is die enigste middel wat hul brose ego’s kan streel en hul waardelose siele kan kalmeer. Die eerste van hierdie wêreldryke het in die land Babilon ontstaan.

Alhoewel Israel ’n koning wou hê om oor hulle te regeer en hul oorloë te voer, het hulle nie onderskei dat die gesinne van konings nie kinders oplewer wat geskik is om te regeer nie; tirannie is gewoonlik die gevolg. Die gewillige slawerny van die leiers van Israel aan die beginsels van Nimrod se koninkryk sou hul kinders as fisiese gevangenes van hierdie stelsel laat.

[42] 2 Kronieke 32:27-31

Hoofstuk 18

# Die Opkoms en Tirannie van Wêreldryke

## A. Die Stryd tussen die Twee Sade, Twee Vroue en Twee Stede

Die stryd tussen God se familiekoninkryk en Satan se inherente magstelsel word in Génesis 3 beskryf as die vyanskap tussen twee sade (of nakomelinge).

> **Génesis 3:15** En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Die saad van die vrou verteenwoordig die klein groepie mense wat getrou probeer om die familiestelsel van God te onderhou te midde van baie aanvalle. Die hart van hierdie saad is natuurlik die Seun van God, want Hy is die grootste uitdrukking van onderdanigheid aan die lewensbron van God en Hy bepaal die vloei van hierdie kanaal van seën. Die behoud van die saad is die behoud van die voorbeeld van die Seun van God. Waar gesinne die hoof- en onderdanigheids-beginsels volg in die konteks van die gebooie van God en die reis deur die Heiligdomstelsel onderneem, word hulle gevul met die Gees van Christus en word Sy karakter openbaar.

> **Galasiërs 3:16** Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

> **Galasiërs 3:29** En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Soos ons in hoofstuk 16 bespreek het is dit onmoontlik dat ons vrygestel sou word indien die mensdom aan Satan se koninkryksbeginsels verslaaf is. Daarom het Jesus die mensdom in Sy hande geneem en Sy Gees gestuur om ons te help. Sy werk was nie ten volle erken nie totdat Hy as mens na die aarde gekom het en die karakter van Sy Vader geopenbaar het en sodoende die kennis van die kanaal van seën versterk het, sodat ons die voordeel kon trek uit die oorwinning oor die slang.

Dus, waar ons ookal mense sien wat reageer op die gebooie van God en die familiekoninkrykstelsel is dit eintlik die karakter en Gees van Christus wat in hul lewens weerspieël word. Dit is ’n geheimenis vir baie en dit was ’n geheimenis totdat Jesus aarde toe gekom het om hierdie beginsels van familie-onderdanigheid volledig te openbaar.

> **Kolosense 1:26 - 29** naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, **27** aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid. **28** Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; **29** waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.

Génesis 3:15 herinner ons daaraan dat Satan sou poog om hierdie saad dood te maak. Hy sou daarin slaag om die saad aan die hakskeen te byt toe hy Jesus aan die kruis gedood het, maar hierdie donkerste uur was die grootste oorwinning vir God se volk en dit het die kanaal van seën vir die hele wêreld vergroot.

Maar Satan het nie net probeer om die saad direk te vermoor deur die persoon Jesus Christus nie, hy het ook probeer om hierdie saad in die harte en denke van Sy volgelinge dood te maak. Die eerste voorbeeld hiervan is die verhaal van Kain en Abel.

> **Génesis 4:8** En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.

> **1 Johannes 3:11 - 13** Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; **12** nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig. **13** Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.

Hierdie twee broers simboliseer die stryd tussen die beginsels van Christus en Satan wat in die geskiedenis van die mensdom uitgespeel word. Ons sal die geskiedenis van hierdie twee beginsels in die volgende aantal hoofstukke naspeur.

# Die Twee Weë, Twee Sade, Twee Vroue, Twee Stede

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, tussen jou saad en haar saad. Gen 3:15

**JERUSALEM – Saad van Geregtigheid – Onderhouers van die Verbond**



Abel

1 Joh 3:12



Abraham

Gen 12:1-3; Gal 3:29



Messias

Gal 3:16



Rein Vrou

Open 12; Gal 4:26

Kain

Gen 4:14

**BABILON* – Saad van die Bose – Verwerpers van die Verbond**



Nimrod

Gen 10:8-10



Nebukadneser

Dan 3:5; 4:30



Klein Horinkie

Dan 8:11,12



Hoer met purpur geklee

Open 17:5; Gal 4:25

* Vanuit Babel – beteken “Deur of poort na God” – of ’n ander weg as die weg wat God vir Adam gegee het

Na die episode van Kain en Abel het Satan probeer om die saad van die vrou dood te maak deur die seuns van God te versoek om te trou met die dogters van die mense, wat die tiranne van die antediluviaanse gemeenskap (die gemeenskap voor die sondvloed) opgelewer het. Hierdie plan het byna geslaag, maar God het Noag geroep en agt mense is gered om die Saad weer te laat voortleef.

> **1 Petrus 3:18 - 20** Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; **19** in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, **20** wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is.

> **1 Petrus 1:11** en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.

Ons sien hoe die Bybel ons vertel dat dit die Gees van Christus in Noag was wat aan die mense van sy tyd gepreek het oor die komende vloed. Hierdie arme siele was in die gevangenis van Satan se koninkryk van inherente lewensbron (geeste in die gevangenis) en die Gees van Christus wat deur Noag gevloei het, het vir die mense gepreek om hulle te waarsku. Ongelukkig het niemand gereageer nie en slegs Noag se gesin is gered.

Satan het toe Noag se gesin aangeval deur Noag te versoek om dronk te word en sy seun tot ’n wrede, immorele daad te versoek. Die resultaat van hierdie tragedie was die man Nimrod wat die grondbeginsels vir Satan se koninkryk op aarde ontwikkel het. Daar word na hierdie stelsel in die Skrif verwys as die stad Babilon, die eerste stad wat deur Nimrod gebou is. ‘n Groot deel van die wêreld het onder hierdie afgodstelsel verval, sodat God Abraham uit Babilon geroep en hom Sy familie-koninkryksbeginsels geleer het.

Satan het weer aangeval deur Abraham te versoek om bang te wees terwyl hy in Egipte was (Egiptenare was afstammelinge van Gam, die oupa van Nimrod). Abraham het gevolglik amper sy vrou verloor, maar God het die ongeregtighede van Egipte besoek deur groot plae toe te laat. Satan het daarin geslaag om Lot se gesinskoninkryk uit te roei tydens die groot immoraliteit van Sodom en die gevolglike brande wat vrygelaat was om hierdie baie onsedelike stelsel in toom te hou.

Satan het weer aangeval deur Hagar op die toneel te bring as ‘n manier om ‘n erfgenaam daar te stel vir die koninkryk wat deur God aan Abraham belowe is, maar uiteindelik is ‘n ware erfgenaam in die persoon van Isak gebore.

Satan het weer aangeval deur die Israeliete in Egipte tot slawe te maak en te verhoed dat hulle die gebooie onderhou wat die kanaal van seën beskerm het. Hy het ook hulle samelewing probeer feminiseer om sodoende die kanaal te verswak.

God het toe vir Moses geroep om sy familiekoninkrykbeginsels weer in te stel en Hy het gedetaileerde instruksies gegee aangaande hoe die wet, wat die kanaal van seën beskerm, in die harte van Sy mense geskryf kon word. Dit is gedoen via die aanbiddingstelsel binne die Heiligdom.

Satan het deur die murmurering van die mense teen Moses aangeval. Hy het aangeval deur hulle te oorreed om die goue kalf te aanbid. Hy het hulle aangeval deur hulle te laat twyfel in God se woord – dat hulle in die Beloofde Land kan ingaan. Aan die oewers van die Jordaan het Satan Israel met vreemde vroue versoek en toe, ná die dood van Moses, Joshua en hul generasie, het hy uiteindelik sukses behaal om die gesinskanaalstelsel te verbreek, toe Israel die Here verlaat het om ander gode te aanbid – gode wat Satan se inherente lewensbronbeginsels gereflekteer het.

God het verskeie profete gestuur om die regverdige saad (nageslag) met die onderdanige gees van Christus te probeer bewaar en om ‘n getroue oorblyfsel te behou. Aangesien die kanaal so verswak het kon die Here net ‘n paar mans vind om ’n hervormingswerk te lei. Die Here het vroue opgerig in Israel, soos die profetes Debora, wat, hoewel dit nie gewens was nie, die beste ding was om te doen in desperate omstandighede.

Satan het Israel dan ook versoek om vir ‘n koning te vra, soos die ander nasies. Dit was ‘n poging om Israel se harte en denke verslaaf te maak aan die beginsels van Nimrod en Babilon en om te verhoed dat die Gees van Christus in Sy mense manifesteer. Die konings van Israel was grotendeels ‘n ramp en het die weg voorberei vir Israel om weer fisies gevange geneem te word.

Satan het lank reeds sy saad voorberei vir die verowering van wêreldheerskappy. Indien Satan die hele wêreld deur sy saad sou kon beheer, dan kon hy die beginsels van die familiekoninkryk van God afsny. Hy kon Sy Heiligdom, Sy gebooie en Sy mense en alles wat die beginsels van die kanaal van seën en die Gees van Christus verteenwoordig, uitwis.

Ons sien vanaf die tyd van Babilon ‘n reeks wêreldmagte wat Satan gebruik het om God se mense, Sy gebooie, Sy Heiligdom, Sy stad, Jerusalem – die stad van vrede, aan te val. Nadat Christus Satan op die aarde oorwin het en Sy saad veilig in die kerk

(Sy bruid) geplaas het, het Satan ‘n grootskaalse, wêreldwye aanval geloods teen diegene wat die gebooie van God bewaar het en die geloof van Jesus se familiekanaalstelsel onderhou het. Ons lees hiervan in Openbaring 12.

> **Openbaring 12:1 – 5** En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre; **2** en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. **3** En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; **4** en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. **5** En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

> **Openbaring 12:13 – 17** En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; **14** maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd. **15** En die slang het uit sy bek water soos ‘n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. **16** En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. **17** En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Die getroue vrou, wat die kerk van God verteenwoordig, was onder felle aanval van die draak en sy agente. Satan het vroeg geleer dat een van die beste maniere om die mense van God van stryk te bring is om ‘n ander vrou vorendag te bring. Hy het hierdie beginsel geleer deur Hagar, die Egiptiese vrou, te bring na Abraham as ‘n vrou vir hom. So openbaar die Bybel:

> **Openbaring 17:3 – 7** En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het ‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. **4** En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; **5** en op haar voorhoof was ‘n naam

> geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE. **6** En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. **7** Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra.

Net soos Sara met Hagar moes wedywer, so sal die kerk van God ook moet wedywer met 'n ander vrou wat beweer dat sy die ware bruid van Christus is. Hartseer soos dit was, nes dit Sara was wat voorgestel het dat Hagar gebruik moet word om 'n kind te verwek, so was dit die kerk self wat hierdie ander vrou toegelaat het om die familie van God te oorheers.

Ons gaan hierdie verse in besonderhede in die komende hoofstukke ontrafel en uiteensit hoe Satan God se volk, Sy gebooie en Sy Heiligdom aangeval het, nadat Jesus 2000 jaar gelede na die hemel teruggekeer het. Maar eers moet ons terugkeer na die ballingskap van Israel en die opkoms van wêreldheerskappy.

## B. Die Saad van Satan Regeer die Wêreld

In die tyd van die konings van Israel, het God hulle probeer waarsku deur profete na hulle te stuur. Beide Jesaja en Jeremia het die konings van Israel gewaarsku dat hulle in ballingskap weggevoer sou word indien hulle nie na God terugkeer nie.

> **Jeremia 25:9 – 11** laat Ek al die geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en Nebukadrésar, die koning van Babel, my dienaar; en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespotting en ewige puinhope. **10** En Ek sal uit hulle laat verdwyn die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die geluid van die handmeul en die lig van die lamp. **11** En hierdie hele land sal 'n puinhoop, 'n woesteny word; en hierdie nasies sal die koning van Babel sewentig jaar lank dien.

Ongelukkig het hulle nie geluister nie. Die konings van Israel het die gebooie van God en Sy Heiligdomstelsel verwerp ten gunste van die koninkrykstelsel van Satan.

God kon Israel nie langer beskerm nie, omdat hulle God se kanaal van seën gedurig verwerp en daarbuite geleef het. Deur buite die kanaal van seën te beweeg kan Satan die reg hê om vrylik aan te val, te vernietig en te verwoes. Uiteindelik het die tyd aangebreek dat Israel na die hart van Satan se koninkryksbeginsels geneem word – Babilon.

> **2 Kronieke 36:5 – 7** Vyf en twintig jaar was Jójakim oud toe hy koning geword het, en elf jaar het hy in Jerusalem geregeer; en hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE sy God. **6** Nebukadnésar, die koning van Babel, het teen hom opgetrek en hom met koperkettings geboei om hom na Babel te vervoer. **7** Ook van die voorwerpe van die huis van die HERE het Nebukadnésar na Babel gebring en dit in sy tempel in Babel gesit.

> **2 Kronieke 36:18 – 20** En al die voorwerpe van die huis van God, groot en klein, en die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die koning en van sy vorste, alles het hy na Babel gebring. **19** En hulle het die huis van God verbrand en die muur van Jerusalem omgegooi en al die paleise daarvan met vuur verbrand, sodat al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig is. **20** En die wat van die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het,

Let op hoe Nebukadnésar die Heiligdom van Israel vernietig het en die voorwerpe van die Heiligdom geneem en in sy eie heiligdom of tempel geplaas het. Dit is ‘n gepaste simbool van die oorheersing van Satan se saad oor die saad van Christus gedurende hierdie tyd. Maar die Gees van Christus het op ‘n wonderbaarlike manier gereageer. Satan se begeerte was om deur Babilon die wêreld te regeer en ‘n koninkryk te bou wat ewig sou bestaan. Die Babiloniese stelsel sou inderdaad ‘n lang tydperk heers, maar uiteindelik sou die Saad van die vrou die slang se kop vermorsel. Dit beteken dat die leuen van die slang rakende inherente mag uiteindelik sou verdwyn.

God het die koning van Babel ‘n droom gegee oor hierdie dinge, maar die koning kon nie die betekenis daarvan uitmaak nie. Deur voorsienigheid het God ‘n jong man onder die slawe van Israel toegelaat om die droom te interpreteer en hy is in goeie stand by die koning gebring, sodat hy die ware beginsels van God se koninkryk aan hom (die koning) kon voorhou. Die verhaal van die droom en die uitleg

vind ons in Daniël 2. Ons sal kortliks na die sleutelpunte kyk, maar indien jy nie daarmee vertroud is nie ek moedig jou aan om die hele hoofstuk te lees.

Die koning het "wyse manne" gehad wat beweer dat hulle verbintenisse met die geestelike realm gehad het en moes dus die koning sy droom kon vertel, maar hulle kon nie. Toe Daniël voor die koning gebring is het Daniël beleefd aan die koning verduidelik dat die mag om die drome uit te lê nie in homself gelê het nie, maar deur die kanaal van seën van God kom.

> **Daniël 2:26 – 28** Die koning het geantwoord en aan Daniël, wie se naam Béltsasar was, gesê: Is jy in staat om aan my die droom wat ek gesien het, en sy uitlegging bekend te maak? **27** Daniël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie. **28** Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

Daniël het toe die droom vertel wat 'n beeld van 'n man onthul het. Hierdie man bestaan uit verskeie metale, wat afneem in kwaliteit, wat al hoe harder word, wat vier koninkryke verteenwoordig. Hierna was daar 'n verbrokkeling en tien koninkryke verskyn, wat versinnebeeld word deur die tone. Die droom kom dan by die sleutelpunt: dat 'n rots sou kom wat die beeld van die man stukkend slaan en dat 'n nuwe koninkryk opgerig sou word wat nooit sou eindig nie. Hierdie koninkryk is God se familiekoninkryk en God het vir Nebukadnésar gesê dat, alhoewel hy nou regeer, die saad van die vrou weldrae sou triomfeer oor die leuen van die slang.

Kenners van Bybelgeskiedenis het hierdie vier wêreldryke geïdentifiseer as Babilon, Mede-Persië, Griekeland en Rome. Die Bybel dui duidelik aan dat die hoof van die beeld Babilon is, want Daniël het dit so aan die koning uitgelê.[43] Ons weet ook deur verder in Daniël te lees dat die tweede en derde wêreldryke Mede-Persië en Griekeland is, want die engel Gabriël lê dit direk so aan Daniël uit.[44]

---

[43] Daniël 2:38

[44] Daniël 8:20, 21




Hierdie vier koninkryke sou die mense van God oorheers tot en met die tweede wederkoms van Christus. Intussen sou God die saad laat behoue bly en ‘n getuie van sy familiekoninkryk op aarde bewaar, maar ongelukkig sou hulle altyd in die minderheid wees. Gedurende die tyd van die Mede en die Perse sou God deur die koning Sy volk toelaat om weer terug te keer na Israel en om hul tempel te herbou. Hulle sou ‘n sekere mate van outonomie hê, maar die saad van die slang was altyd daar op soek na maniere om hulle te beheer. Gedurende die oorgangstyd tussen Griekeland en Rome is die tempeldienste onderbreek deur ‘n koning met die naam

Antiochus Ephipanus. Hy het die tempel ontheilig deur ‘n vark op die altaar te offer en baie ander beledigende en bose dinge te doen.

Ongelukkig was dit nie die grootste probleem nie. Nadat Israel na hul vaderland teruggekeer het, het hulle besluit om nie weer in afgodediens te verval nie. Eerder as om die kanaal van seën en die familiestelsel te versterk, het hulle talle regulasies ontwikkel oor die onderhouding van die wet, die Sabbat en hoe om in die Heiligdom te aanbid. Dit was ‘n nuwe taktiek van Satan om die Israeliete te laat bewys lewer dat hulle getrou aan God was deur aan al Sy vereistes, asook talle ander, te voldoen.

Aangesien hierdie wette nie die produk van die kanaal van seën was nie, is hulle steeds besmet deur die slang se leuen van inherente mag. Maar nou is die begrip van inherente mag gerig op probeerslae om die ware God getrou te volg. Die effek van hierdie wette was om die harte van mense te verhard en gevoelloos te maak. Dit was net soveel onder Satan se beheer as voorheen, maar nou was dit moeiliker om oop te vlek.

## C. Messias, die Prins, kom na Sy Volk

Met die wete dat dit alles sou plaasvind het God vir Daniël in ‘n profesie getoon dat die ware saad sou kom om Sy mense geestelik te verlos. Daar was geen sin daarin om die mense van God fisies te verlos indien hulle gemoedere steeds in slawerny was van die slang se leuen nie. Vrede en voorspoed sou nooit kom nie. Deur Sy Seun te stuur sou God die ware beginsels van Sy koninkryk herstel en ‘n oorblyfsel van getroue volgelinge behou tot die tweede koms van Christus.

Die eerste koms van Christus was elke dag uitgespel in die Heiligdomdiens wat aan Moses gegee is, maar ons moet onthou dat hierdie hele stelsel ‘n versameling simbole was wat ontwerp is om die patroon te toon van hoe God die denke van Sy mense sou bevry om Hom as ‘n Vader waarlik te aanbid en vas te hou aan die patroon van onderdanigheid wat in Sy Seun geopenbaar word.

Die meubelstuk in die Voorhof van die Heiligdom was die Offeraltaar en dit was die simbool van die dood van die komende Messias. Dit was die eerste fase in die reis na die herstel van die wet van God in ons harte.

Laat ons ons nou na Daniël wend en die profesie ondersoek wat wys wanneer die Messias sou kom.

> **Daniël 9:24 – 26** Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige

> geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. **25** Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. **26** En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

Sommige van die taalgebruik is ‘n bietjie moeilik om te verstaan en vereis ‘n mate van studie, maar die hoofpunt is dat daar ‘n periode van 70 profetiese weke sou wees waartydens die Israelitiese volk die komende Messias ten volle moes aanvaar.

Wanneer dit kom by die gebruik van profetiese tyd pas die Bybel die beginsel van een dag vir een jaar toe.

> **Eségiël 4:6** En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op.


Die beginpunt van hierdie 70 weke word bepaal deur die opdrag om Jerusalem te herstel en te herbou. ‘n Noukeurige ondersoek in die Bybel toon dat dit in die jaar 457 v.C. vervul is.

> **Esra 6:14** En die oudstes van die Jode het gebou en goed gevorder deur die profetiese werksaamheid van die profeet Hággai en Sagaría, die seun van Iddo; en hulle het gebou en voltooi op bevel van die God van Israel en op bevel van Kores en Daríus en Artasásta, koning van Persië.

Daar was drie dekrete deur die Persiese konings uitgevaardig, maar die volledige opdrag is uitgevoer in die tyd van Artasásta, soos uitgewys in Esra 6:14. Die eerste twee dekrete het die proses aan die gang gesit, maar die herstel van die hele Jerusalem het gebeur met die derde dekreet. Hierdie dekreet is uitgevaardig in die sewende jaar van Artasásta, wat 457 v.C. was.[45]

Die opsomming verskyn in die diagram op die volgende badsy.

[45] Esra 7:8


Jerusalem herbou
Die Geboorte van Jesus
Die Dood van Christus
n.C. 31
457 v.C.
n.C. 27
n.C. 34
69 Profetiese Weke – 483 Letterlike Jare
7 Weke
62 Weke
Jesus word Messias
408 v.C.
4 v.C.
70 Profetiese Weke – 490 Letterlike Jare
Uitvaardiging
om
Jerusalem te
herbou.
Esra 6:14; 7:1
Christus se Doop.
Matt 3:16,17
Aardse skadu's
beëindig.
Matt 27:51
Evangelie na
Heidene
Hand 13:46,47

Die verhaal van die lewe, dood en opstanding van Jesus word simbolies vertel in die verhaal van Openbaring 12 waarna ons voorheen gekyk het. Satan het probeer om Christus dood te maak kort na Sy geboorte, deur koning Herodus, maar hy het misluk. Jesus het Sy werk voltooi met die herstel van die beginsels van die familiekoninkryk. Hy het 'n volmaakte menslike karater geopenbaar wat die mens in staat gestel het om met vrymoedigheid te bid, met die versekering dat hul Middelaar in die hemelse Heiligdom hulle werklik verstaan.

In die volgende hoofstuk gaan ons na die lering van Jesus kyk en hoe dit die kanaal van seën herstel.

## Hoofstuk 19

# Die Grootste Leermeester wat die Wêreld ooit Aanskou het

In die vorige hoofstuk het ons die stryd tussen die twee sade van Gen 3:15 nagespeur. Die saad van Christus is geanker in die beginsels van die lewe wat van God voortvloei; dit word gehandhaaf deur 'n hegte en liefdevolle verhouding in die gesinstrukture, beskerm deur die gebooie en in die hart geskryf deur die reis geopenbaar in die Heiligdomdienste. Die saad van Satan het gegroei deur die leuen dat lewe inherent in ons is en dat waarde deur selfmag en prestasie bereik word.

Ons het die hartseer geskiedenis van Israel se versuim om die kanaal van seën te beskerm, die verstrooiing van hul families en hul ballingskap na Babilon nagespeur. Israel was nou deeglik vasgevang in slawerny, beide na siel en liggaam, aan die beginsels van die slang se leuen.

## A. Bevryding van Gevangenes

Dit het tyd geword dat die saad van Christus persoonlik sou kom, om God se familiekoninkryk te openbaar en die grootste vermoë te bied om gevangenes vry te laat. Die vrylating uit hierdie ballingskap moes in die denke en die hart begin. Daar was geen sin daarin om Israel in liggaam te bevry indien hul denke steeds slawe van die inherente magstelsel was nie. Die koninkryk wat Christus sou vestig sou 'n geestelike koninkryk wees wat die hart sal bevry van die leuen van die slang en die mensdom weer sou kon koppel aan die kanaal van seën wat van Sy Vader vloei.

Die profeet Jesaja het honderde jare voordat Christus gekom het oor hierdie werk gepraat:

> **Jesaja 40:3 – 5** 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! **4** Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word. **5** En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek.

> **Jesaja 41:15 – 18** Kyk, Ek maak jou tot 'n skerp, nuwe dorsslee wat baie tande het: jy sal berge dors en fyn maal, en heuwels maak soos kaf.

**16** Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegneem en die storm hulle verstrooi; maar jy sal juig in die HERE, jou beroem op die Heilige van Israel. **17** Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die HERE, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie. **18** Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn ‘n waterplas maak en die dor land waterbronne.

**Jesaja 45:13** Ek het hom verwek in geregtigheid, en al sy weë sal Ek gelykmaak; hy sal my stad bou en my ballinge loslaat sonder koopprys en sonder geskenk, sê die HERE van die leërskare.

**Jesaja 61:1** Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om ‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;

Die afsny van die kanaal van seën verander die menslike hart in ‘n woestyn van verwoesting. Die water van die Gees van God kan nie daarin deurdring nie en geestelik sterf alles. Berge van trots en valleie van depressie versper ook die weg van die Gees van God om dié wat in slawerny is, te bereik.

Ons sien uit die gedeeltes in Jesaja dat God hierdie berge sal gelykmaak en elke dal sal ophef. Hy bring 'n rivier van lewe in die woestynplekke. God sal Sy Seun stuur om die beginsels van bevryding te verkondig en onderrig te gee; om alles te gee om diegene wat deur die leuen gevange gehou word, vry te laat. Wat ‘n wonderlike gawe vanuit die hemel! Sonder die koms van Christus sou die menslike geslag verslaaf gebly het aan die saad van die slang en sou ons almal omgekom het. Hoe kosbaar is die lering wat Jesus na die wêreld gebring het, baie belangriker as wat baie mense dink. Ons gaan nou die proses en die leringe wat Jesus oorgedra het om die gevangenes vry te laat, kortliks ondersoek.

## B. Hervestiging van die Kanaal van Seën

Ons het hierdie proses in hoofstuk 16 behandel, dus sal ons dit hier net kortliks, as deel van die proses, noem. Om 'n rivier in die woestyngebiede van die menslike hart te laat vloei moes Jesus ons verbind met die lewe-gewende kanaal van seën.

Aangesien die wet van God geskryf is in die hart van Sy Seun en omdat Jesus volkome onderdanig was aan Sy Vader, het Hy die lewe-gewende kanaal besit. Deur

‘n mens soos ons te word kon Jesus die kanaal, wat nog altyd daar was, maar nie voorheen sigbaar was nie, aan ons openbaar. Christus het elke dag Sy Gees gestuur om Sy kinders van die Vader se liefde te vertel, maar dit is verwerp en verag.

> **Jesaja 63:8-10** Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword. **9** In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. **10** Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry.

Deur die openbaring van Christus in die vlees kan ons 'n groter begrip hê vir hierdie kanaal van seën en meer vrymoedigheid hê om daarvoor te vra. Met die koms van Christus na die aarde het Hy die mensdom die grootste geleentheid gebied om weer met die kanaal van seën te verbind.

Maar Jesus moes ook die berge gelykmaak en die valleie opvul, sodat die rivier die woestyn kan bereik. Dit was op die walle van die rivier dat die wêreld deur Jesus gehoor het dat God ‘n welbehae het in Sy Seun en Hom baie liefgehad het. Deurdrenk met hierdie woorde en steeds druipnat van die water van die Jordaanrivier het Jesus die woestyn ingegaan (die simbool van die menslike hart wat deur Satan gevange gehou word) om die rivier van lewe vir die eensaam en verlate mense oop te stel.

Deur aan Sy Seunskap vas te hou en Hom aan die Vader te onderwerp, het Christus in menslike vlees gedemonstreer dat Hy die mag van die slang se leuen verbreek het en daarom kan hierdie oorwinning wat in die stroom van lewe na menslike harte vloei, nou duidelik gesien word. Met die doop van Christus en in die woestyn van versoeking is die kanaal van seën duidelik geopenbaar.

Noudat die kanaal hervestig is moes beskermende mure opgerig word. Hierdie mure is natuurlik die gebooie van God. Hierdie gebooie is verdraai en verdorwe gemaak deur die leuen van die slang, maar nou sou Jesus ons die ware betekenis vanuit die familie-verhoudingsryk wys.

## C. Hervestiging van die Wet – die Kanaal se Beskermer

Net soos wat Moses opgegaan het na ‘n berg om die wet van God te ontvang, het Jesus op ‘n berg geklim om die wet van God in sy ware konteks te verkondig. Soos Jesaja geprofeteer het:

> **Jesaja 42:21** Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing [“wet” – sien King James Version] groot en heerlik te maak.

Hierdie werk is die duidelikste opgeteken in Matthéüs hoofstukke 5 tot 7, wat die Bergpredikasie genoem word.[46] Dit is geen toeval dat Jesus eers van seën praat en hoe dit ontvang word.

> **Matthéüs 5:1 – 11** En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; **2** en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê: **3** Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. **4** Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. **5** Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. **6** Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. **7** Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. **8** Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. **9** Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. **10** Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. **11** Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

---

[46] Dit is interessant om te sien hoe duidelik die volgorde van herstel in die boek van Matthéüs geopenbaar word. Hoofstukke 1 en 2 praat van die menslikheid van Jesus en die gevolglike verbinding met ons. Hoofstukke 3 en 4 praat van die doop en oorwinning in die woestyn waar die kanaal van seën weer verbind word. Hoofstukke 5 tot 7 praat van die wet van God – die beskermer van daardie kanaal. Die eerste sewe hoofstukke van Matthéüs is uiteengesit om die fondasies te lê vir God se hemelse koninkryk.

Hierdie seëninge kom slegs deur die lewe-gewende kanaal van seën wat Christus gevestig het. Wanneer ons hierdie verse lees met die slang se leuens wat ons denke vertroebel, word ons in die versoeking geplaas om te lees dat Jesus van ons verwag dat ons sagmoedig **moet** wees **om** te erf; ons **moet** honger wees **om** gevul te word, maar al hierdie eienskappe kom na dié wat Christus ontvang en gekoppel is aan die kanaal. Ons kan nie rein van hart wees of vredemakers wees indien ons nie met die seën van God verbind is nie.

Hierna verduidelik Jesus hoe diegene wat verbind is ook kanale kan wees. Soos Jesus die seën deur Hom laat vloei, moet ons dit toelaat om deur ons te vloei.

> **Matthéüs 5:13 – 16** Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. **14** Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; **15** en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. **16** Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Die simbole van sout en lig is preserverende geneesmiddels wat 'n seën is. Terwyl ons onderdanig is aan die kanaal van seën, sal ander blootgestel word aan die waters wat deur ons vloei en geseën word. Jesus praat nou van die beskerming van hierdie kanaal van seën:

> **Matthéüs 5:17 – 19** Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. **18** Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. **19** Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Jesus praat van die lewensbelangrike rol van die wet en Sy rol om die wet te vervul. Die Joodse volk het probeer om die wet binne die konteks van die slang se leuen te hou. Hulle het dit probeer hou om aanvaarding by God te kry, maar nou praat Jesus oor die wet in 'n heeltemal ander koninkrykskonteks. Dit het die Joodse leiers laat dink dat Hy die wet probeer vernietig. Jesus het duidelik aan hulle gesê dat

dit nie die geval is nie en daarna het Hy die verhoudingsgebaseerde aard van die wet verduidelik en hoe dit baie dieper strek as wat die Jode hulle voorgestel het.

> **Matthéüs 5:21 – 22** Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. **22** Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

> **Matthéüs 5:27 – 28** Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. **28** Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

> **Matthéüs 5:43 – 45** Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. **44** Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; **45** sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

Die Jode het die mense geleer om die **daad** van moord te vermy, maar Jesus het teen die **verhoudingskending** van haat gepraat. Die Jode het gepraat teen die **daad** van owerspel, maar Jesus het gepraat teen die verhoudingsbreuk om aan ‘n vrou as ‘n seksuele voorwerp te dink vir persoonlike plesier eerder as 'n dogter van God wat versorg moet word. Die Jode het gepraat van liefde aan jou naaste, maar Jesus praat van liefde vir jou vyand. Om jou naaste, wat jou liefhet, lief te hê, wys nie dat die beginsel van onbaatsugtige liefde aktief is nie. Slegs wanneer ons ons vyande liefhet kan ons sien dat onselfsugtige liefde in die hart teenwoordig is.

Jesus het die wet binne ‘n verhoudingsaspek verduidelik; nie as ‘n manier om guns te wen by God nie, maar as ‘n manier om verhoudings bymekaar te hou, veral ons verhouding met God.

## D. Hervestiging van die Ware God as ‘n Dierbare Vader

Jesus vestig ons aandag dan op die primêre wyse waarop ons God moet aanskou. In Matthéüs se ontwikkeling van denke praat Jesus in Matthéüs 5:16 van God vir die eerste keer as 'n Vader waar Jesus vertel dat Hy 'n kanaal van seën is. Hy noem dit dan weer in Matthéüs 5:45 waar die ware eienskappe van liefde geopenbaar word wanneer ons ons vyande liefhet. Dan sluit Jesus hoofstuk 5 af met die stelling wat dikwels verkeerd verstaan word:

> **Matthéüs 5:48** Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.

Wanneer ons hierdie stelling in die konteks van die leuen van die slang lees laat dit ons met die indruk dat ons moet presteer om soos God te wees en Sy guns te wen. Maar in die koninkryk van God is hierdie stelling ‘n verdere uitdrukking om jou lig te laat skyn voor mense, soos reeds genoem is. Wanneer ons in die kanaal van seën staan, sal God se perfekte liefde deur ons vloei en ons sal die perfekte beeld van die kanaal weerspieël, soos God dit begeer.

In hoofstuk 6 leer Jesus ons hoe om te bid. Hy sê dat ons God “Ons Vader” kan noem.

> **Matthéüs 6:9** Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

Dit is uiters belangrik om God as 'n Vader te beskou, wat ons liefhet en ons koester en in ons behoeftes voorsien. Om Hom bloot as die Koning van die heelal te aanskou laat ons nie toe om Sy hart en Sy begeerte na ons raak te sien nie. Die verwysing na “Vader” is ‘n wonderlike uitnodiging om met Hom te kom gesels.

Maar om veilig te voel om met ons Vader te kan praat, moet Jesus ons wys hoe Sy Vader se karakter regtig lyk. Toe Jesus met Filippus gepraat het, het Jesus gesê:

> **Johannes 14:9** Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?

Dit is 'n ongelooflike stelling. Wat het Filippus in Jesus gesien? Hy het ‘n sagmoedige, geduldige, liefdevolle, omgee-persoon gesien wat altyd goed aan ander gedoen het. Hy het nooit gesien dat Hy iemand slaan of doodmaak nie. Jesus het onthul dat ons Vader in die hemel heeltemal vry is van geweld, want Jesus het nooit

geweld teen enige persoon gebruik om hulle te vernietig nie. Lees die boek *Agape* op *fatheroflove.info* vir meer inligting oor hierdie onderwerp.

Sodra ons God aanskou as ons Vader wat ons liefhet kan ons bevry word van die angs en bekommernis om self in ons behoeftes te probeer voorsien. Ons hoef nie meer te fokus op besittings nie en ons daaroor te bekommer nie. Deur God as ons Vader te aanskou word ons bevry van hierdie verslawende bekommernisse.

> **Matthéüs 6:31 – 33** Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? **32** Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. **33** Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Die leuen van die slang veroorsaak dat mense op hul inherente mag staatmaak om aan hul behoeftes te voorsien en hulself te beskerm. Hierdie beheptheid kan die hele denkpatroon van 'n persoon verteer en laat geen ruimte vir geestelike oorweging nie. Wanneer ons God as 'n Vader aansien vertrou ons dat Hy vir ons sal sorg, sodat ons kan fokus daarop om in verbinding met Hom te bly.

## E. Hervestiging van die Korrekte Siening van die Sabbat

Soos ons vroeër bespreek het, is die Sabbat 'n belangrike herinnering aan waar ons lewe vandaan kom. Dit staan in die middel van die gebooie saam met die gebod om ons ouers te gehoorsaam. Die Joodse leiers het die Sabbat in 'n las verander deur die lens van die slang se leuen. Die lys reëls om na te kom op hierdie dag was sieklik. Die Sabbat was veronderstel om ons te herinner aan die bron van ons lewens. Die Gees van Christus gee aan ons die rus van Christus in Sy Vader. Dit was bedoel om spesiale gemeenskap met ons Skepper te hê.

Om die ware betekenis van die Sabbat te herstel, het Jesus mense fisies genees; 'n **manifestasie** van die geestelike genesing wanneer ons God as die bron van lewe erken.

> **Johannes 5:5 – 11** En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. **6** Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? **7** Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. **8** Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. **9** En

dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat. **10** Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie. **11** Hy antwoord hulle: Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop.

Jesus het ook die leiers van Israel uitgedaag oor hul persepsie van werk op die Sabbat. Die persepsie van die Joodse leiers was om hul pogings om hulself te weerhou van werk, te vertoon, maar hierdie konsep word beïnvloed deur die leuen van die slang en die vertoon van inherente mag. Jesus het duidelik getoon dat die Sabbat gemaak is tot voordeel van die mens en sy behae in sy Skepper.

**Markus 2:23 – 28** En terwyl Hy op die sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels al gaande are begin pluk. **24** Toe sê die Fariseërs vir Hom: Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie? **25** En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie—toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het— **26** hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Abjatar, die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het? **27** En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. **28** Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.

Die Sabbat is ‘n wonderlike seën wanneer dit korrek verstaan word. Ongelukkig sien baie Christene die Sabbat as ‘n poging om God deur hul eie pogings te behaag. Hulle erken dat die Joodse leiers verkeerd was en soek na vryheid deur die goeie nuus wat Jesus gebring het, maar omdat baie mense nie die lewensbron korrek verstaan nie en in die onsterflike siel glo, sukkel hulle om die Sabbat te plaas soos dit bedoel was. Sulke Christene word vandag van die wal in die sloot gehelp deur baie Sabbatonderhouers wat steeds fokus op ‘n lys reëls wat nagekom moet word om aan te dui dat jy die regte ding doen.

As jy jou Vader in die hemel liefhet is die lys nie die fokuspunt nie. Die fokus is op die konneksie met die Lewe-gewer en om met Hom te kommunikeer en in Sy Liefde te rus. Ek is so bly dat Jesus die korrekte siening van die Sabbat verkondig het. Dit is ‘n baie belangrike deel van die herstel van God se familiekoninkryk.

## F. Hervestiging van Onderdanigheidsbeginsels

Een van die mees kritieke dinge wat Jesus kom toon het was onderdanigheid aan die Vader. Soos in ‘n vorige hoofstuk uitgedruk, is die Seun van God die goddelike voorbeeld van onderdanigheid aan die Vader en is Hy dus die beste gekwalifiseerd om dit te demonstreer en ons Sy onderdanige Gees te gee.

In die woestyn tydens die versoeking sien ons die onderdanigheid van Jesus in in volle krag.

> **Matthéüs 4:3 – 4** En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. **4** Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Jesus het geweier om van die wil van die Vader af weggetrek te word. Let op die volgende uitdrukkings van hierdie onderdanigheid:

> **Johannes 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

> **Johannes 5:30** Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

> **Johannes 8:29** En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

Maar dit is op die aand voor Sy dood dat ons onderdanigheid aanskou soos nog nooit tevore aanskou of begryp is nie:

> **Matthéüs 26:39** En Hy het ‘n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Wat ‘n onbeskryflike geloof! Jesus was bereid om Sy lewe aan die Vader toe te vertrou en te vertrou dat Hy die beste weet; dit is ‘n ontsagwekkend en inspirerende gedagte. Die onderdanigheid van Jesus aan die Vader het in Sy menslike aard 'n gewilligheid gebring om aan die Vader onderdanig te wees en Hom ten alle koste te vertrou. Hierdie oorwinning vloei nou na ons deur die kanaal van seën. Ons kan nou

volkome op God vertrou, omdat Jesus dit vir ons gedoen het en dit nou deur Sy Gees deur ons kan doen.

## G. Hervestiging van die Ware Doel van die Heiligdom

Die Heiligdomstelsel is deur God ontwerp om die beskermende wet van God in die harte van mense te skryf. Die Joodse volk, beïnvloed deur die leuen van die slang, het die Heiligdom se tempel verander na 'n nasionale ikoon, 'n simbool van trots, 'n besitting wat hulle goed oor hulself laat voel het. Hierbenewens is die hebsug, selfsug en winsbejag by die geldwisselaars in die tempel gevoeg wat offerdiere vir wins verkoop het. Die stelsel van die Heiligdom is verdraai en vervorm, soos al die ander dinge, deur die leuen van die slang.

Jesus het Sy voornemens om 'n korrekte siening van die Heiligdom te herstel, bekend gemaak deur dit te reining.

> **Johannes 2:13 – 18** En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. **14** En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. **15** En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. **16** En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. **17** En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer.

Deur die tempel te reinig, het Jesus die ware doel daarvan uitgelig: 'n plek waar mens tot God nader om Hom te aanbid. Jesus het weer die tempel gereinig aan die einde van sy bediening. Dit was vir Jesus baie belangrik om 'n korrekte siening van die Heiligdom te hervestig, want, soos ons gevind het, is dit God se aangewese metode om ons na die familiekoninkryk te laat terugkeer.

## H. Hervestiging van die Waarheid omtrent die Dood en die Lewe Slegs in Christus

Nadat hulle baie jare in ballingskap deurgebring het is sommige van die Israeliete beïnvloed deur die lering omtrent onsterflikheid wat van die slang kom. Om hierdie leuen te verbreek en ons totale afhanklikheid van God vir lewe te hervestig,

het Jesus verkondig dat lewe deur Hom en deur Hom alleen kom. Dit lê nie in iemand anders of binne jouself nie.

Die Ou Testament is baie duidelik oor wat die mens is en wat met die mens gebeur indien hy sterf.

> **Génesis 3:19** In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Die mens is gemaak uit stof en tot stof sal hy terugkeer. Daar word geen lewe behou nie; daar is geen siel wat in enige vorm lewendig bly sonder die liggaam nie.

> **Prediker 3:19 – 20** Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs. **20** Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

As die mens sterf, staan hy nie weer op tot die opstanding aan die einde van die wêreld nie.

> **Job 14:12 – 14** So lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie. **13** Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink! **14** As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom;

Jesus het dit baie duidelik verkondig dat lewe slegs van Sy Vader en deur Homself kom en dat ons slegs lewe kan hê wanneer ons aan Hom verbind is.

> **Johannes 6:31 – 33** Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet. **32** En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. **33** Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

> **Joh 6:46 – 47** Nie dat iemand die Vader gesien het nie, behalwe Hy wat van God kom: Hy het die Vader gesien. **47** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. **48** Ek is die brood van die lewe.

Toe ‘n vriend van Jesus, Lasarus, gesterf het, het Hy gepraat van die toestand waarin Lasarus was.

> **Johannes 11:11 – 14** Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak. **12** Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. **13** Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. **14** En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood.

Jesus het die dood ‘n slaap genoem. Terwyl 'n persoon slaap is hy totaal onbewus van sy omgewing; hy is glad nie aktief nie en neem ook nie deel aan enige aktiwiteite nie. Hy rus in die slaaptoestand en wag op die môre wanneer hy opstaan. Dit is presies wat die dood is. Let op na wat Jesus sê:

> **Johannes 11:25 – 26** Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; **26** en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?

Slegs dié wat in Jesus glo sal die Verlosser se roepstem hoor aan die einde van hierdie wêreld, om tot die ewige lewe opgewek te word. Die lewe wat ons nou het, is ‘n gawe aan elke persoon waardeur hulle tyd gegun word om ‘n keuse te maak vir God se koninkryk, of vir Satan s’n. Dié wat Satan se koninkryk verkies sal hulself van die bron van lewe ontkoppel en sal ophou bestaan.

> **Obadja 1:16** Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, sal al die nasies gedurigdeur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie.

Dié wat die wyn van die slang se leuen gedrink het en voordurend daarvan drink, sal aan die einde ophou bestaan.

Hierdie siening van die dood sal by sommige lesers vrae laat ontstaan. Dis nie die doel van die boek om ‘n uitgebreide studie van die onderwerp te dek nie, maar om die punt te bevestig dat ons slegs lewe kan hê wanneer ons aan die lewensbron verbind is. Buiten daardie lewensbron is daar geen lewe nie. Soos die apostel Johannes dit stel:

> **1 Johannes 5:11 – 12** En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. **12** Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

Om die leuen van die slang omtrent inherente lewe en mag te help verbreek is dit lewensbelangrik om hierdie waarheid te verstaan.

## I. Hervestiging van die Ware Karakter en Doel van Gebed

Een van die duidelikste bewyse van ‘n oortuiging dat lewe en seën buite jouself gevind word, is persoonlike gebed: Gebed wat die behoefte aan krag uitdruk; gebed wat die behoefte aan gemeenskap en konneksie uitdruk. Dit is hoe Jesus geleef het.

> **Matthéüse 14:23** En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

> **Markus 1:35** En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na ‘n eensame plek vertrek en daar gebid.

Die dissipels van Jesus was toegewyde volgelinge en het alles agtergelaat om Hom te volg, maar toe hulle Jesus hoor bid het, het hulle gevra:

> **Lukas 11:1** En toe Hy op ‘n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.

Daar was iets in die gebede van Jesus wat die dissipels laat voel het dat hulle iets ontbreek. Gebed vir die Israeliete het deur die leuen van die slang ontaard in ‘n vorm of ritueel wat uitgevoer moes word om aanvaarbaar te wees. Jesus het dit ontbloot toe Hy gesê het:

> **Matthéüs 6:5 – 8** En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. **6** Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. **7** En as julle bid, gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. **8** Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

Wanneer ons weet dat ons kinders van God is deur geloof in Christus, het ons vertroue in gebed en praat ons met Hom in liefde en vreugde. Ons bring ons sorge en hartseer na Hom toe en ons open ons harte tot Hom. In God se koninkryk is gebed die uitwerking van 'n werklike verhouding; dit is gebaseer op 'n verhouding. Gebed is nie 'n daad wat uitgevoer moet word om raakgesien te word nie, of om heilig te word of deur God aanvaar te word nie.

## J. Hervestiging van die Waardigheid van Vroue

In God se familiekoninkryk speel die vrou 'n baie belangrike rol in die gesin. 'n Vrou en moeder bevestig die gesag van haar man en deur die beginsels van onderdanigheid leer sy haar kinders lewensbelangrike lesse omtrent onderdanigheid aan gesag.

Satan het nog altyd probeer om die lewens van vroue moeilik te maak deur hulle in opstand te bring teen die onderdanige rol, of om deur 'n onverskillige of vyandige eggenoot verpletter te word. Die Joodse leiers het vroue in 'n baie moeilike posisie geplaas. 'n Man kon byvoorbeeld 'n vrou skei vir enige onbenullige rede en 'n vrou baie onseker laat voel, sodat sy gevolglik aan sy eise voldoen indien sy haar respek in die gemeenskap wil behou.

In gevalle waar owerspel gepleeg is, is vroue gewoonlik geblameer as die oorsaak van owerspel. Jesus het hierdie kwessies direk aangespreek en ons aanskou 'n asemrowende verdediging van 'n vrou wat deur die Joodse leiers, in die volgende gedeelte, misbruik is:

> **Johannes 8:3 – 11** En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. **4** En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; **5** en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? **6** En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. **7** Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi. **8** En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. **9** En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. **10** En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar:

> Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? **11** En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.

Jesus het hierdie vrou verdedig teen die gevoellose en roekelose Fariseërs. Hy het haar deel van die sonde nie goedgekeur nie, maar Hy het haar waardig laat voel deur haar te verdedig en haar lewe te red. Hy het nie haar sonde veroordeel nie, maar het aan haar die hoop op 'n nuwe lewe gebied.

By ‘n ander geleentheid het ‘n paar moeders hul kindertjies na Jesus gebring om deur Hom geseën te word. Hierdie vroue wat deur die Gees van God getrek is, het iets in Jesus aangevoel wat hulle kinders benodig het, wat Jesus kon voorsien deur hulle te seën.

> **Markus 10:13 – 16** En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. **14** Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. **15** Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. **16** En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Die dissipels van Jesus het hierdie gebeure beskou as ‘n inbreuk op belangriker kwessies. Om die erns van hierdie situasie aan te toon, dui die Bybel aan dat Jesus hulle “baie kwalik” geneem het, of meer direk, baie kwaad was, omdat die moeders se versoek geweier is. Daar is net ‘n paar keer opgeteken dat Jesus kwaad geword het; hierdie was een daarvan. Deur hierdie daad het Jesus gewys dat Hy die sorge en moeite van ‘n moeder verstaan en dat Hy gedoen het wat Hy kon om die las te verlig.

Dit is interessant om daarop te let dat dit die verdediging van ‘n vrou was wat uiteindelik tot die dood van Christus gelei het. Let op na hierdie gedeelte:

> **Matthéüs 26:6 – 16** En toe Jesus in Betánië was in die huis van Simon, die melaatse, **7** kom ‘n vrou na Hom met ‘n albaste fles met baie kosbare salf, en sy gooi dit op sy hoof uit terwyl Hy aan tafel was. **8** En toe sy dissipels dit sien, was hulle verontwaardig en sê: Waarvoor is hierdie verkwisting? **9** Want hierdie salf kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. **10** Maar toe Jesus dit merk, sê Hy vir hulle: Waarom val julle die vrou lastig? Want sy het ‘n goeie werk aan My gedoen. **11** Want die armes het julle altyd by julle, maar My het

julle nie altyd nie. **12** Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis. **13** Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot ‘n gedagtenis aan haar. **14** Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskáriot, na die owerpriesters **15** en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg.
**16** En van toe af het hy ‘n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.

Toe Maria gekom het om die voete van Jesus af te vee, het die dissipels, onder leiding van Judas, met haar gespot deur haar daad as verkwistend te reken. Jesus het dadelik haar optrede verdedig en die dissipels bestraf vanweë hul verharde harte teenoor haar. Hy doen dan die aankondiging dat oral waar die evangelie verkondig word die verhaal van Maria vertel moet word. Hoe bemoedigend moes dit vir Maria gewees het. Maria het die ware toestand van ‘n berouvolle sondaar perfek gedemonstreer en die vreugde van vergifnis gewys. Jesus wou hê dat die wêreld moet weet dat wat sy gedoen het, die mees gepaste reaksie op Sy werk was.

Nadat Judas deur Jesus bestraf is het hy direk na die priesters gegaan om ‘n ooreenkoms te sluit om Jesus te verraai. Hierdie verhaal wys hoeveel Jesus bereid was om op te offer om die waardigheid van vroue te verhoog.

Hierdie werk was noodsaaklik vir die herstel van ware gesinsverhoudings en die lewensbelangrike rol van 'n vrou en moeder in die gesin.

Al hierdie leringe wat Jesus hervestig het, word genoem in die boek Openbaring as die “geloof van Jesus. ” Die “geloof van Jesus” is die stel beginsels wat Jesus geleer en geleef het. Hierdie geloof, soos ons later sal sien, sal tot die einde van tyd oorleef en onder hewige aanval van Satan kom. Maar die saad van die vrou sal seëvier en God se familiekoninkryk sal uiteindelik die heelal regeer. Daar kan dus gesê word, “hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar.” (Sien Open.14:12 in die King James Bybelvertaling).

Hoofstuk 20

# Oorgang Na die Onsigbare

## A. Verhoudings is Onsigbaar

Die feit dat God se koninkryk op verhoudings gebaseer is plaas die klem op dinge wat nie gesien word nie. Al kan ons bewyse sien van ‘n verhouding, kan die werklike verhouding self nie gesien word met die oog nie. Wanneer ons mooi kyk na ‘n man en vrou se verhouding kan ons nie presies sien hoe sterk of stabiel daardie verhouding is nie; ons kan raai deur die dinge wat hulle sê en hoe hulle met mekaar omgaan, maar ons kan nie die werklike verhouding self sien nie.

Dit is waarom die koninkryk van God aanvanklik fokus op die onsigbare dinge en dit wat in die gedagtes omgaan, wat dan in die sigbare manifesteer. Let op na enkele Bybelgedeeltes wat hierdie aspek van God beskryf:

> **Romeine 1:20** Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;

> **1 Timóthiüs 6:16** wat alleen onsterflikheid besit en ‘n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen.

Om hierdie rede sal dié wat ‘n verhouding met God navolg, begin by die onsigbare dinge: ‘n verhouding met God, die gesin en met vriende.

Met verwysing na ons vergelyking tussen Abraham en Nimrod kan ons hierdie kwessie sien op die gebied van aanbidding. Abraham begin by die onsigbare. Sy waarde het gelê in sy verhouding met God en is vergroot deur al die eksterne seëninge van daardie verhouding. Aan die ander kant het die onsekerheid van Nimrod aanhoudend uiterlike bewyse vereis as die basis van waarde en aangesien hy geen werklike verhouding met God gehad het nie, het sy aanbidding gefokus op rituele en seremonie en sigbare dinge.

| Abraham | Nimrod |
|---|---|
|  |  |
| 1. Gesinstruktuur (Gen 18:19) | 1. Individuele Diktator/Tiran (Gen 10:10) |
| 2. Nomadiese landelike bewoners (Heb 11:8-10) | 2. Bouers van stede en verdedigers (Gen 11:4) |
| 3. Identiteit deur ouerlike seën (Gen 12:2) | 3. Identiteit deur Mag (Gen 11:4) |
| 4. Onderhou die Sabbat en Gebooie (Gen 26:5) | 4. Volg persoonlike begeertes (Rom 1:21-32) |
| 5. Geloof in dood en opstanding (Heb 11:17-19) | 5. Geloof in die onsterflikheid van die siel (Gen 3:4) |
| 6. Verlosser as Nederige Hersteller van Lewe – Geopenbaar in die Lam wat geslag is (Joh 11:25) | 6. Verlosser is 'n hoogmoedige Bevryder en Oorheerser wat bemagtig word deur Son- en Natuuraanbidding |
| 7. Fokus van aanbidding op die onsigbare. | 7. Fokus van aanbidding op die sigbare |

Daarom is die kwessie van die sigbare teenoor die onsigbare 'n belangrike aanduiding van watter koningkryk ons denke die meeste beïnvloed. En ons sien dit weerspieël in die Skrif:

> **2 Korinthiërs 4:18** omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

> **Hebreërs 11:1** Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Hierdie kwessie is so belangrik dat God dit een van Sy gebooie gemaak het:

> **Exodus 20:4** Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Die voorstelling van God deur aardse en materiële dinge is die vinnigste manier om die fokus van die onsigbare na die sigbare te verskuif. Die Bybel noem dit afgodery en God haat dit, omdat dit Sy kinders van ‘n werklike verhouding met Hom afsny.

## B. Die Slang se Leuen verskuif fokus na die Sigbare

Afgodediens is ‘n konstante probleem vir die mensdom weens die leuen van die slang. Die geloof dat ons inherente lewe en mag het, gekombineer met ‘n behoefte aan waarde, vereis dat hierdie mag ten toon gestel word en raakgesien word. Wanneer ons nie ons eie mag kan demonstreer nie begin ons waardeloos voel. Op die gebied van aanbidding is die fokus van aanbidding op mag, die vertoon en aanbidding van mag. ‘n Vinnige oorsig van afgodery deur die eeue toon dat die voorwerpe wat aanbid is, aanbid is ter wille van een of ander aspek van hul mag wat die aanbidder self wou bekom of besit. Met die aanbidding van die “god” is daar gehoop dat ‘n aanbidder bevoordeel sou word en 'n deel van hul mag sou ontvang. Dit is in volkome harmonie met die ingesteldheid van geleentheid-en-bedreiging van inherente mag. Wanneer jy ‘n voorwerp sien wat mag besit, bied dit die geleentheid aan 'n persoon dat hulle deur die regte benadering ‘n deel van hierdie mag kan verkry.

Wat die aanbidding van die ware God betref, word baie mense ongelukkig verwar en probeer om 'n liefde vir God te kombineer met die strewe om Sy mag vir hul eie begeertes te verkry. Dit is waar dat ons Sy krag benodig, maar nie om ons magtig en waardevol te laat voel nie, maar dat ons Hom kan eer, Sy karakter weerspieël en Sy verhouding kan geniet. Mense verrig goeie dade, bid lank en offer baie op om God se guns te wen en Sy krag te verkry. Sulke godsdiens is leeg en sonder ware liefde.

> **1 Korinthiërs 13:1 – 3** Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek ‘n klinkende metaal of ‘n luidende simbaal geword. **2** En al sou ek die gawe van profesie hê en al

> die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. **3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.

## C. Die Reis na die Onsigbare

Dit is om hierdie redes dat die Heiligdomstelsel ontwerp is om die aanbidders terug te lei na die onsigbare, na verhoudings. Jy sal vanuit ons inleiding tot die Heiligdom onthou dat hierdie verskuiwing van sigbare na onsigbare duidelik uitgebeeld word:

| SIGBARE | ONSIGBARE |
| --- | --- |
| Die brandofferaltaar | Die Verbondsark |
| Kliptafels | Tafels van die hart |

Die vraag is: Indien God se koninkryk om die onsigbare gesentreerd is, waarom het Hy dan die Israeliete ‘n stelsel gegee wat so sterk sigbaar was? Die antwoord op die vraag lê in die feit dat God ons ontmoet waar ons is. Om Israel die ware beginsels van Sy koninkryk te leer, moes Hy hulle ‘n sigbare model gee van hoe dit werk. Daar moet in ag geneem word dat die heiligste aspek van die aanbiddingsdiens nooit deur die aanbidders waargeneem is nie. Die pragtige goue meubelstukke, die ark, die gebooie is nooit gesien nie, behalwe deur geloof. Daar was ook ‘n muur rondom die Heiligdom wat die mense verhinder om van buite enigiets te sien. Die enigste waarneembare dinge wat die aanbidders gesien het, was die brandofferaltaar, die

lam wat geslag is en die waskom vir reiniging. Die res was versteek, behalwe vir die priesters wat namens hulle ingetree het.

Dit is baie belangrik om te onthou wat die doel van die Heiligdomreis is: om die wet van God op die tafels van die harte te skryf, ‘n plek wat nie sigbaar is nie. Om dit effektief te doen, moet die proses van die reis in die aanbidder se gedagtes geskied.

Met die oog hierop kan ons verstaan waarom Jesus probeer om die fokus van die Israeliete van die voorwerpe van die tempel op aarde te verskuif en op die hemelse onsigbare realiteite te plaas. Die interessante ding van die aardse Heiligdom is dat dit slegs ‘n afskrif van 'n onsigbare hemelse oorspronklike was.

> **Hebreërs 8:1 – 5** Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, **2** ‘n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie. **3** Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer. **4** Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer, **5** hulle wat ‘n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses ‘n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

Dit was altyd God se bedoeling om mense se fokus van die sigbare na die onsigbare te verskuif, sodat die wet op ‘n effektiewe manier op die tafels van die hart geskryf kan word. Dit was een van die sleutel-elemente van Jesus se bediening: om die mense se denke na die hemelse te verskuif.

> **Lukas 17:20 – 21** En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. **21** En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

Jesus het duidelik aan die Fariseërs gesê dat God se koninkryk nie sigbaar is met die oog nie, maar dat dit binne-in die persoon is. Daar sou geen grootse vertoning wees om die Joodse leiers van hierdie koninkryk te oortuig nie; dit moes deur geloof ingegaan word. Hierdie verskuiwing van denke is goed gedokumenteer in die gesprek tussen Jesus en die vrou by die put.

**Johannes 4:19 – 24** Die vrou sê vir Hom: Here, ek sien dat U ‘n profeet is. **20** Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is. **21** Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom ‘n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. **22** Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. **23** Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. **24** God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Toe die vrou agtergekom het dat Jesus geestelike kwessies insien, het sy onmiddellik by Hom navraag gedoen omtrent die korrekte plek van aanbidding. Haar denke was gefokus op die fisiese en geografiese. Maar Jesus het vir haar gesê dat ware aanbidding nie bestaan uit 'n fokus op aardse geboue of liggings nie. Dit is nie geboue wat ‘n plek heilig maak nie, maar die Gees van God wat 'n plek heilig en afgesonderd vir God maak. Hy het hierdie vrou op die ware aanbidding gewys: aanbidding in gees (die onsigbare) en waarheid. Die dinge wat God sigbaar gegee het, het slegs waarde indien dit na die onsigbare wys. Hierdie dinge het geen inherente waarde nie.

## D. Satan Probeer die Deur na die Onsigbare Toemaak

Die blote feit dat God ‘n sigbare Heiligdom as ‘n lesboek gegee het, het beteken dat dit deur Satan gebruik is om Israel op hierdie sigbare aanbiddingstelsel te laat fokus. Indien hy hul aandag op die aardse tempelstelsel kon toespits, kan hy hulle gedagtes verhinder om na die hemelse realiteite en die ware onsigbare Heiligdom (onsigbaar vir die mens) in die hemel, te verskuif.

Indien ons die dialoog tussen Jesus en die Joodse leiers noukeurig bestudeer kom hierdie kwessie telkens weer na vore:

**Johannes 3:3 – 12** Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. **4** Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan ‘n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ‘n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? **5** Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees

> nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. **6** Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. **7** Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. **8** Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. **9** Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? **10** Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie? **11** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem ons getuienis nie aan nie. **12** As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?

Jesus het aan Nikodemus gesê dat hy weer gebore moet word, wat, in die mees letterlike interpretasie, beteken om gebore te word van Bo af – die onsigbare. Daarna het Jesus die onsigbare werking van die Gees van God, wat die oog nie kan sien nie, verduidelik. Nikodemus het gesukkel om hierdie fokus op die onsigbare te verstaan.

Satan moes verhoed dat die Israeliete Jesus in hul gedagtes van die aarde na die hemele volg. Indien hulle hul fokus verskuif na die onsigbare realiteite sou hulle belangstelling verloor in die aardse, sigbare aanbiddingstelsel. Hierdie stelsel was die beheer wat die Joodse leiers oor die mense gehad het. Met dit in gedagte kan ons sien dat, elke keer wanneer Jesus van hierdie verskuiwing gepraat het, dit is beskou as 'n aanval op die Joodse leiers en hul magsbasis.

> **Johannes 2:18 – 21** Toe antwoord die Jode en sê vir Hom: Watter teken toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen? **19** Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. **20** En die Jode sê: Ses en veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig? **21** Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.

Die Jode wou 'n uiterlike of sigbare teken hê van die gesag van Jesus, maar in Sy antwoord daarop het Jesus van die onsigbare, eerder as die sigbare, gepraat. Die hele Heiligdomstelsel was 'n weerspieëling van Jesus – die goddelike onderdanige agent. Die hele doel van hierdie stelsel was om mense se karakters te vorm na die toonbeeld van Jesus en karakter is nie direk sigbaar vir die oog nie.

Ongelukkig het die Jode geweier om saam met Christus in hul denke na die onsigbare wêreld te beweeg en het aan hul aardse tempel vasgehou. Dit is

interessant om daarop te let dat die Jode Jesus uiteindelik ter dood veroordeel het op grond van hierdie stelling hierbo.

> **Matthéüs 26:61 – 65** Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou. **62** Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U? **63** Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? **64** Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. **65** Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!

Hierdie obsessionele fokus op die aardse tempel, wat listig deur Satan bedink is deur sy leuen van inherente mag wat 'n fokus op die sigbare veroorsaak, het Israel 'n groot tragedie besorg. Hulle misverstaan die betekenis van die dienste wat hulle gedoen het en verwerp die Persoon wat die kern van hul aanbiddingstelsel was. In 'n hartstogtelike en desperate poging het Jesus probeer om hul gedagtes te rig op hul dwase obsessie met die sigbare:

> **Matthéüs 23:16 – 25** Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde. **17** Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud heilig? **18** En: Elkeen wat sweer by die altaar—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die gawe daar bo-op, hy is gebonde. **19** Julle dwase en blindes, want wat is meer: die gawe, of die altaar wat die gawe heilig? **20** Wie dan sweer by die altaar, sweer dáárby en by alles wat daarop is; **21** en wie sweer by die tempel, sweer dáárby en by Hom wat daarin woon; **22** en wie sweer by die hemel, sweer by die troon van God en by Hom wat daarop sit. **23** Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. **24** Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk! **25** Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant

> van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid.

Ongelukkig het hulle nie gehoor gegee nie en die stelsel wat ontwerp is om pragtige lewe te bring in die menslike hart, is gelaat in die toestand wat Satan se koninkryk dit sou wou hê – totaal verwoes.

> **Matthéüs 23:37 – 38** Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! **38** Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!

## E. Die Volgelinge van Christus Maak die Verskuiwing van Aardse Kanale na Hemelse Bron

Dit was moeilik om hierdie verskuiwing in denkrigting te aanvaar, selfs vir die dissipels van Christus. Hulle kon nie verstaan waarom Hy na die hemel moes teruggaan en vir hulle onsigbaar word nie.

> **Johannes 13:36 – 37** Simon Petrus sê vir Hom: Here, waar gaan U heen? Jesus antwoord hom: Waar Ek heengaan, kan jy My nou nie volg nie, maar later sal jy My volg. **37** Petrus sê vir Hom: Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U gee.

> **Johannes 14:1 – 5** Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. **2** In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. **3** En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. **4** En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. **5** Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?

Indien Jesus nie na die hemel teruggekeer het nie, sou ons menslike natuur op Sy fisiese Persoon eerder as op Sy karakter fokus. Jesus moes terugkeer hemel toe, sodat ons denke sou leer om in die onsigbare te werk. Die wonderlike nuus was dat Jesus steeds deur Sy Gees teenwoordig sou wees. Hy kon steeds Sy mense vertroos terwyl Hy nie vir hulle sigbaar was nie. Deur die Heilige Gees kon Jesus Sy werk voltooi deur die wet, oftewel Sy karakter, in hul harte te skryf.

**Johannes 14:16 – 18** En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: **17** die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. **18** Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

**Johannes 16:4 – 8** Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het. Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie, omdat Ek saam met julle was. **5** En nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het; en niemand van julle vra My: Waar gaan U heen nie? **6** Maar omdat Ek dit vir julle gesê het, het droefheid julle hart vervul. **7** Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.

Net soos dit nodig was vir die tempel om onsigbaar te word, so vir Jesus ook. Dit was alles deel van die proses om van ‘n sigbare magsgebaseerde stelsel na 'n onsigbare verhoudingsisteem oor te skakel. Hoe wonderlik om te weet dat Jesus steeds met ons is deur Sy Gees. Die een wat ons beproewinge en smarte ken en die uitdagings van die menslike lewe verstaan is steeds met ons en vertroos ons. Soos Jesus verklaar het, was dit noodsaaklik dat Hy weggaan as ‘n sigbare identiteit en terugkeer deur die Gees met ‘n onsigbare identiteit, sodat die werklike werk om ons harte te verander, plaasvind waar dit nodig sou wees – op die onsigbare verhoudingsvlak.

‘n Groot gedeelte van die res van die Nuwe Testament handel oor hierdie verskuiwing van denke na die onsigbare en Satan se pogings om hierdie skuif te stuit.

**Handelinge 6:7 – 15** En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en ‘n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof. **8** En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. **9** En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cirenéërs en Alexandryne, en van die mense van Cilícië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis. **10** Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie. **11** Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God. **12** En hulle het die volk en die


ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring. **13** En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie heilige plek en die wet nie. **14** Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander. **15** En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was.

**Handelinge 7:48 – 60** Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: **49** Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus? **50** Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie? **51** Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. **52** Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; **53** julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie! **54** En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners. **55** Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. **56** En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. **57** Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. **58** En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. **59** En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees! **60** En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap.

Die Jode het beweer dat Stéfanus die gedagtes van die mense van die aardse tempel afgewend het en daarom die gebruike van Moses, hul mees geëerde leier, verander het. Tydens sy verhoor het Stéfanus aan hulle probeer vertel dat God nie woon in tempels wat met mensehande gemaak is nie. Sy koninkryk is 'n onsigbare koninkryk. Weereens, in 'n desperate poging om die Jode te bereik en hulle wakker

te skud van hul verslaafde fokus op die sigbare dinge, het Stéfanus direk vir hulle gesê dat hulle en hul voorouers deurgans die onsigbare – die geestelike siening – teëgestaan het. As teken van die verskuiwing wat plaasgevind het en dat Jesus wel in die hemel was, het Stéfanus ‘n visoen van die hemel gehad waar hy Jesus aan die regterhand van die Vader gesien het. Dit was die Jode se finale kans om te aanvaar dat daar ‘n verskuiwing na die onsigbare moes wees. Maar eerder as om dit te aanvaar het hulle die stem van die man wat by hulle gepleit het stilgemaak. Hierdie daad het hul lot as 'n nasie verseël. Soos Jesus voorspel het, is hul huis woes en leeg gelaat. Gestroop van die beskermende hand van God is die Joodse tempel 40 jaar later verwoes.

Ongelukkig bly hierdie begeerte om op ‘n sigbare tempel te fokus vandag nog by ons. Miljoene mense glo dat die aardse tempel herbou sal word, maar so ‘n geloof ontken alles wat Jesus geleer het met betrekking tot die wedergeboorte van Bo. Die ware aanbidders van God sal in Gees aanbid – in die onsigbare – en vertroos word deur die onsigbare Gees van Christus, totdat Hy in die wolke van heerlikheid kom en ons Hom weer sien wanneer ons harte gereinig is van die leuen van die slang. Dan sal die obsessie met die sigbare nie meer ‘n probleem wees nie.

| Nimrod | Christelike Kerk onder Rome |
|---|---|
|  |  |
| 1. Individuele Diktator/Tiran (Gen. 10:10) | 1. Individuele Diktator/Tiran (Open.13:16, 17) |
| 2. Bouers van stede en Verdedigers (Gen. 11:4) | 2. Bouers van Stede en Handelaars (Open. 18) |
| 3. Identiteit deur Bekendheid (Gen. 11:4) | 3. Identiteit deur Posisie (2 Thess. 2:4) |
| 4. Volg Persoonlike Begeertes (Rom. 1:21-32) | 4. Gebooie en Sabbat verander om Persoonlike Begeertes te Pas (Dan. 7:25) |

| | |
|---|---|
| 5. Geloof in Onsterflikheid van die Siel (Gen. 3:4) | 5. Geloof in Onsterflikheid van die Siel (Kategismus) |
| 6. Verlosser is 'n Trotse Bevryder en Oorheerser wat deur Son- en Natuur-aanbidding bemagtig word | 6. Verlosser as 'n Trotse Bevryder en Oorheerser – die Pous, Bemagtig deur Son-dagaanbidding en Natuurwette |
| 7. Fokus van aanbidding op die Sigbare | 7.Fokus van aanbidding op die Sigbare. |

Hoofstuk 21

# Die Hemelse Heiligdom en die Werk van Jesus aan Vertrapping Oorgegee

In hierdie hoofstuk sien ons Satan se desperate pogings om mense te verhinder om na die onsigbare wêreld en die werk van Jesus in die hemel te kyk. Hierdie oorlogstryd sal noodwendig gevoer word deur Nimrod se geestelike afstammelinge wat vasgehou het aan die inherente magstelsel en gevolglike fokus op die sigbare.

## A. Die Priesterlike Bediening van Jesus in die Hemel

> **Hebreërs 4:14 – 16** Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. **15** Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. **16** Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Die werk van Jesus op aarde was om die menslike ras te verbind aan die kanaal van seën, om die berge van trots en waardeloosheid gelyk te maak, Sy volkome onderdanige karakter in menslike vorm te openbaar, sodat ons volmaakte versekering kon hê dat Hy ons verstaan en die blokkasie van die kanaal, veroorsaak deur Adam, na die kruis en die graf te neem. Hierdie werk is deur diens in die voorhof van die Heiligdom versinnebeeld; die brandofferaltaar en die waskom van reininging. Bewapen met hierdie oorwinnings het Christus teruggekeer in die onsigbare hemelse ryk om voort te gaan met die werk wat Hy gedoen het voordat Hy gekom het. Nou kon gelowiges in groter geloof vra, omdat hulle die waarheid van Sy bediening ken en Christus kan aan Sy gelowige volgelinge die genade skenk wat hulle benodig.

> **Romeine 8:9 – 11** julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. **10** Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. **11** En as die Gees van Hom wat Jesus uit

die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

**Filipense 1:19** Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek.

**Efesiërs 1:17 – 21** dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, **18** verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; **19** en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte **20** wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, **21** bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.

**Galasiërs 4:6** En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

Wanneer Jesus se volgelinge hul gedagtes op die persoon van Jesus rig en bid vir hulp om soos Hy te wees, stuur Hy Sy Gees, vol genade, na hulle toe. Die Gees wat in Sy volgelinge woon word openbaar in liefde, vreugde, vrede, geduld en al die ander vrug van die Gees van Christus.

Indien Satan toelaat dat die mense van God op hierdie wonderlike werk van Jesus in die hemel konsentreer, sou hulle vir hom te magtig word om te oorwin. Satan moes die gedagtes van die aanbidders verhinder om na die hemel en die werk van Jesus te kyk.

## B. Die Vergeesteliking van Rome

In die wysheid en voorkennis van God het Hy natuurlik geweet dat Satan dit sou probeer doen. Hy het 600 jaar voor Christus aarde toe gekom het dit voorspel dat Satan die werk in die hemelse Heiligdom sou probeer stuit en God se ware volgelinge probeer uitwis.

Satan sou dit doen deur die Babiloniese stelsel. Satan het daarin geslaag om Israel fisies aan Babilon in slawerny te plaas. Na die verskuiwing van Jesus na die onsigbare sou hy dit geestelik moes doen. Daniël hoofstuk 7 en 8 verduidelik die

proses hoe dit sou verloop. Die vier wêreldryke wat in Heidense Rome uitgeloop het sou geestelike inslag moes hê om met die ware volgelinge van Christus te kompeteer. Dit is waar dat al die heidense koninkryke ‘n geestelike element bevat het, maar hierdie nuwe geestelike inslag via Rome sou moes lyk soos die geestelike fokus van God se hemelse koninkryk. Daarom het Satan Rome in ‘n vervalste geestelike en ‘n aardse mag omskep. Deur hierdie geestelike dimensie toe te voeg kon hy die nuwe slagveld betree in die denke van God se ware aanbidders, hulle siening van die hemelse werk van Christus versper en die kanaal van seën deur Sy bemiddelende werk as priester afsny.

> **Daniël 7:19 – 21** Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, **20** en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en ‘n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. **21** Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin.

Die vierde dier, wat ons ken as Rome, sou verskillend of anders wees as die vorige koninkryke, deurdat hierdie geestelike of onsigbare dimensie, wat ‘n namaaksel van die ware onsigbare stelsel was, daaraan toegevoeg sou word. Hierdie oorgang word in profesie openbaar as ‘n horing wat uit die vierde dier – Rome, kom.

> **Daniël 8:12 – 13** En ‘n leër is aan die horing oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende offer; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad. **13** Toe hoor ek ‘n heilige spreek; en ‘n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur—van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid—sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word?

Hierdie horingmag word weer in Daniël 8 beskryf as een wat die waarheid op die grond neerwerp. Hierdie proses van neerwerping op die grond het al die elemente van die Heiligdomstelsel weer sigbaar gemaak en op hierdie manier sou die werk waardeur die wet op die tafels van die mensehart geskryf word, vermeng en verwar word.

## C. Aanval op die Hemelse Heiligdom

Gedurende die tydperk vanaf die 4de tot die 6de eeu na Christus fokus die Roomse kerk op die leerstellings van Christus op aarde. Dit is op die volgende vier maniere gedoen:

1. Dit het die wet van God verander deur die tweede en die vierde gebod te verwyder. Die tweede gebod was lewensbelangrik om die onsigbare fokus te beskerm, en die vierde gebod verwys mense na die bron van die kanaal van seën en die bron van werklike krag.

2. Dit het 'n aardse tempel in Rome opgerig om die gedagtes van die aanbidders op 'n aardse sigbare struktuur te fokus.

3. Dit het 'n stelsel van aardse priesters ingestel om bekentenisse aan te hoor en vergifnis van sondes te belowe. Dit was die vervalsing van die werk van Christus en sou die gedagtes van aanbidders op die aardse en 'n sigbare priestersampstelsel vestig, eerder as op ons onsigbare Priester in 'n onsigbare Heiligdom.

4. Die Mis (nagmaal) is ingestel as 'n sigbare teken van die dood van Christus en ook die krag van formele kwytskelding. In plaas daarvan dat die Gees van Christus die fokus is, word die liggaam van Christus, wat deur die mense geëet word, die bron van geestelike krag. Die verskuiwing is subtiel, maar kragtig en het die denke van God se volgelinge verwar.


Terwyl Daniël die verskriklike situasie oordink het van die horingmag wat God se Heiligdom aftakel en Sy volgelinge vervolg het, het hy gewonder hoe lank dit sou duur. In antwoord hierop stel 'n engel hierdie vraag: Hoe lank sal hierdie horingmag toegelaat word om Sy wet en Sy mense te vertrap?

Die antwoord kom onmiddellik:

> Daniël **8:14** En hy het vir my gesê: Twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.

# Aanslag op die Hemelse Heiligdomstelsel

*Verdraai die onsigbare na die sigbare*



Die Heiligdom sal herstel word tot sy regte hemelse plek in die denke van die mense. Dit sal na die onsigbare herstel word, sodat die werk om die wet op die harte van mense te skrywe, voltooi kon wees. Ons sal in die volgende hoofstuk kyk na wanneer hierdie 2300 aande en môres hul hoogtepunt bereik, maar daarvoor moet ons nog ʻn paar punte rakende die horingmag ondersoek.

Net soos die Jode gedurende 3½ letterlike jare probeer het om Jesus en Sy werk teen te staan en te verhoed dat Hy die mense se denke verskuif na die feit dat hulle wedergebore moet word van Bo, so sou die horingmag van Daniël 8 Jesus teenstaan vir 3½ geetelike of profetiese jare en mense gefokus hou op 'n aardse, sigbare aanbiddingstelsel.

> **Daniël 7:25** En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ʻn tyd en tye en die helfte van ʻn tyd.

ʻn Tyd, tye en ʻn halwe tyd is gelyk aan 1260 profetiese dae wat gelyk is aan 1260 letterlike jare. Die Roomse kerk was mees dominant vanaf die jaar 538 n.C., toe die Ostrogote verslaan is (die laaste Ariaanse magte wat in hul pad gestaan het), regdeur tot en met 1798, toe die Pous deur Frankryk gevange geneem is. Die boek van Openbaring spreek soos volg oor hierdie situasie:

> **Openbaring 13: 5 – 8** En ʻn mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. **6** En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. **7** Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. **8** En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

42 Maande is gelyk aan 1260 profetiese dae of 1260 letterlike jare. [47] Hierdie werking van die horingmag het die kanaal van seën afgesny en weereens die familie van God se koninkryk afgebreek. Die harte van God se mense is weereens verhard deur hierdie valse aanbiddingstelsel en is woes en leeg gelaat. Daarom word na

---

[47] Openbaring 11:2, 3

hierdie mag verwys as die ontsettende goddeloosheid of skrikwekkende sonde ("transgression of desolation").

> **Daniël 8:13** Toe hoor ek 'n heilige spreek; en 'n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur—van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid—sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word?

Hierdie tydperk van die geskiedenis word tereg 'Die Donker Middeleeue' ('The Dark Ages') genoem. Die lig van die waarheid is weggesteek onder 'n aanbiddingstelsel wat die wet van God, die Heiligdom en die gesin aangeval het.

## D. Die Horingmag Val die Familieryk Aan

Soos ons vroeër geleer het, was Adam en Eva se skepping in 'n verhouding van hoofskap en onderdanigheid, wat na die beeld van die Vader en die Seun is. Daar is 'n Vader-Seunverhouding in die hemel wat die fokuspunt van die hemel is.

Die Romeinse stelsel het Maria as die moeder van God bekendgestel en deur hierdie leerstelling is die primêre verhouding van die hemel as die moeder en seun ingestel, op presies dieselfde manier as Nimrod en Semiramis in die oorspronklike Babilon. Die moeder-seunverhouding weerspieël nie die Vader-Seunverhouding van die hemel nie en verwar die kanaal van seën.

Die Roomse Kerk het ook 'n verwarde siening van God as drie wesens in een letterlike samestelling ingebring.[48] Dit het groter verwarring omtrent die rolle van God as Vader en die Seun geskep. Hierby is gevoeg die opvatting dat God sondaars in die hel vir ewig en altyd verbrand. Dit was nie die prentjie van 'n liefdevolle Vader nie, maar van 'n woedende tiran, soortgelyk aan Nimrod wat sy vyande uitgemoor het uit wraak. Selfs die kruisdood van Christus is uitgebeeld as die bevrediging van wraak en 'n uitroep na bloed. Al hierdie leringe het ontsettende skade berokken aan die beeld van God as 'n hemelse Vader wat ons liefhet en aan 'n onderdanige Seun wat ons wys hoe om verbind te bly aan die bron van seën.

In 'n verdere aanval op die gesin het die Roomse kerk sy leiers verbied om te trou. Die huwelik, met reg, is die kragtigste demonstrasie van die koninkryk van God en dit kon nie geduld word nie. Die Bybel sê vir ons duidelik dat die ouderlinge en leiers van die kerk van God die man van een vrou moet wees, sodat hulle die

---

[48] Sien die "Athanasian Creed" (Atanatiese geloofsbelydenis)

beginsels van seën sou verstaan. Die kerkleiers het hierdie beginsel geminag en sy leiers tree op sonder om 'n hoof van ‘n gesin te wees. So ‘n man kan grootliks benadeel word in sy funksies as herder van God se kudde, veral vanuit 'n konteks van 'n familieryk.

Hoe het hierdie verskriklike situasie ontstaan? Soos in die dae van Samuel, toe die leiers van Israel soos die ander nasies wou wees en nie anders wou wees nie, het die Christelike kerk dit moeilik gevind om te verskil van ander deur ‘n aanbiddingstelsel wat gefokus was op die verhoudings en onsigbare.

> Die Christene was uitgesproke ateïste genoem omdat hulle gestroop is van tempels, altare, slagoffers, priesters en al die prag en praal waaruit die vulgêre massa dink dat die kern van godsdiens bestaan. Die oningeligte sal maklik aanneem dat godsdiens bestaan uit wat die oog kan sien. Om hierdie beskuldiging te stil het die Christen doktore gedink om ‘n paar eksterne rituele in te stel wat die mense kon waarneem, sodat hulle hulself kon regverdig om al hierdie dinge wel te besit waarvan Christene beskuldig is dat hulle gestroop is, hoewel onder verskillende vorme. – Vry vertaal vanuit *The Secrets of Sun Worship and the Great Falling Away, p.32* deur A.T. Jones.

Die bekendstelling van hierdie eksterne of sigbare gebruike het die deur geopen vir hierdie horingmag om weer na vore te kom en weereens is die mense van God in ballingskap geneem. In ballingskap kon die mense van God nie meer Sy beskermende wet onderhou nie en ook nie in verbinding bly met die priesterlike bediening van Jesus, wat die krag sou verleen wat hulle benodig het om die leuen van die slang te oorkom.

## E. Plae van Oordeel Gestuur om die Vrou te Verlos

Net soos God magtige plae of oordele oor Egipte vrygelaat het om die vrou, Sara, uit haar gevangeneskap vry te laat; net so het gebeur in Egipte toe die vrou (die kerk van Israel) weer gevange was, net so het God oordele oor geestelike Babilon vrygelaat om die vrou weer vry te laat. Hierdie oordele word in die basuine van Openbaring 8, 9 en 11 uiteengesit.

Die oordele het in beide sy heidense en pouslike fase teen Rome gekom. Die eerste vier basuine het heidense Rome op sy knieë gebring; en die vyfde en sesde

basuine beskryf die werk van die Islamitiese magte en die Franse Revolusie, wat die pouslike stelsel verswak het en daarna ‘n dodelike wond toegedien het.

Na hierdie dodelike wond het kennis toegeneem en die weg is geopen vir die herstel van die ware beginsels van God se koninkryk. Op dieselfde manier as wat Moses gebruik is om die mense van God na die gebooie en die Heiligdom te lei, is die mense van God weer bymekaar gebring vir ‘n tweede keer.

Die ander sleutelpunt wat herstel moes word was die vader se rol van die bron van seën en die herstel van die gesinstelsel. Dit sal die werk van Elía wees om dit net voor die wederkoms van Jesus te bewerkstellig.

> **Maleági 4:5 – 6** Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. **6** En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Dit is na hierdie verhaal wat ons ons volgende wend om ‘n beweging waar te neem wat sou ontstaan aan die einde van die vertrapping van die Heiligdom, aan die einde van die 2300 aande en môres, ‘n beweging wat die wet, die hemelse Heiligdom en 'n ware siening van die Vader en die Seun sou herstel.

Hoofstuk 22

# Die Samekoms van Israel vir die Tweede Keer – Opkoms van die Adventbeweging en die Elía Boodskap

In die laaste hoofstuk het ons gesien hoe Daniël gepraat het van hierdie horingmag wat sou opstaan en die Heiligdom se aanbiddingstelsel van Christus aan vertrapping oorgee, deur die sleutelelemente van die aanbiddingstelsel te verander van die onsigbare terug na die sigbare, maar in 'n gewysigde vorm en nie soos die oorspronklike nie. Ons het gesien dat hierdie mag die Roomse Kerk is. Daar was baie dinge wat die kerk verander het; onder meer het dit probeer om die wet van God op twee kritieke terreine te verander, deur die tweede gebod te verwyder wat die beskerming bied teen afgodery en sigbare rituele van aanbidding en daarna die vierde gebod te verander wat na die outeur van die lewe en die bron van seën gewys het.

In Daniël 8 word die vraag geopper, hoe lank sou hierdie mag voortduur? Die antwoord het gekom, "Twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Ons sal die einde van hierdie tydperk binnekort bepaal, maar eers wil ons kyk na die gebeure wat gelei het tot die hoogtepunt van die 2300 dae.

Die herstel van die Heiligdom sou 'n proses vereis wat al die elemente van die Heiligdomstelsel erken, dat dit in die hemel, in die onsigbare wêreld, is. Hierdie proses het begin met die Reformasie in die 16de eeu.

## A. Die Reformasie Begin die Herstel van die Onsigbare Siening

Ongeveer die tyd van die 16de eeu het 'n paar mans die Bybelse integriteit van die Roomse kerk begin bevraagteken. Tot op hierdie tydstip was daar baie min mense wat Bybels gehad het of wat self kon lees en almal het net op die leiers van die kerk vertrou om hulle oor geestelike kwessies te lei. In hierdie tyd is die drukpers uitgevind en baie meer boeke is gedruk en beskikbaar gestel. Die Bybel is in massas gedruk en beskikbaar gestel in verskeie tale, tot frustrasie en woede van die Roomse Kerk. Een van dié wat die Bybel sorgvuldig bestudeer het was Martin Luther.

‘n Sentrale aspek van die Roomse Kerk was die Mis. Die Mis was ‘n seremonie waartydens die priester die teenwoordigheid van Christus uit die hemel na die nagmaalbrood sou afroep. Deur hierdie brood te eet, sou die gelowige vergifnis en kwytskelding van hul sondes ontvang. Hierdie seremonie het die fokus heeltemal verwyder van die ware werk van Jesus in die hemel. Dit het ook veroorsaak dat mense Jesus sigbaar aanskou in die nagmaalbrood. Hierdie nagmaalbrood is eintlik deur die kerk as God aanbid, ‘n duidelike oortreding van die gebod teen afgodery.

Martin Luther het gereageer na noukeurige studie van die Bybel:

> “Die Mis in die Pousdom moet die grootste en aakligste gruwel wees, aangesien dit direk en kragtig in stryd is met hierdie hoofartikel, [Jesus het gesterwe en weer opgestaan vir ons Regverdigmaking] en tog was dit bo en voor alle pouslike afgodedienste die grootste en die mees bedenklike. Want daar is vasgestel dat hierdie offer of werk van die Mis, al word dit gelewer deur ‘n bose (en verwerplike) skelm, mense bevry van sondes, sowel in hierdie lewe as in die vagevuur, terwyl ***slegs die Lam van God dit sal en moet doen***.” Vry vertaal uit *Martin Luther, The Smalcald articles*, bl.10.

Terwyl Martin Luther aanhou skryf en aanbiedings gedoen het, het verskeie manne begin insien hoe die kerk in ballingskap was. Martin Luther het selfs ‘n boek getiteld *Die Babiloniese Ballingskap (The Babylonian Captivity*) geskryf waarin hy baie van die valse leerstellings wat die mense se denke in slawerny gehou het uitwys.

Die historikus J.A. Wylie het ‘n baie interessante assessering gemaak van wat in hierdie tyd gebeur het:

> “In plaas van die hiërargie waarvan die magsbasis op die Sewe Heuwels was, waarvandaan dit afwaarts geneem is deur ‘n mistiese kettingstelsel wat alle priesters aan die Pous verbind het, net soos die kabel die elektriese vonk van kontinent na kontinent oordra, het hulle die universele priesterorde van gelowiges herstel. **Hulle fontein van krag is in die hemel**; geloof verbind hulle daaraan soos ‘n ketting; die Heilige Gees is die olie waarmee hulle gesalf word; en die offers wat hulle bring is nie dié van versoening nie, wat eens en vir altyd deur die Ewige Priester gemaak is, maar offers van harte gereinig deur geloof, en lewens wat deur dieselfde goddelike genade vrugbaar gemaak is in heiligheid. Dit was ‘n groot revolusie. ‘n Antieke en gevestigde orde is afgeskaf; ‘n heel en al nuwe een is bekendgestel.” Vry Vertaal uit *The History of Protestantism*, by Ds. J.A. Wylie, Vol.1, bl.843.

Hierdie stelling identifiseer die kwessies duidelik. Die Roomse stelsel het die mense van die fontein van die lewe verwyder en sy eie fontein ontwikkel wat geen lewe voortbring nie.

> **Jeremia 2:13** Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.

Die hervormers het hul denke na die hemel gerig vanwaar die ware bron van krag kom. Hulle het hulself verbind met Jesus, die ware Priester, en direk tot Hom gebid vir krag en sterkte. Die Kerk kon ‘n kanaal van seën gewees het om mense na Christus in die hemelse Heiligdom te wys, maar in plaas daarvan het hulle in die weg van die mense gestaan en hul denke verhinder om die waarheid te sien.

Die Reformasie, onder Luther, Tyndale en andere, het 'n werk van herstel in die onsigbare aanbidding in die Heiligdomstelsel begin. Maar daar was baie dinge wat nog aangespreek moes word. Die kerk het mense so diep in die duister ingeneem dat dit ‘n redelike tyd sou neem om daar uit te kom. Die Waldensies en Albigensies het hierdie ware geloofstelsel in Suid-Frankryk en Noord-Italië in stand gehou, maar hulle was 'n flikkerende lig in die duisternis. Hulle het van hul kosbare skatte prysgegee om by die reformasie in die 16de eeu aan te sluit. Maar die werk van die reformasie sou nog steeds mag hê om die weg voor te berei vir die reiniging van die Heiligdom. Die hervormers het die werk van Jesus as priester in die hemelse realm herstel, maar hulle het nie die nodigheid gesien dat die Heiligdomstelsel ook in die hemel moet wees nie. Ons is dankbaar dat God ‘n volk geroep het om te wys na die Heiligdom in die hemel om 'n vervulling van die profesie oor die 2300 aande en môres te aanskou.

## B. Verstrooiing, Toorn en Sameroeping van God se Mense

Die einde van die 2300 aande en môres wat in Daniël 8:14 genoem word, bevat nog ‘n leidraad in vers 19 van dieselfde hoofstuk:

> **Daniël 8:19** en gesê: Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig [indignation – sien KJV; Strafgerig/toorn] sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde. [Woorde in hakies is ingevoeg]

Dit noem dat die 2300 aande en môres die einde van die strafgerig/toorn sal wees. Hierdie strafgerig/toorn neem ons terug na die tyd van Israel en die beloftes

van die seën vir getrouheid en vervloekinge indien hulle misluk om vas te hou aan die aanbiddingselemente wat Israel verbind aan die kanaal van seën.

Die boek Deuteronómium gee ons die konteks vir hierdie strafgerig/toorn of woede wat in Daniël 8 plaasvind. Dit is gekoppel aan die verbond wat God met Israel gesluit het om Sy gebooie te onderhou en getrou te aanbid volgens die gegewe Heiligdomstelsel.

> **Deuteronómium 29:9 - 15** Onderhou dan die woorde van hierdie verbond en volbring dit, sodat julle voorspoedig kan uitvoer alles wat julle doen. … **13** sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees soos Hy jou beloof het, en soos Hy aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het. **14** En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eedswering nie, **15** maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van die HERE onse God staan, én met die wat hier vandag nie saam met ons is nie.

As Israel dit sou doen, sou die kanaal van seën en beskerming oop bly, maar indien hulle dit nie doen nie, sou hul kinders grootgemaak word sonder 'n gevoel van seën; hulle sou in gevaar verkeer om tiranne te word óf hulle sou 'n sterk gevoel van versoeking ervaar om ook soos die ander nasies te word, eerder as om anders te wees. Hierdie proses sou die families van Israel ongelooflike pyn veroorsaak; hierdie proses is waarna God verwys het as Sy woede of strafgerig/toorn. Dit is die mense wat dit laat plaasvind, maar God neem verantwoordelikheid vir die gebeure, want Hy tree nie in met mag om te verhoed wat sal gebeur nie.

> **Deuteronómium 29:16 – 28** Want julle weet self hoe ons in Egipteland gewoon en hoe ons dwarsdeur die nasies getrek het waardeur julle getrek het. **17** En julle het hulle verfoeisels en hulle drekgode, hout en klip, silwer en goud, by hulle gesien, **18** sodat daar onder julle geen man of vrou of geslag of stam mag wees wat sy hart vandag van die HERE onse God afwend om die gode van dié nasies te gaan dien nie, sodat daar onder julle geen wortel mag wees wat gif en wilde-als dra nie, **19** en as hy die woorde van hierdie eedswering hoor, homself dan in sy hart gelukkig prys deur te sê: Dit sal met my goed gaan alhoewel ek in die verhardheid van my hart wandel—om so die bewaterde saam met die dorstige weg te ruk! **20** Die HERE sal hom nie wil vergewe nie, maar dan sal die toorn van die HERE en sy ywer teen dié man rook, en die hele vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus; en die HERE sal sy naam onder die hemel uitdelg. **21** En die HERE sal hom

> tot sy ongeluk van al die stamme van Israel afskei volgens al die vloeke van die verbond wat in hierdie wetboek geskrywe is. **22** En die volgende geslag, julle kinders wat ná julle opstaan, en die uitlander wat uit ‘n ver land kom, sal sê, as hulle die plae van daardie land sien en sy siektes wat die HERE daarin laat uitbreek het— **23** ook swawel en sout deurdat sy hele oppervlakte uitgebrand is, wat nie besaai word en niks laat uitspruit nie, waarin hoegenaamd geen plante opslaan nie, soos die omkering van Sodom en Gomorra, Adma en Sebóim wat die HERE in sy toorn en in sy grimmigheid omgekeer het— **24** en al die nasies sal sê: Waarom het die HERE so met hierdie land gedoen? Wat beteken hierdie groot toorngloed? **25** Dan sal hulle antwoord: Omdat hulle die verbond van die HERE, die God van hulle vaders, verlaat het wat Hy met hulle gesluit het toe hulle deur Hom uit Egipteland uitgelei is, **26** en hulle ander gode gaan dien en hulle daarvoor neergebuig het, gode wat aan hulle nie bekend was nie, en wat Hy hulle nie toebedeel het nie, **27** daarom het die toorn van die HERE teen daardie land ontvlam om daaroor die hele vloek te bring wat in hierdie boek geskrywe is**. 28 En die HERE het hulle uit hulle land uitgeruk in toorn en in grimmigheid en in groot verbolgenheid [woede; grimmigheid; strafgerig]; en Hy het hulle weggeslinger na ‘n ander land, soos dit vandag is.** [woorde in hakies ingevoeg]

Soos ons gesien het in ons studies, het Israel die verbond verlaat en het hulle ander gode aanbid en het hul kinders blootgestel aan die waardeloosheid wat voortspruit uit die vloek buite die kanaal van seën. As deel van hierdie grimmigheid sou Israel toegelaat word om verstrooi te word. Die verstrooiing van Israel sou die leierskap van Israel wegneem wat bedoel was om as 'n kanaal van seën op te tree. Die verstrooiing van Israel sou hierdie kanaal van seën wegneem en die skape sou dan sonder ‘n benoemde (of aangewese) herder wees. Die wese en die weduwees het dan nie ‘n vaderfiguur om hulle te seën nie en die vloek sou dus uitgebrei word. Hierdie verstrooiing word op ‘n aantal plekke genoem:

> **Levitikus 26:27 – 33** As julle ook hierom nie na My luister nie, maar julle teen My versit, **28** sal Ek My in grimmigheid teen julle versit, en Ek sal julle ook sewevoudig tugtig weens julle sondes. **29** En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters sal julle eet. **30** En Ek sal julle hoogtes verwoes en julle sonpilare verdelg en julle lyke op die lyke van julle drekgode gooi; en my siel sal ‘n afsku van

julle hê. **31** En Ek sal julle stede puinhope maak en julle heiligdomme verwoes en julle lieflike geur nie ruik nie. **32** Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan. **33** En Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word.

Hierdie verstrooiing het wel plaasgevind onder die Assiriërs en Babiloniërs.

**Jesaja 10:5 – 6** Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy—in hulle hand is my grimmigheid! **6** Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate.

**Jeremia 9:13 – 16** En die HERE het gesê: Omdat hulle my wet wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en na my stem nie geluister en daarin nie gewandel het nie, **14** maar gewandel het agter die verhardheid van hulle hart en agter die Baäls aan, waaraan hulle vaders hulle gewend gemaak het, **15** daarom, so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek gee aan hulle, aan hierdie volk, wilde-als om te eet, en Ek laat hulle gifwater drink, **16** en **Ek verstrooi hulle onder die nasies** wat hulle en hul vaders nie geken het nie, en stuur die swaard agter hulle aan totdat Ek hulle verteer het.

Alhoewel Israel God verlaat en hulle tot ander gode gewend het, het die Here deur Sy profete belowe dat Hy Israel weer die tweede keer sou vergader.

**Jesaja 11:11** En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see.

Wanneer sou hierdie sameroeping plaasvind? Jy het miskien opgemerk dat God gesê het dat Hy Israel sewe maal sou straf vir hulle sondes. Met verwysing na profetiese tyd is hierdie sewe keer dan 2520 jaar.

Israel is ná Salomo in twee koninkryke verdeel. Die noordelike koninkryk is in ballingskap geneem deur Assirië in die jaar 723 v.C. en die koning van die suidelike koninkryk – Manasse, is in 677 v.C. na Babilon gebring.

> **2 Kronieke 33:11** Daarom het die HERE die leërowerstes van die koning van Assirië oor hulle gebring, en dié het Manasse met hake gevang en hom met koperkettings geboei en hom na Babel vervoer.

Indien ons 2520 jaar by die datums 723 v.C. en 677 v.C. voeg, gee dit ons die datums 1798 en 1844. Die jaar 1798 het ons ontdek is betekenisvol, omdat die Pous in hierdie jaar gevange geneem is en as gevolg daarvan het ‘n groot herlewing in die studie van die boek Daniël plaasgevind, omdat daar gesoek is na die betekenis van hierdie grootse gebeurtenis.

Die strafgerig/toorn sou ver verby die tyd van letterlike Israel tot in die tyd van geestelike Israel strek. Die gebeure gedurende hierdie strafgerig/toorn word in Daniël 10 tot 12 uiteengesit.

Daniël 11 praat van die verskillende magte wat deur die eeue heen God se mense sou onderdruk en op verskeie maniere hulle verhinder om God getrou te aanbid. Daniël 11:36 spreek direk van die Roomse Kerk en die verbinding aan die strafgerig/toorn.

> **Daniël 11:36** En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid [strafgerig/toorn – sien KJV] ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.

Kenners van Daniël 11 verstaan dat die tydperk gedek deur hierdie hoofstuk strek van ongeveer 539 v.C. onder Medo-Persië regdeur tot aan die einde van die wêreld. Hierdie verskuiwing van letterlike Israel na geestelike Israel is belangrik. Die Nuwe Testamentiese skrywers het die geestelike konsep van Israel duidelik uiteengesit:

> **Romeine 2:28 – 29** Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; **29** maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.

> **Galasiërs 3:26 – 29** Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; **27** want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. **28** Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want

> julle is almal een in Christus Jesus. **29** En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Na Christus gekom en die mense onderrig het is die burgerskap in die koninkryk van God nie gebaseer op geboorte nie, maar op die geestelike lering van Christus, diegene wat die gebooie van God onderhou het en die geloof van Jesus het. Die waarheid is dat Israel nog altyd slegs geestelik was deur geloof in die Messias. Voordat Christus gekom het was die kennis van die Messias tot die fisiese volk van Israel beperk. Die volk het die kennis wat hulle verkry het gebruik om hulself te verhef, terwyl die waarheid eintlik is dat slegs diegene wat geloof gehad het deel was van die ware Israel van God.

> **Romeine 9:8** Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.

Met die oog hierop kyk ons na die letterlike volk, Israel, as 'n lesboek vir ons om te leer wat gebeur indien die waarheid aanvaar of verwerp word. Net soos letterlike Israel deur letterlike Babilon verstrooi is, so is die geestelike Israel deur geestelike Babilon verstrooi. Hierdie hele tydsproses sou 2520 jaar duur en sou in 1844 eindig.

Gedurende hierdie tyd sou God sy mense weer versamel vir ‘n tweede keer, net soos Hy dit die eerste keer gedoen het. Die eerste keer het Hy Israel versamel uit Egipte, Hy het hulle sy gebooie gegee en Hy het hulle ‘n Heiligdom gegee en hulle gelei deur die profeet Moses in ‘n menige ander belangrike waarhede rakende gesondheid, opvoeding en burgerlike lewe. Om Israel die tweede keer te versamel, beteken dat Hy dit alles weer sou doen. Dit is wat rondom 1844 gebeur het.

## C. Die Opkoms van die Advent Beweging

Een van die manne wat sy Bybel ná 1798 baie noukeurig bestudeer het was William Miller. Miller was ‘n Deïs, een wat glo dat God 'n afwesige eienaar was – Een wat die wêreld geskep het en die mens dan aan sy eie lot oorgelaat het. Nadat hy in die Amerikaanse Weermag geveg het in die slag van Plattburgh en gesien het dat ‘n klein klompie Amerikaners die uiters goed geörganiseerde Britte verslaan, het hy begin wonder of God wel Homself by menslike aangeleenthede betrek het, want dit het vir hom onmoontlik gelyk dat die Amerikaners daardie geveg kon wen.

Soos wat William Miller studeer het, het hy ‘n paar baie belangrike reëls vir interpretasie neergelê. Aangesien hy nie by enige bestaande kerk van sy dag geaffilieer was nie, is hy nie direk deur hulle leerstellings beïnvloed nie. William

Miller het die belangrikheid ingesien van ‘n konsekwente metode om die Skrif te interpreteer. Hy het saam met sy deïstiese vriende oorspronklik geglo dat die Bybel vol foute en teenstrydighede was. Na sy ervaring by Plattsburgh het hy besluit dat hy moet kyk of hy al hierdie teenstrydighede kon harmoniseer. Hiervoor het hy ‘n konsekwente Bybelstudiemetode benodig. Indien hy ‘n konsekwente metode kon gebruik en daarmee die oënskynlike teenstrydighede in die Bybel kon uitklaar, sou hy die antwoorde vind waarna hy gesoek het. ‘n Volledige lys van William Miller se reëls om die Bybel te interpreteer is in die Bylae ingesluit, maar ons sal enkele hiervan noem.

> REËL 1:
>
> Elke woord moet sy regmatige strekking/verband hê op die onderwerp wat in die Bybel bestudeer word.
>
> REËL 2:
>
> Die hele Skrif is nodig, en moet verstaan word deur ‘n deeglike toepassing en studie.
>
> REËL 4:
>
> Om lering te verstaan, bring eers alle Skrif bymekaar oor die onderwerp wat jy ondersoek; laat dan elke woord sy regmatige invloed uitoefen; en indien jy jou teorie sonder enige teenstelling kan formuleer, kan jy nie verkeerd wees nie.
>
> REËL 5:
>
> Die Skrif moet homself uitlê, omdat dit sy eie reëls vasstel. Wanneer ek op ‘n onderwyser staatmaak om aan my uitlegging te gee, en hy moet raai omtrent die betekenis, of hy wil dit graag uitlê volgens sy eie sektariese geloofsoortuiging, of om agting te verkry, dan word sy raaiskoot, sy begeerte, sy geloofsoortuiging of wysheid, my reël, en nie die Bybel nie.
>
> REËL 6:
>
> God het die toekoms geopenbaar deur visioene, in figuurlike taal en gelykenisse en op hierdie manier word dieselfde dinge gereeld weer en weer geopenbaar, deur verskillende visioene, of in verskillende figuurlike taal en gelykenisse. Indien jy dit wil verstaan moet jy hulle almal in een saamvat.

Deur 'n noukeurige en konsekwente en deeglike metode het William Miller Daniël 8 begin bestudeer en oor die betekenis van die 2300 aande en môres begin nadink.

Hy het opgemerk dat ‘n begindatum vir die 2300 aande en môres nie gegee is nie en dat Daniël aan die einde van hoofstuk 8 steeds nie die visoen rakende hierdie tydperk verstaan het nie. Deur middel van ‘n reeks verbindings tussen Daniël 8 en 9, het hy ingesien dat die begin van die 70 weke van Daniël 9 ook die begin van die 2300 aande en môres was.

Soos die 70 weke profesie, het konsekwente toepassing vereis dat die 2300 profetiese dae ook 2300 jaar sou wees. Die begindatum vir die 70 weke was 457 v.C. Toe William Miller aanvanklik die berekening gemaak het, het hy die jaar 0 in die oorgang van Voor Christus tot Ná Christus ingereken. Dit het hom tot die jaar 1843 gelei.


William Miller het ook die profesieë rakende die strafgerig (of toorn) getrou bestudeer en bepaal dat die “sewe maal” van Lev. 26 ook in hierdie jaar 1843 afgesluit is. Die bykomende profesieë van die 1290 en 1335 jaar wat in Daniël 12 gevind is, het ook hierdie datum verbind met 1843. ‘n Gedetaileerde ontleding van hierdie profesieë is buite die omvang van hierdie boek, maar William Miller het vasgestel dat die 1290 jaar in 1798 voltooi is, en dat die 1335 jaar, wat dieselfde tyd begin, in 1843 voltooi is.

William Miller was verbaas om te vind dat verskeie van hierdie tydsprofesieë geëindig het in die jaar 1843, deur van ‘n konsekwente Bybelstudiemetode gebruik te maak.

Onmiddellik nadat hy hierdie ontdekking gemaak het, het hy verplig gevoel om sy bevindinge met die wêreld te deel, maar soos Moses was hy bang en wou dit nie doen nie. Hy het gedink dat hy dalk verkeerd is en wou seker maak. Hierdie ontdekking is in 1818 gemaak na 2 jaar van deeglike Bybelstudie, maar William Miller het nog 12 jaar spandeer om te probeer kyk of sy redenasie enigsins foutief was. Hy het na elke moontlikheid gesoek om dit wat hy gevind het, te weerlê, maar hy kon niks betekenisvol vind nie.

Uiteindelik, in 1831, nadat hy met die Here geworstel het, het hy begin preek. Hy het aanvanklik klein begin, maar na ‘n paar jaar begin hy in groot stede en dorpe preek.

# Verstrooiing en versameling van Israel



William Miller het gepreek dat die herstel van die Heiligdom in 1843 die koms van Christus moet wees om Sy kinders te versamel. Dit is waar dat God Sy mense sou versamel, maar die waarheid aangaande die wet en die Heiligdom moes herstel word voordat dit sou plaasvind.

Na afloop van 1843 het Miller en die duisende gelowiges besef dat die jaar “0” verkeerdelik bygevoeg is. Die werklike datum was 1844, en nie 1843 nie.

Hierdie boodskap is aan elke sendingstasie in die wêreld oorgedra en ander kenners, behalwe William Miller, het ook die einde van hierdie tydperk ontdek. Orals is mense tot verantwoording geroep. Die boodskap is verkondig dat die uur van God se oordeel aangebreek het en dat hulle gereed moes maak.


Ongelukkig is die Milleriete teleurgestel, omdat Jesus nie teruggekeer het in 1844 nie. Hulle was korrek omtrent die datum, maar verkeerd omtrent die gebeurtenis. Net soos letterlike Israel uit Egipte moes kom en die waarheid omtrent die Heiligdom, die Wet en die Sabbat moes leer en dan die beloofde land sou binnegaan, so moes geestelike Israel dieselfde doen.

## i. Herstel van die Hemelse Heiligdom

Na die groot teleurstelling van die Milleriete het baie van diegene wat bely het dat hulle in die beweging glo, afvallig geword. Nogtans het ‘n klein groepie Bybelstudente na baie gebed en deeglike ondersoek van hul harte begin besef dat die gebeurtenis aan die einde van die 2300 aande en môres ‘n werk was wat Jesus in die hemelse Heiligdom moes verrig. ‘n Man met die naam Hiram Edson het die werk, wat beskryf word in Daniël 7 omtrent die oordeel van die klein horingmag, verbind met die gebeure wat in Hebreërs 8 oor die hemelse Heiligdom beskryf word. Hy het ook die verbinding met Openbaring 14 en die uur van oordeel wat daar beskryf is, gesien.

> **Hebreërs 8:1 – 2** Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, **2** ‘n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.

# Wanneer Jesus die Regter Word



In die jaar 1844 is die hemelse Heiligdom herstel in die denke van 'n groep Christengelowiges. Die herstel van hierdie Heiligdomwaarheid het die verstrooiing van Israel beëindig en die sameroeping kon nou begin. Daar sou geen sameroeping van Israel kon wees sonder die Heiligdom in sy regte staat nie. Noudat hierdie groepie Christene na die hemelse Heiligdom kyk, kon hulle 'n groter verbinding met die kanaal van seën ontvang, omdat hulle op die bron daarvan fokus.

## ii. Herstel van die Wet van God

Die doel van die Heiligdom was om die wet van God op ons harte te skryf, sodat die kanaal van seën van God beskerm kon word. Hierdie groep mense, nou Adventiste genoem, het meer as ooit tevore die belangrikheid van die wet van God begin sien, nie omdat dit duisende jare gelede op kliptafels geskryf is nie, maar omdat die wet nou in die Heiligdom in die hemel is. Dit was nie meer ‘n gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het nie, maar iets met huidige toepassing. Die ervaring van God se mense wat die wet van God sien, word deur Johannes soos volg beskryf:

> **Openbaring 11:19** En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien…

'n Erkenning van die wet van God het hulle gelei tot 'n ander belangrike ontdekking – die Sabbat.

## iii. Herstel van die Sabbat

Noudat die Adventiste na die hemelse Heiligdom gekyk het en die werk wat Jesus in die hemel verrig het, gesien het, was hulle denke gerig op die gedeelte in Daniël 7:

> **Daniël 7:9 – 10** Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ‘n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur; **10** ‘n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.

Vir Israel het hierdie oordeelswerk een maal per jaar in die Allerheiligste plaasgevind. Die parallelle gedeelte in Daniël 8 verskaf meer inligting oor hierdie gebeurtenis:

**Daniël 8:14** En hy het vir my gesê: Twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.

Die oordeel in Israel was die reiniging van die Heiligdom. Dit was dieselfde gebeurtenis. Hierdie oordeel is gebaseer op die wet wat in die Allerheiligste gehou word. Hierdie konsep van oordeel is verder ontwikkel deur ‘n erkenning van die waarskuwingsengele in Openbaring 14 wat kom net voor die wederkoms om te waarsku omtrent die oordeel.

**Openbaring 14:6 – 7** En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. **7** En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Die beskrywing van die oordeel in Openbaring 14 is direk gekoppel aan 'n aanbidding van die Een wat die hemel en die aarde gemaak het. Die enigste plek waar hierdie konsep in die konteks van die wet en die oordeel geopenbaar word, is in die vierde gebod rakende die Sabbat.

Die herstel van die Sabbat het weereens die denke van die mense oopgemaak vir die bron van die kanaal van seën. Die kanaal van seën kon nie behoorlik vloei sonder ‘n duidelike begrip van waar lewe vandaan kom en hoe dit onderhou word nie. Dit is die Sabbatsgebod wat ons hierdie dinge leer.

## iv. Herstel van die Toestand van die Dode en die Wederkoms

Die geloof in die Sabbat het veroorsaak dat die Adventiste God aanskou het as die enigste bron van lewe. Dit het veroorsaak dat hulle die geloof in die onsterflikheid van die siel bevraagteken het. Die ander rede waarom hulle na hierdie leerstelling moes kyk, is dat hulle nou geglo het in ‘n tyd waarin 'n oordeel in die hemel sou plaasvind. Soos ons gesien het, het die oordeel in aanvang geneem in 1844. Daar word tydens die oordeel bepaal wie die ewige lewe sou ontvang en wie nie.

Die meeste Christene het geglo dat, wanneer gelowiges sterf, hulle direk hemel toe sou gaan. Dit sou onmoontlik gewees het indien die oordeel in 1844 begin het. Hulle het toe opgemerk wat Jesus aan die einde van Openbaring gesê het:

> **Openbaring 22:12** En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Die loon van die ewige lewe sou eers verleen word met die wederkoms van Christus aan die einde van die wêreld. Daarom kon mense nie hul loon ontvang voordat Christus in die wolke van heerlikheid gekom het nie. Let op wat die Bybel sê:

> **1 Thessalonicense 4:15 – 17** Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. **16** Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. **17** Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Die Bybel sê duidelik dat, wanneer Christus weer kom, die dode eerste opgewek word en dan word die wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer. Die Here moet eers terugkeer om sy getroue mense te ontvang, voordat hulle opvaar na die hemel.

> **Job 14:10 – 13** Maar ‘n man sterwe en is magteloos; ja, ‘n mens blaas die asem uit en—waar is hy? **11** Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog— **12** so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie. **13** Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my ‘n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!

Soos Job dit stel, sal daardie mens nie weer uit hul slaap opgewek word, voordat die hemel nie meer is nie; daardie gebeurtenis vind met die wederkoms plaas.

> **2 Petrus 3:10 – 12** Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. **11** Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — **12** julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

Die toestand van die dode was ‘n belangrike waarheid om die leuen van die slang, wat verklaar dat jy sekerlik nie sal sterwe nie, te verbreek. Dit het ook die waarheid versterk dat lewe slegs van God kom en dat ons dit slegs deur ‘n noue verhouding met Hom kan ontvang.

## v. Herstel van die Vader-Seunverhouding

Die ander belangrike waarheid wat by die Adventiste aan die lig gekom het, is dat die gedeeltes in Daniël 7 gepraat het van twee wesens in die hemelse Heiligdom wat in die oordeel opgetree het.

> **Daniël 7:9, 13, 14** Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ‘n **Oue van dae** gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur; … **13** Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die **Seun van ‘n mens**, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. **14** En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Hierdie heerskappy wat aan Christus gegee is, is ‘n parallel van die klip wat die beeld van Daniël 2 verbrysel het. Die oordeel van Daniël 7 beskryf die herstel van die kerk van Christus en die aanvang van ‘n verhoudingsgebaseerde familieryk wat nooit sou vergaan nie. Die tyd van die waardelose, heersende tiran sou tot 'n einde kom! Prys die HEER!

Soos ons genoem het, beskryf die Bybel die Oue van Dae en die Seun van die Mens, terwyl hulle besig is met hul werk in ‘n letterlike Heiligdom in die hemel. Hierdie feit het die Adventiste laat nadink oor die verhouding tussen die Vader en die Seun. Let op wat James White, een van die stigters van die Adventistebeweging, hieroor gesê het:

> Die profeet Daniël sê: “Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ‘n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur” Daniël 7:9. “Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader

gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.” Vers 13 en 14.

***Hier is ‘n verhewe beskrywing van die optrede van twee persoonlikhede; naamlik God die Vader, en sy Seun Jesus Christus. Ontken hul persoonlikheid, en dan bly daar geen duidelike idee oor van hierdie aanhalings*** uit Daniël nie. In verband met hierdie aanhaling lees die apostel se verklaring dat die Seun in die uitdruklike beeld (afdruksel) van die persoon van sy Vader is. “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.” Hebreërs 1:1 – 3.[49]

“Die Allerheiligste met die Ark van die Tien Gebooie, is toe geopen vir ons Groot Hoërpriester om in te gaan om versoening te doen vir die reiniging van die Heiligdom. Wanneer ons die vrymoedigheid neem om te sê dat daar nie 'n letterlike Ark is nie, wat die Tien Gebooie in die hemel bevat, kan ons net een stap verder gaan en die letterlike Stad en die letterlike Seun van God ontken. Die Adventiste moet beslis nie die geestelike siening verkies bo die een wat hier voorgehou is nie. Ons sien geen middeweg wat geneem moet word nie.”[50]

Om die stellings in Daniël 7 korrek te verstaan moes die Vader en Seun as twee verskillende persone verstaan word, anders sou dit nie sin maak nie. Hulle siening van God is geïnterpreteer deur hul begrip van die hemelse Heiligdomstelsel.

Die Kerk van Rome, wat die kanaal van seën geblokkeer het deur die denke van mense omtrent die wet, die Heiligdom en die toestand van die dode te verwar, het ‘n baie vreemde siening van God ontwikkel, wat hulle die Drie-eenheid genoem het. Dit is drie persone in een samestelling, ‘n vreemde mistieke eenheid wat rede

[49] Vry vertaal na Afrikaans uit The personality of God”, bl.3 en 4
[50] Vry vertaal na Afrikaans vanuit J.S. White, The Parable, p.16

verontagsaam en net aanvaar moet word as bo ons verstand – en dit is presies wat dit is.


Hierdie siening van God wat Rome die Drie-eenheid genoem het, het dit onmoontlik gemaak om in die werk van die Heiligdom in die hemel te glo. Om die hemelse siening van die Heiligdomstelsel te herwin, sou God se mense 'n korrekte begrip van die persoonlikhede in Daniël 7 benodig, anders sou hulle dit nooit insien nie en die insameling kon nie begin nie. Daar is baie wat tot die gevolgtrekking kom dat die siening van hierdie vroeë Adventiste verkeerd was en dat dit ontwikkeling benodig het. Daar is altyd ruimte vir ontwikkeling, maar die sleutelpunt is dat, om die Heiligdomlering korrek te verstaan, die Vader-Seunverhouding korrek verstaan moes word en dat elke ontwikkeling wat plaasgevind het in ooreenstemming moes wees met die korrekte siening van die Vader-Seunverhouding.

Die ander rede waarom hulle verhouding verstaan moes word was dat dit die korrekte siening van hoofskap-en-onderdanigheidsbeginsels na vore gebring het. Adam en Eva is na die beeld van die Vader en die Seun geskape. Die beeld behels die hoofskap-en-onderdanigheidsbeginsels. Die kanaal van seën kon nie korrek vloei met ‘n verkeerde siening van die goddelike onderdanige agent nie. Die goddelike onderdanige agent, soos ons opgemerk het, is Christus; ons is dankbaar dat die bewustheid van die werk in die hemelse Heiligdom al hierdie allerbelangrike punte herstel het.

## D. ‘n Soliede platform

Die stukke van die legkaart het begin om bymekaar te kom. Die Heiligdom, die wet, die oordeel, die toestand van die dode en die wederkoms het alles ineen geskakel om ‘n platform te bou waarop geestelike Israel kon versamel. Die finale waarskuwingsboodskap om mense na hierdie platform te bring, word in Open. 14:6 – 12 gevind. Dit word oor die algemeen die Drie Engele Boodskap genoem en elke boodskap is soos ‘n trap wat jou na die soliede platform lei.

# Platform van Waarheid




Deur die Adventbeweging het God 'n platform daar gestel om Sy mense bymekaar te roep en Sy familiekoninkryksbeginsels te hervestig. Die weg was nou voorberei dat die beskermingsbeginsels van die wet volledig in die hart geskryf moes word, sodat ons in staat sou wees om Hom wat die hemel en die aarde gemaak het, te verheerlik.

Hoofstuk 23

# Die Huwelik in die Allerheiligste – Die Oordeel


## A. Die Huwelik Stel die Kanaal Volledig Oop

Soos ons opgemerk het is die Heiligdomstelsel ontwikkel deur God om Sy beskermende wet, die Tien Gebooie, in ons harte te skryf, sodat ons altyd aan Hom verbind sal bly in die kanaal van seën.

Hierdie reis begin in die voorhof en bereik sy hoogtepunt in die Allerheiligste. Dit is die plek waar die wet van God in die denke van Sy mense verseël word en dan is die kanaal van seën permanent verbind. Om die wet in ons denke te verseël moes daar 'n veskuiwing wees van sigbare na onsigbare, soos opgemerk is.

| SIGBARE | ONSIGBARE |
|---|---|
| Die Brandofferaltaar | Die Ark van die Verbond |
| 1 | 2 |

Die tydsprofesieë van Daniël 8 en 9 stel die sleutelpunte van hierdie reis voor. Die middelpunt van die Sigbare vierkant word bereik aan die einde van die 70 weke van Daniël 9. Die middelpunt van die Onsigbare vierkant word bereik aan die einde van die profesie van die 2300 dae.




Die aankoms in die Allerheiligste, soos ons opgemerk het, is die verseëling van die wet in die denke van God se mense. Aangesien hierdie wet 'n weerspieëling van Christus is, word hierdie verseëlingsproses vergelyk met 'n huwelik waar twee byeen kom en een word. Die denke of gemoed van Christus en die gemoed van Sy mense word een.

Soos ons reeds verskeie kere al gesê het, gebeur dit nie omdat God se mense goed genoeg is nie, maar hierdie eenheid beteken dat die kanaal van seën nou volledig geopen is en die gemoed van Christus ten volle na Sy mense vloei. Soos Jesus gesê het:

> **Johannes 17:21 – 22** Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. **22** En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

Hierdie eenheid kom direk vanuit volmaakte onderdanigheid aan die lewe wat van die Vader af vloei. Wanneer die kerk hom volledig aan Christus onderwerp, vloei die kanaal perfek en word Christus in Sy bruid geopenbaar:

> **Efesiërs 5:23 – 24** Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. **24** Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.

Die huwelik van Christus met die kerk word ook uitgedruk as 'n huwelik tussen Christus en die stad Jerusalem. Hierdie stad verteenwoordig die mense van God wat

aan die beginsels van die familiekoninkryk en die kanaal van seën volledig onderdanig is.

> **Openbaring 21:2 – 3** En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. **3** En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

Die huwelik word ook deur Jesus in die gelykenis van die tien maagde in Matthéüs 25 beskryf. Dié wat by die huwelik ingegaan het, is dié wat verbind bly aan die kanaal van seën, soos wat die olie, wat die Gees van Christus is, simboliseer. Om een of ander rede het die helfte van die maagde hul olie opgebruik; hulle is van die bron ontkoppel en het die Gees van Christus uit die oog verloor, wat hulle op die huwelik sou voorberei en die wet in hulle harte sou verseël.

Die wonderlike huwelik van Christus en Sy bruid verbind weer die kanaal van seën ten volle en die Gees van Christus vloei vrylik na Sy onderdanige bruid en lewer die vrug van daardie Gees.

> **Kolossense 1:27** aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle [Christus IN julle – sien KJV], die hoop van die heerlikheid.

> **Jesaja 8:16** Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge.

## B. Baie Verwerp die Huweliksuitnodiging

Almal is uitgenooi na hierdie troue, maar ongelukkig sal baie nie kom nie, óf omdat hulle die beginsels van Satan se inherente magskoninkryk aanhang, óf omdat hulle onwaardig voel as gevolg van hul fokus op hul eie onvermoë om te presteer; wat eintlik dieselfde ding is – 'n fokus op inherente krag. Jesus praat van diegene wat die troue verwerp:

> **Matthéüs 22:2 – 10** Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het **3** en sy diensknegte uitgestuur het om die genooides na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie. **4** Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooides: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte

vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof. **5** Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, een na sy eie stuk land en ‘n ander na sy handelsaak. **6** En die origes het sy diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak. **7** Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gesteek. **8** Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruilof is wel gereed, maar die genooides was dit nie werd nie. **9** Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof.
**10** En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword.

Hoe hartseer is dit dat baie die duisternis eerder as lig sal kies, hulle sal eerder aan die liefde van inherente mag wil vasklou as om hulle aan die goddelike onderdanige agent te onderwerp om gevul te word met die vredevolle en liefdevolle Gees van God.

## C. ‘n Ondersoek na Waardigheid

Die werk van Jesus in die Allerheiligste is om dié wat waarlik in Hom glo en alle vertroue in die leuen van die slang van inherente mag verloor het, te ondersoek. Hulle het nugter denke ontwikkel deur die waarhede van die wet, die Heiligdom, die Sabbat en die toestand van die dode; hulle het gekies om te glo dat Christus hulle waardig gemaak het. Deur geloof glo hulle dat die oorwinnings van Jesus op aarde vrylik aan hulle geskenk word en hulle glo dat God hulle waarlik liefhet as Sy kinders.

Die groot toets van die oordeel is dieselfde toets wat Jesus in die woestyn van versoeking deurgemaak het. Glo ons dat ons kinders van God is slegs omdat God dit in Sy Woord gesê het en glo ons dat Hy al die nodige voorsiening gemaak het; of sal ons Hom in twyfel trek en fokus op ons mislukkings, foute, swakhede en gebrek aan goeie werke? Die eenvoudige geloof dat ons kinders van God is en dat God ons na Sy beeld kan herstel, maak ons waardig; dit het niks te make met ons prestasies of wat ons doen nie, want ons het geen inherente mag om een enkele goeie daad te verrig nie.

Die geloof dat ons kinders van God is deur geloof word versinnebeeld deur ‘n spesiale bruilofskleed wat ons dra en wat God tydens die troue gegee het.

**Matthéüs 22:11 – 14** En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie ‘n bruilofskleed aan het nie. **12** En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder ‘n bruilofskleed aan? En

> hy kon geen woord sê nie. **13** Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. **14** Want baie is geroep, maar min uitverkies.

Die Bybel sê duidelik dat die koning die gaste ondersoek om te sien of hulle die bruilofskleed aan het. Hierdie ondersoek is die oordeel wat in Daniël 7 beskryf word, waar die boeke geopen word en almal ondersoek word om te sien dat hulle die bruilofskleed dra.

Terwyl God die gaste ondersoek, oordeel Hy hulle nie. Die gaste oordeel hulself in die lig van die openbaring van die karakter van God.

> **Johannes 5:22** Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,

> **Johannes 8:15** Julle oordeel volgens die vlees. Ek oordeel niemand nie.

> **Johannes 12:46-48** Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. **47** En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. **48** Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Nóg God nóg Sy Seun oordeel enigeen. In die proses van die oordeel word elkeen ten volle bewus van hul sondes soos hy bewus word van die ware skoonheid van die karakter van God. God will elkeen van hul sondes vergewe, maar elkeen sal self besluit of God hulle kan vergewe of nie.

> **Johannes 8:3-9** En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. **4** En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; **5** en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? **6** En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. **7** Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi. **8** En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. **9 En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan**, van

> die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.

Die mans wat die vrou na Jesus gebring het om geoordeel te word is in Sy teenwoordigheid deur hul eie sonde skuldig bevind. Hy het hulle aan hul sondes herinner, sodat hulle hul sondes kon bely en laat staan, maar hulle het hulself skuldig bevind en Sy teenwoordigheid verlaat, oortuig van sonde, maar sonder vergifnis.

Sonder ‘n duidelike gevoel dat jy 'n kind van God is en die waardigheid wat hieruit voortspruit, sou so ‘n ondersoek ‘n vreesaanjaende ding wees. Dié wat nog aan een of ander vorm van die konsep van inherente mag vasklou, sal nooit so ‘n oordeel wil ondergaan nie. Hulle weier om die leuen van die slang prys te gee en kies eerder om te glo dat daar nie so 'n oordeel plaasvind nie. Hulle kies eerder om te glo dat Jesus alles vir hulle gedoen het; hulle is vry om onder daardie naam weg te kruip, met al hulle vuil sondes.

> **Jesaja 4:1 – 5** En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg. **2** In dié dag sal die Spruit van die HERE wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. **3** En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem— **4** as die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging. **5** Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms ‘n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar ‘n beskutting wees.

Jesaja vertel dat die hele kerk (sewe vroue) die man (Jesus) probeer aangryp en vir Hom sê: ons sal vir onsself sorg, ons wil net hê dat u naam ons moet help om op te hou om skuldig te voel oor ons sondes. Hierdie arme mense is dié wat hulself Jode noem, maar dit nie is nie.

> **Openbaring 3:9** Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg. Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

Die gedeelte hierbo praat van die kerk van Filadelfia wat profeties leef gedurende die tyd wanneer die oordeel sou begin.

In die gedeelte in Jesaja 4 word vervolgens gesê dat God die onreinhede sal afwas en uitdelg (verbrand, volgens die KJV), sodat ons waarlik met Hom verbind kan wees.

Ons moet ondersoek word om te sien of daar nog oorblyfsels van die leuen van die slang in ons bestaan. Hierdie beginsels is so diep in die menslike hart, dat ons nooit daarvan sal weet sonder die oproep tot oordeel nie. Soos die dwase maagde kan ons by die deur kom, met die volle verwagting om ingelaat te word en dan die skokkend woorde aanhoor dat Jesus ons nooit geken het nie.

Dank God vir die oordeel wat ons voorberei op die huwelik. Laat ons saam met Dawid sing:

> **Psalm 26:1 – 6** Doen aan my reg, o HERE, want ék wandel in my opregtheid en vertrou op die HERE sonder om te wankel. **2** Toets my, HERE, en beproef my, keur my niere en my hart; **3** want u goedertierenheid is voor my oë, en ek wandel in u waarheid. **4** Ek sit nie by valse mense nie, en met slinkse mense gaan ek nie om nie. **5** Ek haat die vergadering van kwaaddoeners, en by die goddelose sit ek nie. **6** Ek was my hande in onskuld en wil gaan rondom u altaar, o HERE,

> **Psalm 26:1** [KJV] **Judge me, O LORD;** for I have walked in mine integrity…

Soos Dawid, hoef ons nie die oordeel te vrees nie; as kinders van God kan ons werklik vertroue hê. Maar die enigste manier om sekerheid te hê as kinders van God, is om die boodskap van God te glo wat sê, Jy is my geliefde kind in wie ek ‘n welbehae het. Ons moet ons harte na die Vader rig en op Hom vertrou, anders sal ons te bevrees wees om in die Allerheiligste in te gaan en om ondersoek te word. Wanneer ons die liefde van God ken, sal ons nie onsself veroordeel nie, maar God se vergifnis aanvaar.

Hoofstuk 24

# Die Eindtyd Stryd oor die Gesin – die Oorblyfsel van God se Familiekoninkryk

## A. Gesinseenheid teenoor die Nuwe Wêreld Orde

Die oordeel bereik ‘n hoogtepunt in die viering van die huweliksfees wanneer die kanaal van seën geopen is. Onder die invloed van die seën is daar geen vrees in die kinders van God omtrent die oordeel nie; inteendeel, hulle verwelkom dit.

Ons sou verwag dat Satan nie ledig sal rondsit tydens hierdie huweliksfees nie. Hy wil alles in sy vermoë doen om hierdie huweliksproses te ontwrig en sorg dat soveel mense as moontlik nie deel word van die bruid nie.

> **Openbaring 12:17** En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Satan is ‘n ywerige student van die Bybelprofesie en hy het geweet wanneer die oordeel sou begin. Hy het geweet indien hy die kanaal van seën kan afsny deur die gesinseenheid te ontwrig en deur die rolle van die man en vrou te verwar, hy mense makliker in ‘n prestasiegebaseerde waardestelsel kan intrek, sodat mense derhalwe onvoorbereid is vir die oordeelshuwelik, deur óf ‘n vrees vir die oordeel óf ‘n verwerping van die hele konsep as onchristelik.

Soos in die dae van Nimrod, erken dié wat vandag ingegrawe is in die model van inherente lewensbron, dat, om die samelewing te beheer moet enige gesagstruktuur of trou, wat in die pad staan van die regering of met die regering meeding, as ‘n bedreiging beskou word en uit die weg geruim word. Dit is welbekend vir dié wat hul navorsing doen, dat daar klein klompies welgestande mense is wat ‘n Nuwe Wêreldorde wil skep. Hulle wil van verdeelde volkstate oorskakel na 'n globale stelsel met een regering, een ekonomie en een aanbiddingstelsel.

Die Bybel praat van hierdie komende stelsel in die laaste dae soos volg:

> **Openbaring 13:15 – 17** En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. **16** En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en

> die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; **17** sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

Ons gaan nie fokus op die kwessie van die merk van die dieremag nie, maar eerder op die feit dat dit mag verkry om dood te maak of aan die lewe te hou; dit dwing 'n aanbiddingstelsel op almal af en dit kan verhoed dat mense kan koop en verkoop. Dus, in wese, beheer dit die mag van lewe en dood, geld en godsdiens oor die hele wêreld.

Die instelling van so 'n stelsel sou onmoontlik wees indien mense sterk gesinsbande en trou aan mekaar handhaaf. Dit sou ook onmoontlik wees om so 'n stelsel op mense "vir hul eie beskerming teen terrorisme" af te dwing indien hulle 'n sterk konsep van selfwaarde het deur die kanaalstelsel van die gesin en die familie.

Wat is die punt wat ons maak? Terwyl God die troue van Sy Seun met die kerk voorberei, is Satan hard aan die werk om 'n wêreldorde in te stel wat nie toelaat dat die gesinskanaalstelsel funksioneer nie.

Let op na die volgende oorsig van Henry Makow in verband met hierdie onderwerp oor die plan van die Nuwe Wêreldorde:

> Die "Plan" vra vir die vernietiging van alle "gesamentlike" magte wat weerstand kan bied. Hierdie magte, wat ons menslike identiteit ondersteun, is die gesin, ras, godsdiens en volkstaat. Dit moet uitgeskakel word deur 'n veldtog van "verdraagsaamheid," wat die verskille tussen hulle uitwis. Wanneer jy alles aanvaar, kom jy uiteindelik tot niks.
>
> Ons het dus ekumenikalisme (alles word universeel) in godsdiens, bloedvermenging in ras word aangemoedig, en streekskarakter word afgedwing op individuele volkstate. Jy vernietig die gesin deur geslagsverskille uit te wis. Hulle doel is een wêreldregering, een ras, een godsdiens en uiteindelik een geslag, die hetro-homo.
>
> Gesinne gee aan die mens hul doel, identiteit en gevoel van aanvaarding. Dit bied waardes en 'n mate van sosiale, geestelike en finansiële onafhanklikheid. Die doel van Kommunisme en die Nuwe Wêreldorde was nog altyd die vernietiging van die gesin. Dit dwing

> mense om hul gevoel van aanvaarding te verkry van die elite-beheerde media, politieke strewes of doelstellings.[51]

Makow het tereg opgemerk dat dit die gesinseenheid is wat in die pad staan van 'n een-wêreldstelsel volgens die Nimrod-styl. Indien individue hul waarde verkry deur ‘n sosiale netwerk binne die gesin, deur ‘n kanaal wat direk aan die hemel verbind is, kan jy sulke mense nie maklik beheer nie. Ek haal Makow weer aan:

> Die Huwelik is die basiese bousteen van die samelewing. Indien mans en vroue nie getrou aan mekaar is nie, is daar geen basis vir sosiale stabiliteit nie. Daar is geen fondasie vir die gesin nie. ***Breek die huwelik af en jy breek die samelewing af, wat dit blootstel aan politieke beheer***.[52]

Sien ons ‘n toename in gesinsverbrokkeling indien ons na die samelewing kyk? Ek dink dit is voor die hand liggend vir die meeste mense, maar hier is in elk geval ‘n aanhaling van Jim Conway:

> In die 1950’s was egskeiding redelik ongewoon en steeds nie sosiaal aanvaarbaar nie. Dit het gedurende die volgende twee dekades drasties verander. Teen die middel van die sestigerjare het een uit elke drie huwelike in 'n egskeiding geëindig. Teen 1980 was die koers een uit twee.[53]

Conway beskryf verskeie studies omtrent die impak van gebroke gesinne op kinders en hul vermoë om 'n redelik gelukkige en suksesvolle lewe te lei. Nog ‘n aanhaling van Conway:

> Terwyl ek hierdie studies gelees het, het ek besef wat met my gebeur het. Ek het verstaan waarom ek altyd gedink het ek moet “harder probeer”, sodat mense van my sou hou. Die stukke van die legkaart het

---

[51] Vry vertaal na Afrikaans vanuit Henry Makow PHD, *Cruel Hoax – Feminism and the New World Order* (Published by Silas Green, 2007) p.11.

[52] Ibid, p.15

[53] Vry vertaal na Afrikaans vanuit Jim Conway, *Adult Children of Legal or Emotional Divorce* (Published by Monarch Publications LTD, 1990) p.23.

> bymekaar begin kom. Uiteindelik was daar redes vir my gevoelens. Ek was nie die enigste een nie – miljoene het soos ek gevoel."[54]

## B. Die Georkestreerde Sloping van die Gesin

Hierdie ontploffing van die gesinsverbrokkeling was nie per toeval nie. Dit is goed georkestreer. Dit is nie die doel van hierdie boek om die oorsprong en aanvang van hierdie manipulasie in die geskiedenis te dokumenteer nie, maar slegs om die bestaan daarvan te erken en belangrike aspekte hier en daar uit te lig, om die gekoördineerde aanval op die gesin aan te toon wat die proses van die oordeelshuwelik sal verhinder, 'n proses wat God wil voltooi voor die wederkoms van Jesus wanneer Hy sy getroue bruid kom haal.

### i. Die Onderwysrevolusie

Gedurende die uitbreiding van Amerika in die 19$^{de}$ eeu het 'n klein groepie manne buitengewoon ryk geword, veral deur staal, spoorweë en olie. Een van hierdie manne was John D. Rockerfeller. Met onbeperkte bronne tot sy beskikking het hy met 'n uitgesoekte groep begin om te verseker dat die mag wat hy verwerf het nooit uitgedaag sou word nie. Rockerfeller is aagehaal – "Kompetisie is sonde." Rockerfeller het slegs in monopolie[55] geglo. In 1904 het Rockerfeller geskryf:

> In ons drome het ons onbeperkte hulpbronne; die mense gee hulself met volmaakte gewilligheid oor aan ons vormende hande. Die huidige onderwyskonvensies verdwyn uit hul denke, en, onaangetas deur tradisie, dwing ons ons goeie wil af op 'n dankbare en reagerende plattelandse gemeenskap.[56]

Rockerfeller en sy vriende[57] wou beheer neem van die onderwysproses en dit het hulle gedoen deur middel van 'n stelsel van stigtings en trusts[58] wat die ruggraat sou vorm van die ontwikkeling van 'n nuwe onderwysproses.[59] Let op die volgende:

---

[54] Ibid, p.37

[55] Monopolie: die uitsluitlike besit of beheer van die lewering of handel in 'n kommoditeit of diens

[56] Vry vertaal na Afrikaans vanuit Des Griffin, *Fourth Reich of the Rich* (Published by Emissary Publications, 1976) p.77

[57] Ibid 79. "John Dewey was 'n leidende figuur in die oorhoofse planne. As hoof van die onderwyserskollege aan die Universiteit van Columbia het hy toegenemende

‘n Nuwe Publieke denkpatroon moet geskep word. Hoe? Slegs deur miljoene en miljoene individue se gedagtes te omskep en in 'n nuwe sosiale denkpatroon vas te brand. Ou stereotipes moet afgebreek word en “nuwe klimaat van opinie” moet gevorm word in die woonbuurte van Amerika.” [60]

“Deur die skole van die wêreld sal ons ‘n nuwe begrip van regering versprei – een wat alle aktiwiteite van die mens sal behels, een wat die behoefte aan wetenskaplike beheer en werking van ekonomiese aktiwiteite in die belang van alle mense, sal blootlê.”[61]

“Baie nuwe handboeke het hul verskyning gemaak in die klaskamers – almal is spesifiek ontwerp om tradisionele waardes te ondermyn en die studente te breinspoel om Sosialisme te aanvaar waarin die “Big Brother”-regering elke fase van mense se lewens sou beheer.[62]

Die saad van die revolusie van die sestigerjare is gelê in die ondermyning van tradisionele gesin-gesagstrukture vanaf die 1920’s tot en met die 1950’s. Hierdie revolusie was nie 'n ongeluk nie, dit was beplan. Die sosialistiese gemeenskaplike filosofie wat tot die “flower power” beweging gegroei het, was ‘n direkte aanval op gesinswaardes en gesag. Onderwys in hierdie nuwe stelsel het nie slegs deur die universiteite gekom nie, maar ook deur nuwe musikale vorme.

---

invloed gehad op die nasionale opvoedkundige toneel. In 1919, met Rockerfellergeld, stig Dewey die Vereniging vir Progressiewe Onderwys om die filosofie van sy meesters te versprei. Met verloop van tyd het Ruggs, Counts, Kilpatrick en ander Sosialiste by Dewey aangesluit. Hulle het hulself in gesagsposisies ingewurm en het die opvoedingstelsel gebruik om hul politieke doelwitte te bereik.”

[58] Ibid 78

[59] Makow, 16. “Die ongekende agteruitgang van die gesin is veroorsaak deur die massa-sielkundige kondisionering voorgeskryf deur die kartel van die sentrale bank, deur gebruik te maak van die CIA, die Rockerfeller Foundation, die massamedia, die regering en die onderwysstelsel.”

[60] Ibid, 79.

[61] Ibid.

[62] Ibid 80.

## ii. Die Musiekrevolusie

Plato het lank gelede reeds gesê: "Laat ek die musiek skryf; dan gee ek nie om wie die wette bepaal nie." Daar is niks wat die hart so kan roer soos musiek nie. Indien die musiek van 'n nasie beïnvloed kan word, het jy direkte vermoë om die harte van die nasie te roer. In Satan se stryd teen God se familiekoninkryk het hy geweet dat, indien hy musiek kon beheer, hy die harte van mans en dames kon beheer en verder kon verhoed dat hulle die troue in die Allerheiligste van die Heiligdom wil bywoon.

Die musiek wat benodig word sou poog om veral bestaande gesag en ouerlike gesag te ondermyn. Dit is die geskiedenis van "Rock and Roll." Deur die ontwikkeling van plate, radio en ander vryhede ná die Tweede Wêreldoorlog is jongmense in al die westerse samelewings blootgestel aan die verskynsel van rock-musiek. 'n Kultuuroorlog het tussen generasies ontstaan en die lewendige aanslag van rock-musiek het die nuwe generasie van die 50's op 'n pad weg van tradisionele gesinswaardes gelei, wat op die "Woodstock" verskynsel uitgeloop het.[63]

Tieners kon met die hulp van die transistorradio na nuwe musiekvorme in hul slaapkamers luister en die beginsels van teenkultuur indrink. Die kern van die musiek was anti-gesag, anti-gesin en die vryheid van die individu om te doen soos hulle wil.

Die musiek is ook grootliks gefeminiseer[64] deur die gebruik van lang hare, hoë stemme, en 'n verhoogde emosionele uitdrukking in 'n manlike vorm. Hierdie verwarring van die geslag en die onbeperkte seksuele uitdrukkings wat daarmee gepaard gegaan het was 'n sleutelfaktor om die beginsels van die leierskap en onderdanige agent binne die tradisionele gesinstruktuur af te breek en te vernietig.

Hierdie feminiseringsproses in musiek, gekombineer met die Rockerfeller-onderwysproses, het die basis gevorm van 'n ander beplande revolusie: Die Feministiese Beweging.

---

[63] Woodstock was die waterskeidende 'Rock and Roll'-fees wat van 15 tot 18 Augustus 1969 in Bethel, New York, plaasgevind het en wat die ikoon geword het van die 1960s se teenkultuuurmusiek (*Countercultural music*).

[64] Derek B. Scott. Music, Culture and Society (Gepubliseer deur Oxford University Press, 2000) bladsy 69, "Die afname in Rock 'n Roll berus op 'n proses van feminisering."

## iii. Die Feministiese Revolusie

Hierdie revolusie word waarskynlik die beste gesimboliseer deur die liedjie van Helen Ready, "I am Woman," wat miljoene vroue regoor die wêreld tot aksie geskok het om te veg vir hul regte en om vrygestel te word van die slawerny van huiswerk. Daar moet toegegee word dat die lot van baie vroue in die tydperk voor die 1970's moeilik gemaak is deur baie mans. Sommige van die sosiale hervormings was voordelig, maar die werklike doelstellings van die feministiese revolusie is ook beplan deur die bankwese se elite om gesinne af te breek en om die populasie in slawerny aan 'n wêreldwye beherende elite te bring.

> Die Rockerfeller Foundation het die geboortebeperking en "pro choice" veldtogte befonds, asook die ontwikkeling van die "pil" en ander voorbehoedmiddels, asook die bevordering van die (homo) seksuele revolusie. Al hierdie dinge was bedoel om seks te skei van die huwelik en voortplanting, en om seks die nasionale tydverdryf te maak.
>
> Onlangs het Aaron Russo, gerespekteerde vervaardiger van Bette Middler se "The Rose" en die dokumentêr "America: From Freedom to Facism", dit bevestig.
>
> Hy het berig dat, toe Nicolas Rockerfeller hom vir die CFR probeer werf het, het hy gesê dat sy familie-stigting vrouebevryding geskep het. "Hy het my gevra wat ek van die vrouebeweging dink, en ek het hom geantwoord dat ek gelyke regte ondersteun," het Russo gesê.
>
> "Hy het na my gekyk en gesê, 'Jy weet, jy is partykeer 'n idioot. Ons – die mense met wie hy saamwerk – het die vrouebeweging geskep en ons bevorder dit. En dit gaan nie om gelyke regte nie. Dit is ontwerp om beide ouers uit die huis en in die arbeidsmag te kry, waar hulle belasting sal betaal. En dan kan ons besluit hoe die kinders grootgemaak en opgelei sal word.' Dit is hoe hulle die samelewing beheer – deur die ouers uit die huis te verwyder en dan die kinders groot te maak soos wat die elitiste dit goedvind."[65]

Die stelling spreek vanself, die agenda is duidelik; breek die gesin af, kry beide ouers in die arbeidsmag, om belasting aan die bankwese se elite te betaal, stuur die

[65] Makow, 22.

kinders na sorgsentrums en maak hulle groot met rolprente, TV en rekenaarspeletjies om hulle te programmeer met ‘n anti-gesinsdenkpatroon.

Deur bietjie rond te kyk word dit duidelik dat hierdie agenda wel reeds voltooi is. Dit lyk asof Satan in hierdie laaste dae oor die stelsel van God se familiekoninkryk geseëvier het. Gelukkig is die laaste hoofstuk nog nie geskryf nie. Die saad van die vrou sal triomfeer oor die saad van die slang en al die planne van die tiranne in die wêreld sal uiteindelik misluk.

Net voordat die Here weer kom om die uiteindelike familie-reünie te bewerkstellig, stuur God ‘n boodskap wat mense sal oproep tot gesinswaardes en die belangrikheid van die kanaalstelsel van die seën deur die rol van 'n vader. Dit is hierdie boodskap waarna ons ons volgende wend.

# Hoofstuk 25

# Die terugkoms van Elía

Na ons vinnige oorsig oor die planne van die wêreld se elite en hoe suksesvol hulle was, is dit maklik om te sien dat die wêreld nou grootliks "verslaaf" is aan hierdie konings van die aarde. Die beginsels van God se familiekoninkryk is oorweldig en dit het die mense van die wêreld totaal kwesbaar gelaat vir die oorheersing en leierskap van dié wat vir hulself mag wil inpalm op grond van die leuen van die slang van inherente mag.

Net soos wat Israel in gevangeneskap geneem is deur die Babiloniese nasie, het dieselfde beginsels die hele wêreld in 'n verhoudings- en geestelike ballingskap gelei. Geestelike Babilon beheer weereens die wêreld. Die profeet Jeremia verduidelik hoe die hele wêreld besmet is met hierdie begeerte na mag, beheer deur 'n geloof in jou eie krag. Hy noem dit die wyn van Babilon.

> **Jeremia 51:7** Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword.

Geestelike Babilon word in die boek Openbaring genoem met dieselfde simbool:

> **Openbaringe 17:1 – 2** En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, **2** met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.

God laat nie Sy kinders aan vernietiging oor nie. Soos in die verlede met letterlike Israel, toe God verlossing belowe het, belowe God vandag ook verlossing aan Sy mense. Let noukeurig op:

> **Jeremia 50:28, 33 – 34** Hoor! Vlugtelinge en mense wat vrygeraak het uit die land van Babel, om in Sion te verkondig die wraak van die HERE onse God, die wraak van sy tempel… **33** So sê die HERE van die leërskare: Die kinders van Israel en die kinders van Juda is saam verdruk; en almal wat hulle as gevangenes weggevoer het, hou hulle vas, weier om hulle te laat trek. **34** Maar hulle Verlosser is sterk, HERE

van die leërskare is sy Naam; Hy sal hulle saak sekerlik verdedig, om die aarde rus te gee en die inwoners van Babel in onrus te bring.

**Openbaring 18:1 – 6** En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.
**2** En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,
**3** omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.
**4** En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.
**5** Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.
**6** Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.

Net soos God letterlike Babilon gestraf het en Sy mense vrygestel het, so sal daar ook in die laaste dae 'n boodskap van bevryding kom deur die magtige engel (boodskapper) wat die aarde met sy heerlikheid sal verlig. Onder hierdie boodskap sal die mag van Babilon verbreek word en sal sy val.

Soos God Moses gestuur het om Israel voor te berei om die slawerny van Egipte agter te laat, gevolg deur 'n reeks plae, so beloof God in die laaste dae om Elía te stuur om God se mense voor te berei om uit die kloue van Babilon te ontglip; daarna reën 'n reeks plae neer op Babilon en God se mense sal verlos word.

## A. Bring die Hart van die Kinders Terug na hul Vaders

Hierdie boodskap van Openbaring sal die aarde se bevolking grootliks beïnvloed. Dit sal 'n roerende boodskap wees wat mense tot 'n beslissing sal bring. Daar was een man in die Ou Testament wat hierdie werk gedoen het. Dit was die profeet Elía. God sê vir ons dat die werk van die profeet Elía in die laaste dae weer nodig sal wees om die wêreld tot 'n beslissing te bring. Let mooi op:

**Maleági 4:5 – 6** Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.
**6** En hy sal die hart van die

> vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

In die laaste dae sal God ‘n boodskap in die gees van Elía stuur wat mense sal bring om weer gesinswaardes aan te hang. Hierdie boodskap sal die ware beginsels van hoofskap en onderdanigheid herontdek, spesifiek met betrekking tot die rol van die goddelike onderdanige agent – die Seun van God. Hierdie boodskap sal die wêreld tot ‘n beslissing bring of hulle die God van die Bybel en Sy beeld – die Goddelike Seun – sal aanbid en deel sal wees van Sy familiekoninkryk; of om die dier te aanbid en sy beeld en deel bly van die inherente magstelsel.

As ons die werk van die profeet Elía noukeurig bestudeer sien ons dat hy ‘n aantal dinge gedoen het:

i) Hy het gewaarsku dat daar geen reën (kanaal van seën) vir ‘n spesifieke periode sou val nie. Hierdeur is die valse gode van vrugbaarheid – die Baäls – as 'n bedrogspul ontbloot. (1 Kon. 17:1).

ii) Hy het voorsiening gemaak vir ‘n vrou en haar seun wat geen saad of kanaal van seën gehad het nie – sorg vir die wese en die weduwees. (1 Kon. 17:8 – 24).

iii) Hy het die feit ontbloot dat God se mense die gebooie – die beskerming van die lewensbron – versaak het. (1 Kon. 18:18).

iv) Hy het hulle tot 'n beslissing geroep oor watter God en aanbiddingstelsel hulle sou volg. (1 Kon. 18:21)

v) Hy het die altaar van die Here met die korrekte brandoffer herstel (1 Kon. 18:30)

vi) Hy het die mense van ‘n valse aanbiddingstelsel bevry deur die profete van Baäl te verwyder (1 Kon. 18:40).

vii) Hy het voorbidding gedoen vir reën (kanaal van seën) om terug te keer. (1 Kon. 18:42 – 46)

As ons die werk van Elía opsom, sien ons:

i) Hy het die valse aanbiddingstelsel ontbloot.

ii) Hy het gesinne wat kwesbaar gemaak is beskerm en vir hulle gesorg; hy het die kanaal van seën vir hierdie gesinne herstel deur

brood en olie te voorsien, wat ‘n simbool van die saad (Christus) en olie (die Gees) is.

iii) Hy het ‘n oproep gedoen tot ‘n terugkeer na die gebooie van God.

iv) Hy het die hart van die Heiligdomstelsel herstel deur die altaar te herstel.

v) Hy het die mense tot ‘n besluit gebring oor wie hulle sou volg.

Indien ons sorgvuldig kyk na wat Elía gedoen het sien ons die sleutelkomponente vir die herstel van God se familiekoninkryk: die gebooie, insluitend die Sabbat, die Heiligdom, sowel as die direkte praktiese rol om voorsiening te maak vir die wese en die weduwees met saad.

Hierdie boodskap word aan God se mense in die laaste dae beskryf as die Drie Engele Boodskappe. Dit is ‘n reeks boodskappe om hulle voor te berei om van slawerny bevry te word en die hemelse Kanaän binne te gaan.

## B. Die Drie Engele Boodskappe

Die Drie Engele Boodskappe is God se finale oproep aan die wêreld om hulself aan die kanaal van seën te verbind. Laat ons daardeur lees om te sien wat dit presies sê.

> **Open 14:6 – 12** En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. **7** En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.
>
> **8** En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.
>
> **9** En ‘n derde engel het hulle gevolg en met ‘n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, **10** sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. **11** En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid,

en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. **12** Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.

Die eerste boodskap is ‘n oproep aan mense om die Skepper (die bron van seën) te aanbid, om gewillig te wees om tydens die oordeel in geloof die huwelikskamer te betree saam met Jesus in die Allerheiligste (van die Heiligdom) en ander tot dieselfde wonderlike geleentheid te roep. Dit is die boodskap van die ewige evangelie wat die leuen van die slang uit ons harte verwyder en ons ten volle verbind met die kanaal van seën. Die oproep om Hom te verheerlik, is die oproep om Sy pragtige karakter te ontvang soos weerspieël word in die lewe van Jesus. Die oproep tot die uur van oordeel is ‘n beroep op ons om die waarheid van God se karakter te beoordeel, want soos ons oordeel, sal ons die oordeel van God ondervind. Soos Jesus gesê het:

**Matthéüs 7:1-2** Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.
**2** Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word;
en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word..

Die oproep om Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het te aanbid, is 'n direkte verwysing na die vierde gebod aangaande die Sabbat. Hierdie oproep om hierdie God te aanbid is ‘n oproep om te onthou dat alle lewe van God kom; dit is die kern van die verhoudingsrykstelsel. Dit beskryf presies die werk wat Elía gedoen het toe hy die mense herinner het aan God se gebooie en toe hy die altaar van die Here herstel het. Die Sabbat is die teken van God se krag om ons te heilig (sien Eségiël 20:12, 20). Op die Sabbat word die Gees van God met groter krag uitgestort en almal wat in hierdie gawe glo sal dit ontvang.

Die tweede engel se boodskap is ‘n waarskuwing teen die stelsel van Babilon wat aanvanklik deur Nimrod opgerig is en deur die meeste nasies van die aarde voortgesit is. Dit waarsku ook teen geestelike Babilon, wat die horingmag van Daniël 7 en 8 is. Hierdie mag, soos ons gesien het, was verantwoordelik vir die blokkering van die kanaalstelsel van seën en het mense laat fokus op ‘n inherente magstelsel in ooreenstemming met die leuen van die slang. Dit waarsku ook daarteen om God te probeer behaag met ons werke, om aan te toon dat ons Sy goedkeuring waardig is deur wat ons vir Hom doen. Let op hoe dit praat van die wyn van Babilon, dit is die leuen van die slang oor inherente mag wat die nasies[66] toornig gemaak het.

[66] Rasse of stamme van mense

Elía het die valse aanbiddingstelsel van Israel ontbloot deur die reën te keer en aan die lig gebring dat hierdie stelsel geen mag gehad het nie.

Die derde engel se boodskap waarsku teen die Nuwe Wêreldorde-stelsel wat deur die konings van die aarde opgestel is, wat in die laaste dae sal poog om die inherente magstelsel te handhaaf en te wettig en almal in gehoorsaamheid daaraan te bring, net soos Nebukadnésar in die tyd van Babilon. Die begin van hierdie boodskap begin met die woord "as" wat aandui dat 'n beslissing benodig word. As jy hierdie stelsel volg, het dit sekere gevolge - kies nou om God te volg.

Wanneer ons die storie van Elía bestudeer, sien ons dat die mense duidelik kon sien wie die ware God was as gevolg van die vuur wat uit die hemel op die brandoffer geval het. In hierdie finale stryd tussen twee stelsels sal Satan probeer om die mense te mislei deur wonderwerke te doen wat hulle sal laat dink dat die valse stelsel die regte een is. Let op:

> **Openbaring 13:13 – 14** Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. **14** En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

Dit sal vir baie moeilik wees om die waarhede van die valse aanbiddingstelsel te onderskei; om te onderskei tussen die aanbidding van die Skepper en Sy Beeld (Sy Seun) en die dier en sy beeld. Dit is egter nie nodig om mislei te word indien ons die Bybelbeginsels rakende die gesin noukeurig volg nie.

Ons sien dus dat die Drie Engele se Boodskappe die werk weerspieël wat Elía gedoen het toe hy die stryd gevoer het teen die inherente magsaanbiddingstelsels van sy tyd. Hierdie boodskappe:

i) Is 'n oproep tot aanbidding van die Skepper deur die herstel van die gebooie, die Heiligdom se aanbiddingstelsel en veral die Sabbat.

ii) Is 'n oproep om aan God die heerlikheid te gee, wat beteken om Sy karakter te weerspieël. Hierdie weerspieëling van karakter kom deur die herstel van die gesin se kanaalstelsel. "Vir die kinders is hulle vader 'n eer." (Spreuke 17:6)

iii) Is ‘n blootstelling van die valse aanbiddingstelsel van Babilon en sy stelsel van inherente mag en lewensbron.

iv) Vra om‘n beslissing – Hoe lank hink julle op twee gedagtes?

Wat van die gebed om herstel van die reën? Dit kom in die boodskap van die vierde engel wat kragtig spreek van die geestelike val van Babilon. Hierdie boodskap gaan met groot krag uit onder leiding van die Gees van God. Hierdie uitstorting van die Gees word deur reën gesimboliseer.

> **Jakobus 5:7** Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.

Hierdie boodskap, wat met krag gepaard gaan, spreek van die val van Babilon. Aangesien Babilon mense geestelik verslaaf aan die inherente magstelsel, sal hierdie boodskap mense bevry van hierdie waardelose, verwoestende geloofstelsel, sodat hulle met vreugde sal uitroep, “Geval, geval het Babilon en nou is ek vry.” Dit is presies wat met Maria Magdalena gebeur het toe sy die kosbare parfuum op die voete van Jesus uitgegiet het. Haar vreugde kon nie ingehou word nie en dit het die dissipels beskaam laat staan, veral vir Judas. Binnekort sal ‘n oproep van vryheid deur die wêreld lui wanneer mense terugkeer na die gesinstelsel van God en hul waarde slegs van Hom ontvang.

## C. Die Openbaring van die Vader in die Hel se Vlamme

Voordat ons aanbeweeg moet ons ‘n paar verse in die laaste deel van die Derde Engel se Boodskap bespreek. Sommige mense glo dat hierdie verse wys dat God mense vir ewig in die hel sal verbrand. Is dit waarlik ‘n weerspieëling van ‘n liefdevolle Vader? Wat beteken hierdie verse werklik? Kom ons kyk weer noukeurig na Open. 14:10 en 11.

> **Openbaring 14:10 – 11** … sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. **11** En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.

Wat is die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink word in die beker van Sy toorn? Dit is die gevolge en straf aan diegene wat God en Sy familiekoninkryk verwerp het. Ons kan ‘n leidraad vir hierdie beker vind deur na die straf te kyk wat Jesus gedra het vir dié wat kies om God na te volg. Let op wat Jesus oor Sy ervaring sê net voordat Hy gesterf het:

> **Matthéüs 20:22** Maar Jesus antwoord en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Hulle sê vir Hom: Ons kan.

> **Johannes 18:11** Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?

> **Lukas 22:41 – 42** En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as ‘n mens met ‘n klip kan gooi, en neergekniel en gebid **42** en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!

Die beker waarvan Jesus gepraat het was die ervaring van skeiding van die Vader aan die kruis. Toe Jesus met die sondes van die wêreld op Hom gesterf het, in plaas daarvan om die vreugde en liefde van Sy Vader te ervaar, voel Hy die woede van Sy Vader oor die sondes wat Hy gedra het. Hy het gevoel dat Sy Vader Hom alleen gelaat het. Toe Sy Vader se teenwoordigheid Hom verlaat het, het Hy uitgeroep:

> **Matthéüs 27:46** en omtrent die negende uur het Jesus met ‘n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Die woord “verlaat” beteken om agter te laat of om in die steek te laat. In die konteks van alles wat ons bespreek het oor die kanaal van seën en God as die bron van lewe en seën, moet dit die mees vreesaanjaende gebeurtenis ooit wees. Onthou dat die mees pynlike en martelende gebeurtenis binne ‘n verhoudingskoninkryk is die verbreking van ‘n verhouding. Jesus het nie uitgeroep, “die spykers en die géseling maak my seer” nie - Hy het uitgeroep, “Waarom het U My in die steek gelaat?” Dit is die beker van toorn, die grimmigheid of strafgerig van God, wat Jesus moes drink.

Die marteling van dié wat God verwerp is die volle besef van Wie hulle verwerp het en hoeveel pyn hulle hul hemelse Vader aangedoen het. God sal ten volle aan hulle openbaar hoeveel Hy hulle liefgehad het en hoe kosbaar hulle vir Hom was; nou

moet Hy afskeid neem. Let op hoe die Bybel liefde beskryf in die Hooglied van Salomo:

> **Hooglied 8:6** Dra my soos ‘n seëlring op u hart, soos ‘n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is ‘n gloed van vuur, ‘n vlam van die HERE.

Die liefde van God wat ten volle openbaar word aan dié wat Hom verwerp is soos die gloed van vuur wat hulle brand. Die marteling en foltering veroorsaak dat hulle ween en hul tande kners:

> **Matthéüs 8:12** Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

‘n Verdere punt wat belangrik is, is dat indien Jesus die volle prys vir sonde betaal het en dat die skuld ’n totale skeiding van God sou meebring, dan is die skuld ten volle betaal. Indien die skuld betaal word deur vir ewig in die hel te brand, sou Jesus steeds in die hel moet wees om die prys te betaal.

‘n Ander punt wat mense oor die hoof sien, is dat lewe slegs van God afkomstig is; wanneer jy geskei is van Hom, hou jy op om te bestaan. Dit is die leuen van die slang wat mense laat glo dat mens vir ewig en ewig in die hel se vlamme kan voortleef. Geen regverdige persoon kan iemand tot in alle ewigheid straf vir ‘n kort lewe van sonde nie. Dit sal onregverdig wees; so ‘n geloof maak dat God as ‘n wrede tiran aanskou word, amper soos Nimrod.

Onthou dat God se koninkryk 'n verhoudingskoninkryk is en dat die straf op die verhoudingsvlak is. Die straf is die pyn van skeiding van die mees liefdevolle Wese in die heelal en die skuldgevoel om so Iemand te verwerp.

Dit is waar dat ‘n fisiese vuur die aarde sal reinig en dié wat God verwerp het, sal tot as verbrand word, maar dit is nie die fokus van straf nie; dit is die nadraai wanneer die aarde gereinig word.

> **Maléagi 4:1** Want kyk, die dag kom, en dit brand soos ‘n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, ‘n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.

Wat van die rook van hul pyniging wat tot in alle ewigheid opgaan? Dit beteken dat die effek van die skeiding permanent is. Soos ons gesien het, is dit onmoontlik om afgeskei van God te leef, dus kan mense nie aanhou leef en ly nie. Die woord “vir

ewig" in die Bybel verwys na "solank dit duur" of "totdat dit voltooi is." Let op hoe die woorde "vir altyd" in Jona gebruik word:

> **Jona 2:5 – 6** Waters het my omring tot aan die siel toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gedraai. **6** Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit; maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God!

Terwyl hy spreek van straf teen verskeie nasies gedurende die tyd van Israel, gebruik Jesaja die bekende woorde:

> **Jesaja 34:8 - 11** Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion. **9** En sy strome sal in pik verander word en sy stof in swawel, en sy land sal brandende pik word. **10** Dit sal snags of oordag nie uitgeblus word nie; vir ewig gaan sy rook op; van geslag tot geslag lê dit woes, vir altyd en ewig trek niemand daardeur nie. **11** Maar die pelikaan en die krimpvarkie neem dit in besit, en die uil en die kraai woon daarin. En Hy sal die riglyn van woestheid daaroor span en die skietlood van vormloosheid.

Indien jy vandag deur hierdie landstreke reis, sien jy geen vuur wat brand in die genoemde dorpe en plekke nie. Die vure is nie doodgemaak nie; dit het sy vernietigingswerk voltooi en die effek is vir ewig. Wanneer ons die Bybel noukeurig lees, kan ons dankbaar wees dat God nie 'n wraakgierige tiran soos Nimrod is nie, maar 'n liefdevolle Vader. Jesus het die prys van skeiding vir ons betaal sodat ons vir ewig by ons hemelse Vader en Sy Seun kan woon. Kies vandag in watter koninkryk jy wil dien. Sal jy die ware God, die bron van lewe, navolg; of die leuen van die slang glo, en glo dat jy lewe in jouself het en die marteling van finale skeiding in die gesig staar en dan ophou bestaan?

Hoofstuk 26

# Familie-reünie – Die wederkoms (Die Klip)

Sedert Christus ná Sy kruisiging en opstanding, opgevaar het na die hemel, het Sy volgelinge verlangend uitgesien na Sy beloofde wederkoms. Die Wederkoms van Christus word meer as 300 keer in die Nuwe Testament genoem. Dit is die tyd waarna al God se volgelinge uitsien, want vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensdom sal die hele menslike familie bymekaar wees en ons sal nooit weer van mekaar geskei word nie. Paulus sê vir ons dat Christus 'n tweede keer sal verskyn om Sy kinders te kom haal.

> **Hebreërs 9:28** so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

Jesus het van Sy wederkoms gepraat en ook van die tuiste wat Hy vir ons voorberei:

> **Johannes 14:1 – 4** Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. (2) In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. (3) En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. (4) En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.

Christus het gesê, "Ek kom weer." Soms maak ons beloftes wat ons weens omstandighede nie kan nakom nie. Nogtans staan die beloftes van Jesus Christus vas – dit SAL vervul word en indien daar een ding is wat absoluut seker is, is dit die feit dat Christus eendag na die aarde sal terugkeer.

## A. Die Metode van Jesus se Wederkoms

## i. 'n Sigbare Gebeurtenis

Daar is baie mense wat in die wederkoms van Jesus glo, maar baie is in die war oor hoe dit sal plaasvind. Sommige glo dat Jesus in die geheim en in die privaat sal kom, maar let op wat Jesus sê:

> **Handelinge 1:9 – 11** En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. **10** En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, **11** wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Dit is die verhaling van die hemelvaart. Die dissipels het Hom sien opvaar; die twee manne in wit klere (waarskynlik engele) het gesê dat "dieselfde Jesus" op dieselfde manier sou terugkeer. Die dissipels het met hul eie oë gesien hoe Jesus opvaar. Dit was 'n sigbare gebeurtenis; Sy wederkoms sal nie in die geheim plaasvind nie, maar sal sigbaar wees.

> **Matthéüs 24:30** En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

Dit sal nie net sigbaar wees vir God se getroue kinders nie, maar ook vir dié wat God verwerp. Let noukeurig op wat die boek Openbaring sê:

> **Openbaring 1:7** Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

## ii. 'n Heerlike en Glansryke Gebeurtenis

Wanneer Jesus terugkeer, sal dit in groot heerlikheid en glans wees. Niemand sal dit miskyk nie.

> **Matthéüs 25:31** En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

Die Bybel praat van die aangesig van een engel wat soos die helderheid van weerlig is. Kan jy jou voorstel: die glans en helderheid van al die engele, gekombineer met die glans van die Vader en die Seun? Dit sal onmoontlik wees om dit te mis, want dit sal 'n wonderlike en skynende glans wees.

## iii. 'n Wêreldveranderende Gebeurtenis

Wanneer Jesus kom, sal die wêreld totaal verander word.

> **Openbaring 6:14 – 17** en die hemel het weggewyk soos ‘n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; **15** en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, **16** en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; **17** want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

Elke eiland en berg sal uit sy plek verskuif word. Dit is nie ‘n geheime gebeurtenis nie. Let ook op na die profesie wat aan koning Nebukadnésar gegee is:

> **Daniël 2:44 – 45** Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan—**45** net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande ‘n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

Hierdie profesie vertel ons duidelik dat, wanneer Jesus weer kom, geen aardse regering sal voortbestaan nie. Hulle sal in stukke gebreek word en die saad van die vrou sal oorwin oor die slang se leuen.

## B. God Versamel Sy Getroue Kinders

Die Bybel sê dat, terwyl Jesus nader kom aan die aarde, sal Hy uitroep en almal wat ontslaap het en in Jesus glo, sal opgewek word en sal opgeneem word om Jesus in die lug te ontmoet.

> **1 Tessalonisense 4:16 – 17** Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. **17** Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Baie is al vir honderde jare in hul grafte, maar nou word die getroues opgewek tot die ewige lewe. Sommige wat ten tyde van die wederkoms van Christus steeds leef en wat natuurlik nog nooit die dood ervaar het nie, word saam met die Here in die lug weggevoer. Hulle het nou die ewige lewe en sal nooit die dood smaak nie en sal vir ewig by die Vader en die Seun leef.

Daar is sommige wat glo dat Jesus weer na die aarde sal kom en wonderwerke sal verrig en mense sal genees, maar let op wat die Bybel sê: die regverdiges sal opgeneem word om die Here IN DIE LUG te ontmoet. Op 'n ander plek sê Jesus:

> **Matthéüs 24:30 – 31** En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. **31** En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Die engele versamel God se mense van die aarde af soos insamelaars wat kosbare graan versamel.

## C. God se Kinders Permanent aan die Lewensbron Verbind

Soos ons al verskeie kere genoem het kry die mens nie onsterflike lewe op aarde nie. Sy lewe is oomblik tot oomblik afhanklik van die gawe van die lewe wat Christus hom gee. Wanneer Jesus kom en die slang se leuen dood is en daar niks is om ons van God af weg te lei nie, sal die kanaal van lewe permanent na ons vloei, direk van die troon van God af. Ons sal vir ewig lewe.

> **1 Korinthiërs 15:51 – 54** Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, **52** in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. **53** Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. **54** En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

Wat ‘n wonderlike gedagte; om vir ewig by ons wonderlike God te leef sonder die vrees vir die dood, sonder siekte en sonder die verlies aan geliefdes. Verhoudings sal nooit verbreek word nie en almal sal volmaak liefhê en omgee vir mekaar.

Die leuen van die slang sal oorwin wees en hierna sal ons vrylik van die waters van die lewe, wat vloei van die troon van God, drink en die wet van God sal vir altyd in ons denke verseël word. Dit is interessant om daarop te let dat dit die simbool van die bron van lewe is wat in ons gedagtes verseël word om te verseker dat ons nooit weer wegdwaal en in die vrees van die sonde verval nie.

> **Openbaring 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

> **Revelation 14:1** [King James Version] And I looked, and, lo, a Lamb stood on the mount Sion, and with him an hundred forty *and* four thousand, having his Father's name written in their foreheads.

Dit is die Naam van die Vader wat in ons denke verseël word. Ons sal altyd onthou om Hom te eer en aan Hom heerlikheid te gee en onthou dat lewe vanuit Hom vloei.

Hoofstuk 27

# Om in die Laaste Dae in God se Familiekoninkryk te Leef

In die eerste hoofstuk, na die ondersoek van 'n tragiese situasie binne 'n familie, het ek hierdie opmerking gemaak:

> Watter beginsels in ons gemeenskappe veroorsaak hierdie verbreking van gesonde familieskatte en herinneringe? Wat dryf die stygende vlakke van isolasie, depressie en selfmoord aan? Ons mag dalk oppervlakkige reaksies bied, dat ons meer tyd saam moet spandeer; ek kan ‘n lys verskaf van dinge om te doen (wat u reeds weet) wat u familieskatte baie kan baat, maar dit kan wees soos om ’n mop aan te bied om die gemors mee skoon te maak, in plaas van om die plek te wys waar die kraan toegedraai kan word. Die kwessies lê baie dieper as ‘n eenvoudige lys van dinge om te doen.

Ons het ‘n baie deeglike ondersoek gedoen na die dryfkragte wat gesinne uitmekaar skeur. Met hierdie beginsels in gedagte, kan ons nou enkele voorstelle maak en wenke aanbied om ‘n gesinskat van herinneringe op te bou.

## A. Die Man-Vrouverhouding

Soos ons duidelik getoon het, hang alles af van die korrekte struktuur van die man-vrouverhouding binne ‘n struktuur van seën. Hierdie struktuur van seën word bepaal deur die man wat sy rol as die hoof, die seëner, die saadgewer van die huis besef, asook van die vrou wat haar kritiese rol erken as die onderdanige koesterende agent wat die seën aftrek. Hoe kan ons dit in die alledaagse lewe bewerkstellig?

### i. Die Man en Vader

Eien jou voorreg en verantwoordelikheid as man om jou vrou en kinders te seën. Jy het gesag uit die hemel om te bid en seën in hul lewens te spreek. Bid elke dag dat die lewens van jou vrou en kinders gevul sal wees met seën en vrede. Bid vir hul beskerming, wysheid en sukses. Jou gesindheid en selfwaarde in hierdie gebedsproses is van kardinale belang. Bid doelgerig en vasberade; hierdie is ‘n

kritieke deel van jou rol in die huis om te verseker dat God jou gesin inderdaad sal seën.

Onthou die krag van jou woorde. Jou woorde is kragtige saad wat ‘n oes sal oplewer in jou vrou en jou kinders.

> **Spr 18:21** Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

Gebruik elke geleentheid om woorde van bemoediging aan jou vrou en jou kinders te spreek. Jou gesin het nodig om hierdie woorde te hoor, hulle is afhanklik daarvan. Vermy die versoeking om jou seën te onttrek wanneer jou gesag in gedrang kom. Onthou dat jou waarde en waardigheid van God kom. Leer jou gesin die Bybelse beginsels van die kanaal van seën en die belangrikheid daarvan om in daardie kanaal te bly.

Aan die einde van elke dag, tree vir jou kinders in en vra die Here om die foute van jou kinders te vergewe. Dit is ‘n lewensbelangrike beginsel van hoofskap. Jy is verantwoordelik vir hul gedrag totdat hulle die ouderdom van aanspreeklikheid bereik het, dus moet jy namens hulle intree.

Onthou dat jou gesinskoninkryk op die gesindheid van onderdanigheid wat jou vrou teenoor jou het, berus. Maak haar lewe aangenaam en vreugdevol. Doen moeite om haar werk in die huis te waardeer en haar in alle opsigte te ondersteun. Bid vir jou vrou en bid vir wysheid om haar die nodige leiding te gee. Onthou dat sy vertrou dat jou leiding van God kom en dat sy geseënd sal wees onder jou hoofskap. Bid voordat jy haar vra om dinge te doen. Maak seker dat wat jy haar vra om te doen, is wat God sal wil hê.

Moenie jou stem verhef wanneer jy kwaad word of jou gesin in woede verskreeu nie. ‘n Luide stem dui op jou verlies aan identiteit. Woorde wat deur ‘n eggenoot en vader in woede gespreek word, is uiters nadelig vir die emosionele welstand van jou gesin. Jou woorde is saad; 'n woord wat in woede gesaai word, sal ‘n stormwind in jou kinders maai. Satan sal jou gereeld versoek om in woede op te tree en sodoende jou vrou en kinders te vervloek. Indien jy voortdurend die behoefte ervaar om dit te doen, moet jy eerlik jouself ondersoek of jy jou waarde in jou hemelse Vader vind en jouself beskou as die leier van jou huis.

Jy is moontlik in ‘n situasie waar jou vrou probeer om jou te domineer en te beheer. Aanvaar jou rol as leier en bid seën in die lewe van jou vrou eerder as om op dieselfde manier te reageer. ‘n Vrou wat beheer en domineer voel eintlik maar onseker. Sy het seën en waardering nodig wat sal help om die wonde te genees wat

sy opgedoen het van haar vader en deur jou swak hoofskap van die verlede. Dit sal baie geduld en gebed verg, maar die beloning is die moeite werd.

Onthou dat dit jou verantwoordelikheid is om jou gesin te leer omtrent die kanaal van seën se beginsels. Bring jou gesin gereeld bymekaar om hulle die Bybelse beginsels te leer. Leer hulle dat God die bron is van alle lewe en leer hulle hoe ons met die bron verbind word. Leer hulle omtrent die leuen van die slang en die gevare om onafhanklik op te tree.

Onderhou die Sabbat as ‘n spesiale gesinsdag om God te aanbid en julle te herinner aan al die wonderlike dinge wat Hy vir jou en jou gesin gedoen het. Die Sabbat bring ons die rus van Christus, soos Hy in Sy Vader rus. Met hierdie spesiale gawe van die Heilige Gees word ons daaraan herinner dat alle lewe van God kom en dat ons slegs lewe vind in ‘n verhouding met Hom.

Leer jou gesin omtrent die reis deur die Heiligdom, vanaf die Voorhof tot in die Allerheiligste en hoe God beloof het om Sy beskermende Wet van die Tien Gebooie in ons harte te skryf, sodat ons permanent aan Hom verbind kan wees.

Vermy dit om flieks, musiek en opvoedkundige programme wat deur die Nuwe Wêreldorde geïnspireer is, wat die kanaal van seën sal ondermyn, in jou huis in te bring. Wees waaksaam om TV-programme wat die rol van die vader ondermyn toe te laat.[67] Hou hierdie vers in gedagte omtrent materiaal wat jou huis inkom:

> **Filippense 4:7 – 8** En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. **8** Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.

Is die dinge waarna gekyk en gelees word waar en eerbaar? Die meeste fiksie kwalifiseer nie as waar nie. Is dit eerbaar, regverdig en rein? Hoeveel programme is vol vuil taal, immorele gedrag en geweld? Dit is belangrik om te onthou dat, selfs indien jy jou kinders belet om daarna te kyk, maar self daarna kyk, sal die gees wat hierdie films omsluit, wel deur jou na jou kinders filtreer.

In die kinders se vroeëre jare is dit maklik om hierdie dinge te beheer, maar namate jou kinders groter word, werk saam met hulle om die gevare raak te sien,

---

[67] Die populêre TV program “The Simpsons” is ‘n duidelike voorbeeld hiervan. Jy sal vind dat meeste programme op een of ander manier die ware gesinswaardes sal ondermyn.

eerder as om te verhoed dat hulle toegang tot hierdie dinge het. Soos kinders groter word, moet hulle hul eie besluite neem; jy kan nie al hul besluite vir hulle neem nie.

Onthou dat jy as hoof van die huis, wanneer jy aan wêreldse aktiwiteite deelneem, die deur oopmaak vir jou hele gesin om deur ‘n wêreldse gees beïnvloed te word. Onthou dat, indien jy na materiaal kyk wat ‘n gees van rebellie bevat, jy ‘n gees van rebellie in jou kinders kan saai. Indien hulle dan teen jou rebelleer is dit eerder jou skuld as hulle s’n. Onderskei deeglik die belangrikheid van jou rol as die beskermer van die gesin teen invloede van buite.

Bo alles, bly naby aan jou Voorbeeld en Meester – Jesus Christus. Indien jy met gebed en studie aan Hom verbind bly, sal jy gevul wees met die nodige wysheid, genade en vrede om jou gesin te lei. Indien jou werk nie toelaat om genoeg tyd aan gebed en studie af te staan nie, soek ‘n ander werk. Dit is baie beter om ‘n werk te verloor as om jou gesin te verloor. Jou gesin is alles vir jou.

## ii. Die Vrou en Moeder

Soos ons reeds verskeie kere opgemerk het, berus die sleutel tot sukses vir die gesinskoninkryk op die deurslaggewende rol van die vrou en moeder. Die onderdanige gees wat sy in die huis bring, vestig beide die seënende gesag van haar man en bied ‘n kragtige invoed op haar kinders met die beginsel van onderdanigheid. Aangesien God die bron van alle lewe is, is regmatige onderdanigheid die sleutel tot die lewe in die gesin.

Die rol van die vrou en moeder is om liggaamlik en geestelik die saad van haar man te koester. ‘n Wyse vrou sal haar seën van haar man op haarself en haar kinders aftrek.

Die beste manier waarop ‘n vrou ‘n seën vir haarself en haar kinders kan verseker, is om vir haar man te bid, sodat hy met wysheid en onderskeidingsvermoë kan lei. Bid dat hy weldeurdagte besluite sal neem wat die hele gesin sal bevoordeel.

‘n Wyse vrou sal nie die besluite van haar man betwis nie en ook nie die verantwoordelikheid aanneem om die finale seggenskap te hê nie. Sy sal nie probeer om haar man met trane of vleiende woorde of met huweliksgunsies te manipuleer nie. Sulke misleiding en manipulasie sal ‘n oes lewer in jul kinders en hulle leer om met slinksheid hul eie wil te af te dwing.

Soms wys die Here vir jou dinge wat Hy nie dadelik aan jou man wys nie, net soos die Here Rebekka toegelaat het om te onderskei dat Jakob ‘n dieper geestelike seun as Esau was. Dit is ‘n toets om te sien of jy vir jou man sal bid en aan hom onderdanig sal bly of dat jy op jou “superieure kennis” sal staatmaak om verandering

te bring, soos wat Rebekka gedoen het deur te veroorsaak dat Jakob sy vader mislei. Die gevolg was dat sy haar geliefde seun nooit weer gesien het nie.

Deur aan jou man onderdanig te wees, is jy aan die Here om Sy ontwil onderdanig. Indien jou man nie 'n gelowige is nie, gebruik dan elke geleentheid om sy leierskap te vestig deur onderdanig te wees. Soos die Bybel dit stel:

> **1 Petrus 3:1 – 6** Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word **2** as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het. **3** Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, **4** maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God. **5** Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, **6** soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Onthou, onderdanigheid is nie 'n passiewe proses om slegs te doen wat jou man sê nie. Dit is 'n aktiewe proses om te bid vir die wysheid van jou man en om op hom 'n beroep te doen oor kwessies wat vir jou belangrik is. Soek sy raad en leiding in lewenskwessies en vertrou dat die Here hom wysheid sal gee om jou te lei. Indien jou man jou spesifiek vra om die gebooie van God te oortree, benader hom op 'n mooi manier. Vertel hom dat hierdie gebooie vir jou baie belangrik is en deur jou te vra om dit te oortree, vra hy jou om iets te doen wat teen jou gewete indruis; vra hom of dit regtig is wat hy wil hê. Indien hy nie toegee nie, moet jy saggies en ferm sê dat jy dit nie kan doen nie en bid dat hy sy versoek nie sal afdwing nie. Moenie hom uitdaag nie en moenie op hom skree of probeer om hom te manipuleer om van plan te verander nie. Vertrou dat God nie sal toelaat dat jy versoek word bo wat jy kan hanteer nie.

Moet onder geen omstandighede sleg van jou man praat teenoor ander nie. Moenie hom kritiseer of verkleineer nie, want dit is die beste manier om jou eie ondergang te bewerkstellig. Wanneer daar probleme is, doen 'n beroep op jou man en dan ook 'n beroep op die leiers van jou kerk of familiegemeenskap om jou by te staan – nie met die doel om geregverdig te kan word nie, maar om vrede te bewaar.

Indien jou man nie sy priesterlike plig aanvaar om die gesin in geestelike aangeleenthede te onderrig en te lei nie, moet jy hierdie rol nie outomaties oorneem

nie. Vra jou man se toestemming om hierdie rol te vervul indien hy voel dat hy dit nie kan doen nie. Bid aanhoudend dat hy die rol so gou moontlik sal hervat of opneem.

Jy is die koningin van jou huis en jy kan baie doen om die huis ‘n pragtige plek te maak. Deur die koesterende gawes van gasvryheid kan jy jou huis ‘n plek maak waar jou man, jou kinders en jul vriende graag wil wees. Wees ook vrolik in jou werk en onthou dat die netheid van jou huis, hoewel dit belangrik is, nie belangriker is as noue gesinsbande nie. Die huis is gemaak vir die mens, nie die mens vir die huis nie.

Soek die wysheid van die Here en soek wysheid deur jou man om jou kinders op te voed, veral in hul vroeë lewensjare. Dit is jou voorreg om die toon aan te gee en om die grondslag van hulle karakters te lê. Benadruk aan hulle die belangrikheid van die gebooie, die kanaal van seën en die nodigheid om hul vader te respekteer en te eer. Soos die Bybel dit stel:

> **Titus 2:3 – 5** Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, **4** sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, **5** ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.

Daar is ‘n spesiale werk wat moeders met hul dogters en geestelike vroue met jong vroue in die kerk moet doen. Dit is om die beginsels van die familiekoninkryk van Bybelse onderdangheid te bewaar. Die familiekoninkryk is afhanklik van hierdie lering en jy is in die beste posisie om hierdie koninkryk aktief te hou. Dit is waarom die Vader Sy Seun gestuur het as die hoofagent om die familiekoninkryk te red, omdat niemand die beginsels van onderdanigheid beter as die Seun van God ken nie.

In hierdie moderne tyd, terwyl die wêreld poog om jong vroue op te lei om onafhanklik te wees en glad nie onderdanig te wees nie, het jy ‘n heilige plig om jong vroue op te wek om Satan se planne vir die Nuwe Wêreldorde te dwarsboom. Baie hang af van hierdie belangrike werk om jong vroue op te lei. Net soos die heelal heeltemal afhang van die onderdanigheid van Jesus aan die Vader, is ons gesinne afhanklik van die ontwikkeling van jong wyse vroue wat die krag van onderdanigheid binne die familiekoninkryk verstaan.

Bo alles, hou die oog op jou Verlosser en bestudeer sy voorbeeld van onderdanigheid. In baie opsigte is jy na Sy beeld geskape en het jy die vreugde om sy karakter op ‘n kragtige wyse aan die wêreld te openbaar.

## B. Spesiale Tye en Gebeurtenisse van Seën

Die grootste vreugde en verantwoordelikheid van ouers is om gelukkige, wyse en produktiewe kinders groot te maak. Die sukses van die gesinskoninkryk is afhanklik van die geseënde saad wat deur die vader in die harte van jul kinders geplant word en wat deur die moeder gekoester word. Hierdie werk kan dag na dag gedoen word, maar daar is 'n aantal spesiale tye wanneer ‘n formele inseënplegtigheid uitgevoer kan word om die geseënde saad in die harte van jul kinders te verseël.

### i. Bevrugting en Swangerskap

Selfs voor die geboorte van die kind is die kanaal van seën steeds baie aktief. Jou gesindheid teenoor jou ongebore kind is steeds besig om die grondslag te lê van die emosionele stabiliteit van daardie kind. Beide man en vrou moet saam tot die Here bid met dankbaarheid vir die ongebore kind, selfs al was die kind onbeplan van hulle kant af, was dit nie onbeplan van God se kant nie. Die eerste seën is die gesindheid van begeerte vir die kind en vreugde vir die kind. Dit sal goed wees om ‘n spesiale geleentheid hiervan te maak, met 'n video of foto’s, om aan die kinders te wys wanneer hulle ouer is, sodat hulle jul opgewondenheid omtrent hul bevrugting en ontwikkeling in die baarmoeder kan waarneem.

### ii. Geboorte

Die geboorte van ‘n kind is ‘n baie vreugdevolle gebeurtenis. Moenie in die versoeking kom om ‘n seun of ‘n meisie te begeer nie. Aanvaar die geslag van die kind as ‘n gawe van God. Enige aanduiding van teleurstelling sal onmiddellik, deur die kanaal, in die emosionele geheue invloei en hulle vervloek.

Reël ‘n spesiale inseëning seremonie so gou moontlik om 'n gelofte voor God af te lê om hierdie kind groot te maak volgens die beginsels van God se gesinskoninkryk. Julle kan reël om dit in die kerk, ‘n gemeenskapsgroep, of eenvoudig saam met jul uitgebreide familie te doen.

### iii. Kleuters en Vroeë Jare

Voorsien baie liefde en toegeneentheid aan julle kind en bied ‘n tuiste wat, so ver moontlik, vry is van konflik en onenigheid. Gedurende hierdie jare sal jul kleuter julle besluit om jul opdragte uit te voer, toets. Moenie op jul kinders skreeu of dreig nie, sulke gedrag spruit uit gebrek aan die wete wie jy is. Wys kalm en ferm op jul

kinders se pligte en maak seker dat hulle dit wel doen. Soms sal dit meer tyd verg as wat jy bereid is om te gee, maar dit is van uiterste belang. Onthou dat wanneer jul kind traag is om te gehoorsaam, of weier om gehoorsaam te wees, dat Satan aan die werk is om hulle aan hul eie wil verslaaf te maak. Eerder as om met hulle te raas, bid gedurig dat God hul wil sal bevry, sodat hulle jul opdragte kan gehoorsaam. In sommige gevalle sal Satan probeer om vrees in die hart van jul kind te gebruik om ongehoorsaamheid te bring – dit is dikwels die geval met die eet van sekere kosse. In sommige gevalle is dit nie die kind wat ongehoorsaam wil wees nie, maar ‘n vrees deur Satan daar geplaas, wat hulle aangryp en dit baie moeilik maak om hul ouer te gehoorsaam. Lei hulle met geduld in gebed deur sulke vrese en moedig hulle aan om op God te vertrou.

Gedurende hierdie jare is die oggend- en aandgodsdiens 'n uitstekende tyd om te seën. Ek stel voor dat, op die vooraand van elke Sabbat, wanneer julle godsdiens in die huis hou, dat elke kind na die vader gebring word en dat die hande gelê word op die kinders om hulle te seën. Vertel vir hulle dat hulle spesiaal is en dat jy lief is vir hulle en dat God hulle liefhet. Hierdie gebeure sal help om die saad van seën by jul kinders te verseël.

## iv. Tienerjare

Die begin van adolosensie of tienerjare is ‘n uiters belangrike tyd. Dit dui op die oorgang van kinderjare na volwassenheid. Dit is gedurende hierdie tyd dat 'n kind fisies in ‘n man of vrou sal begin verander. Dit is ook rondom hierdie tyd dat ‘n kind spesiale bekragtiging en bevestiging nodig het rakende hulle identiteit, hul doel en hul bestemming. Dit is gedurende hierdie jare dat die rol van die vader uiters belangrik word. Onthou die Bybelvers wat sê:

> **Spreuke 17:6** Kindskinders is ‘n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader ‘n eer.

Wanneer die kind die tienerjare betree, stel ek voor dat ‘n spesiale seremonie vir die kind, in die teenwoordigheid van familie en vriende, gereël word, iets soos ‘n aanneming of ‘n Bar Mitzvah seremonie. Die belangrikste deel van die seremonie is die verklarings van liefde en waardering deur die vader voor die hele vergadering. Dit sal die saad van God se gesinskoninkryk ferm plant en help om hulle te bewaar teen vele gevare wat tieners in die gesig staar wanneer hulle hulself as volwassenes wil vestig.

## v. Volwassenheid

‘n Kind bereik volwassenheid tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar, maar dit wissel volgens elke kind. Baie kulture erken die behoefte om iets soos ‘n 21ste verjaarsdag te vier. Die vader kan weereens ‘n sleutelrol speel in so 'n viering en sy seun of dogter na volwassenheid oordra as 'n man of vrou. Indien ons vader aan ons sê dat ons nou ‘n man of vrou is, beteken dit geweldig baie en is dit verstandig om in hierdie tyd so ‘n viering te hou.

## vi. Huwelik

Die voortsetting van die familiekoninkryk is totaal afhanklik van die keuse van die regte huweliksmaat vir jul kind. Indien jy met ywer jou kind geseën het en hulle die beginsels van hoofskap en onderdanigheid geleer het, sal hulle waarskynlik 'n maat kies wat ook hierdie waardes het. Bid ernstig vir jul kinders dat hulle ‘n wyse keuse sal maak en bid dat hulle jul raad sal vra oor ‘n huweliksmaat. Vermy dit om jul opinie oor ‘n huweliksmaat af te dwing. Wanneer hulle hul keuse maak, wees versigtig om nie hul potensiële lewensmaat hewig te kritiseer nie.

Wanneer jul kind ‘n huweliksbesluit neem en indien, na beraadslaging en gebed, hulle besluit om voort te gaan, ondersteun jul kind se besluit. Moenie hulle besluit ondermyn nie, want dit kan die huwelik van die begin af vernietig.

Probeer om ‘n nou verhouding aan te knoop met jul skoonseun of -dogter en verwelkom hulle in julle gesinskring en hou jul deur oop vir hulle. Die huweliksdag behoort ‘n uiters vreugdevolle gebeurtenis te wees. Dit verg baie gebed en moeite om dit so te maak. Seën jul kinders wanneer hulle trou, want sonder jul seën sal hulle huwelik ‘n gesukkel wees. Deur jou teen die voorgenome huwelik uit te spreek, sal net rebellie uitlok indien hulle reeds hul besluit geneem het en dit sal julle daarvan weerhou om ‘n nou verhouding met hulle te hê. Doen alles om die kanale van seën oop te hou, want jul kinders het steeds jul seën nodig wanneer hulle hul eie kinders het.

## vii. Kleinkinders

‘n Grootouer het ‘n rol om te seën. Onthou dat die kroon van grysaards die kleinkinders is. Indien jul naby jul seun of dogter is, sal hulle jou hopelik raadpleeg oor die hantering van hulle kinders in sekere situasies. Omdat ons kinders soos ons is, het grootouers spesiale insig in die karaktereienskappe van ‘n kleinkind. Vermy dit om raad te gee oor die grootmaak van kinders indien dit nie gevra word nie. Seën jul

kleinkinders by elke moontlike geleentheid en bemoedig hulle in geestelike sake. Kleinkinders kan so 'n groot seën vir grootouers wees; om tyd te spandeer met kleinkinders wat lief is vir julle, kan julle grootliks seën.

## C. Lewe in 'n Landelike Omgewing

Jy sal onthou dat ons verskeie vergelykings getref het tussen die filosofie van Abraham en Nimrod. Hier is die tabel weer.

| Abraham | Nimrod |
|---|---|
|  |  |
| 1. Gesinstruktuur (Gen 18:19) | 1. Individuele Diktator/Tiran (Gen 10:10) |
| 2. Nomadiese landelike bewoners (Heb 11:8-10) | 2. Bouers van stede en verdedigers (Gen 11:4) |
| 3. Identiteit deur ouerlike seën (Gen 12:2) | 3. Identiteit deur Mag (Gen 11:4) |
| 4. Onderhou die Sabbat en Gebooie (Gen 26:5) | 4. Volg persoonlike begeertes (Rom 1:21-32) |
| 5. Geloof in dood en opstanding (Heb 11:17-19) | 5. Geloof in die onsterflikheid van die siel (Gen 3:4) |
| 6. Verlosser as Nederige Hersteller van Lewe – Geopenbaar in die Lam wat geslag is (Joh 11:25) | 6. Verlosser is 'n hoogmoedige Bevryder en Oorheerser wat bemagtig word deur Son- en Natuuraanbidding |
| 7. Fokus van aanbidding op die onsigbare. | 7. Fokus van aanbidding op die sigbare |

Een van die punte wat ons genoem het, was dat 'n gesinskoninkryk die beste funksioneer in 'n landelike omgewing, omring deur die dinge van God. Stede is eers

deur Kain gebou en daarna het Nimrod hierdie beginsels uitgebrei. Stede is gewoonlik gevul met misdaad, geweld en 'n selfsugtige, plesiersoekende menigte. Die stad is nie die plek om kinders in die gesinskoninkryk groot te maak nie. Die Bybel sê vir ons, “Wees stil en weet dat Ek God is.” Dit is moeilik om stil te word in ‘n bedrywige stad.

As jy omring word deur bome en heuwels, berge en riviere, word jy gedurig herinner aan God se kanaalstelsel van seën. Eerder as om afhanklik te wees van die mens vir jou water, is jy afhanklik van die reën uit die hemel. Jou kinders sal nader aan die natuur lewe en ‘n waardering kry vir die dinge van die natuur. Indien jy nie in 'n landelike omgewing woon nie, moedig ek jou aan om te bid daaroor om uit te trek wanneer ‘n goeie geleentheid opduik. Jy behoort jouself nie heeltemal te isoleer van mense nie. Dit is verkieslik om naby ‘n klein dorpie te woon. Mag jy, terwyl jy bid en moeite maak om jou gesinskoninkryk te bou, wysheid van God verkry in hierdie kwessies.

## D. ‘n Familieskat aan Herinneringe

Terwyl jy biddend daarna streef om die beginsels wat in hierdie boek uiteengesit is, toe te pas, is ek hoopvol en vol vertroue dat jy ‘n groot skat van herinneringe vir jou en jou kinders sal opbou. Een ding wat ek as vader op die hart dra om te doen, is om op kamera en video die spesiale gesinsgeleenthede in ons lewens vas te vang. Dit word dan uitgehaal gedurende betekenisvolle tye soos die vakansietye aan die einde van die jaar.

Ek plaas gereeld foto’s in ‘n skyfievertoning op my rekenaar as ‘n ‘screen saver’ en ek sien gereeld my vrou en kinders wat staan en daarna kyk. Dit is goed om herinner te word aan die gelukkige tye wat ons deur die jare saam deurgebring het. Hierdie herinneringe sal by jul kinders bly en sal hulle beskerm teen die verskriklike tragedie wat met die jongman van hoofstuk een gebeur het. Dit sal hulle ook beskerm teen die nodigheid vir baie van die euwels en opstand waarmee die jeug van vandag betrokke raak, wanneer hulle die vervloekings, wat in hul lewens gekom het deur die slang se leuen van inherente mag, moet hanteer.

Ek bid graag vir jou gesin dat dit geseënd en vreugdevol sal wees en veerkragtig sal reageer teen die aanslae van Satan deur die wêreldwye elite. Ek moedig jou aan om jou deel te doen aan die onderhouding van die gebooie van God en die geloof van Jesus. Ek sien ook uit na die tyd wanneer ons almal as kinders van God om Sy troon sal staan en Hom aanbid, Wie die bron van alle seën is.

# Bylae A. William Miller se Reëls van Interpretasie

## (met volle Bybelgedeeltes ingesluit)

Vanuit *Memoirs of William Miller* deur Sylvester Bliss 1853, bladsye 70 – 72.

Sien ook: *Review and Herald*, 16 Maart 1868.

"*Sodat ons kan voortbeweeg op 'n intellegente wyse… gee ek 'n uittreksel of twee vanuit Miller se reëls vir interpretasie, wat in sy geheel ook gebruik word deur elke oordeelkundige interpreteerder van die woord van God.*"
James White – RH 16 Sep 1851.

By die bestudering van die Bybel het ek gevind dat die volgende reëls vir my baie nuttig is en ek gee dit nou aan die publiek deur op spesiale versoek. Elke reël moet goed bestudeer word, in samehang met die Skrifverwysings, indien die Bybelstudent enigsins daarby wil baat vind.

**REËL I.**

**Elke woord moet sy regmatige strekking/verband hê op die onderwerp wat in die Bybel bestudeer word.**

**BEWYS**: Matthéüs 5:18

**REËL 2.**

**Die hele Skrif is nodig, en moet verstaan word deur 'n deeglike toepassing en studie.**

**BEWYS**: 2 Timótheüs 3:15 – 17

**REËL 3.**

**Niks wat in die Skrif geopenbaar word kan of sal versteek word van dié wat in geloof vra, en nie terugdeins nie.**

**BEWYSE**: Deut. 29:29; Matt. 10:26-27; 1 Kor. 2:10; Fil. 3:15; Jes. 14:11; Matt. 21:22; Joh. 14:13; Jak. 1:5 – 6; 1 Joh. 5:13 – 15.

**REËL 4.**

**Om leerstellings te verstaan, bring eers alle Skrif bymekaar oor die onderwerp wat jy ondersoek; laat dan elke woord sy regte invloed uitoefen; en indien jy jou teorie kan formuleer sonder enige teensprake, kan jy nie verkeerd wees nie.**

**BEWYSE**: Jes. 28:7 – 29; Jes. 25:8; Spr. 19:27; Luk. 24:27,44-45; Rom. 16:26; Jak. 5:19; 2 Pet. 1:19,20

**REËL 5.**

**Die Skrif moet homself uitlê, aangesien dit sy eie reëls vasstel. Wanneer ek op 'n onderwyser staatmaak om aan my uitlegging te gee en hy moet raai omtrent die betekenis, of hy wil dit graag uitlê volgens sy eie sektariese geloofsoortuiging, of om agting te verkry, dan word sy raaiskoot, sy begeerte, sy geloofsoortuiging of wysheid, my reël, en nie die Bybel nie.**

**BEWYSE**: Ps. 19:7-11; Ps. 119:97-105; Matt. 23:8-10; 1 Kor. 2:12-16; Eség. 34:18-19; Luk. 11:52; Mal. 2:7-8

**REËL 6.**

**God het die toekoms geopenbaar deur visioene, in figuurlike taal en gelykenisse en op hierdie manier word dieselfde dinge gereeld weer en weer geopenbaar, deur verskillende visioene, of in verskillende figuurlike taal en gelykenisse. Indien jy hulle wil verstaan moet jy hulle almal in een saamvat.**

**BEWYSE**: Ps. 89:19; Hos. 12:10; Hab. 2:2; Hand. 2:17; 1 Kor. 10:6; Heb. 9:9; Ps. 78:2; Matt. 13:13; Gen. 41:1-32; Daniel hoofstukke 2, 7 & 8 (Beeld, onrein diere, rein diere); Hand. 10:9-16

**REËL 7.**

**Visioene word altyd as sodanig genoem.**

**BEWYS**: 2 Kor. 12:1

**REËL 8.**

**Figuurlike taal het altyd 'n figuurlike betekenis en word baie gebruik in profesie om toekomstige dinge – tye en gebeure – te verteenwoordig ; soos berge wat regerings voorstel; diere wat koninkryke voorstel; waters wat mense en volke voorstel; lamp wat die Woord van God voorstel; een dag wat een jaar voorstel.**

**BEWYSE**: Dan. 2:35; Dan. 7:8,15; Ps. 119:105; Open. 17:1,15; Eség. 4:6

**REËL 9.**

**Gelykenisse word gebruik as vergelykings om onderwerpe te illustreer en moet op dieselfde manier as figuurlike taal verduidelik word, deur die onderwerp en die Bybel.**

**BEWYS**: Mark 14:13

**REËL 10.**

**Figuurlike taal het soms twee of meer betekenisse, aangesien dag in 'n figuurlike sin gebruik word om drie verskillende periodes voor te stel.**

**BEWYSE**:

1. Onbepaalde tyd. Prediker 7:14
2. Bepaalde tyd, ′n dag vir 'n jaar. Eség 4:6
3. ′n Dag vir 'n duisend jaar. 2 Petrus 3:8

Die regte konstruksie sal in harmonie met die Bybel wees en goeie sin maak; ander konstruksies sal nie.

**REËL 11.**

**Hoe om te weet wanneer 'n woord figuurlik gebruik word: Indien 'n woord 'n goeie betekenis het soos dit lees, en indien dit geen afbreek aan die eenvoudige natuurwette nie, moet dit letterlik verstaan word. Indien nie, moet dit figuurlik geïnterpreteer word.**

**BEWYSE:** Openb. 12:1-2; Openb. 17:3-7

**REËL 12.**

**Om die betekenis van 'n figuurlike woord te verstaan, ondersoek die woord deur jou Bybel en wanneer jy vind dat dit verduidelik word, verander die figuurlike woord na die verduideliking en indien dit goeie sin maak, hoef jy nie verder te soek nie; indien nie, soek weer.**

**REËL 13.**

**Om te weet of ons die ware geskiedkunige gebeurtenis vir die vervulling van 'n profesie het: Indien jy vind dat elke woord van die profesie (nadat die figuurlike taal verstaan is) letterlik vervul is, kan jy weet dat jou geskiedenis die ware gebeurtenis is; maar indien een woord die vervulling nie maak nie, dan moet jy na 'n ander gebeurtenis soek of wag op toekomstige ontwikkeling, want God maak seker dat die geskiedenis en profesie ooreenkom, sodat die ware gelowige kind van God nooit beskaamd sal wees nie.**

**BEWYSE:** Ps. 22:5; Jes. 45:17-19; 1 Pet. 2:6; Openb. 17:17; Hand. 3:18

**REËL 14.**

**Die belangrikste reël van almal is dat jy geloof moet hê. Dit moet 'n geloof wees wat 'n opoffering vra en indien getoets, sal dit die mees kosbare dinge op aarde, die wêreld en sy begeerlikhede, opgee - karakter, leefstyl, beroep, vriende, tuiste, gemak en wêreldse eer. Wanneer enige hiervan ons belemmer om enige deel van die Woord van God te glo, is ons geloof tevergeefs. Ons kan ook nie geloof hê indien een van hierdie motiewe in ons harte skuil nie. God kan nie Sy Woord skend nie. Ons kan met vertroue weet dat God, wat na die mossies omsien en die hare van ons hoof tel, die vertaling van Sy eie Woord sal bewaak en dit ommuur en verhoed dat dié wat opreg in God glo en wat op Sy Woord vertrou, aan dwaling weg van die Waarheid onderwerp sal word, al verstaan hulle nie Hebreeus of Grieks nie.**

**Dit is 'n paar van die belangrikste reëls wat ek vind die woord van God my magtig om aan te neem en te volg, ten einde stelsel en reëlmaat te kan volg. Indien ek nie totaal mislei is nie, vind ek die Bybel, in sy geheel, een van die eenvoudigste, gewone en verstaanbaarste boeke wat ooit geskryf is, met bewyse op sigself van sy**

**goddelike oorsprong en vol van alle kennis wat ons harte wil weet of geniet. Ek het gevind dat dit 'n skat is wat die wêreld nie kan koop nie. Dit verskaf 'n rustige vrede in geloof en 'n vaste hoop in die toekoms. Dit ondersteun die gemoed in teenspoed en leer ons om nederig te wees in voorspoed. Dit berei ons voor om ander lief te hê en goed te doen en om die waarde van die siel te besef. Dit gee ons moed en maak ons dapper om te staan vir die waarheid en gee ons krag om foute teen te staan. Dit gee ons 'n kragtige wapen om ontrouheid af te breek en maak die enigste teenmiddel teen sonde bekend. Dit leer ons hoe die dood oorwin sal word en hoe die bande van die graf verbreek moet word. Dit vertel ons van toekomstige gebeure en toon ons hoe om voor te berei daarvoor. Dit gee ons die geleentheid om 'n gesprek met die Koning van konings te voer en onthul die beste wetgewingskode ooit.**

**Hierdie is slegs 'n gedeeltelike verduideliking van die waarde daarvan; tog hanteer baie verloregaande siele dit sonder agting, of, nog erger, as 'n verborge raaisel wat nie geken kan word nie. Ag, my liewe leser, maak dit jou grootste studie. Toets dit deeglik en jy sal vind wat ek gesê het daaromtrent, is so. Ja, soos die Koningin van Skeba, sal jy sê dat die helfte nie aan jou vertel is nie.**

**Die goddelikheid wat in ons skole geleer word, is altyd gebaseer op een of ander sektariese geloof. Dit sal goed wees om 'n oop gemoed te neem en dit met hierdie soort leerstellings te beïnvloed, maar dit sal altyd eindig met dwepery. 'n Vrye gemoed sal nooit tevrede wees met ander se sienings nie. Indien ek 'n onderwyser in goddelikheid aan die jeug was, sou ek eers hul vermoë en gemoed leer ken. Indien hierdie goed is, sou ek hulle self die Bybel laat studeer en hulle wegstuur as vry mense om aan die wêreld goed te doen. Maar indien hulle geen verstand het nie, sou ek 'n ander se insig op hulle afdwing, 'dweper' op hul voorkop skryf en hulle as slawe uitstuur!**

In hierdie boek beskryf Adrian Ebens die kanaal van seën, wat vanuit God, die bron van alles wat lewe, vloei; 'n kanaal wat slegs behoue kan bly deur een baie spesifieke sleutelbeginsel: onderdanigheid. Die liefdesverhouding tussen God en Sy Seun, wat duidelik openbaar word in die vrywillige onderdanigheid van die Seun aan die Vader, is die goddelike beginsel waarsonder hierdie seën nie kan bestaan nie.

Stel jy belang om te weet wat jou rol en plek is in die kanaal van seën? Wil jy hê dat jou gesin die seën van God in groter mate ervaar? Wil jy gelukkig wees?

Hierdie boek gee 'n dieper insig in hierdie goddelike patroon van die "kanaal van seën." Dit gebruik die Bybelse geskiedenis om die belangrikheid van goddelik-versterkte gesinne uit te wys, sowel as die gevolge van Satan se langdurige pogings om hierdie kanaal van seën te verbreek, sodat dit die seën van God aan die hele wêreld en ook aan individuele gesinne weerhou.

Hierdie boek bring baie antwoorde; dit beantwoord ook vrae buite die normale, omdat die goddelike beginsel van seën nog nie geïdentifiseer is as iets wat met duidelikheid omskryf moet word nie. Daarom word hierdie boek aanbeveel aan hulle wat geestelik honger is en die weë van God beter wil leer ken. "Sjoe"-ondervindings is daarom as newe-effekte ingeprogrameer.

Adrian Ebens

www.vadervanliefde.com